



Afrikaanse Protestantse Kerk

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

Agenda vir die Tweede Sinode te Klein Kariba

Maandag 22 - Vrydag 26
Augustus 1988

Agenda vir die Tweede Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk (’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners) te Klein Kariba Maandag 22 — Vrydag 26 Augustus 1988

VOORWOORD

Hiermee die agenda vir afgevaardigdes na die Tweede Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk wat sitting neem op 22 Augustus 1988 en volgende dae.

Afgevaardigdes word vriendelik gevra:

- a) om asseblief die **inhoud** van die agendas **vertroulik** te beskou totdat die Sinode dit afgehandel het;
- b) om asseblief elke bladsy van die agenda te nommer (hierdie bladsy is bladsy 1). Dit sal opsporing van verwysings vergemaklik;
- c) om asseblief die **hele agenda** vooraf **aandagtig te bestudeer** aangesien daar nie tyd sal wees tydens die behandeling van verslae om alles te lees nie, en aangesien die verslae van tydelike kommissies eers tydens die Sinode uitgedeel en gelees sal kan word;
- d) om asseblief 'n eksemplaar van die Afrikaanse Protestantse Kerk se Kerkorde saam te bring na die Sinode;
- e) om asseblief vooraf die "ordereëls vir Kerklike vergaderings" in die Kerkorde aandagtig te lees sodat elke afgevaardigde volgens die "ordereëls" kan optree;
- f) om in hulle gebede aan die komende Sinode te dink.

Die Sinodale Kerkekommissie bid elke afgevaardigde 'n voorspoedige reis en verrykende Sinode toe.

AGENDA. S/mk

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
(' n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

AGENDA VAN DIE TWEDE SINODE IN SITTING TE KLEIN KARIBA (WARMBAD, TVL) OP 22 AUGUSTUS 1988 OM 14h00 EN VOLGENDE DAE

VOORSITTENDE LERAAR TOTDAT VOORSITTER VERKIES IS : Dr JD Malan

(Bepaling 10.5 : Die afgevaardigde predikant wat die oudste in jare is, neem die leiding by die opening en konstituering [van die Sinodel totdat die voorsitter verkies is])

WAARNEMENDE SKRIBA TOTDAT SKRIBA VERKIES IS : Ds MC Adendorff (Skriba SKK)

1. OPENING DEUR VOORSITTENDE LERAAR
Sang, Skriflesing, Gebed
2. VERWELKOMING
2.1 Deur voorsittende leraar
2.2 Deur Voorsitter, kerkraad Warmbad
3. RAPPORT: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE
Ds MC Adendorff (Skriba SKK)
4. KONSTITUERING
5. LAAT VERSKONINGS
6. AANWYSING VAN STEMOPNEMERS EN STEMTELLERS
Voorsittende Leraar
7. SITTINGSREG VAN SKK-AFGEVAARDIGDES
Kyk SKK-verslag (Aanbeveling 16)

Bladsy twee

8. ORDEREELS VIR KERKLIKE VERGADERINGS

As gelese beskou

9. VERKIESING VAN VOORISTTER VIR SINODE

10. SINODE EN PERS

Kyk SKK-verslag (Aanbeveling 15)

11. VERKOSE VOORSITTER NEEM STOEL IN

12. VERKIESING VAN ONDERVOORSITTER, SKRIBA, HULP-SKRIBA EN AKTUARIUS

13. VASSTELLING VAN AGENDA EN DAGPROGRAM

14. TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE

15. AANVULLING VAN BEMANNING VAN TYDELIKE KOMMISSIES

16. VERSLAE VAN PERMANENTE KOMMISSIES

- 16.1 Verslag van die SKK
- 16.2 Verslag van die Kuratorium
- 16.3 Verslag van die Kommissie vir Finansies
- 16.4 Verslag van die Kommissie vir Opvoeding en Onderwys
- 16.5 Verslag van die Kommissie vir Sending
- 16.6 Verslag van die Kommissie vir Kapelaansdienste
- 16.7 Verslag van die Kommissie vir Liturgie
- 16.8 Verslag van die Kommissie vir Formuliere
- 16.9 Verslag van die Kommissie vir Argief
- 16.10 Verslag van die Kommissie vir Kerkmusiek en Kerksang
- 16.11 Verslag van Studiekommissie vir Bybelvertaling
- 16.12 Verslag van Kommissie vir Barmhartigheidsdienste

Bladsy drie

- 16.13 Verslag van Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap
- 16.14 Verslag van Kommissie vir Regte
- 16.15 Verslag van Kommissie vir Jeug en Kategese
- 16.16 Verslag van Kommissie vir Kerkleer en -beleid
- 16.17 Verslag van Kommissie vir Interkerklike verhoudinge (kyk SKK-verslag)
- 16.18 Verslag van Kommissie vir Mediaskakeling (kyk SKK-verslag)
- 16.19 Verslag van Kommissie vir Publikasies (kyk SKK-verslag)
- 16.20 Verslag Kommissie vir Kerkembleem

17. VERSLAE VAN TYDELIKE KOMMISSIES

- 17.1 Verslag van Tydelike Kommissie vir Regte
- 17.2 Verslag van Tydelike Kommissie vir Finansies
- 17.3 Verslag van Tydelike Kommissie vir Jeug en Kategese
- 17.4 Verslag van Tydelike Kommissie vir Barmhartigheidsdienste
- 17.5 Verslag van Tydelike Kommissie vir Kapelaansdienste
- 17.6 Verslag van Tydelike Kommissie vir Argief
- 17.7 Verslag van Tydelike Kommissie vir Liturgie
- 17.8 Verslag van Tydelike Kommissie vir Formuliere
- 17.9 Verslag van Tydelike Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap
- 17.10 Verslag van Tydelike Kommissie vir Kerkleer en Kerkbeleid
- 17.11 Verslag van Tydelike Kommissie vir Kerkembleem
- 17.12 Verslag van Tydelike Kommissie vir Kerkmusiek en Kerksang
- 17.13 Verslag van Tydelike Kommissie vir Mediaskakeling

Bladsy vier

- 17.14 Verslag van Tydelike Kommissie vir Onderwys en Opvoeding
- 17.15 Verslag van Tydelike Kommissie vir Samestelling van Permanente Kommissies
- 17.16 Verslag van Tydelike Kommissie vir
 - (a) groepering van gemeentes in ringe met saamroeper vir elke ring
 - (b) groepering van ringe in ses groepe met saamroeper vir elke ringsgroep
- 17.17 Verslag van Tydelike Kommissie vir Sending
- 17.18 Verslag van Tydelike Kommissie vir Algemene Sake
- 17.19 Verslag van Tydelike Kommissie vir Verlofaansoeke
- 17.20 Verslag van Tydelike Kommissie vir Notule
- 17.21 Verslag van Tydelike Kommissie vir Literatuur-uitstalling
- 17.22 Verslag van Tydelike Kommissie vir Foto's
- 17.23 Verslag van Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe
- 17.24 Verslag van Tydelike Kommissie vir Akkommodasie
- 17.25 Verslag van Tydelike Kommissie vir Administrasie en Administratiewe Hulpmiddele
- 17.26 Verslag van Tydelike Kommissie vir Bybelvertaling
- 17.27 Verslag van Tydelike Kommissie vir "Boodskap van Sinode aan Gemeentes"
- 17.28 Verslag van Tydelike Kommissie vir "Sinodale Besluite vir aandag van Gemeentes"

18. AANVULLENDE VERSLAE VAN TYDELIKE KOMMISSIES

19. KOSTE-EISE VAN KLEIN EN VERAFF GEMEENTES

20. VERKIESING VAN VYF LEDE VIR SKK MET SECUNDI

Bladsy vyf

21. VERKIESING VAN SES RINGSGROEP-VERTEENWOORDIGERS MET SECUNDI

22. KONSTITUERING DEUR RINGE

23. MOSIES

24. AFSLUITING : SANG, SKRIFLESING, GEBED
Voorsitter van Sinode

dagprog/MK

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
(' n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

DAGPROGRAM VAN DIE TWEDE SINODE IN SITTING TE KLEIN KARIBA (WARMBAD, TVL) OP 22 AUGUSTUS 1988 OM 14H00 EN VOLGENDE DAE

MAANDAG 22 AUGUSTUS 1988

14h00 - 15h45	:	Registrasie	(a) Verblyf by vakansieoord (b) Teenwoordigheid - by Skriba (Ds Adendorff)
14h00	:	Opening: Sang, Skriflesing, Gebed- Voor- sittende Leraar :	Dr JD Malan
14h15	:	Verwelkoming	(a) deur Voorsittende Leraar (b) deur Voorsitter, Kerkraad van Warmbad
14h20	:	Rapport : Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe :	Ds MC Adendorff
14h30	:	Konstituering : Voorsittende Leraar Laat Verskonings : Aankondiging deur Voor- sittende Leraar	
14h35	:	Aanwysing van stemopnemers en stemtellers - Voorsittende Leraar	
14h40	:	Sittingsreg van SKK-afgevaardigdes - kyk SKK-verslag, Aanbeveling 16.	
14h50	:	Ordereëls vir Kerklike Vergaderings - as gelese beskou	
14h50	:	Nominasies vir Voorsitter van Sinode	
14h55	:	Stemming vir Voorsitter van Sinode	
17h05	:	Sinode en Pers - Kyk SKK-verslag, Aanbeveling 15	
17h20	:	Verkose Voorsitter neem stoel in	

Bladsy twee

17h25 : Verkieasing van Ondervoorsitter, Skriba, Hulp-skriba, Aktuaris.

17h30 : Vasstelling van Agenda en Dagprogram

17h35 : Tydelike Kommissie vir Verlofaansoeke

17h40 : Aanvulling van Bemanning vir Tydelike Kommissies

17h45 : Verslag Permanente Kommissie vir Finansies

18h15 : ETENSGOUSE

19h15 : Amptelike Opening van Sinode - Dr WJG Lubbe (Voorsitter SKK)

20h15 : TEEPOUSE

20h30 : Tydelike Kommissies vergader.

DINSDAG 23 AUGUSTUS 1988

07H00 - 08H00: OGGENDETE

08h00 : - Bidstond : Voorganger :

08h20 : Aankondigings en reëlings

08h25 : Verslag, Permanente Kommissie vir Finansies (vervolg)

09h30 : Verslag, Sentrale Kerkekommissie (SKK)

10h30 : TEEPOUSE

11h00 : Verslag SKK (vervolg)

12h00 : Verslag van Kuratorium

13h00 : ETENSGOUSE

14h00 : Verslag van Kuratorium (vervolg)

15h00 : Verslag, Permanente Kommissie vir Regte

16h00 : KOFFIEPOUSE

16h30 : Verslag, Permanente Kommissie vir Regte - (vervolg)

Bladsy drie

17h50 : Aankondigings en reëlings
18h00 : ETENSPOUSE
19h00 : Nagmaal saam met APK-Warmbad
Voorganger: Leraar van Warmbad
20h30 : TEEPOUSE
20h45 : Tydelike Kommissies vergader

WOENSDAG 24 AUGUSTUS

07h00 - 08h00: OGGENDETE
08h00 : Bidstond. Voorganger:
08h20 : Aankondigings en reëlings
08h30 : Verslag, Permanente Kommissie vir Regte
(vervolg)
09h00 : Verslag, Permanente Kommissie vir Jeug
en Kategese
10h20 : Aankondigings en reëlings
10h30 : TEEPOUSE
11h00 : Verslag oor Notule vir Maandag en Dinsdag
11h30 : Verslag, Studiekommissie oor Bybelvertaling
11h50 : Verslag, Permanente Kommissie vir Kapelaans-
dienste
12h10 : Verslag, Permanente Kommissie vir Argief
12h40 : Verslag, Permanente Kommissie vir Kerkembleem
12h55 : Aankondigings en Reëlings
13h00 : ETENSPOUSE
14h00 : Verslag, Permanente Kommissie vir Liturgie en
Formuliere
15h00 : Verslag, Permanente Kommissie vir
Getuienis en Dissipelskap

Bladsy vier

15h50	:	Aankondigings en reëlings
16h00	:	KOFFIEPOUSE
16h30	:	Verslag, Permanente Kommissie vir Kerkleer en en Kerkbeleid
17h15	:	Verslag, Permanente Kommissie vir Kerksang en Kerkmusiek
17h50	:	Aankondigings en reëlings
18h00	:	ETENSPOUSE
19h00	:	Verslag, Permanente Kommissie vir Opvoeding en Onderwys
19h30	:	Verslag, Permanente Kommissie vir Sending
20h30	:	TEEPOUSE
20h45	:	Tydlike Kommissies vergader

DONDERDAG 25 AUGUSTUS

07h00	-	08h00:	OGGENDETE
08h00	:	Bidstond :	Voorganger :
08h20	:	Aankondigings en reëlings	
08h30	:	Verslag, Tydelike Kommissie vir	
		(a) groepering van gemeentes in ringe en	
		saamroeper vir elke ring	
		(b) groepering van ringe in ses ringsgroepe	
		en saamroeper vir elke ringsgroep.	
09h00	:	Verslag, Tydelike Kommissie vir foto's	
09h10	:	Verslag, Tydelike Kommissie vir Literatuur=	
		uitstalling	
09h20	:	Verslag, Tydelike Kommissie vir Kerkembleem	
09h30	:	Verslag, Tydelike Kommissie vir Kerksang en	
		Kerkmusiek	
09h40	:	Verslag, Tydelike Kommissie vir Onderwys en	
		Opvoeding	

09h50	:	Verslag, Tydelike Kommissie vir Mediaskakeling
10h00	:	Verslag, Tydelike Kommissie vir Argief
10h10	:	Verslag, Tydelike Kommissie vir Kapelaansdienste
10h20	:	Aankondigings en reëlings
10h30	:	TEEPOUSE
11h00	:	Verslag oor Notule vir Woensdag
11h30	:	Verslag, Tydelike Kommissie vir Regte
12h20	:	Verslag, Tydelike Kommissie vir Barmhartigheidsdienste
12h30	:	Verslag Tydelike Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap
12h45	:	Afkondigings en reëlings
13h00	:	ETENSPOUSE
14h00	:	Verslag, Tydelike Kommissie vir Samestelling van Permanente Kommissie
14h30	:	Verslag, Tydelike Kommissie vir Finansies
15h00	:	Verslag, Tydelike Kommissie vir Jeug en Kategese
15h20	:	Verslag, Tydelike Kommissie vir Liturgie en Formuliere
15h50	:	Aankondigings en reëlings
16h00	:	KOFFIEPOUSE
16h30	:	Nominasies vir vyf persone op SKK
16h40	:	Verslag, Tydelike Kommissie vir Sending
17h10	:	Verslag, Tydelike Kommissie vir Kerkleer en Kerkbeleid
17h25	:	Verslag, Tydelike Kommissie vir Algemene Sake

17h40	:	Verslag, Tydelike Kommissie vir Bybelvertaling
17h50	:	Verkiesing van vyf persone op SKK
17h55	:	Aankondigings en reëlings
18h00	:	ETENSGEET
19h00	:	Ringe konstitueer : verkiesing Ringskommissie
19h30	:	Ringsgroepe vergader : verkiesing verteenwoordiger op SKK
19h50	:	Rapport van Ringe en Ringsgroepe aan Sinode
20h00	:	ONTSPANNING
21h00	:	Tydelike Kommissies vergader

VRYPAG 26 AUGUSTUS

07h00 - 8h00	:	OGGENDETE
08h00	:	Bidstond
08h20	:	Aankondigings en reëlings
08h30	:	- Tweede verslae van Tydelike Kommissies
10h30	:	TEEPOUSE
11h00	:	Koste-eise van klein en veraf gemeentes
	:	Koste-eise van SKK-vertenwoordigers
11h30	:	Tweede verslae van Tydelike Kommissies
12h45	:	Aankondigings en reëlings
13h00	:	ETENSGEET
14h00	:	Aanvullende Verslae van Tydelike Kommissies
15h30	:	Mosies
15h45	:	Afsluiting: Sang, Skriflesing, Gebed - Voorsitter van die Sinode

VS. SKK/mk

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
(' n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VERSLAG VAN DIE SENTRALE KERKEKOMMISSIE AAN DIE TWEDE SINODE VAN DIE
AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK IN SITTING OP 22 AUGUSTUS 1988 EN
VOLGENDE DAE

VIR HENNISNAME

1. LEDE

Dr WJG Lubbe,
Prof A Swart
Ds E Friis
Ds MC Adendorff
Ds A Boshoff

SEKUNDI

Ds AD van Jaarsveld
Ds O Scheuer
Ds M Hartzenberg
Oudl F Wagener (Algoa)
Ds R Schwartz

DEUR RINGSGROEPE AANGEWYS

Ds A vd Berg
Oudl MCG Bester
Ds JH Theron
Ds MCG Robbertze
Oudl T Homan
Ds H Rautenbach

Oudl G Posthumus (Kaap de Goede Hoop)
Oudl N de Wet (Trans Natal)
Ds JN Joubert (Vrystaat)
Ds M Hartzenberg (Noord-Wes Tv1)
Ds AP Viljoen (Noord Tv1)
Oudl JJ Prinsloo (FWV - Streek)

2. DAGBESTUUR

2.1 Samestelling

Die SKK het tydens sy eerste vergadering van 18 - 19
November 1987 sy dagbestuur soos volg saamgestel :

Prof dr WJG Lubbe - voorsitter
Prof dr A Swart - ondervoorsitter
Ds MC Adendorff - skriba
Ds NJ Rautenbach - addisionele lid.

Die Administrateur of Senior Administratiewe Beampte (SAB)
het as notulerende skriba opgetree.

2.2 Opdrag

Die SKK besluit dat die opdrag van die Dagbestuur insluit
alle sake wat dringend aandag moet kry of afgehandel moet
word, met verslag aan die SKK van sy handeling.

2.3 Handeling

Die Dagbestuur het uitvoering gegee aan sy opdrag en verslag
van sy handeling is geïnkorporeer in hierdie verslag van
die SKK. Met enkele uitsonderings het die Dagbestuur
weekliks, en soms meer as een keer per week vergader.
Verslag is gereeld gelewer aan die volle SKK wat vyf keer
sedert die vorige sinodesitting vergader het.

Gladsy twee (SKK Verslag)

3. KURATORIUMSAMESTELLING

Die SKK het tydens sy gemelde eerste vergadering die Kuratorium volgens opdrag van die Sinode saamgestel. Die SKK het geoordeel dat nie meer as drie lede uit sy eie geledere op die Kuratorium moet dien nie, en die benoeming het soos volg plaasgevind :

3.1 Lede van die SKK
Prof dr WJG L de
Prof dr A Swart
Ds A Boshoff

Sekundi
Ds E Friis
Ds NJ Rautenbach
Ds MC Adendorff
Oudl JH Homan

3.2 Ander beroades
Dr FAH van Staden
Dr WA Burger
Dr PJ Kotze
Prof dr TL Verster
Ds MJ Hartzenberg
Ds JN Joubert
Ds AS van Jaarsveld
Oudl PM Tute

Sekundi
Oudl JA van Niekerk
Oudl dr P de Villiers
Oudl dr J Pretorius
Oudl P Vermeulen
Oudl CC du Preez
Oudl D Malan
Oudl JJ Swart
Ds OD Scheuer

4. KERKKANTOOR EN ONDERRIGLOKAAL VIR TEOLOGIESE SKOOL

4.1 Gebou

Die ruimte in die Semargebou waar die Komitee vir Kerkstigting gehuisves was, het geblyk onvoldoende te wees vir al die behoeftes van die kerk. In sy soektog na geskikte lokale het die SKK uiteindelik 'n huis bekom te Parendenstraat 430, Sunnyside, Pretoria. Die verkryging van die huis word as 'n beskikking van die Here beskou. Onderhandelinge vir die aankoop van die eiendom en verkryging van die toestemming van die stadsraad om die gebou vir kerklike doeleindes te gebruik is steeds aan die gang. Intussen word die eiendom gehuur soos gebruikelik in so 'n transaksie.

Omdat nie uitdruklik regs persoonlikheid aan die SKK en die Sinode toegeken is tydens die eerste sinodesitting nie, maar wel aan die Kuratorium, is ooreengekom dat die Kuratorium as koper sal optree. Die SKK huur dan gemeubileerde kantore van die Kuratorium teen R1000-00 per maand, ingesluit water en elektrisiteit. Die telefoonrekening word op 'n 50 - 50% verdeling deur die SKK en Kuratorium betaal.

4.2 Ameublement

Volgens ooreenkoms neem die Kuratorium die enkele meubelstukke van die SKK oor en meubileer die Kuratorium die kantore en opleidingslokaal verder.

Bladsy drie (SKK verslag)

4.3 Toerusting

Die SKK huur 'n fotostaatmasjien en die Kuratorium betaal 'n minimale kostefoel vir kopieerwerk aan die SKK. Die tikmasjien en rekenaar is ook eiendom van die SKK.

5. ADMINISTRATIEWE PERSONEEL

Die SKK en die Kuratorium het ooreengekom om die dienste van al die personeel, behalwe die twee tiksters te deel op 'n basis van twee derdes op rekening van die SKK en een derde op rekening van die Kuratorium

Die volgende poste is geskep en soos volg gevul :

5.1 Administrateur :

(vir toesig en beheer, verantwoordelik vir notulering en korrespondensie van die SKK en Kuratorium)
dr FAH van Staden

5.2 Senior Administratiewe Beampte :

(assistent vir die administrateur)
mnr I Kotze

Na die bedanking van dr FAH van Staden uit bogenoemde pos aan die einde van Junie 1988, het die situasie soos volg verander: dr Van Staden het ingewillig om, sonder kantoorplig, administrateur van die Kuratorium te bly saam met die Dagbestuur van die Kuratorium en mnr I Kotze is waarnemende administrateur van die SKK. Hierdie verandering sal in die lig van die groot groei van die APK, voordelig wees.

5.3 Rekenmeester

(deeltjds)
mnr Neels de la Rey

5.4 Rekeningkierk

(hanteer naas die boekhouding ook die daaglikse deponering van gelde by die bank)
mnr Hannes Scholtz

5.5 Sekretaris-tikster

(Kuratorium)
mev CM Barnard

5.6 Sekretaris-tikster

(SKK)
mev MO Klein

5.7 Telefoniste/ontvangsdame

mev A Wessels

Bladsy vier (SKK verslag)

- 5.8 Kantoorassistent
(hantering van bestellings en versending van boeke,
Die BoodsAPPER, ens)
mev E Booyens
- 5.9 Spysenier
(voorsiening van verversings en etes aan personeel en
kommissielede tydens vergaderings, verleen ook
administratiewe hulp waar moontlik)
mev E Brummer
- 5.10 Skoonmaker
(’n Blanke damestudent teen ’n beskeie vergoeding)
mev A Eek.
- 5.11 Tuinversorging
(’n Blanke seun, sny die grasperke teen geringe vergoeding.
Vrywillige gemeentelike hulp het tot dusver die res van die
terrein versorg, of ’n APK-student het dit teen beskeie
vergoeding gedoen.

KYK AANBEVELING 2

6. PERMANENTE KOMMISSIES

Die volgende permanente kommissies bestaan en het gefunksioneer:

- 6.1 Sentrale Kerkekommissie
- 6.2 Die Kuratorium
- 6.3 Argief, Video's en Foto's
- 6.4 Barmhartigheidsdienste (Bejaardesorg ingesluit)
- 6.5 Studiekommissie oor Bybelvertaling
- 6.6 Finansies
- 6.7 Formuliere en Liturgie
- 6.8 Getuienis en Dissipelskap
- 6.9 Interkerklike verhoudinge (Dagbestuur van die SKK)
- 6.10 Jeug en Kategese
- 6.11 Kapelaansdienste
- 6.12 Kerkembleem
- 6.13 Kerkleer en -beleid
- 6.14 Kerkmusiek en -sang
- 6.15 Regte
- 6.16 Onderwys en opvoeding
- 6.17 Publikasies
- 6.18 Sending

Al die kommissies het vergader, opdragte van die Sinode hanteer, beskrywingspunte vir die volgende Sinode in behandeling geneem en aanbevelings per verslag gemaak. Die verslae is in die agenda opgeneem. Die Kommissies vir Regte en Finansies het ook adviese voorberei.

KYK AANBEVELING 4

7. RINGE

Die SKK het die ringsindeling gehandhaaf soos deur die Sinode goedgekeur, met enkele wysigings op versoek van die betrokke kerkrade veral waar kombinasies dit vereis het. Nuwe gemeentes is ingedeel volgens riglyne deur die Sinode gegee, of soos vereis deur die omstandighede.

Ringsittings is bepaal vir die laaste twee weke van April 1988. Ringskribas is versoek om binne veertien dae na die sittings die notules met die beskrywingspunte gekategoriseer en apart na die kerkkantoor te versend. Die bedoeling was om aan permanente kommissies wat van 6-10 Junie vergader het, die geleentheid te gee om die beskrywingspunte in behandeling te neem en aanbevelings daarvoor reeds in hulle verslae in die agenda te laat opneem. Op die wyse kan die werksaamhede van die Sinode bespoedig word omdat die tydelike kommissies tydens die Sinode dan minder werk sal hê. Permanente kommissies met meer tyd tot hulle beskikking kan ook beter oorwoë aanbevelings voorlê.

Bykans die helfte van die ringe het egter nie aan die versoek gehoor gegee nie. Dit het meegebring dat sekere kommissies op 'n later datum weer moes vergader, teen hoë koste.

8. KERKORDE EN HANDELINGE VAN DIE SINODE

Die Kerkorde is gepubliseer saam met die ordereëls soos deur die Sinode goedgekeur. Volgens opdrag van die Sinode is bepalings by die Kerkorde gevoeg as riglyne.

Die Handeling van Acta van die Sinode is getik, afgerol, gebind en aan die predikante en gemeentes versend.

9. STIGTING VAN GEMEENTES

9.1 Sedert die eerste sinodesitting is 140 gemeentes gestig, sodat daar tans 154 gemeentes bestaan.

9.2 'n Aantal gemeentes het gekombineer met ander gemeentes om saam die dienste van predikante te bekom.

9.3 Vanweë die predikantetekort is verskeie gemeentes, sommige in kombinasie, nog vakant.

Sien Bylae "C" (volg later)

9.4 Sover moontlik is gepoog om te reël dat predikante beskikbaar was vir nagmaal- en doopbediening, die bevestiging van kerkraadslede en aflegging van geloofsbelydenis.

9.5 Inligtingsgeleenthede is gereël met die oog op gemeentestigting.

10. TOELATING VAN PREDIKANTE

10.1 Predikante is sedert die eerste sinodesitting deur die Dagbestuur van die SKK namens die SKK tot die bediening in die APK toegelaat. Slegs die gemeente Viljoenskroon het 'n leraar beroep terwyl hy nog in die NG Kerk was, strydig met die advies van die Dagbestuur van die SKK. Die Dagbestuur het besluit om by die Sinode aan te beveel dat die optrede van die gemeente Viljoenskroon gekondoneer word. Gevalle van leraars wat nie predikantstatus het wanneer hulle na die APK oorkom nie, word deur die Kuratorium behartig.

10.2 Die SKK het met enkele uitsonderings die predikante wat tot die bediening in die APK toegelaat is, dadelik beroep en as reisende leraars aangewend vir tydelike bediening in vakante gemeentes of waar nodig vir gemeentestigting. Dit het 'n swaar finansiële las op die SKK gelaai, dog baie geseende diens tot gevolg gehad in vakante gemeentes en braaklande.

10.3 Die SKK het tans nog een predikant in reisende diens.

10.4 Die SKK het geoordeel dat dit nie gewens is om uitvoering te gee aan 'n versoek wat tydens die vorige sinodesitting gerig is nie, naamlik dat 'n leraar vir 'n tyd lank afgesonderd word om met leraars in 'n ander kerk wat dit oorweeg om by die APK aan te sluit, 'n gesprek te voer. Sodanige leraars moet self die inisiatief neem en met die SKK 'n onderhoud aanvra. Dit het in die praktyk geblyk die beste resultate te lewer.

10.5 Die SKK het enkele persone met predikantstatus wat as nie beroepbaar geklassifiseer was op grond van ouderdom of die posisie wat hulle reeds in diens van die kerk beklee het, beroepbaar gestel met beperkte opdrag. Dit is veral gedoen om te voorsien in die groot behoefte aan predikante. Dit beteken dat die kategorie predikante deur kerkrade beroep en bevestig kan word ooreenkomstig die eise van die Kerkorde met 'n beperkte opdrag soos deur die kerkraad bepaal en in die beroepsbrief uiteengesit.

Leraars wat in hierdie kategorie beroepbaar was, is prof WJB Lubbe, prof PFD Weies, dr FAH van Staden, en ds PK Roodt. Laasgenoemde is egter ook beroepbaar vir 'n volle leraarspos.

11. INTERKERKLIKE VERHOUDINGE

Die SKK het skriftelik geskakel met die NG Kerk, die NH Kerk van SA, die Gereformeerde Kerk van SA en die Afrikaanse Reformatoriese Kerk i.v.m. broederskap en samewerking. Die NG

Kerk het geantwoord dat hy by paragrafe 78 - 80 van Kerk en Samelewing staan ook ten opsigte van die APK. Die NH Kerk het geantwoord dat 'n kommissie van die kerk aandag gee aan die saak en dat die Algemene Kerkvergadering van 1989 daaroor sal besluit. Die Geref. Kerk het geantwoord dat die saak na Deputate verwys is.

12. SONDAGSKOOLBOEKE

12.1 Die SKK het aan sy opdrag voldoen om eie sondegskoolboeke op te stel. Die opdrag is deur 'n aantal predikante en lidmate onder leiding van ds OD Scheuer binne so 'n kort tydskbestek uitgevoer dat boeke vir die meeste standers reeds met die aanvang van die 1988 Sondegskooljaar beskikbaar was. Die koste verbonde aan hierdie eerste oplaag het R51 700-00 plus AVB bedra, en is in paaiemente oor drie maande betaal. Die koste is uit verkope verhaal.

12.2 Die SKK was genoodsaak om ten spyte van 'n eerste druk van 12000 boekies 'n tweede druk van tussen 300 en 500 van elke standerd te laat herdruk.

12.3 By 'n plegtige geleentheid op die openingsdag van die Teologiese Skool is die sondegskoolboeke amptelik in gebruik geneem.

KYK AANBEVELING 5

13. PREEKBUNDEL

Die SKK het vanweë herhaalde versoeke van veral ouderlinge wat met leasdiensle belas is, 'n preekbundel gepubliseer onder die titel "Die Triomf van Gods Lig." Twintig preke van verskillende leraars van die APK is daarin opgeneem. Die bedoeling is om verdere bundels te publiseer, ahangende van die ontvangs van die eerste bundel en verdere behoefte. Die koste word uit verkope verhaal.

14. INLIGTINGSTUK

Vanweë veelvuldige versoeke het die SKK besluit om 'n inligtingstuk onder die titel "Ontmoet die APK" uit te gee. Met die aanbieding van die inligting word gehoop om die ware beeld van die kerk te vertoon en valse en negatiewe propaganda teen te werk.

15. DIE BOODSKAPPER

15.1 Die SKK het dit aan die permanente Kommissie vir Publikasies opgedra om "Die Boodskapper" te publiseer.

15.2 Die grootte van Die Boodskapper is tot agt bladsye beperk. Weens die sinodesitting en ander verpligtinge het daar nie gedurende November 1987 'n uitgawe verskyn nie, maar die uitgawe van Desember is na 12 bladsye uitgebrei. Vanweë die vakansie van Die Boodskapper nie in Januarie verskyn.

nie. Die volgende uitgawe is doelbewus vertraag om die historiese gebeure rondom die opening van die Teologiese Skool daarin te kon berig. Die April-uitgawe is aan die Hugenote gewy en die Junie-uitgawe aan die eerste verjaardag van die APK op 27 Junie. Die Julie-uitgawe is tans op die pers.

15.3 Ruimte is geskep vir advertensies wat 'n belangrike bron van inkomste is en 'n bydrae lewer om die drukkoste te bestry.

15.4 Individuele intekening op Die Boodskapper is gepropageer, om daarmee nader te beweeg aan die ideaal om Die Boodskapper finansiële selfstandig te maak. Daar is tans 740 individuele intekenare.

KYK AANBEVELING 6

15. ANDER LEKTUUR

Boekies van verskeie skrywers, hoofsaaklik vanuit die APK, wat deur hulleself of ander uitgewers gepubliseer is, word deur die kerkkantoor versprei. Dit blyk dat daar 'n groot behoefte aan sodanige geestelike leesstof bestaan, veral ook aan betroubare gidse vir Bybelstudie.

Boekverkope vanuit die kantoor het so toegeneem dat die SKK dit oorweeg om boekverkope tot 'n boekwinkel wat geldelik selfstandig is uit te bou, en later hopelik tot 'n openbare boekhandel steeds in die eerste plek tot diens van die AP Kerk en onder sy beheer.

KYK AANBEVELING 7

17. KERKLIKE VORMS

Die SKK het van 'n aantal vorms wat op versoek deur die Argiefkommissie voorgelê is, die bewys van lidmaatskap en die attestaat goedgekeur vir gebruik tot en met die sinodesitting. Alle vorms sal deur die Argiefkommissie aan die Sinode voorgelê word vir finale goedkeuring.

18. OUDITERING

Aangesien die vorige Sinode geen besluit oor ouditering van gemeentelike boekhouding geneem het nie, het die SKK op navraag geadviseer dat die audit deur 'n geakktroiseerde rekenmeester behartig kan word. Prof M Faul van Unisa, APK ouderling van Benoni, is gevra om die boeke van die SKK te ouditeer.

19. TRAKTEMENT VAN PREDIKANTE

Die SKK het aanbeveel (en dit self uitgevoer m.b.t. reisende leraars) dat die traktement van leraars vanaf 1 Maart 1988 aangepas word op so 'n wyse dat dit tred probeer hou met inflasie en dat leraars wat van ander kerke na ons oorkom, nie in die opsig geldelike verliese sal ly nie. Voorts is aanbeveel dat 'n dertiende tjek aan predikante betaal word in die maand waarin hulle verjaar.

20. SALARISSE VAN KANTOORPERSONEEL

Dieselfde reëling i.v.m. die dertiende tjek, asook 'n salarisverhoging van 10% vanaf 1/3/88 is gemaak in die geval van kantoor personeel.

21. PREDIKANTEPENSIOEN

21.1 'n Basiese skema, aangebied deur Sanlam, is aanvaar.

21.2 Ten einde te kompenseer vir verliese wat leraars in hierdie verband ly, is verskillende voorstelle aan die SKK voorgelê. Volledige verslag en aanbevelings hieroor sal deur br C du Preez aan die Sinode voorgelê word.

KYK BYLAE "A"

21.3 'n Raad van Trusteas vir die Pensioenfonds is benoem, bestaande uit br Neels de la Rey, prof A Swart, drs HCS Robbette, ds A Posthoff en br C du Preez.

21.4 Die SKK het ondersoek laat instel na die daerstelling van ongevalleversekering vir leraars en administratiewe personeel. Die uitslag word nog afgewag.

22. BEHUISING VIR LERAARS

Die SKK het kennis geneem van 'n voorlegging i.v.m. behuising vir leraars, en besluit om dit aan gemeentes deur te stuur vir gedagtebelegting en kommentaar.

23. ISRAELVISIE

Vanweë die verwarring wat voorstanders van die sog Israelvisie onder lidmate saai, is enkele persone gevra om 'n studie van die aangeleentheid te maak. Dr CI van Heerden het 'n kort artikel vir "Die Boodskap" gelewer, en ds AE vd Berg en prof E Baumbach het bydraes geskryf. Aan ds JJ Venter is opgedra om 'n finale studiestuk vir publikasie voor te berei.

24. PINKSTERDIENSTE

Die Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap is versoek om 'n boodskapreeks op te stel, en die reeks, geskryf deur ds. JN Joubert is aan talle gemeentes beskikbaar gestel.

25. WERELDBIDDAG VIR VROUE

Op navraag het die SKK besluit dat hy 'n bidgeleentheid vir vroue verwelkom, dog hom glad nie kan vereenselwig met die rasgemengde patroon en vorm wat die Wêreldbiddag vir Vroue aanneem nie. Daarom is aanbeveel dat susters van die APK plaaslik in gemeentes hul eie biduur reël of gesamentlik met ander gemeentes op 'n dag van hulle keuse.

26. DAG VAN VERDOOTMOEDIGING

Op aandrang van lidmate is besluit om gemeentes te vra om Sondag 14 Februarie 1988 as 'n dag van verootmoediging waar te neem.

27. ALIMENTASIE

Die SKK het met steun uit die gemeentes alimentasie verskaf deur middel van plaaslike diakoniese aan lidmate wat deur besondere omstandighede in nood geraak het. Resterende hulpmiddels sal ter geleë tyd na behoorlike raadpleging bestel word.

28. KERKORDELIKE POSISIE VAN DIE VROUEAKSIE

Navraag oor die kerkordelike posisie van die Vroue-aksie is deur die SKK na die Kommissie vir Regte verwys vir advies. Na advies van die Kommissie vir Regte ontvang is, het die SKK dit aan die SKK-Dagbestuur opgedra om 'n aanbeveling by die Sinode te maak.

KYK AANBEVELING 8

29. AMPSDRAG

Die SKK het by kerkrade aanbeveel dat as ampsdrag by eredienste gebruik word 'n donker pak met wit hemp en wit das, en vir die predikant dieselfde plus die toga daarby. Dit dien bloot as riglyn, aangesien kerkrade in warm streke 'n ander reëling mag nodig vind.

KYK AANBEVELING 9

30. STIGTING EN AFSTIGTING VAN GEMEENTES

Die SKK het die reëling getref dat gedurende die vormingsmaande van die APK dit as afstigting geag word wanneer 30% of meer van 'n gemeente tot afsonderlike gemeente georganiseer word en stigting wanneer minder as 30% van 'n gemeente betrokke is en die area hoofsaaklik of totaal nog "braakland" is.

31. SKAKELING TUSSEN KOMMISSIES EN GEMEENTES

Die SKK het gereël dat geen permanente kommissie direk met gemeentes moet skakel nie, maar met die SKK wat alle sake van belang na die gemeentes sal deurgee.

32. FONDSE I.V.M. OPLEIDING VAN PREDIKANTE

Ten einde onduidelikhede tydens die vorige sinodesitting i.v.m. die fondse op te klaar, het die SKK die volgende onderskeid gemaak.

- 32.1 Eerstens is daar die Willie Lubbe-studiefonds (beursfonds) vir hulp aan studente, en hiertoe behoort onder meer R10 000 wat by die vorige Sinode ingesamel is.
- 32.2 Tweedens is daar die Teologiese Opleidingsfonds vir die totale instandhouding van die Teologiese Skool, en hiertoe behoort die 5% op die begroting asook alle donasies, tensy die donateur uitdruklik vermeld dat dit vir die Willie Lubbe-studiefonds bedoel is.
- 32.3 Benewens bogenoemde is die Studiefonds "The Haven" vir teologiese studente daargestel op versoek en deur skenkings van die egpaar L Louw van Brakpan. Die egpaar dra R250-00 per maand by tot die fonds.

KYK AANBEVELING 10

33. ONTWIKKELING VAN VAALRIVIERSKENKING

Die Dagbestuur van die SKK het op 12 April 'n besoek gebring aan die grond aan die Vaalrivier wat deur br en sr Koot Steenkamp van Vredefort aan die APK geskenk is vir teologiese opleiding en 'n kerksentrum. Die terrein is besigtig saam met br Steenkamp en verteenwoordigers van die gemeente Graniet. Graniet het 'n aangrensende stuk grond as geskenk gekry, en samesprekings is gevoer oor gesamentlike beplanning. Transportering sal nog geruime tyd duur, afhangende o.a. van goedkeuring deur die Departement van Omgewingsake.

Die SKK het 'n voorlopige beplanningskommissie, met reg van koopstering, aangewys, bestaande uit : Prof A Swart, sameroeper, br E Bosman, di. JN Joubert, A Boshoff, JH Theron, plus twee verteenwoordigers uit die gemeente Graniet. Hierby is gekoopteer : Proff E Baumbach, N du Preez, ds IA Brink, mnre J van Niekerk, CJ de la Rey en A van Dyk.

KYK AANBEVELING 11

34. SKAKELING MET VERSKILLENDE INSTANSIES

- 34.1 In antwoord op 'n uitnodiging deur die SAW is dr. CI van Heerden deur die Dagbestuur van die SKK afgevaardig om saam met leraars van ander kerke 'n besoek aan die grens te bring.

34.2 Dr Muller Pretorius het die APK verteenwoordig op 'n vergadering van die Gereformeerde Teologiese Vereniging van Pretoria op 2 Mei waar prof. Bouke Spoelstra as spreker opgetree het oor die onderwerp: 'n Vergelyking tussen die afskeiding in 1859 van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk in 1987. Prof. Spoelstra het gepoog om so objektief as moontlik die punte van ooreenkoms en van verskil aan te wys.

34.3 'n Uitnodiging is deur die Komitee van Maatskaplike aangeleenthede van die Presidentsraad aan prof WJG Lubbe gerig om die Komitee te woord te staan in hulle ondersoek na "strategieë om positiewe verhoudings tussen die RSA se onderskeie bevolkingsgroepe te bevorder, met inagneming van sowel die verskeidenheid as die gemeenskaplikheid van historiese, kulturele, ekonomiese en politieke waardesisteme.

Omdat prof Lubbe sowel as prof Swart nie vir die geleentheid beskikbaar was nie, is ds MC Adendorff gevra om die komitee te ontmoet. Prof P vd Watt het die NG Kerk en prof. Koekemoer die NH Kerk verteenwoordig. In die bespreking is die APK se standpunte gestel en literatuur i.v.m. die APK uitgedeel.

34.4. Skrywes is aan Radiokansel, die SAUK en SATV gerig om preekbeurte vir leraars van die APK te verkry. Omdat die briewe redelik onlangs afgestuur is, is nog geen antwoord daarop ontvang nie.

AANBEVELINGS VAN DIE SKK AAN DIE SINODE

1. Die Sinode boekstaaf sy innige dank teenoor die Here vir die besondere seën wat Hy aan ons kerk geskenk het, soos veral blyk uit die groei in lidmate-, gemeenter- en predikantetal, asook die ruim bydraes van lidmate. Aan God Drie-enig die eer vir ontelbare seëninge, geestelik en stoflik.
2. Die Sinode betuig sy hartlike dank aan die personeel in die kerkkantoor vir die besondere wyse waarop hulle hul taak verrig in hierdie vormingstyd van die kerk, ook aan lidmate vir vrywillige diens betoon in en om die kantoor.
3. Die Sinode spreek sy dank uit teenoor alle gemeentes wat met soveel inspirerende entoesiasme meewerk aan die opbou van die kerk van Christus.
4. Die Sinode betuig graag sy waardering teenoor elke kommissie wat sy taak getrou verrig het.
5. Die Sinode boekstaaf sy dank teenoor die skrywers van die Sondagskoolboeke wat daarmee reg laat geskied het aan die eie inslag van die APK in sy kategetiese onderrig, asook teenoor die redaksie, eindredaksie, kunstenaars en drukker.
6. Die Sinode doen 'n beroep om kerkrade om vir hulle lidmate in te teken op "Die Boodskapper".
 - 6.1 Die Sinode ag dit ter wille van doeltreffende kommunikasie in die AP Kerk noodsaaklik dat "Die Boodskapper" gereeld elke besoekpunt bereik, dat "Die Boodskapper" nuusmedia, veral Kerklike nuusmedia bereik en gee opdrag aan die SKK om hieraan uitvoering te gee sover wenslik en doenlik.
7. Die Sinode verbly hom oor die lewendige vraag na Christelike literatuur onder APK-lidmate en dra dit aan die SKK op om met sy bevordering van behoudende Christelike lektuur voort te gaan.
8. 1/5 VROUE-AKSIE - Kyk Bylae "B" (volg later)
9. Die Sinode keur die aanbeveling van die SKK goed t.o.v. ampsdrag by eredienste.
 - 9.1 Die Sinode maak 'n aanbeveling by kerkrade t.o.v. ampsdrag vir kerkraad en ring.

10. Die Sinode onderskryf die siening van die SKK t.o.v. die onderskeiding tussen die bestaande onderskeie fondse ten bate van teologiese opleiding. Die wyse waarop voorsiening vir sulke fondse gemaak word, vir sover die Sinode daarvoor moet besluit, word behandel by die verslag van die Kuratorium.
11. Die Sinode keur die SKK se maatreëls vir voorlopige beplanning goed, versoek dat die betrokke beplanningskommissie ongeveer driemaandeliks verslag doen aan die SKK en dat hierdie beplanning as 'n saak van groot gewig, van dringendheid, van wye oorleg en van verreikende implikasies beskou moet word.
12. Die Sinode gee geleentheid aan dr CI van Heerden, dr MF Pretorius en ds MC Adendorff om die Sinode kortliks in te lig oor gebeure en insidende by hulle onderskeie sendings.

13. REGSPERSOONLIKHEID EN KERKLIKE EIENDOM

Die Sinode ken aan homself regspersoonlikheid toe en neem die volgende besluit oor sy bevoegdhede ten opsigte van kerklike eiendom.

13.1 MAGTE VAN DIE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK ('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

- 13.1.1. Om roerende en onroerende eiendom te besit, te koop te verkoop, te ruil, as geskenk te aanvaar, te skenk, te verbind en die verbande te registreer, te belas deur serwitute of enige ander beswaring en sulke serwitute of beswaringe te registreer.
- 13.1.2. Om enige kontrak met enige ander party aan te gaan en sulke kontrakte te registreer indien deur die Wet vereis.
- 13.1.3. Om op te tree as borg vir enige persoon of instansie gesamentlik met enige ander persoon of instansie of afsonderlik.
- 13.1.4. Om garansies uit te reik.
- 13.1.5. Om enige eis te bestry of in te stel in enige Hof in die Republiek van S.A. of enige ander land.

13.2 Vestiging van Eiendom, verbande ens.

- 13.2.1 Alle vaste eiendom, verbande hipoteke, notariële verbande, Notariële Aktes word geregistreer in die naam van: Die Afrikaanse Protestantse Kerk ('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

13.2.2

Die reg om met kerklike eiendom, roerend sowel as onroerend, te handel, berus by die Sinode kragtens besluit van die Sinode geneem op 'n Sinodale vergadering met meerderheid van stemme.

13.2.3

Die Sinode magtig die Sentrale Kerkekommissie om as gevolmagtigde in naam van die Sinode op te tree met betrekking tot die bevoegdhede van die Sinode hierbo genoem.

14. Die Sinode besluit om die Permanente Kommissie vir Formuliere en die Permanente Kommissie vir Liturgie saam te voeg tot een Kommissie t.w. die Permanente Kommissie vir Formuliere en Liturgie.

15. Die Sinode besluit dat sy huidige vergadering geslote is vir die media; dat 'n tydelike kommissie vir media-skakeling bestaande uit vyf lede eenmaal per dag 'n persverklaring uitreik; dat die kommissie voor 'n persverklaring oorleg pleeg met die ampsdraers van die Sinode; dat die Kommissie bestaan uit drie predikante en twee ouderlinge; dat die ampsdraers van die Sinode die Kommissie-lede (nie-ampsdraers) aanwys; dat totdat die ampsdraers gekies is, die volgende drie voorlopig dien: ds NJ Rautenbach (s) ds JJ Venter, ds R Schwartz.

16. Die Sinode besluit om 'n artikel 38.3 tot die Kerkorde toe te voeg wat lui:

38.3 Die Sinode besluit op elke vergadering onmiddellik na konstituering of hy ook aan ander persone, benewens afgevaardigdes in 38.1 en 38.2 genoem, sittingsreg wil verleen en of sodanige sittingsreg met volle stem of met adviserende stem bekleed sal wees.

16.1 Die Sinode verleen vir sy huidige vergadering aan alle APK-leraars wat nog nie in gemeentes bevestig is nie, sittingsreg met volle stem en wel as afgevaardigdes van die SKK.

16.2 Die Sinode verleen ook aan uittredende SKK-lede wat nie deur gemeentes afgevaardig is nie, sittingsreg met volle stem en wel as SKK-Afgevaardigdes.

16.3 Die Dagbestuur van die SKK beveel aan dat die Sinode aanoudl Chris du Preez (gemeente, Pretoria-Oos) sittingsreg met adviserende stem op hierdie Sinode verleen en wel as SKK-afgevaardigde.

17. BESKRYWINGS PUNTE

Die SKK het 'n aantal beskrywingspunte ontvang, sommige het hy behandel, ander verwys na Tydelike Kommissies soos uit onderstaande aanbevelings blyk.

17.1. GEMEENTELIKE VERSLAGVORM

Die ring versoek die SKK om by bl 12, punt 5 op die verslagvorm ruimte te laat sodat gemeentes kan rapporteer oor aankoop en besit van eiendom en geboue.

Ring v. Lichtenburg

AANBEVELING VAN SKK

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

17.2. DIE BOODSKAPPER

Die Ring ondervind 'n behoefte t.o.v. die uitbreiding (in formaat en frekwensie van verskyning) van Die Boodskapper as volwaardige amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk.

Ring van Lichtenburg

AANBEVELING

Die Sinode stel dit as uiteindelijke ideaal dat Die Boodskapper stap vir stap uitgebrei moet word tot volwaardige weeklikse blad van die APK en verwys die aangeleentheid na die SKK en die redaksie om met volledige beplanning en begroting aanbevelings by die volgende Sinode te doen.

17.3. NG KERK BOEKHANDEL

Die Ring versoek die SKK dat die saak van die NG Kerkboekhandel, nl dat dit deur Perskor oorgeneem is en dus nie alleen meer geestelike boeke verkoop nie, onder die aandag van lidmate gebring behoort te word. Lidmate kan gerus HAUM ook ondersteun.

Ring van Lichtenburg

AANBEVELING 1

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

AANBEVELING 2

Die Sinode versoek die SKK om aandag te gee aan die daarstelling van 'n eie APK boekhandel.

17.4. HULP AAN BEHOEFTIGE BOERE

Die Ring neem kennis van die Staat se terugtrekking van toegesegde finansiële hulp aan behoeftige boere wanneer hulle gesekwestreer word (en die hulp op hulle nodigste het). Die Ring neem die volgende besluit : Die Ring versoek die Sinode om deur sy Kommissie vir skakeling met die Owerheid die saak met die betrokke Staatsdepartement of Minister op te neem in belang van lidmate wat deur hierdie praktyk geraak word.
Ring van Lichtenburg.

AANBEVELING

Die Sinode versoek kerkrade waar sodanige gevalle voorkom, om met die SKK daaroor te skakel, en dra dit aan die SKK op om met die owerheid daaroor te onderhandel.

17.5. TENTMAKERSBEDIENING

Die Ring versoek die Sinode om die beginsel van Tentmakersbediening grondig te laat ondersoek en sy bevindings aan gemeentes deur te gee.
Ring van Lichtenburg

AANBEVELING

Die Sinode keur die beskrywingspunt goed, verwys die ondersoek na die Permanente Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap, wat versoek word om aan die eersvolgende Sinode te rapporteer.

17.6. BYWONING VAN EREDIENSTE DEUR ANDERSKLEURIGES

Die Ring van Lichtenburg het slegs 'n gedeelte van hulle beskrywingspunt hieroor ingestuur, wat 'n uiteensetting van die geskiedenis bevat. Die Skriba van die SKK het 'n boodskap na die huis van die betrokke ringskriba deurgebel om meer inligting te verkry, maar laasgenoemde het nie gereageer nie. Die SKK weet dus nie wat die beskrywingspunt behels nie.

AANBEVELING

Beskrywingspunt is dus onvolledig en nie ontvanklik nie.

17.7. RONDREISENDE LERAARS VIR ELKE RINGSGEBIED

Die Ring van Somerset-Oos beveel aan dat die SKK 'n leraar aanstel in elke ringsgebied wat die area as 'n rondreisende leraar bedien, inligtingsvergaderings hou en gemeentes stig waar nodig.
Ring van Somerset-Oos.

AANBEVELING

Die Sinode is diep bewus van die groot behoefte aan die diens van leraars in sommige streke van ons land, en dra dit aan die SKK op om met groot deernis daarin te probeer voorsien met die middele en die leraars tot sy beskikking.

17.8. WERELDBIDDAG VIR VROUE
Die Ring besluit eenparig

- 17.8.1. dat na aanleiding van die afgelope Wêreld Biddag vir vroue ons as Ring beswaar maak teen die deelname van die APK aan sodanige dag of verbintenis aan so 'n organisasie, aangesien sodanige verbintenis vereenselwiging toon met die onderwerp ter bespreking en ook die liberalistiese neiging tot wêreld eenheid as onderlinge dryfveer.
- 17.8.2. dat die Ring beswaar maak en verduideliking verlang van die so 'n blaadjie met die tema "'n Oop Deur", wat dieselfde was as die van Kerke wêreldwyd, in die APK versprei kon word.
- 17.8.3. die Ring van mening is dat ons wel 'n biddag vir vroue kan hou, maar dat dit nie moet saamval met die wêreld biddag vir vroue nie, omdat die APK hom distansieer van sodanige uitdrukking van sigbare kerkeenheid.
Ring van Migdol

AANBEVELING 1

Die Sinode handhaaf vir die toekoms die reëling getref soos in punt 25 van die verslag van die SKK.

AANBEVELING 2

Die Sinode is van mening dat ons juis vanuit ons besondere standpunte die korrekte inhoud moet gee aan temas vanuit die Skrif wat met verkeerde betekenis gelaai word deur sekere instansies. Daarom dra die Sinode dit aan die Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap op om die susters hiermee behulpsaam te wees.

17.9. EMERITUSLERAARS

Die Ring spreek sy kommer uit oor leraars wat, nadat hulle hul emeritaat by die NG Kerk ontvang het, na die APK oorkom. Die groot finansiële voordeel wat hulle daaruit verkry (volle pensioenvoordele by die NG Kerk, asook vergoeding teen topskaal by die APK) Daarom doen die gemeente 'n ernstige beroep op die Kuratorium om met groot omsigtigheid en noukeurigheid hierdie leraars aan te stel.

Die Ring versoek die Sinode om toe te sien dat elke leraar wat aansoek doen om predikantstatus by die APK, deeglik deur die Kuratorium ondersoek word voordat hy op die groslys geplaas word.

Ring van Migdol

AANBEVELING 1

Die Sinode oordeel dat die pensioen wat 'n emeritusleraar ontvang, deel is van sy verdienste vir die jare wat hy reeds gedien het. Die Sinode het die hoogste waardering vir sulke leraars wat die laatmiddag van hulle lewe rustig kon deurbring, maar nou nogtans bereid is om hulle kragte tot beskikking van die APK in diens van die Here te stel. Die Sinode oordeel voorts dat hulle diens nie minderwaardig is nie, en dat hulle daardom ten volle geregtig is op billike vergoeding daarvoor.

AANBEVELING 2

Die Sinode handhaaf die aanbeveling van die SKK by Kerkrade dat leraars onder 65 jaar wat aftree en dus 'n deel van hul pensioen afstaan, volle traktement ontvang.

AANBEVELING 3

Die Sinode betuig sy waardeering vir die noulettendheid waarmee die SKK en die Kuratorium die toelating van leraars tot die APK behartig, en vereenselwig hom met die standpunt dat steeds met die grootste omsigtigheid in die verband te werk gegaan moet word.

17. 10. PENSIOENFONDS VIR PREDIKANTE

Die beskrywingspunt vanaf Phalaborwa dien en word goedgekeur

- 17.10.1. Die kerkraad is bewus dat daar nog 'n groot tekort aan predikante is.
- 17.10.2. Die kerkraad is bewus daarvan dat predikante wat uit die Ned Geref Kerk bedank, 'n deel van hul pensioenvoordele verloor, veral die ouer predikante.
- 17.10.3. Die kerkraad oordeel dat die APK vir hierdie verlies 'n ekstra voorsiening moet maak.
- 17.10.4. Die kerkraad versoek derhalwe die Sinode om 'n fonds te stig waaruit voorsiening gemaak kan word om die predikante se pensioen op dieselfde basis te plaas as wat hulle gehad het, veral in die geval van predikante wat nog minder as vyftien jaar diens oor het voor aftrede.
- 17.10.5. Waar predikante wat ge-emeriteer het, hulle mediese fonds se voordele verloor moet ook hiervoor voorsiening gemaak word.

- 17.10.6. Die kerkraad oordeel dat dit baie sal help om predikante wat oorweeg om by die APK aan te sluit, positief te help in hul besluit.
Ring van Dendron

AANBEVELING

Die Sinode verwys die saak na die Raad van Trustees vir die Pensioenfonds in oorleg met die Tydelike Kommissie vir Finansies.

17.11. VERJAARDAG EN DANKDAG OP 6 APRIL

Die Ring van Dendron versoek die Sinode:

- 17.11.1 om 'n beroep op gemeentes te doen om jaarliks op 27 Junie (of die Sondag naaste daaraan) 'n dankseggingsgeleentheid te hou waartydens gemeentes op die dag die Here opreg dank vir die stigting van ons geliefde kerk;
- 17.11.2. om die kerk jaarliks op te roep vir 'n bepaalde dag van voorbidding en danksegging vir die oes;.
- 17.11.3. om die Sondag naaste aan 6 April as 'n Dankdag te bepaal.

AANBEVELING

Die Sinode keur dit goed en dra dit aan die SKK op om dit aan gemeentes deur te gee.

17.12. SUIWERE OPTREDE DEUR APK

- 17.12.1. Die kerk moet 'n suiwere Bybelse pad loop.
- 17.12.2 Geen partypolitiek moet in die kerk bedryf word nie.
- 17.12.3. Geen kritiek op ander kerke nie.
Ring van Dendron

AANBEVELING 1

Die Sinode verklaar dit as sy vaste uitgangspunt om in alle opsigte te handel volgens die lig wat hy in die Skrif vind, en in getrouheid aan die Belydenisskrifte.

AANBEVELING 2

Die Sinode stel dit onomwonde dat die APK in diens van geen politieke party staan nie, en dat geen partypolitiek vanaf kansels bedryf mag word nie. Die Sinode stel dit duidelik dat die APK sy profetiese roeping teenoor alle persone en instansies sonder aansiens des persoons sal nakom.

AANBEVELING 3.

Die SKK is oortuig dat handhawing van die suiwer leer 'n Bybelse opdrag is en dus kritiek onvermydelik maak, maar sulke kritiek mag nooit liefdeloos wees nie.

17.13. BESLUITNEMINGSBEVOEGDHEID VAN KERKRADE I.V.M. VERGOEDING VAN LERAARS

Die Sinode bevestig bo enige twyfel die reg tot besluitneming van elke plaaslike kerk (gemeente) en kerkraad soos bepaal in art 1 en 8 van die Kerkorde.

Die Sinode bevestig verder dat die reg tot die beroep van 'n leraar deur die gemeente ook die reg insluit van onderhandeling met die leraar oor 'n billike en 'n regverdigde vergoedingspakket.

Enige leiding van die SKK in hierdie verband kan slegs aanbevelend van aard wees maar nie afdwingbaar nie.

Om die saak verder toe te lig wil die Ring daarop wys dat op hierdie stadium die oorgrote meerderheid gemeentes nog met 'n betreklik klein getal lidmate worstel om finansieel die mas op te kom. Met 'n te hoë aanvanklike kostebelading kan sulke gemeentes moontlik geknak word, wat die groei van die gemeente nadelig kan beïnvloed.
Ring van Memel.

AANBEVELING 1

Die Sinode keur die beskrywingspunt soos in die eerste drie paragrawe hierbo vervat, goed.

AANBEVELING 2 Die Sinode het groot begrip vir die omstandighede van klein gemeentes, en bring die volgende oorwegings onder hulle aandag

2.1 Gesien die potensiële werkslading van 'n predikant, lyk dit nie op hierdie stadium waar daar 'n groot tekort aan leraars is, billik dat 'n enkele klein gemeente 'n leraar alleen opeis nie. Daarom doen die Sinode 'n beroep op klein gemeentes om sover dit prakties uitvoerbaar is te kombineer sodat elke leraar 'n billike lading kan dra.

2.2. Indien dit van 'n leraar verwag word om al sy kragte tot beskikking van 'n gemeente of kombinasie van gemeentes te stel, geld die Woord: "Die arbeider is geregtig op sy loon." (1 Tim 5: 18). In die vasstelling van die traktement behoort 'n kerkraad hom ook te laat lei deur die algemene praktyk wat in die verbond van plaaslike kerke geld.

AANBEVELING 3

Die Sinode dra dit aan die SKK op om voortdurend met noulettendheid en met inagneming van alle ter sake omstandighede gemeentes te adviseer i.v.m. die vergoeding van leraars.

RING VAN DENDRON

- 17.14 Handleiding vir Ouderlinge - Verwys na Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap.
- 17.15 Een leraar per gemeente/afstigting - na Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap.
- 17.16 Spesiale Pensioenfonds - verwys na Kommissie vir Finansies
- 17.17 Pinksterbidure - Verwys na Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap.

RING VAN LICHTENBURG

- 17.18 Beroepingstelsel - Verwys na Kommissie vir Regte
- 17.19 Deelname van leraars aan Munisipale Verkiesings - Verwys na Kommissie vir Leer en Beleid.

RING VAN GRANIET (Laat ingekome stuk)

- 17.20 Agt mosies - verwys na Tydelike Kommissie vir Leer en Beleid.

KERKRAAD VAN DENDRON

- 17.21 VYFTIEN PERSENT AAN SKK MOET OOK VIR RINGSUITGAWES GEBRUIK WORD - verwys na Tydelike Kommissie vir Finansies.

OU DL EJ BOSMAN

- 17.22 KERKREGTELIKE POSISIE VAN PROF WEISS AS OUDERLING - Advies van Permanente Kommissie vir Regte verwys na Tydelike Kommissie vir Regte vir voorlegging aan Sinode.
Aangeheg ook Beskrywingspunt rakende tydstip waarop Sinodale besluite van krag word.

DS. DE MALAN

17.23 INSAKE ALGEMENE EN BESONDERE AMPTE EN ANDER VRAE -
 verwys na Tyd Kommissie vir Leer en Beleid.

DS D DU PLESSIS

17.24 INSAKE VERBONDSVOLK EN ANDER SAKE - verwys na Tydelike
 Kommissie vir Leer en Beleid.

Die SKK vertrou dat hy hiermee sy verantwoordelikhede behartig het
volgens die verwagting van die Sinode, en bid die Sinode toe die
genade om sy hoë roeping te vervul.

W.g. WJG Lubbe (voorsitter)
 A Swart (ondervoorsitter)
 MC Adendorff (skriba)
 NJ Rautenbach
 A Boshoff
 E Friis
 HCG Robbertze
 JH Theron
 AE van den Berg
 HCG Bester
 JH Homan

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

SINODE: 22 - 26 AUGUSTUS 1988

VERSLAG: BYLAE "B" SENTRALE KERKEKOMMISSIE
(PT. 28 EN AANBEVELING 8, BLS. 24, 26 AGENDA)

In opdrag van die SKK, maak die Dagbestuur die volgende aanbeveling by die sinode.

1. Die sinode neem kennis van die volgende:

- 1.1 Nog vóór die eerste sinodesitting gedurende die termyn van die Komitee vir kerkstigting (KVK) (dit wil se 27.6.87 tot 2.11.87) het spontane versoeke van susters uit vele orde gekom, versoeke om 'n sustersorganisasie waarin susters vrywillig in eie gemeente diens aan eie gemeente en kerk kan lewer.
- 1.2 Die KVK het deurgaans aan susters geantwoord dat dit susters vry staan om self hul eie besluite oor so 'n organisasie te neem.
- 1.3 Susters het toe spontaan 'n susterskonferensie gereël gelyktydig met die eerste sinodesitting (2.11.87 - 6.11.87) waarheen susters uit gemeentes vrywillig kon kom.
- 1.4 Op die genoemde konferensie waar sowat 120 susters bymekaar was, het die susters toe besluit om 'n vrywillige Vroueaksie te stig; susters in elke gemeente kon self besluit of hulle so 'n aksie wil stig, en waar so 'n aksie gestig is, kon die gemeentelike aksie self besluit of daar aansluiting gesoek moet word by die breëre aksie. Op die genoemde konferensie is ook 'n "Algemene Komitee" (van 12) geïnisieer wat van tyd tot tyd vergader (juis nou tydens ons sinodesitting weer vergader) om sake van algemene belang te bespreek en hulle jaarlikse susterskonferensie te reël.
- 1.5 In navrae deur die SKK ontvang is navraag gedoen of die Vroueaksie volgens die kerkorde wel bestaansreg het. (SKK-verslag p.24, pt. 28). Die SKK het die Kommissie vir Regte se advies gevra. Korrespondensie is gevoer waaruit geblyk het dat die Kommissie vir Regte hom op Kerkorde, Artikel 49 beroep, wat lui:

"49.1 Die kerkraad moet lidmate van die gemeente toerus, aktiveer en organiseer om diensbaar te wees ten opsigte van die Skriftuurlike opdragte tot opbouing van die liggaam van Christus en die uitbreiding van die Koninkryk van God.

49.2 Sodanige diens moet egter altyd geskied met verantwoording aan die kerkraad."

- 1.6 Die verskil gaan oor die onderstreepte woorde hierbo in artikel 49.1 en 49.2. Omdat dié woorde vatbaar is vir misverstand word dan ook in die beskrywingspunt gevra dat "toerus, aktiveer en organiseer" liefers vervang moet word met "toerus en opwek", omdat 'n kerkraad tog nie elke aktiwiteit van lidmate in die gemeente kan "organiseer" nie, maar lidmate eerder net "toerus en opwek" tot Christelike aksie in die gemeente.

Dieselfde beskrywingspunt vra ook dat die woorde "met verantwoording aan die kerkraad" (art. 49.2) vervang moet word met: "val steeds onder die opsig van die kerkraad".

Die voorgestelde wysigings waarborg die vryheid van lidmate om spontaan aktief te wees in die gemeente (hulle hoef nie te wag om deur die kerkraad georganiseer te word nie) en waarborg dat hulle spontane aksie nog steeds "onder die opsig van die kerkraad val" (hulle hoef nie oor elke aksie of optrede met verslag na die kerkraad te gaan en goedkeuring te gaan vra nie - dit smoor spontane beplanning en optrede).

- 1.7 In die Kommissie vir Regte se jongste brief sé die Aktuaris in sy laaste paragraaf: "Ons wil die vorige standpunt handhaaf, naamlik dat vrouelidmate op konferensiebasis kan organiseer, besin, beplan en mekaar kan verryk en van raad bedien, in welke geval alle aanbevelings as advies na die plaaslike gemeente deurgevoer kan word. Dit lyk vir ons in elk geval na die mees sinvolle en opbouwende werkwyse om in ons kerkregeringstelsel in te pas." (Brief 5.7.88).

1.8 AANBEVELINGS

- 1.8.1 Die sinode neem kennis dat die AFK-Vroueaksie spontaan ontstaan het, en 'n vrywillige organisasie van susters is, wat jaarliks 'n konferensie hou en susters in gemeentes wat daarvan gebruik wil maak van wenke en riglyne voorsien vir optrede in die gemeente (kyk "AFK-Vroueaksie, Handleiding vir lidmate).

1.8.2 Die sinode neem kennis -

1. dat susters in gemeentes by wyse van 50c per maand per suster reeds meer as R13 000 vrywillig tot hulle sentrale kas bygedra het - wat beteken dat reeds sowat 2 200 susters dié bydrae gemaak het. (+ 75 gemeentes het reeds bygedra);

2. dat die Vroueaksie tydens die Biddag vir Vroue deur hulle gereël, kollektas opgeneem en in die Willie Lubbe-studiefonds gestort het; en

3. dat die Vroueaksie-bydraes tot gemeentebydraes aan die kerkkantoor (vir sover die Vroueaksie-bydraes deur kassiere afsonderlik gespesifiseer is) reeds meer as R66 000 beloop.

1.8.3 Die sinode betuig sy waardering teenoor die Vroueaksie vir spontane, vrywillige en blymoedige steun en bydraes in elke gemeente wat verkies om 'n Vroueaksie te hê (Vroueaksie-leuse: "Dien God met Blydschap").

1.8.4 Die sinode bid die Vroueaksie die seën van die Here toe op sy blymoedige toewyding aan die Here en Sy Koninkryk - in elke gemeente en ook in ons hele kerk.

1.8.5 Die sinode bedank die Vroueaksie vir sy telegram van gelukwense aan hierdie sinodesitting en bid die APK-Vroueaksie die seën van die Here toe op sy Konferensie DV op 19 September en volgende dae te Nylstroom.

sin21/cc

VERSLAG KUR/mk

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK ('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VERSLAG VAN DIE KURATORIUM AAN DIE TWEDE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERKE IN SITTING OP 22 AUGUSTUS 1988 E.V.D.

Geagte Voorsitter en Broeders

Die Kuratorium doen soos volg verslag van sy werksaamhede:

1. SAMESTELLING/LEDE

Vir kennisname

1.1 Die Sentrale Kerkekommissie het by sy vergadering van 18-19 November 1987 die Kuratorium in opdrag van die sinode saamgestel en wel soos volg:

- 1.1.1 elf lede volgens sinodale besluit;
- 1.1.2 drie lede is uit die SKK benoem met sekundi;
- 1.1.3 agt lede is uit kerklike geledere gekies met sekundi;
- 1.1.4 die Kuratorium benoem sy eie sameroeper.

1.2 As lede is verkies:

SKK-lede

Primarii

Ds A Boshoff
Prof dr WJG Lubbe
Prof dr A Swart

Sekundi

Ds E Friis
Ds NJ Rautenbach
Ds MC Adendorff
Oudl JH Homan

Ander lede

Primarii

Dr WA Burger
Ds MJ Hartzenberg
Ds JN Joubert
Dr PJ Kotze
Oudl MP Taute
Ds AS van Jaarsveld
Dr PAH van Staden
Prof dr TL Verster

Sekundi

Oudl dr P de Villiers
Oudl CC de Preez
Oudl D Malan
Oudl dr J Pretorius
Ds OD Scheuer
Oudl JJ Swart
Oudl JA van Niekerk
Oudl PA Vermeulen

Bladsy twee

1.3 KYK AANBEVELING 1 OP BLADSY 8

2. DAGBESTUUR

Vir kennisname

Die Kuratorium het sy Dagbestuur soos volg saamgestel op 24 November 1987:

Voorsitter :	Prof dr WJG Lubbe
Ondervoorsitter :	ds A Boshoff
Skriba :	dr FAH van Staden

3. VERGADERINGS

Vir kennisname

3.1 Die Kuratorium het 7 keer vergader

3.2 Die Dagbestuur het 11 keer vergader.

4. SUBKOMMISSIES

Vir kennisname

4.1 Die Kuratorium het vanweë sy verskeidenheid verpligtinge en vir groter doeltreffendheid in die uitvoering daarvan besluit om uit eie geledere nege Subkommissies saam te stel:

Subkommissie vir aanwysing van Opleidingshoof, Hoofdosente, Dosente en Leerplanne;

Subkommissie vir Huisvesting van studente, Beurse, Studentebegeleiding, Praktiese Werk en Saamtrekke;

Subkommissie vir Huisvesting van Opleiding en van Kantoorpersoneel;

Subkommissie vir Kantoorpersoneel;

Subkommissie vir Keuring, Eksaminering en Colloquium Doctum;

Subkommissie vir Finansies, vir Ontginning en Voorsiening van Fondse, Begrotingsbesteding, Boekhouding;

Subkommissie vir Regsadvies;

Subkommissie vir Statustoekenning en Legitimering;

Blad sy drie

Subkommissie vir Bekendstelling en Skakeling.

4.2 Elke Subkommissie kry opdrag van en rapporteer terug aan die Kuratorium.

4.3 KYK AANBEVELING 2 OP BLADSY 9

5. AKKOMMODASIE

Vir Kennisname

5.1 Regspersoonlikheid
Volgens besluit van die sinode is die Kuratorium 'n regspersoonlikheid.

5.2 Aankoop van eiendom

5.2.1 Aangesien die Kuratorium 'n regspersoonlikheid is en die SKK nie, is in ooreenkoms met die SKK besluit dat die Kuratorium akkommodasie sal aankoop en voorsien met verhuring aan die SKK.

5.2.2 'n woonhuis in Farendenstraat 430, Sunnyside, Pretoria wat geskik is vir kantoordoeleindes, kommissiehuisvesting en lesingsaal is aangekoop onderworpe aan gebruiksvergunning deur die Stadsraad van Pretoria. Die aansoek met die vereiste advertensies is reeds gedurende Februarie 1988 by die Stadsraad ingelewer.

5.2.3 Die aansoek om gebruiksvergunning is op 13 Julie 1988 deur 'n komitee verhoor waar dr FAH van Staden die Kuratorium verteenwoordig het. Die Stadsraad het nog nie hul besluit bekend gemaak nie.

5.2.4 KYK AANBEVELING 3 OP BLADSY 9

5.3 Fasiliteite

5.3.1 Meubilering
Dit is besluit dat aangesien die Kuratorium die koper is, hy ook die volledige meubilering doen sodat alle eiendom in die Kuratorium setel.

5.3.2 Verhuring
Die Kuratorium verhuur gemeubileerde kantore en deel die ander fasiliteite met die SKK teen R1 000-00 per maand.

5.3.3 Lesingsaal
Een groot vertrek is as lesingsaal ingerig en

gemeubileer. Dit kan ook as kommissiesaal gebruik word.

5.3.4 Kommissiesaal

'n Tweede groot vertrek is as kommissiesaal ingerig en gemeubileer. Dit kan ook as 'n tweede lesingsaal gebruik word.

5.3.5 Woonstelle

Daar is twee eenslaapkamerwoonstelle op die terrein. Die een is ingerig as akkommodasie vir predikante wat as teologiese dosente sornagverblyf mag benodig en die tweede word gereserveer vir verhuur verkieslik aan 'n teologiese student.

5.3.6 Kombuisfasiliteite

Die damespersoneel het op eie inisiatief onderneem om die kombuis toe te rus met breekgoed en ander fasiliteite sodat met vergaderings van die Kuratorium, SKK, die Subkommissies en Permanente sinodekommissies etes aan die lede verskaf kan word teen 'n baie goedkoop tarief in plaas van die betaling van daggelde wat 'n baie groot besparing vir die Kuratorium en SKK inhou.

6. PERSONEEL

Vir kennisname

6.1 Administrateur

Die Kuratorium het op aanbeveling van die Subkommissie vir 'n Opleidingshoof, Hoofdosente, Dosente en Leerplanne besluit om voorlopig nie 'n opleidingshoof vir die Teologiese Skool te benoem nie, maar 'n kollektiewe hoof te wete die vier lede van die Subkommissie. Op aanbeveling van die Subkommissie vir Kantoorpersoneel is 'n saakgelastigde aangestel as beheerbeampte oor die personeel, administrasie, organisasie ens. Aangesien die SKK op 'n soorgelyke beheerpos besluit het, het die Kuratorium met die SKK onderhandel vir die aanstelling van een saakgelastigde met diensdeling op 'n basis van een derde Kuratorium- en twee derdes SKK-diens en dat as posbenaming die van "administrateur" gebruik word. Die delingsooreenkoms is deur die SKK aanvaar. Dr FAH van Staden was in die pos aangestel. Na die bedanking van dr Van Staden uit die gesamentlike pos het hy ingewillig om, as skriba van die Kuratorium as administrateur vir die Kuratorium op te tree.

6.2 Ander personeel

Behalwe die pos van 'n tikster-sekretaresse vir die Kuratorium is die volgende poste op 'n een derde-twee derde

Bladsy vyf

delingsbasis met die SKK goedgekeur : rekenmeester (deeltyds), rekeningklerk, telefoniste-ontvangsdame, senior administratiewe beampte en spysenier. 'n Damestudent doen weekliks die nodige huisvlyt teen R50-00 p.w., 'n Blanke skolier behartig teen geringe vergoeding die grasperke, terwyl vrywillige manlike lidmate die terrein opknap.

6.3 KYK AANBEVELING 4 OP BLADSY 9

7. TEOLOGIESE SKOOL

Vir kennisname

7.1.1. Opening

'n Eie Teologiese Skool, met een student, Adam (Attie) Boshoff jr, is op 17 Februarie 1988 op plegtige wyse by 'n spesiale geleentheid geopen, net minder as agt maande na kerkstigting wat beslis uitsonderlik is in die geskiedenis van kerke.

7.1.2 KYK AANBEVELING 5 OP BLADSY 9

7.2 Dosente

Vanweë die predikanttekort is besluit om nie vir die eerste drie jaar predikante uit die bediening vir voltydse doseerwerk te onttrek nie, maar om uit die predikantekorps vir die verskillende vakgebiede tydelike dosente aan te stel. Dit is aan die Subkommissie vir Dosente en Leerplanne opgedra om intussen aan die hand van doseringervaring, die predikantetoename, eksamenresultate ens te beplan vir die verkleining van die dosentepaneel en/of aanstelling van een of meer voltydse dosente vanaf die begin van die vierdie jaar (1991).

7.2.1. KYK AANBEVELING 6 OP BLADSY 9

7.2.2. KYK AANBEVELING 7 OP BLADSY 9

7.3.1. Studente

Die Teologiese Skool het met een gekeurde student geopen. Die Subkommissie vir Keuring, Eksaminering en Colloquium Doctum het reeds 5(vyf) admissiestudente gekeur van die Kerk. Finale keuring vir toelating tot die teologiese studie geskied in elk geval weer voor sodanige toelating.

7.3.2 Die eerste teologiese student het die eerste semester met baie goeie gevolg afgelê.

7.3.3 KYK AANBEVELING 8 OP BLADSY 10

7.4 Leerplan

7.4.1 Die leerplan is ingedeel in ses departemente te wete Ou Testament, Nuwe Testament, Dogmatologie (insluitende Etiek en Sektekunde), Ekklesiologie (insluitende Kerkreg en Kybernetiek), Godsdiens - en Sendingwetenskap, Praktiese Teologie (insluitende alle erkende vakke soos Homilietiek, Piemeniek, Diakonie, Evangelistiek, Liturgiek, Kateg'iek, Kommunikasie, Kerksang, Jeugwerk. Gemeenskaplike Administrasie en Spraakkuns).

7.4.2 Elke Departement is ingedeel in sy verskillende vakke. Elke vak is weer ingedeel in modules wat wysel van een tot ses versprei oor een tot ses semesters oor drie studiejare. Elke module bestaan uit 20 lesings. Die aantal modules oor ses semesters (drie jaar) versprei is 24, 22, 25, 22, 24 en 20.

7.4.3 'n Modulerooster vir drie jaar is opgestel.

7.4.4 KYK AANBEVELING 9 OP BLADSY 10

7.5.1 Lenings en Beurse

Vir kennisname

Die Kuratorium moes voorsiening maak vir lenings en beurse vir die teologiese en admissiestudente. Studente wat van ander kerke oorgekom het met studielenings moes gehelp word om die lenings te delg. Op die wyse moes die Kuratorium voorsiening maak vir R41 850-00. Voorgraadse studente moes met R4 000-00 elke ondersteun word en die teologiese student met RS 100-00. Die Kuratorium het ter aanmoediging van die eerste student besluit om afhangend van sy vordering en beskikbare fonds hom vry te stel van klasgelde. Die Kuratorium oordeel ook dat kerkrade studente uit eie gemeentes behoort te steun.

7.5.2 KYK AANBEVELING 10 OP BLADSY 10

7.5.3 KYK AANBEVELING 11 OP BLADSY 10

7.6 Biblioteek

Vir kennisname met dank.

7.6.1 Boekeskenking is ontvang van ds AC Viljoen, mnr O

Opperman, ds JN Joubert, die kinders van ds A Botha, prof A Swart, (boeke van) ds PC Malan.

- 7.6.2 Vir bruikleen is ontvang boeke van ds JH Theron en die kinders van wyle ds GJ Naude.

Vir kennisname

- 7.6.3 Die Kuratorium het ongeveer 300 boeke aangekoop uit die boedels van dr ZB Loots en ds P Swart.

- 7.6.4 KYK AANBEVELING 12 OP BLADSY 11

8. STATUSVERLENING AS PREDIKANTE

Vir kennisname

- 8.1 Die Kuratorium het predikantstatus verleen aan die volgende persone : ds SJ Gouws, ds. RW Louw, ds R Mare, ds PK Roodt, ds PS van Staden, dr FAH van Staden, ds JJ Venter en ds F Botha.

Die aansluiting van predikante met status is deur die Dagbestuur van die SKK hanteer.

9. OEFENAARS

Vir goedkeuring deur die sinode

9.1 Aansoek om predikantstatus

Die Kuratorium het aansoeke ontvang van persone wat predikante was in ander kerke as die NG Kerk, die NH Kerk en die Geref Kerke van Suid-Afrika. In elke geval het die vereiste voorstudie ontbreek en was die teologiese opleiding ongenoegsaam. Weens die tekort aan predikante, die teologiese opleiding en ouderdom is geoordeel dat die persone nuttige werk in gemeentes kan lewer uitgenome sakramentsbediening, bevestiging van kerkraadslede en belydenisaflegging deur kerkisante. Met die bybring van die ontbrekende studie kan die persone kwalifiseer vir predikantstatus. Daarom is besluit om van hierdie persone na aflegging van Colloquium Doctum as oefenaars toe te laat.

9.2 Oefenaarskap

- 9.2.1 Slegs 'n ouderling kan 'n oefenaar wees.

- 9.2.2 'n Oefenaar doen tydelik diens in 'n vakante (leraarlose) gemeente op versoek van die betrokke kerkraad en met goedkeuring van die betrokke ring.

- 9.2.3 'n Oefenaar word in diens gestel deur die konsulent van die betrokke gemeente of 'n ander

predikant deur die betrokke ring goedgekeur.

9.2.4 'n Oefenaar kan deel in dieselfde pensioen- en mediese voordele as 'n leraar, en ontvang vergoeding op die traktementskaal van 'n leraar tot op 80% van die maksimum van 'n leraar. Die kerkraad maak behoorlik voorsiening vir sy huisvesting.

9.2.5 'n Oefenaar mag preek en huisbesoek doen onder toesig van die betrokke kerkraad (soos die geval is met 'n leraar) en staan as ouderling onder toesig van die betrokke ring soos enige ouderling.

9.2.6 'n Oefenaar mag geen sakramente bedien nie ook geen huwelike, lidmate of ampsdraers bevestig nie.

9.2.7 'n Oefenaar word op eie of 'n kerkraad se versoek na Colloquium Doctum as oefenaar beskikbaar gestel aan kerkrade.

9.2.8 Die duur van 'n oefenaar se oefenskap word jaarliks deur die Kuratorium bepaal.

9.2.9 'n Oefenaar moet bewys lewer by Colloquium Doctum dat hy oor die toerusting beskik om as oefenaar op te tree. Tot sy toerusting behoort onder meer akademiese geskooldheid, kundigheid oor Bybel en kerkleer, geestelike rypheid, voorbeeldig Christelike wandel, bekwaamheid om mense na Christus te lei, vrymoedigheid van getuigenis en bekwaamheid om as openbare spreker op te tree.

9.2.10 Alvorens 'n persoon as oefenaar in diens gestel kan word, moet hy behoorlik as ouderling deur die betrokke kerkraad gekies word. sy bevestiging as ouderling (na approbasie) kan gelyktydig met sy indiensstelling as oefenaar geskied.

9.3 As oefenaars toegelaat Mnr PJ Retief, ZJ van Rensburg, PS van Heerden, JHE Adams en MJG Botes.

10. AANBEVELINGS

10.1 AANBEVELING 1 - kyk 1.3 op bladsy 2

Die sinode besluit dat die Sentrale Kerkekommissie die lede van die Kuratorium aanwys en wel soos volg :

11 (elf) lede met 'n sekundus vir elke lid, van wie 3 (drie) lede uit die SKK, 8 (agt) lede uit kerklike geledere en 'n sameroeper wat die Kuratorium moet saamroep vir

konstituering. Die Kuratorium wys self sy Dagbestuur aan.

10.2 AANBEVELING 2 - kyk 4.3 op bladsy 3

Die sinode keur die maatreëls deur die Kuratorium getref vir die doeltreffende uitvoering van sy taak deur middel van die stelsel van Subkommissies goed.

10.3 AANBEVELING 3 - kyk 5.2.3. op bladsy 3

10.3.1 Die sinode keur die stappe deur die Kuratorium gemaak om, aangesien die SKK nie die regsbevoegdheid daartoe ontvang het nie, akkommodasie vir huisvesting vir die Kuratorium, die Teologiese Skool en die SKK in die vorm van die aankoop van 'n gebou in Farendenstraat 430, Sunnyside, Pretoria goed.

10.3.2 Die sinode magtig die Kuratorium om na afhandeling van die kooptransaksie die nodige aanpassings te doen.

10.3.3 Die sinode begroot vir die betaling van die gebou asook vir moontlike verbouings aan die gebou wat noodsaaklik mag wees.

10.4 AANBEVELING 4 - kyk 6.3 op bladsy 5

Die sinode keur die maatreëls deur die Kuratorium getref om geskikte personeelkragte ekonomies te bekom en aan te wend vir die doeltreffende uitvoering van sy taak goed.

10.5 AANBEVELING 5 - kyk 7.1.2 op bladsy 5

Die sinode betuig sy innige dank teenoor die Here wat die mense en middele voorsien het sodat die Kerk sy eie Teologiese Skool kon open minder as agt maande na die stigtingsdatum van die Kerk en net meer as drie maande nadat die sinode besluit het om so 'n teologiese skool te open.

10.6 AANBEVELING 6 - kyk 7.2.1 op bladsy 5

Die sinode spreek sy waardering uit teenoor die predikante en ander lidmate wat gedurende 1988 as dosente waarneem, bedank hulle vir die hoë standaard van lesings voorberei en die onderrig en opoffering aan tyd en krag.

10.7 AANBEVELING 7 - kyk 7.2.2. op bladsy 5

Die sinode gee opdrag aan die Kuratorium om steeds te beplan vir die aanstelling van voltydse dosente so gou moontlik.

10.8 AANBEVELING 8 - kyk 7.3.3. op bladsy 6

Die sinode is dankbaar dat die Here reeds vanaf die opening van die Kerk se Teologiese Skool jong manne roep om hulle in die Skool vir die evangeliebediening te bekwaam. Die sinode roep gemeentes op tot voorbidding dat dit God Drie-enig mag behaag om jongmanne te roep tot die evangeliebediening.

10.9 AANBEVELING 9 - kyk 7.4.4. op bladsy 6

Die sinode besluit dat die vakbenaming Didaktiek uitgebrei word na Didaktiek en Verbondsdidaktiek.

10.10 AANBEVELING 10 - kyk 7.5.2 op bladsy 6

BESKRYWINGSPUNT VAN MNR H VAN WYK (Biesiesvlei)

Mnr H van Wyk stel voor dat die Kuratorium by die sinode

aanbeveel dat een kollekte per jaar in elke gemeente afgesonderd word vir studieleninge en dat hierdie kollekte by die voorafgaande eredienste afgekondig word.

MOTIVERING - persone het 'n oop hand vir studiedoeleindes soos bewys deur 'n suksesvolle poging deur mnr Van Wyk.

AANBEVELING -

Die sinode neem met waardering kennis van die beskrywingspunt, maar besluit dat elke gemeente gevra word om een maal per jaar 'n bydrae te maak tot die teologiese studiefondse as 'n spesiale bydrae.

10.11 AANBEVELING 11 - kyk 7.5.3 op bladsy 6

BESKRYWINGSPUNT van mnr J de Wet (BLOEMFONTEIN)

Mnr De Wet stel voor dat die Kuratorium by die sinode aanbeveel dat

1. elke kerkraad 'n kommissie benoem spesiaal vir stywing van studiefondse;
2. elke gemeente spesiale pogings aanwend om die Willie Lubbe-studiefonds uit te bou.

MOTIVERING

1. die opleiding van teologiese studente is 'n noodsaaklikheid, maar dit verg geld;
2. fondse kan vir die doel hoofsaaklik uit die gemeentes van die Kerk verkry word en nie uit ander noemenswaardige bronne nie;

3. vir elke gemeente is daar lidmate wat gewillig is om in hulle nalatenskap fondse vir die doel te bewillig; en
4. talle lidmate is die saak goedgesind, maar dit word nie onder hulle aandag gebring nie.

AANBEVELING

Die sinode spreek hom hieroor uit.

- 10.12 AANBEVELING 12 - kyk 7.6.4 bladsy 7
Die sinode heg sy goedkeuring aan die wyse waarop die Kuratorium belange soos leerplanne, lesings, beurse, biblioteekgeriewe, keuring, studentebegeleiding, eksaminering, Colloquium Doctum, statustoekenning, finansies, regsadvies en bekendstelling behartig het.

11. BESKRYWINGSPUNTE

- 11.1 Beskrywingspunt van die kerkraad van die gemeente Nigel aan die sinode :

Legitimasie-vereistes van predikante uit ander genootskappe

- 1.1 Dat elke aansoek om toelating tot die bediening by die APK op sy eie, individuele meriete beoordeel moet word.
- 1.2 Dat die voorgraadse vereiste van Latyn I vir die APK afgeskaf word in die geval van predikante wat reeds jare diens het . (Die NG Kerk het dit reeds gedoen - selfs vir hul admissie-studente. Die Hervormde Kerk vereis slegs Latyn op Matriekvlak. En alle predikante in die APK het nie Latyn nie.)
- 1.3 Dat daar slegs van sulke kandidate verwag word om 'n antieke taal (hetsy Grieks of Hebreeus) op tweede jaars vlak te hê, afhangende van die rigting waarin hy spesialiseer.
- 1.4 Admissie-studente kan dan bly by die bestaande reëlings soos deur die Sinode bepaal.
- 1.5 Dat die weg wat 'n kandidaat tot die bediening moet volg wanneer hy uit 'n ander genootskap kom as volg moet wees ten einde legitimasie te bekom :
 - 1.5.1 By die APK gekatkiiseer, voorgestel en aangeneem is
 - 1.5.2 Deur 'n APK gemeente as ouderling verkies is
 - 1.5.3 'n Jaar diens doen in 'n APK gemeente as defenaar - mits die kandidaat voldoen het

aan die vereistes van 'n Colloquium Doctum
en daarin geslaag het.

AA BOTHA (Leier ouderling)
D DE WITT (Skriba)

11.2 Beskrywingspunt van die kerkraad van die gemeente
Springs aan die sinode :

1. Legitimasie-vereistes van predikante uit ander
genootskappe
 - 1.1 Dat elke aansoek om toelating tot die
bediening by die APK op sy eie individuele
riete beoordeel word.
 - 1.2 Dat die voorgraadse vereistes van Latyn I
vir die APK afgeskaf word in die geval van
predikante wat reeds jare diens het.
 - 1.3 Dat daar slegs van sulke kandidate verwag
word om 'n antieke taal op tweedejaarsvlak
te hê (hetsy Hebreeus of Grieks),
afhangende van die rigting waarin hy
spesialiseer.
 - 1.4 Admissie-studente kan dan bly by die
bestaande reëlings soos deur die Sinode
bepaal.
 - 1.5 Dat die weg wat 'n kandidaat tot die
bediening moet volg wanneer hy uit 'n ander
genootskap kom as volg moet wees ten einde
legitimasie te bekom :
 - 1.5.1 By die APK gekatkiiseer, voorgestel
en aangeneem is
 - 1.5.2 Deur 'n APK gemeente as ouderling
gekies is
 - 1.5.3 'n Jaar diens doen in 'n APK
gemeente as oefenaar - mits die
kandidaat voldoen het aan die
vereistes van 'n Colloquium
Doctum en daarin geslaag het.

JP VAN HEERDEN (leierouderling)
AI VAN ZYL (Skriba)

AANBEVELING 1

Die sinode neem kennis van die twee enersluidende beskrywingspunte.

AANBEVELING 2

Die sinode keur die praktyk wat gevolg word goed, naamlik dat elke aansoek om predikantstatus volgens eie meriete behandel word.

AANBEVELING 3

Die sinode keur goed dat

1. Lidmaatskap van 'n gemeente van die AP Kerkverband 'n voorvereiste -vir toelating as oefenaar of evangeliedienaar is;
2. Ouderlingskap as 'n vereiste vir oefenaarskap gehandhaaf word;
3. Oefenaarskap jaarliks hersien word;
4. Colloquium Doctum as 'n voorvereiste vir oefenaarskap gehandhaaf word;
5. Hebreeus en Grieks op minstens tweedejaarsvlak as essensieel vir elke predikant vir grondige teksontleding en teksverklaring gehandhaaf word en dat die vereiste nie verlaag kan word sonder skade vir die bediening nie.

AANBEVELING 4

1. Die sinode bevestig dat spesialisasie in 'n bepaalde vakgebied na die basies opleiding in al ses van die teologiese vakgebiede volg;
2. dat die teologiese vakgebiede op mekaar steun met Ou en Nuwe Testamenteksegese as die basiese ;
3. indien die studie van Hebreeus of Grieks afhanklik gemaak word van spesialisasie in die Ou of Nuwe Testament dit wesenlik net die studente in die Ou of Nuwe Testamentvakgebiede is wat dan Hebreeus of Grieks moet bestudeer en sal studente wat nie spesialiseer nie of wat in enige van die ander vier vakgebiede spesialiseer, kan redeneer dat nog Grieks nog Hebreeus vir hulle noodsaaklik is, wat totaal 'n ongegronde redenasie is soos uit punt 1 en 2 blyk.

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
(' n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

SINODE : 1988

VERSLAG: KOMMISSIE VIR FINANSIES

Eerw. voorsitter en broers

Die Kommissie lê graag die volgende verslag aan die sinode voor.

1. PERSONEEL - vir kennisname

Die sinode van 1987 het die volgende persone as Kommissie vir Finansies benoem :

Dr CFW Snyman, LD Pienaar, oudl FJ Boltman, HJ Claasen en HJ Olivier. In Februarie het die SKK vir ds AJ Tauts ook op die kommissie benoem. Aangesien br CJ de la Rey die finansies van die kerkkantoor hanteer, het die kommissie besluit om hom ook as volle lid te koopteer.

1.1. Aanbeveling - die sinode keur goed dat oudl CJ de la Rey as lid van die kommissie gekoopteer is.

2. VERGADERINGS - vir kennisname.

Die Kommissie het 4 keer vergader nl 25 November 1987, 16 Februarie, 14 Maart en 10 Junie 1988.

3. TAAKOMSKEYWING - vir kennisname.

By die eerste vergadering het die kommissie sy taak soos volg omskryf.

3.1 Begrotingsbeheer: Die kommissie se taak is begrotingsbeheer van die finansies van die sinode.

3.2 Uitvoering: Kontrole van inbetalings van gemeentes geskied maandeliks deur minstens 2 lede van die kommissie. Die volle kommissie vergader twee-maandeliks (die 2e Dinsdag van die maand).

3.3 Kontrole : Kontrole van inbetalings van gemeentes geskied soos volg :

- 3.3.1 'n Vorm van opsomming van inkomste van 'n gemeente word verskaf en moet met die oorbetalings voorsien word voor die 5de van elke maand.
- 3.3.2 Die SKK word versoek om 'n rekeningkierk te benoem as le kontrole. Indien 'n gemeentebydrae nie voor die 10e van die maand ontvang is nie, sal 'n vriendelike herinnering gestuur word.
- 3.3.3 Kontrole sal maandeliks uitgevoer word oor die ontvangste en uitbetalings van die SKK.

3.4 AANBEVELING - die sinode keur hierdie optrede goed.

3.5 Optrede - die kommissie het verder besluit om alle besluite aan die SKK voor te lê wat dan sake onder gemeentes se aandag bring, waar nodig.

AANBEVELING - die sinode keur hierdie optrede goed.

3.6 Die kommissie het op sy vergadering die volgende riglyne van die SKK goedgekeur :

1. Die Finansiële Kommissie beveel vir die agenda van die sinode 'n begroting by die sinode aan met inagneming van sinodale inkomste en uitgawes in die voorafgaande rekestyd.
2. Die Finansiële Kommissie adviseer die SKK en Kuratorium ten opsigte van die besteding van sinodale fondse.
3. Die Finansiële Kommissie beveel finansiële advies aan rings en gemeentes by die SKK aan.
4. Die Finansiële Kommissie doen verslag van sy werksaamhede aan die sinode in die agenda van die sinode.

AANBEVELING - die sinode beveel hierdie taakomskrywing met verandering van pt 3 : ".....by die SKK en sinode aan."

4. KONTROLE VAN ONTVANGSTE EN UITBETALINGS

4.1 Vir kennisname

- 4.1.1. Die kommissie het in Februarie, Maart en Junie die opsommende state, soos deur die rekenmeester verskaf, deurgewerk.

'n Ontstellende feit is dat talle gemeentes nie aan die begin van die maand hul bydrae aanstuur nie. Dit skep heelwat probleme :

- Die kerkkantoor moet aan die begin van die maand die oorbetalings doen t.o.v. die pensioenfonds en die mediese skema.
- As 'n gemeente se geld nie inkom nie, beteken dit dat 'n ander fonds hierdie las moet help dra. Dit belas dan ook die verskillende rekeninge op 'n byna bimenslike manier.
- Indien gelde nie van die gemeentes inkom nie, beteken dit dat die kerkkantoor nie fondse het om te funksioneer nie.

4.1.2 By die kontrole van ontvangste en uitbetalings het die kommissie telkens aan die SMK en Kuratorium afwykings en veral oorskrydings van die Begroting uitgewys.

4.1.3 Die kommissie het steeds uitgegaan van die standpunt dat die sinode besluit het om op kontantbasis te werk, m.a.w. dat uitgawe aangesien moet word by ontvangste.

4.1.4 Die kommissie het ook telkens daarop gewys dat uitgawe nie net gereeld vergelyk moet word met die begroting nie, maar veral met die werklike inkomste.

4.2 AANBEVELINGS - die sinode keur die optrede goed.

4.2.1 Die sinode bevestig die reëling dat gemeentes hul sinodale bydrae voor die 5e van elke maand sal pos.

4.2.2 Die sinode versoek kerkrade dringend om die oorbetalings van die kerkkantoor stiptelik voor die 5e van die maand te pos.

4.2.3 Die sinode versoek kassiere om die vorm wat saam met die maandelikse oorbetalings gestuur word, volledig in te vul, aangesien die gegewens nodig is vir die goeie funksionering van die kerklike werksaamhede.

5. TRAKTEMENT VAN LERAARS

5.1 Vir kennisname - die Kommissie het aandag gegee aan die traktement en het aan die SKK aanbeveel dat die traktementskale van die Ned Geref Kerk gebruik word.

5.2 AANBEVELING - die sinode keur die optrede goed.

6. PENSIOEN VAN LERAARS

6.1 Vir kennisname - die kommissie het heelwat tyd en aandag hieraan gegee. By die vergadering van 11 Junie is ook beskrywingspunte hieroor behandel en sekere aanbevelings gedoen.

6.2 AANBEVELING - sien beskrywingspunte, bls

7. VERSLAG I.V.M. DIE HUIDIGE STAND VAN FINANSIES VAN DIE SINODE

7.1 Ontvangste en uitgawes.

7.1.1 In die tydperk November 1987 tot Mei 1988 is die bydraes van gemeentes soos volg ontvang :

Nov 1987	R41 100
Des	R38 086
Jan 1988	R38 286
Febr	R45 311
Maart	R49 444
April	R41 316
Mei	R56 614

R310 158

Hierdie syfer is 10% van die totale inkomste van gemeentes. Dus was die inkomste in gemeentes R3 101 580 oor 7 maande en R230 9720 vir die tydperk Jan - Mei 1988.

Op 5 Julie 1988 het n klompie gemeentes nog nie hul bydraes vir April en Mei inbetaal nie.

7.1.2 In die tydperk November 1987 - Mei 1988 was die uitgawes van die SKK :

Amptelike blad	R13 159
Kantoorhuur	R 5 665
Kommissies	R36 331
Leraarsversekering	R 4 925
Posgeld	R 2 112
Publikasies (kerkonder)	R 3 746
Reisende leraars	R157 066
Salaris (Admin)	R 65 517
Skrifbehoefte	R 8 173

Telefoon	R 3 892
Verversings	R 1 011
Motorhuur	R 6 631

	R308 031

7.2 Besluite van sinode i.v.m. begroting 1988.
Die Kommissie wil graag die volgende opmerkings
aan die sinode voorlê:

7.2.1. Aanvanklik is die volgende bedrae as
uitgawe deur die sinode van 1987 goedgekeur.

Sinodale werk	R65 000 per maand
Teologiese opleiding	R25 000 per maand

TOTAAL	R90 000

7.2.2. Later het die sinode besluit om die 15% bydrae
van gemeentes te verdeel as 10% vir SKK-
uitgawe en 5% vir teologiese opleiding
(Kuratorium).

7.2.3. Die sinode het dus besluit om by sy
uitgawe 'n verdeling van 72% teenoor
28% te aanvaar, maar by inkomste 'n
verdeling van 66 2/3% teenoor 33 1/3%.

7.2.4. Die kommissie aanvaar dat die verdeling van 3:1
(SKK en Kuratorium) gehandhaaf moet word.

8. BEGROTING 1989

8.1. Riglyne - AANBEVELINGS

Die kommissie beveel aan dat die volgende riglyne
neergelê word vir die huidige en toekomstige
opstel, hantering en uitvoering van die begroting
van die sinode:

8.1.1. Die sinode stel dit as sy beleid om sy uitgawes te
bereken volgens sy beskikbare inkomste.

8.1.2. Die sinode besluit om binne 12 jaar op die basis
te werk dat die fondse vir 'n bepaalde jaar se
uitgawe kom uit die inkomste van die vorige jaar.

8.1.3. 'n Reserwefonds word nou geskep waarin elke jaar
een ekstra maand se bydrae van gemeentes gestort
word sodat die basis in 8.1.2 voorgestel na 12
jaar bereik word.

- 8.1.4 Die begroting word opgestel met aparte begrote bedrae per pos en die betrokke instansie word gebind om aan so 'n begroting te hou.
 - 8.1.5 In die loop van die jaar moet nie slegs gelet word op begrote syfers om daarin te bly nie, maar ook op die werklike syfer van inkomste.
 - 8.1.6 Die begroting word opgestel met jaarlikse syfers.
 - 8.1.7 Die kommissies van die sinode moet 'n jaarlikse begroting voor 'n bepaalde datum aan die Finansiële Kommissie voorlê vir oorgeweging en aanbeveling aan die sinode.
 - 8.1.8 'n Geleentheid moet geskep word waar die Finansiële Kommissie die aanvrae per begroting met lede van die kommissies van die sinode kan bespreek.
 - 8.1.9 Die sinode keur alleen uitgawe goed op aanbeveling van die Finansiële Kommissie.
 - 8.1.10 Finansiële kontrole van ontvangste en uitbetalings van die SKK en Kuratorium word maandeliks deur die Finansiële Kommissie gedoen (soos reeds deur die SKK aanvaar). Die kommissie tref 'n praktiese reëling met die rekenmeester.
 - 8.1.11 Drie-maandeliks word 'n volledige staat van ontvangste en uitbetalings, sowel as bate en laste van fondse deur die SKK en die Kuratorium hanteer, aan die Finansiële Kommissie voorgelê.
 - 8.1.12 Die sinode stel dit as beleid dat gemeentes almal dieselfde persentasie van die gemeentes se totale inkomste aan die Sinode oorbetaal.
- Saaklike (erendomlike) skenkings aan 'n gemeente (soos grond, onroer, nagmaalservies) word nie bereken met die % bydrae nie. Wanneer 'n eiendom wat geskenk is, onprakties geëet is vir die gebruik in die gemeente, kan so 'n eiendom wel vervreem word sonder dat die bedrag wat verkry is vir die vervreemde eiendom bereken gaan word met die % bydrae, met dien verstande dat die fondse

aangewend sal word vir 'n meer geskikte eiendom. Sou geskenkte eiendomme wel vervreem word sonder dat die fondse daarvan gebruik sou word vir meer geskikte eiendomme, dan is dit met die % bydrae berekenbaar.

- 8.1.13 Die sinode besluit dat die gemeentebydrae 'n maksimum van 15% sal bedra en dat kerkrade die bedrag maandeliks sal oorbetaal.

8.2 Opmerkings i.v.m. die opstel van die begroting vir 1989.

- 8.2.1 Die Kommissie het gewerk met die werklike syfers van ontvangste en uitbetalings vanaf November 1987 tot Mei 1988 soos van die rekenmeester ontvang.
- 8.2.2 Die Kommissie het geen aanvrae of begrotings van kommissies, ens ontvang nie, en moes dus self uitgawes bereken.
- 8.2.3 Die basis van berekeninge is gegrond op die sinode se besluit dat uitgawe alleen aangegaan kan word op grond van inkomste wat ontvang is.

8.3 Berekening van begroting vir sinodale werk.

8.3.1 Ontvangste

- 8.3.1.1 Die Kommissie oordeel dat dit op hierdie stadium, waar slegs 7 maande se ontvangste beskikbaar is, baie moeilik is om die verwagte inkomste te bereken.

Die ontvangste van Februarie R45 312, Maart R49 444 en April R41 316 en Mei R56 614 word as grondslag geneem, alhoewel nog nie al die gemeentes hulle bydrae vir April en Mei inbetaal het nie.

Die sinode moet duidelik in gedagte hou dat die sinodale begroting afhanklik is slegs van bydraes uit gemeentes - daar is geen ander bron van inkomste nie.

As bogenoemde syfers van 4 maande as basis geneem word, beteken dit 'n gemiddelde inkomste van R48 171 per maand d.i. R578 056 per jaar.

8.3.1.2 AANBEVELING - Met die groei van gemeentes se inbetalings sowel as die groei van getal gemeentes in ag geneem, beveel die kommissie aan dat vir 'n inkomste van R605 000 begroot kan word.

8.3.2 Uitgawe
AANBEVELING - Met bogenoemde inkomste as basis beveel die kommissie die volgende bedrae as uitgawe onder die verskillende poste aan :

POS	WERKLIKE UITGAWE 7 MAANDE	BEREKENDE TOTAAL 12 MAANDE	BEGROTING , 1988	AANBEVELING BEGROTING 1989
1. Ampt.blad	13 519	22 548	30 000	20 000
2. Kantoorhuur	5 665	12 000	12 000	15 000
3. Kom.werk	36 331	62 281	60 000	60 000
4. Leraarversekeringsfonds	4 925	11 820	15 000	13 000
5. Posgeld	2 112	3 620	21 000	4 000
6. Kerkonde	3 346	3 346	-	-
7. Reisende leraars	157 269	269 604	480 000	240 000
8. Salaris (admin)	65 517	112 314	78 000	200 000
9. Skryfbehoeftes & Drukwerk	8 173	14 010	30 000	15 000
10. Telefoon	3 892	6 672	18 000	7 000
11. Verversings	1 011	1 735	-	1 500
12. Motorhuur-uitg.	6 631	11 364	12 000	12 000
13. Kantoorameublement	-	-	12 000	-
14. Elektrisiteit & Water	-	-	12 000	-
	308 031	531 312	780 000	587 500
15. Uitgawes Si-node 1988	-	-	-	17 500
				605 000

OPMERKINGS

- 8.3.2.1 R20 000 word begroot met die gedagte dat intekengeld en advertensies eintlik die koste moet dra. Dit sal wenslik wees as kerkrade op die blad inteken, sodat kostes ook so verdeel kan word.
- 8.3.2.2 Kantoorhuur word verhoog tot R15 000 sodat dit 'n vaste bedrag van R3 000 insluit vir elektrisiteit en water.
- 8.3.2.3 Kommissiewerk. Die kommissies besef dat hierdie 'n belangrike deel van die sinodale werk is maar glo tog dat besparend te werk gegaan moet word. As die kommissies in die toekoms hul begrotings indien, sal die berekening baie vergemaklik word. Die kommissie glo ook dat heelwat besparing te weeg gebring kan word as kommissies binne 'n bepaalde tyd (bv een week) kan vergader. Die kommissie hoop om in 'n aanvullende verslag gegewens oor die verskillende kommissies te gee.
- 8.3.2.4 Leraarversekering : Hierdie is 'n vasgestelde bedrag.
- 8.3.2.5 Posgeld : Die begrote syfer is bereken op die werklike uitgawe.
- 8.3.2.6 Kerkorde : Die publikasie van die kerkorde kan ook teen verkope gefinansier word.
- 8.3.2.7 Reisende leraars : Die Kommissie beveel aan dat gegrond op beskikbare fondse, hierdie pos op R240 000 begroot word.
- 8.3.2.8 Salarie, Administratiewe personeel: Die begrote syfer word bereken op die uitbetaling van Mei nadat verhogings in werking getree het. Die kommissie oordeel dat hierdie item baie belangrik is vir goeie funksionering van die kantoortoe en is onder die indruk dat hier te sa met die minimum personeel gewerk word.
- 8.3.2.9 Skryfbehoeftes en drukwerk : die begrote syfers is bereken op die werklike uitgawe.
- 8.3.2.10 Telefoon : die begrote syfer is bereken op die werklike uitgawe. Die kommissie is van oordeel dat dit in elk geval goedkoper is om te skryf of te lui as om te ry.

- 8.3.2.11 Verversings: Hierdie pos is 'n nuwe, aangesien dit tog noodsaaklik is vir geleenthede soos dit voorkom.
- 8.3.2.12 Motorhuur, ens.: Die begrotesyfer is bereken op die huidige weeklikse uitgawe.
- 8.3.2.13 Kantoormeubels: die Kuratorium het al die meubels aangekoop en die SKK huur gemeubeleerde kantore. Aangesien daar geen verdere fondse beskikbaar is nie, word hiervoor nie begroot nie.

8.4 Berekening van begroting vir teologiese opleiding. (Kuratorium)

8.4.1 Ontvangste

- 8.4.1.1 Die Kommissie beveel aan dat die syfer vir ontvangste ook gebaseer word op die syfers van Februarie (R22 656), Maart (R24 722) April (R20 658) en Mei (R28 307).

As dieselfde styging hier in berekening gebring word as by fondse van die SKK beteken dit 'n inkomste van R302 500.

- 8.4.1.2 AANBEVELING - Die sinode keur 'n inkomste van R302 500 goed vir 1989.

8.4.2 Uitgawes

Die begroting sal deur die Kuratorium voorgelê word.

8.5 Willie Lubbe Studiefonds

Die Kuratorium sal verslag doen .

- 9. BESKRYWINGSPUNTE - deur SKK na die Kommissie verwys.
Die volgende beskrywingspunte is deur die Kommissie behandel en aanbevelings gemaak.

9.1 Ring van Vereeniging

Finansies

Die Ring vra groter duidelikheid oor die 15% aan die SKK oor hoe skenkings en dankfeesgelde hanteer moet word.

Die kommissie verwys na die sinodebesluit :

"Die sinode stel dit as beleid dat gemeentes almal dieselfde persentasie van die gemeente se totale inkomste aan die sinode oorbetal. Saaklike (leiedomlike) skenkings aan 'n gemeente (soos grond, orrel, nagmales, etc) word nie bereken met die % aanslag nie."

9.2 Ring van Middelburg

Die ring stel voor dat voor die kerkkantoor geld leen om die eiendom te koop naamlik R225 000 moet alle APK-gemeentes geld skenk om die eiendom te koop. Tans is daar 140 gemeentes d.w.s. R1 500 vir elke gemeente, wat nie te veel is nie. Netnou loop ons dieselfde pad as ander kerke wat nie hulle skuld kan betaal nie.

AANBEVELING

1. Samesprekings sal met die Kuratorium gevoer word i.v.m. die aankoop van die eiendom.
2. Die Kommissie beveel by die sinode aan dat dit gemeentes vry staan om vrywillige bydraes te maak vir die aankoop van eiendom en dat gemeentes nie verplig kan word om 'n vasgestelde bedrag te betaal nie.

9.3 Ring van Roodepoort

Beswaar was geopper dat verkoopbelasting gehef word op Bybels. Die sinode word versoek om die saak met die betrokke instansies op te neem.

AANBEVELING

Die kommissie beveel dit by die sinode aan.

9.4 Ongevalle versekering (Ring van Derby)

Ongevalleversekering. Sinode: Beskrywingspunt: Die Ring van Derby versoek die sinode om leiding te gee i.v.m. die ongevalleversekering van kerklike amptenare.

AANBEVELING

Die kommissie beveel aan:

1. Dit gaan in die beskrywingspunt om kerklike amptenare. (nl by skriba, onreliste, koster)
2. Die sinode verwys die aangeleentheid na die Finansiële Kommissie vir volledige ondersoek en optrede.

9.5 Ring van Heilbron.

BOUPERSELE VIR KERKLIKE DOELEINDES

Die Ring het met ontsteltenis kennis geneem dat in alere Ringsgemeentes geen geskoonde boupersele beskikbaar is nie. Voorts het die Ring kennis geneem dat vanaf 1 Februarie 1988 geen erwe in die O.V.S. verskoon word nie. Vervolgens versoek die Ring die sinode om die aangeleentheid met die Administrateur van die O.V.S. op te neem.

AANBEVELING:

Die kommissie beveel die beskrywingspunt aan.

9.6 Ring van Lichtenburg

Die Ring versoek die sinode dat die aandeel wat die Vroue-Aksie vir allimentasie insamel, van die 15% oorbetalings aan die SKK onthef word.

AANBEVELING:

1. Die kommissie wys op die sinodale besluit dat die bydrae van 15% op die totale inkomste van gemeentes gedoen word.
2. Die kommissie beveel aan dat die vroueaksie funksioneer op dieselfde wyse as 'n kommissie van die sinode en per begroting werk.

9.7 Ring van Beaufort-Wes

Die Ring van Beaufort-Wes versoek die SKK om alle gemeentes wat buite hulle provinsie moet reis na sinodesittings volgens 'n formule te subsidieer.

AANBEVELING

1. Die kommissie wys daarop dat daar tans geen fonds is waaruit hulp gegee kan word nie en dat vir die huidige nie daarvoor begroot kan word nie.
2. Die kommissie beveel aan dat afgevaardigdes na sinodesittings sover moontlik saam reis.
3. Die kommissie beveel aan dat die sinodesittings om die beurt in verskillende provinsies gehou word.

9.8 Ring van Bosveld

Die Ring stel voor dat reiskoste verminder word na 'n meer realistiese vergoeding aangesien die Ring van mening is dat 50c per km onrealisties hoog is.

MOTIVERING

1. Die reiskoste moet slegs die werklike uitgawe volg.
2. Kommissielede moet verplig word om sover moontlik saam te reis.

AANBEVELING

Die kommissie beveel aan :

1. Dat die tarief wel op 50c per km bly.
2. Dat alle persone dringend versoek word om ritsa sinodale is oorlog en sover moontlik, saam te reis.

9.9 Ring van Bosveld (Begrotingsbeheer)

Die Ring gee opdrag aan die Bosveldgemeente om 'n voorstel aan die sinode voor te lê waarin die huidige struktuur so aangepas word dat effektiewe finansiële bestuur en

begrotingsbeheer op sinodale vlak en in die kerkkantoor toegepas word.

MOTIVERING

Die permanente Finansiële Kommissie het geen gesag nie en kan slegs aanbevelings aan die Sentrale Kerkkommissie maak deur middel van sy notules. Daar bestaan geen direkte beheer nie. 'n Moontlikheid om te oorweeg, is om te bepaal dat die SKK geen uitgawes mag aangaan waarvoor nie deur die sinode begroot is nie en dat geen oorskryding van begrotings toegelaat word nie tensy so 'n uitgawe vooraf deur die Finansiële Kommissie goedgekeur word.

Die Finansiële Kommissie word dus met bevoegdheid beklee om uitgawes waarvoor die Sinode nie begroot het nie of uitgawes wat die begroting oorskry, goed te keur of te verbied.

AANBEVELING

Die Kommissie behandel hierdie saak by die begroting.

9.10 Ring van Bethlehem

Er Japie Wessels vind 'n probleem met slonkings (veral onslidmate) wat ook onderhewig is aan die 15% bydrae aan die SKK.

en

Ring van Nelspruit

Versoek die sinode dat alle fondse wat vir 'n spesifieke doel ingesamel word nie sal kwalifiseer vir 'n 15% oorbetalings aan die Kerkkantoor nie.

AANBEVELING

Die Kommissie verwys na die sinodale besluit. Sien pt 6.1 van hierdie notule.

9.11 Ring van Olifantshoek

9.11.1 Die Ring rig 'n mosie van dank aan die sinode ten opsigte van die sinodale verpligting wat verminder is na 15%.

AANBEVELING.

Die sinode neem kennis

9.11.2 Die Ring versoek die sinode dat waar 'n dankoffer eenmalig vir 'n jaar gegee word, die sinodale aanslag prorate oor 'n jaar versprei word.

AANBEVELING

Die Kommissie beveel dit nie aan nie.

9.12 Ring van Somerset-Oos Finansiële state

Die Ring van Somerset-Oos beveel aan dat 'n afdeling bygevoeg word tot die Ringsverslag waarin melding gemaak word van finansiële state van die gemeente en waar onder andere gevra word of die state nagegaan is deur 'n rekenmeester, (Let wel dat rekenmeester nie beteken geoktrooieerde rekenmeester nie)

AANBEVELING

Die kommissie oordeel dat die ring kan besluit oor verslaggewing maar, verwys na die sinode se besluit dat boeke wel deur 'n geoktrooieerde rekenmeester nagesien moet word.

9.13 Ring van Dendron

1. Die ring is bewus dat daar nog 'n groot tekort aan predikante is.
2. Die ring is bewus daarvan dat predikante wat uit die Ned Geref kerk bedank, 'n deel van hul pensioenvoordele verloor, veral die ouer predikante.
3. Die ring oordeel dat die APK vir hierdie verlies 'n ekstra voorsiening moet maak.
4. Die ring versoek derhalwe die Sinode (of SKK) om 'n fonds te stig waaruit voorsiening gemaak kan word om die predikante se pensioen op dieselfde basis te plaas as wat hulle gehad het, veral in die geval van predikante wat nog minder as vyftien jaar diens oor het voor aftrede.
5. Waar predikante wat ge-emeriteer het hulle mediese fonds se voordele verloor moet ook hiervoor voorsiening gemaak word.
6. Die ring oordeel dat dit baie sal help om predikante wat oorweeg om by die APK aan te sluit, positief te help in hul besluit.

9.14 Die Ring van Bosveld

- 9.14.1 Die ring stel voor dat die pensioenfonds, siekefonds, lewensversekeringspolisse en korttermynversekering en byvoordele van predikante en personeel verwys word na 'n panel van deskundiges wat bestaan uit lidmate buite die kerkkantoor en SKK om die beoogde voordele vir die predikante te beding en te implementeer.
- 9.14.2 Die Ring stel verder voor dat 'n begrotingspos in die Sinodale begroting geskep word om 'n fonds op te bou waaruit die pensioenvoordele van predikante wat by aftrede minder as 20 jaar diens het, aangevul kan word.

MOTIVERING

1. Die huidige pensioenfonds is by 'n sekere maatskappy en daar is 'n voorlegging aan die SKK gemaak en bewyse gelewer dat ander pensioenfondse beter presteer as die van die huidige maatskappy. Verder is 'n korttermynegroepskema vir predikante en gemeentes deur 'n makelaar van Johannesburg gereël wat beter is as die NG Kerk Groepskema. Ten spyte van die verbeterde voordele is die SKK nie bereid om enige wysigings hieraan te maak nie.
2. Ingevolge die reëls van die bestaande fonds sal 'n predikant wat 9 jaar diens by aftrede het en op die huidige topskaal van sy traktement is, 'n pensioen van R507-60 per maand ontvang. Die pensioenvoordeel wat uit die NG Kerkpensioenfonds betaal word, is R327-99 per maand. Sy totale pensioen sal dan R835-59 per maand wees.

AANBEVELING

Die kommissie beveel aan :

1. Die sinode is bewus van die verlies aan pensioenvoordele wat sommige leraars gely het ;
2. Die sinode besluit dat daar wel addisionele voorsiening gemaak moet word vir leraars wat minder as 20 jaar diens oor het met aansluiting by die AFK.
3. Die sinode besluit dat 'n begrotingspos in die sinodalebegroting geskep word om vir bogenoemde voorsiening te maak.
4. Die sinode dra dit aan die Finansiële Kommissie op om hierdie pos, per voorlegging aan die SKK, wel in die begroting van 1987 in te werk.
5. Dat pt 1 van die besluit van die Ring van Poelvoerd goedgekeur word.
6. Dat pt 4 en 5 van die Ring van Dendron by bogenoemde opdrag (pt 5 hierbo) ingesluit word.

9.15 Ring van Dendron

Die Ring spreek hom ten gunste uit van die gedagte dat die sinodale bydrae uit gemeentes van 15% van totale inkomste van gemeentes onveranderd bly.

AANBEVELING

Dit word aanbeveel.

9.16 Finansiering van werksaamhede

'n Voorstel dat die inkomste van die sinode verkry word op 'n basis van 'n bedrag per lidmaat is behandel.

AANBEVELING

Die kommissie besluit dat by die bestaande besluit van die sinode volstaan word (15% van totale inkomste).

DIE KOMMISSIE MOTIVEER HIERDIE AANBEVELING SOOS VOLG :

1. 'n Vasgestelde bedrag per lidmaat is onregverdig teenoor gemeentes, aangesien lidmate se inkomste en bydrae verskil
Voorbeeld : Gemeente A het 'n gemiddelde bydrae van R100 per lidmaat per jaar, terwyl gemeente B 'n gemiddelde bydrae van R500 per lidmaat per jaar het. Dis tog onbillik om van beide gemeentes dieselfde bedrag per lidmaat te vra.
2. 'n Vasgestelde bedrag per lidmaat kry die interpretasie van 'n aanslag, soos belasting, terwyl die % basis die gedagte het van 'n bydrae uit fondse wat reeds beskikbaar is.
3. 'n Vasgestelde bedrag per lidmaat vernietig die kontantbasis van werk. Gemeentes sal selfs geld moet leen om so 'n aanslag te betaal, soos bv in boerdery-gemeenskappe.

9.17 Verandering van datum van boekjaar

Mondeling is aan die kommissie oorgedra dat die SKK aanbeveel dat die boekjaar verander moet word na 1 Maart tot 28 Februarie.

AANBEVELING

Die kommissie beveel by die sinode aan dat die boekjaar bly soos in 1987 besluit : 1 Jan - 31 Des.

AS MOTIVERING WORD AANGEGEE

1. Januarie en Februarie is 'n stiller tyd vir audit by rekenmeesters.
2. Die werkseamhede kan geriefliker ingepas word: voor einde Maart word ringsitting gehou; teen Junie kan kommissies sake vanaf ringe behandel en gereed maak vir sinodesitting in September of Oktober.
3. Die belastingjaar beïnvloed nie die Kerk nie. Trektament aanpassings kan te enige tyd gemaak word.

10. ONTMOETING KOMMISSIES

Op sy laaste vergadering het die Kommissie besluit om op Maandag 22 Augustus vanaf 10h00 by die lokaal van die sinode beskikbaar te wees om kommissies van die sinode te woord te staan i.v.m. hul begrotings.

Die kommissie vertrou dat hy hiermee sy opdrag uitgevoer het en bid die sinode 'n geseënde sitting toe.

ds CFW Snyman (Voors)
oudl HJ Olivier
oudl CJ de la Rey
ds AJ Taute
oudl HJ Claasen
oudl FJ Boltman
ds LD Pieneaar (skriba)

CPV&DND/mk

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N S E K E R K
(' n G e r e f o r m e e r d e K e r k v a n C h r i s t u s o n d e r b l a n k e A f r i k a n e r s)

SINODE : 22 AUGUSTUS 1988

VERSLAG : KOMMISSIE VIR OPVOEDING EN ONDERWYS

Hierdie Kommissie met opdrag lê die volgende verslag aan die sinode voor.

1. PERSONEEL - vir kennisname
 Broers A Swart, J Homan en J van Niekerk.
2. VERGADERINGS - vir kennisname. Die Kommissie het een keer vergader.
3. AANBEVELINGS -

3.1 Die sinode besluit dat toegesien moet word dat die Christelik-nasionale karakter van die opvoeding van Afrikanerverbondskinders gehandhaaf en die wet ten opsigte van Christelik-nasionale onderwys toegepas word. Dit moet gedoen word deur gemeentes en kerkrade; predikante, ouers en onderwysers maar meer spesifiek deur middel van ouerbetrokkenheid by bestuursrade, TAO-vereniging, sportkomitees en kultuuraksies.

3.2 Die sinode besluit dat 'n wakende oog deur APK-opvoedkundiges, onderwysers en vakspesialiste op laeren en hoërskoolvlak gehou moet word oor opvoedingsinhoude wat in die leerplanne en handboeke opgeneem word, spesifiek in vakke soos Bybelonderrig, Bybelkunde, Geskiedenis, Afrikaans e.a.

3.3 Die sinode besluit dat wêl gegodi moet word teen integrasietendense in ons skole. Dit moet gedoen word deur APK-ouers en onderwysers op bestuursraadylak en moet veral gerig word op sport- en kultuurgebied en op die kontakgeleenthede wat deesdae geskep word.

3.4 Die sinode besluit dat geleentheid geskep moet word vir eie informele Christelike volksopvoeding deur byvoorbeeld jeugkampe, en veldskole. Dit moet onderneem word in samewerking met die Jeugkommissie.

Bladsy twee

3.5 Die sinode besluit dat aanvoor- en voorbereidingswerk gedoen moet word om die moontlikheid te skep vir 'n eie formele Christelike volksoopvoeding, onderwysersopleiding en tersiêre onderwys. Vir die doel moet die Vaalrivierkerkterrein in 'n kampus ontwikkel word.

3.6 Die sinode besluit dat verteenwoordigers van die APK-opvoedkundiges op die Vaalrivierterrein beplanningskommissie moet dien. Broers Johan van Niekerk en Jan Homan word aanbeveel.

4. AANBEVELINGS I.V.M. BESKRYWINGSPUNTE AAN DIE SINODE

4.1. Aanbeveling : Die sinode spreek sy sterkste afkeur uit teen die aftakeling van Christen- en volksidentiteit, by ons kinders deur die beeldradio en sosiale vermenging, en roep die Kerk, gemeentes en lidmate op tot daadkragtige optrede daarteen deur middel van onder andere die Woordbediening, briewe namens gemeentes en deur lidmate aan die betrokke instansies wat hulle hieraan skuldig maak.

Quêr en volwasse leiding

Verbondsonderrig en ander Geestelike onderrig.

4.2. Die sinode besluit dat die Kerk hom moet beywer om iets in die plek te stel van die dinge wat identiteit aftakel.

4.3. Die sinode besluit dat gemeentes, lidmate en leraars moet in "Die Boodskapper" opgeskerp word ten opsigte van bogenoemde aanbeveling.

4.4. Die sinode besluit dat by bewaarskole en gemeentevergaderings die klem op weerbaarmaking gelê moet word.

5. BESKRYWINGSPUNT: VERHOUDING KERK EN SKOOL

Die Ring van Derby versoek die Sinode om met die Dept. van Onderwys te skakel oor die weiering van skoolgeboue vir erediensdoeleindes.

AANBEVELING -

Die Sinode besluit dat die SKK 'n brief aan die onderwysowerhede moet rig waarin versoek word dat skoolsale soos in die verlede aan alle kerke gratis en vryelik beskikbaar gestel word.

Bladsy drie

6. BESKRYWINGSPUNT in verband met die Ringsvorm E. Jeug 5. Opvoeding en onderwys 5.1 Is dit nodig om Kleuterskole en Pre-primêre skool van mekaar te onderskei. Dit is presies dieselfde. Van een van die twee nie geskrap word nie?

AANBEVELING - VAN DIE SINODE BESLUIT

Dat die term "pre-primêre skool" verkieslik is omdat dit meer omvattend en amptelik is.

BESKRYWINGSPUNT - ringe van Moot-Sentraal versoek die sinode om aandag te gee aan die saak in verband met Sjinese, Japannese, en ander groepe wat toegelaat word om op bestuursrade te dien van onderwys en Nasionale onderwys gegee word.

AANBEVELING - DIE SINODE BESLUIT DAT
APK-ouers hieroor 'n wakende oog moet hou en deur middel van bestuursrade optree en deur TAO-besture vertoë aan onderwysowerhede rig.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERKSENDINGBELEIDINHOUD:

- Deel 1 : Wat is sending?
Deel 2 : Die kerk missionêre gemeente.
Deel 3 : Die Afrikaanse Protestantse Kerk se sending.
Deel 4 : Praktiese riglyne vir die uitvoering van die sendingtaak.

DEEL 1: WAT IS SENDING?

1. Dit is nodig om heel aan die begin 'n duidelike beeld te hê van wat met sending bedoel word. Vanuit die Heidelbergse Kategismus, Sondag 21, kan ons sending soos volg omskryf :

Sending is die handeling van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, met die wêreld waardeur Hy uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente deur sy Woord en Gees vergader, deur wie Hy sy Woord aan die gevalle wêreld laat verkondig, die gemeenskap van die heiliges uit alle nasies en volke tot stand bring, en diens aan die wêreld in sy nood laat lewer vir die uitbreiding van Gods koninkryk tot aan die voleinding.

3. In bogenoemde omskrywing moet op 'n paar belangrike uitgangspunte gewys word :

2.1 Sending is primêr God se betrokkenheid by die wêreld. God die Vader het die wêreld so liefgehad, dat Hy sy eniggebore Seun gestuur het sodat elkeen wat in Hom glo....die ewige lewe kan hê (Joh. 3 : 16). Jesus Christus as die Sending by uitnemendheid, het aan sy dissipels gesê: "Soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle ook." (Joh. 20 : 21). Maar eers moes hulle wag op die Heilige Gees, en toe hulle Hom ontvang het kon Hy voortgaan met sy werk, in noue verband met die kerk, dit is die liggaam van Christus op aarde.

Die kerk (gemeente) is dus die kanaal waardeur die liefde van God by die wêreld uitkom. Die sending van die Seun van God moet in alle opsigte die riglyn vir die kerk as sending wees.

2.2 Die eerste fase van God se sending het as doel die versameling van 'n gemeente uit alle nasies en volke. Die belangrikste sendingmetode is die bring van die evangelie aan lede van 'n volk, wat dan in hulle volk bly, om daar kerkvormend op te tree sodat die kerk Christus in volksverband kan verinheems.

2.3 Die doel van die sending, met die vestiging van selfstandige kerke is sodat elkeen in sy eie taal die groot daad van God kan hoor en ook weer verkondig (Hand. 2 : 8,11), sodat elkeen onder sy volksgenote sy aanbiddingsbehoefte kan bevredig. Die sendingtaak onder die onbereikte groepe, is die verantwoordelikheid van al die kerke van Christus.

2.4 Die eindoel van die sending (God s'n en die gemeente s'n) is die uitbreiding van die koninkryk van God. Alles moet gerig wees op die koninkryk van God wat gekom het, aan die kom is en op die laaste dag in sy volheid sal kom.

2.5 Die sending het drie dimensies, naamlik die verkondiging van die Woord, die stigting van die gemeenskap van die heiliges en die diens aan 'n gemeenskap in nood. Anders gestel : evangelisering, kerkopbou en sosio-ekonomiese diens (kêrugma, koinōnia en diakonia). Die verkondigingsaspek is die hart van die sendingtaak en daarsonder val die ander aspekte plat.

2.6 Die sendingtaak sal eers voltooi wees op die laaste dag wanneer alles aan God onderwerp sal wees en Hy alles in almal sal wees (1 Kor. 15 : 28).

DEEL 2 : DIE KERK AS MISSIONERE GEMEENTE

1. INLEIDING

"Waar die hart van vol is, loop die mond van oor," dit is 'n spreekwoord wat 'n diepe waarheid vertolk. Wat in die hart is kom uit, en wat uitkom is 'n bewys van wat in die hart is.

ten minste as die hart en die mond met 'n reguit pad met mekaar verbind is. As dit egter nie die geval is nie, dan is die taal van die mond nie die taal van die hart nie, en hierdie tweetaligheid is nie die taal van die gelowige nie en dus ook nie die taal van die kerk van Jesus Christus nie.

Die Pinksterkerk en Pinkstermens is 'eentalig. Waarom? Omdat Pinkster die fees van die vervulde hart en dus ook die fees van die oorlopende mond is. Pinkster maak die pad tussen die hart en die mond - wat van nature vol draaie is en waar as gevolg van soveel van die hart na die mond verlore gaan of verdraaid daar uitkom - reguit en begaanbaar. Pinkster maak die taal van die hart ook weer die van die mond.

2. DIE STIGTING VAN DIE KERK

Dit is nou hoogs merkbaar dat die Griekse woord wat in Hand. 2 : 4 (glossei) met tale vertaal word, dieselfde woord wat in Hand. 2 : 3 met tonge weergegee word. Die Heilige Gees, wat nie as nie, maar onder die teken van vurige tonge kom, veroorsaak dus dat die tonge van hulle in wie Hy kom, losraak en in beweging kom. Vurige tonge is dus die teken van die Heilige Gees en bewegende tonge - die die gevolg van Sy koms.

Hiermee is 'n wesensbelangrike eienskap van die kerk aan ons gegee. Want hieruit blyk duidelik dat Christus, wat tog die Heilige Gees beloof en gestuur het, Sy kerk nie as 'n mediterende, mistiek-peinsende liggaam gestig het wat êrens in 'n beskermende verborgenheid homself in stille afsondering aan sy Hoof moet wy, en daar soos 'n rustige-brandende kers-vlammetjies ongemerk moet uitbrand nie. Nee, sy kerk is die kerk wat gestig word met die teken van vurige en bewegende tonge. Dit is 'n kerk van besielde skares, 'n kerk wat iets in die hart ontvang het om te sê met die mond : "Ons hoor hulle oor die groot daade van God spreek." (Hand.2:11)

Dat die kerk hier inderdaad iets het om te sê is tegelyk vervulling van 'n belofte en gehoorsaamheid aan 'n opdrag : "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde." (Hand. 1 : 8) En dat dit die kerk is wat dit hier sê, is eweeens 'n belofte wat in vervulling gegaan het, want di. was Jesus wat gesê het : "Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou" (Mat.16:18).

Nie op Petrus as persoon nie, maar op die belydende Petrus bou Jesus sy Kerk. Ja, sy kerk bestaan uit belydende persone, uit mense wat glo, uit mense wat 'n belydenis het, uit mense wat tot 'n posisiebepaling teenoor Jesus Christus gekom het en soos Petrus kan sê : "U is die Christus, die Seun van die lewende God."

3. DIE OPDRAG AAN DIE KERK

Hierdie belydenis is dus die poort van toegang tot die kerk van Christus. Daarsonder kom niemand ooit in Sy kerk nie al is ons ook binne die mure van die kerk. Maar nou : hierdie poort is soos 'n paspoort wat nie by die grense van 'n vreemde land afgegee of ooit verloor mag word nie - op die gevaar af om as 'n ongewenste indringer gedeporteer te word nie, maar moet altyd weer getoon kan word.

As die paspoort van die belydenis altyd getoon moet word ten einde nie deur God gedeporteer te word nie, dan beteken dit dat die belydenis gedurig herhaal moet word. En hierdie herhaling van die belydenis is nie 'n blote opsê met die mond nie, maar 'n deurwerking daarvan in my ganse lewe - 'n deurwerking wat daarin bestaan dat my lewe al meer en meer die gelykvormigheid met die beeld van God in Christus gaan vertoon.

'n Herhaling van die belydenis is 'n daadwerklike gehoorsaamheid aan die bevel van Christus : Wees heilig, want ek is heilig. Ook ons moet geleer word om te onderhou, alles wat

Jesus sy dissipels beveel het (Matt. 28 : 19). Dan gaan ons ook al meer en meer lyk na verlore mense - soos mense wat deur God gemaak is.

Dat die belydenis sal deurwerk in my eie lewe, is die eerste aspek van die opdrag van Christus, terwyl die tweede daarin bestaan dat dit ook na en in ander sal deurwerk.

Die dissipels, en in hulle ^{ook die} kerk van alle eeue, ontvang die opdrag om te getuig van Jesus in Jerusalem en in die hele Judea en Samaria. Die geheiligde lewe is konkreet 'n met die Gees van God vervulde hart, en waar die hart van vol is, loop die mond van oor daarom getuig die dissipels en die kerk van Jesus, omdat dit Hy is wat hulle harte vervul. Hulle vertel aan ander, nie van hulleself nie, maar van Jesus wat deur die Heilige Gees menseharte wil vul.

Die kerk getuig nie net van feite nie, maar van waarheid, ja, van die Waarheid, daarom is sy getuigenis 'n boodskap. Die kerk is in die gee van sy getuigenis aan die wêreld, nie slegs verslaggewer nie, maar ook werwer - werwer, omdat die ganse wêreld tot aan sy uiterste grense verower moet word; voor die Here van hemel en aarde moet elke knie buig, vir Hom moet elke hart ontsluit word, deur Hom elke lewe geheilig en alle denke gevorm word.

4. DIE SENDING VAN DIE KERK NA DIE WÊRELD

As die kerk ook tot ander van Jesus moet getuig, dan kan en mag hy nie in 'n rustige stilte wag tot die ander na hom toe kom nie. Nee, hy moet na hulle toe gaan. Met 'n duidelike opdrag stuur Jesus sy kerk dan ook tot ander. Dit is dan ook die wese van die kerk dat hy gestuur word. Hy ontvang van Jesus Christus nie alleen 'n baie duidelike doel nie, naamlik om te getuig nie, maar ook 'n heel definitiewe rigting waarheen hy gestuur word - na die wêreld. Immers dit was ook die rigting waarheen Jesus gestuur is deur sy Vader : na die wêreld, en daarom kon Hy aan sy dissipels ook sê: Soos Ek gestuur is, stuur Ek julle.

So gesien, is dit dan die enigste plek waarheen die kerk gestuur is om te getuig. Maar wat is nou die wêreld?

Dit is nie die stad Jerusalem of die landstreek Samaria nie. Cok nie die vlaktes van ons land of van Amerika nie, ook nie die berge van Natal of van China nie. Die wêreld is die mens in sy nood. Nie sy materiële of ekonomiese of selfs geestelike nood nie, maar sy nood om God.

Die wêreld is die mens in die mag van sonde, in wie nie die beeld van Christus nie, maar die van Satan afgeteken staan. Die wêreld is die mens in wie se lewe geen plek is vir God nie en wat leef in bewuste of onbewuste opstand teen God. Die wêreld is die mens sonder God. Gods eie handewerk sonder God - dit is die wêreld volgens die Woord van God.

5. WAAR IS HIERDIE WÊRELD?

Dat ons presies sal weet waar hierdie wêreld is, is uiters noodsaaklik, want daarheen is die kerk gestuur. Waar die wêreld is, daar moet die kerk wees, want dáár moet van Jesus Christus en sy eiendomsreg ^{op} die wêreld getuig word. Die wêreld volgens die omskrywing sopas gegee, is aanwesig:

5.1 BUIITE DIE GRENSE VAN DIE KERK. Hulle wat die evangelie van Jesus Christus nog nooit gehoor het nie, of wel gehoor het, maar nog nie as verlossingsboodskap aanvaar het nie, en dus nog nie tot die kerk toegetree het nie - hulle is sonder God, en dáár is die wêreld.

Buite die grense van die kerk kan dus beteken buite en ook binne die grense van ons land. Daarheen is die kerk gestuur om van Jesus te getuig.

5.2 BINNE DIE GRENSE VAN DIE KERK. Hoe duidelik stel Jesus dit nie as Hy sê : "Hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie". (Rom. 9 : 6) Hoe groot is die nood nie ook by hulle wat aan die kerk behoort nie! Vir hoeveel was die aflegging van belydenis nie maar net 'n uiterlike daad sonder enige geestelike betekenis nie! As die kerk-besoek gemiddeld nie hoër as 33% gestel word nie en daar in sommige kerke etlike voltydse predikante is om leiding te gee in die evangelisasieaksie, ten einde hulle wat vervreemd is

van kerke, en daarom ook van God, terug te bring, wie kan dan nog beweer dat die wêreld in die kerk nie ontsettend groot is nie? Ook na hierdie wêreld is die kerk gestuur om dààr te getuig van Jesus Christus.

5.3 IN DIE LEWE VAN DIE GELOWIGE. Waar kan ons dieper insig kry in die nood van die lewe van 'n gelowige as juis by Petrus. Hy wat op Pinkster so 'n gloeiende getuienis vir Jesus kon aflê! Die een oomblik verklaar hy hom gewillig om met Jesus die dood in te gaan, die ander oomblik ontken hy, tot driemaal toe, dat hy Jesus ooit geken het! Is dit vreemd in ons eie lewe? Hoeveel keer het ons nie ook al voor die wêreld ontken dat ons Jesus ken, terwyl ons Hom Sondag in die kerk bely nie? Hoe is ons nie soos 'n slaaf verkneg aan sondes in ons lewe nie! Watter wêreld van duistere ongeregtigheid is daar nie in die hart van menige gelowige aanwesig nie? Voorwaar, ook ons sal saam met Paulus moet uitroep: "Ek ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?" (Rom. 7). Dit is die kreet van die sondige mens in sy nood om heiliging, afsondering en toewyding - dit is die wêreld, en dààrheen is die kerk gestuur om te getuig.

6. BELANGRIKE KONKLUSIES

6.1 Pinkster maak van elke gelowige 'n belydende Petrus. Die vurige tonge van die Heilige Gees het bewegende menslike tonge as gevolg. Ek kan nie stilbly nie, my hart is vol van die Gees van die Here en daarvan loop my mond oor.

6.2 Pinkster eis van die belydende Petrus dat hy sy belydenis, d.w.s. sy getuienis sal herhaal. As my hart nie net vir 'n tydjie gevul is nie maar permanent, dan loop my mond oor.

6.3 Pinkster stuur die belydende Petrus na die verloënde Petrus. Teen die wêreld van ongeregtigheid in sy eie lewe moet hy getuig. Petrus word gestuur, d.w.s. hy word 'n sendeling, iemand wat gestuur is na homself. Hy is tegelyk sendeling maar ook sendingveld.

Elke gelowige is sendeling en sendingveld - dit is die boodskap van Pinkster.

6.4 Pinkster stuur die belydende Petrusse na die verloënde Petrusse.

Elke gelowige word as sendeling gestuur na die sendingveld binne die grense van sy kerk en sy gemeente, om daár te getuig van die heiligende genade van Jesus Christus.

6.5 Pinkster stuur die belydende Petrus om deur herhaling van sy belydenis, ook ander tot belydende Petrusse te maak. Die gelowige word as sendeling ook na die sendingveld buite die grense van sy kerk en selfs buite die grense van sy land gestuur om daar te gaan getuig van die verlossende genade van Christus.

6.6 Die betekenis hiervan: Pinkster maak van die kerk in sy wese 'n gestuurde kerk, d.w.s. sendingkerk, maar maak ook die sendingveld buite die kerk nie belangriker as die sendingveld binne die kerk of in die lewe van die gelowige nie! Pinkster laat ons besef dat Christen-wees gelyk is aan sendeling-wees. Dit maak van my as sendeling in Zoeloland nie iets anders - meer of minder - as van die dominee van Pofadder of van Pretoria nie.

Dan is ek ^{nie} ~~maar~~ net 'n predikant, wat "vanweë selfsugtige motiewe" nie wil aanmeld vir die sending in Zoeloland nie. Nee, as predikant doen ek in my gemeente, waar die wêreld met sy groot nood is, en waar ek in swakheid getuig van Jesus Christus, net soseer sendingwerk as enige sendeling waar in die buiteland ook al.

Ek is dus nie maar net 'n eerwaarde wat "nie goed toegerus is vir 'n blanke gemeente in die stad nie", nee, ook in die mees afgesonderde uithoeke van die wêreld, daár waar ek gehoorsaam is aan die opdrag van Jesus, doen ek net so 'n belangrike werk as die predikant van die gemeente van Johannesburg. Ek is ewemin maar net 'n gemeentelid "wat die roeping tot sendingwerk nie ontvang het nie" en dit dus oorlaat aan hulle wat spesiaal daarvoor geroep is en 'n besondere amp beklee.

Nee, oral en letterlik oral waar ek met die geloofsoog die nood van 'n mens sonder God sien, en dáár getuig van die verlossing in Christus, dáár is ek besig met sendingwerk.

Pinkster laat vaar alle name en titels en laat alleen oorbly die ontsettende nood van die sondige wêreld buite en binne die grense van die kerk en in my eie lewe, en laat benewens die nood ook die roeping van elke gelowige duidelik sien, nl om te getuig van Jesus Christus.

So gesien, is die bewoëndheid oor die nood van 'n wêreld wat God nie ken nie, nie die voorreg van slegs enkele sogenaamde "sendingvriende" nie, maar die heilige roeping van die ganse kerk en van elke lidmaat afsonderlik. Die sending is derhalwe nie 'n selfstandige arbeid naas en dikwels "veel hoër" as die "gewone" gemeentelike werksaamhede nie, maar dis die wesenlike van die kerk van Jesus Christus op aarde.

Die geloofshelde is nie alleen diegene wat hulle aanmeld vir die sending daar ver buite die grense van ons land nie, maar elke gelowige wat die nood van die wêreld sien en dáár van Jesus Christus met mond en lewe getuig.

Dit is wat bedoel word as gesê word dat die kerk van Jesus Christus op aarde 'n sendingkerk of evangeliserende kerk of 'n missionêre gemeente is.

Ons moet onself, die kerk, en die wêreld sien soos God ons dit in Pinkster wil laat sien.

DEEL 3 : DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK SE SENDING

Na die stigting van die A P K het daar 'n opvatting van kritiese buitestaanders onder die aandag gekom, naamlik dat die lidmate van die APK "klaar het" met sending, aangesien die kerk dan juis gestig is omdat gelowige lidmate hulle wou distansieer van die swartmense. So 'n opvatting is oorvereenvoudig en laat nie reg geskied aan die waarheid nie. Om alle verwarring uit te skakel, wil die kerk hiermee sy standpunt oor die sending duidelik en kernagtig saamvat :

1. Ons glo dat kragtens die sendingbevel (Mat.28:19) die kerk, naas uitgeroepene (ekklesia), ook ingestuurde

(apostolos) onder die volke is (G&P 5.4).

2. Ons glo dat die voorwerp van sending die volke is (Mat.28:19; Hand.28:28; Dan. 7:14)(G 6 P 5.5)

3. Ons glo dat die doel van die sendingbevel is om deur bekering van individue die Godsvolk in elke volk aan die lig te bring (Ef.3:5.6).

Volgens Openb. 5:9; 7:9; 21:3,24 en 26, gaan die volke (d.w.s.die Godsvolk in elke volk)die ewigheid binne. By die hoofmomente van die vestiging van die kerk is volke betrokke (Hand.2; Mat. 29:19). (G6P 5.6.)

4. Ons glo dat die primêre sendingmetode dus die bring van die evangelie aan lede van 'n volk is, lede wat dan in hulle volk bly om daar kerkvormend op te tree en so die Kerk van Christus in volksverband te verinheems. G & P 5.7

5. Ons glo dat afsonderlike, selfstandige kerke vir verskillende volke gevestig moet word, sodat elkeen in sy eie taal die groot daad van God kan hoor en verkondig (Hand. 2:8, 11), en sodat elkeen in die midde van sy eie volksgeenote sy aanbiddingsbehoeftes kan bevredig. G & P 5.8.

6. Ons verwerp enige implimentering van die "gesamentlike sendingtaak" (K & S 234) deur die onderskeie kerke wat daarop uitloop dat 'n kerk sy eie sendinggroeping verskraal tot oorbetalings van subsidies en dat hy sy eintlike sendingtaak afwentel op 'n ander kerk, ongeag of laasgenoemde kerk by sy sendingtaak uitkom of nie. G & P 5.13.

7. Ons beskou sendingwerk as 'n allesomvattende taak wat te make het met ongelowiges in ander volke, ongelowiges in die eie volk, onverskilliges en kerklosses in die eie kerk, asook die ou mens van sonde in die gelowige self (soos beskryf in deel 2).

8. Sover dit gaan om die werksterrein van 'n PSK en 'n SSK, konsentreer ons hier slegs op die kerk se werk na buite.

Waar die ander kommissies werk aan die kerk se opbou na binne, werk die sendingkommissie aan die kerk se uitbreiding na buite en sy getuienistaak in ander volkere.

9. Sendingwerk is 'n wye begrip en daarbinne is ruimte vir spesialiswerk, asook werk deur gewone lidmate. Lg. aspek is vir ons die belangrikste; daarom moet die beginsel van die dissipelskap van elke gelowige sterk verkondig en geleer word. Die groot gawe wat elkeen ontvang het, is die gawe van die Heilige Gees, van kindskap en priesterskap waardeur die gelowige God en sy medemens kan bedien. Daar is baie min - indien enige - wat deur die gemeente gedoen moet word wat nie deur die gewone lidmaat gedoen kan word nie. En wat hulle kan doen, moet hulle ook doen. Die vraag is dus : Hoe moet ons bediening geseël word sodat ons waarlik ten beste kan funksioneer as God se volk in die wêreld.

10. Die APK sal in sy sendingarbeid nie kerke gaan stig onder ander volkere nie, maar slegs die evangelie aan hulle oordra. Bekeerlinge kan volgens eie besluit by bestaande protestantse kerke aansluit of hulleself organiseer in huisgemeentes of uit eie geledere besluit om oor te gaan tot die stigting van 'n protestantse kerk in eie volksverband. 'n Kerk wat op die wyse gestig word, sal selfonderhoudend, selfuitbreidend en selfopbouend moet wees en nie onder permanente finansiële voogdyskap van die APK staan nie.

11. Die APK sowel as enige ander kerk wat a.g.v. sy werk tot stand mag kom, moet inheems wees. Vreemdheid in die kerk belemmer nie alleen die verdere uitdra van die evangelie nie, maar ook die mate waarin die Christene 'n tuiste vind binne die volk van God. Dit beteken 'n vryheid om jouself te wees in die plaaslike gemeente, dit beteken ook 'n inheemse leierskap en wyse van leiding neem, inheemse aanbidding en wyse van evangelisering en 'n bedieningspatroon wat plaaslik bekostig kan word.

12. Die APK wil volledig kerk van Christus wees; daarom aanvaar hy sy skriftuurlike sendingopdrag van harte. Hy kan ook nie te lank daarmee wag of sy verantwoordelikheid beperk tot sy eie volksgenote nie. Na die mate wat ons gehoorsaam sal wees aan die opdrag om die volle raad van God aan almal in nood te verkondig, na die mate sal ons ook deur die Heilige Gees in eie geledere geseën wees.

DEEL 4: PRAKTIESE RIGLYNE VIR DIE UITVOERING VAN DIE SENDINGTAAK.

1. Elke Kerkraad moet 'n sendingkommissie saamstel wie se verantwoordelikheid sal wees om plaaslik die sendingbehoefte te identifiseer en 'n eie begin te maak, al is dit aanvanklik beskeie.
2. Elke Ring sal moet kennis neem van aksies in gemeentes en vir verder kennisname deurgee aan die Sinodale Sendingkommissie.
3. Kerkrade kan sendingwerk doen onder Swartmense, Asiërs, Kleurlinge, kerklose Blankes, Afrikaners, Engelse, ens.
4. 'n Tentevangelisasie-aksie waarby 'n kerkraad betrokke is maar hoofsaaklik behartig word deur 'n kundige sendingwerker, kan goeie vrugte afwerp in gebiede waar die heidendom groot is.
5. Aanvanklik kan bekeerlinge in huisgemeentes bymekaar kom. Aangesien die APK slegs vir blankes is kan hulle by ander Protestantse kerke van hulle eie keuse aanklop om lidmaatskap, of sodra 'n kerngroep gelowiges sterk genoeg is, kan hulle hulle eie gemeente stig.
6. Elke lidmaat behoort deel te neem aan bybel- en traktaatjieverpreiding. Oor die inhoud van bg. sal die sendingkommissie van elke kerkraad hom moet vergewis dat dit die waarheid van die Bybel bevat.
7. As moontlike sendingprojekte deur kerkrade, ringe en sinode, kan die volgende oorweeg word :
 - 7.1. Die "verlore lidmate" van die N G Kerk. Na bewering is daar 400,000 mense wat hulleself by die Staat se sensus as "N.G" opgegee het maar wat by die N G Kerk se sensus ontbreek. Die APK moet ook nie alleen groei deur lidmate wat oorkom vanuit die N G Kerk nie. Ongeredde mense sal met die Woord van God bereik moet word om hulle in te bring in Sy Kerk, anders kan ons nie waarlik kerk van Christus wees nie.

7.2 Wat die Woord verkondiging aan swartmense betref, is daar groot gebiede in Natal rondom Ladysmith en Empangeni/Richardsbaai wat nog grootliks heidens is. In die "paddastoel - stede en dorpe in die Kangwanetuislande, in die Hooglande van Lesotho en ander gebiede heers daar ook groot nood.

7.3 Die digt volkte gebiede in Suid-Natal waar groot getalle Indiërs woon wat nog hoofsaaklik aanhangers is van die Hindoe-geloof.

AANBEVELINGS AAN SINODE

1. 'n BESKRYWINGSPUNT van die Ring van Lichtenburg:

"Die Ring van Lichtenburg besluit om by die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk aan te beveel dat daar in die uitvoering van die Sendingbevel daadwerklik gedink sal word aan die ondersteuning van die uitdra van die Evangelie onder blankes in die lande van ons herkom van Hugenoot, Geus en Puritein. Reeds bestaande aksies kan ondersteun word."

AANBEVELING: Die Sinode aanvaar die beskrywingspunt soos in 1 hierbo genoem.

2. 'n BESKRYWINGSPUNT van die Ring van Lichtenburg:

"Die Ring van Lichtenburg besluit om by die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk aan te beveel dat die APK begin met 'n georganiseerde Sendingaksie in Hillbrow, Johannesburg, onder Blankes."

AANBEVELING: 2.1 Die Sinode aanvaar die beskrywingspunt van die Ring van Lichtenburg soos hierbo in 2 genoem.

AANBEVELING: 2.2 Die Sinode besluit dat die plaaslike APK in Hillbrow gevra word om met die aksie te begin soos besluit is in 2.1 hierbo.

3. DIE MEMORANDUM i.v.m. die Sending van die APK word aan die Sinode voorgelê.

AANBEVELING: 3.1 Die Sinode aanvaar die uiteensetting soos in die memorandum gestel, as motivering en grondslag vir die APK se standpuntstelling in Art. 47 van die Kerkorde.

AANBEVELING: 3.2 Aangesien die missionêre taak 'n wesensfunksie van die kerk is, besluit die Sinode dat geen predikant of lidmaat hulle aan die kerk se missionêre roeping mag onttrek nie.

AANBEVELING: 3.3 Die Sinode besluit dat gemeentes versoek word om die memorandum soos aanvaar deur die Sinode, per geleentheid met die gemeente te behandel.

AANBEVELING: 3.4 Die Sinode besluit dat die studente van die Teologiesesekool 'n "Teologiese weerbaarheid" aangebied moet word, in die sin van 'n gespierde en omvattende teologiese toegerustheid en gereedheid om die groot verskeidenheid van gewigtige eise wat die ontsaglike onvoltooide taak aan die jong predikant stel, op effektiewe wyse tegemoet te tree."

4. SINODALE SENDINGKOMMISSIE

AANBEVELING: 4.1 Die Sinode besluit dat die Sinodale Sendingkommissie se taak soos volg sal wees:

- 4.1.1 Om aan die Sinode die sendingbeleid van die APK voor te hou.
- 4.1.2 Om alle opdragte wat deur die Sinode of die S.S.K. aan hom gegee word uit te voer.
- 4.1.3 Om geen verklarings na buite te maak nie.
- 4.1.4 Om die sendingsituasie gedurig te evalueer met aanbevelings aan die Sinode/S.K.K.
- 4.1.5 Om aan die S.K.K. aanbevelings te doen om vakatures op die Kommissie aan te vul.
- 4.1.6 Om die sendingwerk in die sinodale gebied te koördineer.
- 4.1.7 Om Suidelands sendingvelde sowel as Binnelandse sendingvelde te identifiseer.
- 4.1.8 Om minstens eenkeer per jaar te vergader om aandag te gee aan opdragte.

AANBEVELING: 4.2 Die Sinode besluit dat die Sinodale Sendingkommissie soos volg saangestel word:

- 4.2.1 Die kommissie word saangestel soos wat die Sinode van tyd tot tyd mag besluit.
- 4.2.2 Die kommissie tree by elke Sinodesitting uit en 'n nuwe kommissie met 'n sameroeper word by elke Sinodesitting aangewys.

5. RINGSVORMS

AANBEVELING: Die Sinode besluit om die volgende vrae in die Ringsvorms op te neem:

- 5.1 Het die kerkraad 'n sendingkommissie ?
- 5.2 Watter beplanning is reeds gedoen om sendingwerk te verrig ?
- 5.3 Is die sendingbeleid soos bepaal deur die Sinode aan die gemeente oorgedra ?
- 5.4 Was daar enige reaksie van die gemeente se kant ? Indien wel, deel dit mee.
- 5.5 Watter aanbevelings doen die kerkraad i.v.m. sending?

SKRIBA.....
DS. COEN VAN RENSBURG

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
(n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

SINODE : 22 AUGUSTUS 1988

VERSLAG: KOMMISSIE VIR KAPELAANSDIENSTE AAN DIE TWEDE SINODE VAN
DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERKE EN SITTING VAN 22 TOT
26 AUGUSTUS 1988.

Hierdie Kommissie met opdragte lê die volgende verslag aan die sinode voor.

1. VERGADERINGS

Vir kennisname:

U Kommissie het op 8 Junie 1988 vergader.

2. PERSONEEL

Vir kennisname:

Die lede van die Kommissie is

Dr J D Malan (Voorsitter)

Ds M J Hartzenberg (Sekretaris)

Oudl J E Swarts : Kon die vergadering ongelukkig nie bywoon nie.

Dr C I van Heerden het die vergadering gedeeltelik bygewoon om verslag te doen van sy besoek aan die operasionele gebied.

3. HANDELINGE VAN DIE KOMMISSIE

Vir kennisname:

3.1 n Brief met vraelys is opgestel en uitgestuur aan al die gemeentes.

3.2 Die Kommissie het n brief in antwoord van die Kapelaan-Generaal behandel.

3.2.1 Elke Nasionale Dienspligtige behoort (moet) elke Sondag n diens van sy kerk by te woon en kan n tweede diens uit vrye wil bywoon.

Aanbeveling

1. Die sinode moedig gemeentes aan om dit onder aandag van die Nasionale Dienspligtige lidmate te bring.

2. Die sinode moedig gemeentes aan om kontak te behou met hul lidmate in die Suid-Afrikaanse Weermag, deur bv gereeld aan hulle gemeentenuus deur te stuur. Die dames kan selfs iets meer tasbaars vir die jongmanne aanstuur.

3.2.2 Aanstelling as Nasionale Dienspligtige en Staandemag Kapelaan.

n Jongman wat nog nie diensplig gedoen het nie en klaar afstudeer het in sy kerk (hy moet st 10 en minstens 3 jaar naskoolse opleiding hê) kan as Nasionale Dienspligtige Kapelaan aangestel word, as getalle dit regverdig (minstens 200 lidmate). Vir elke minstens 500 lidmate kan n Staandemag Kapelaan aangestel word.

Aanbeveling: Die sinode neem kennis van hierdie reëling.

3.2.3 Aanstelling as Administratiewe assistent in die Kapelaansdiens (Admin Asst : KD) gedurende die twee jaar aanvanklike diensplig sowel as in die Burgermag is moontlik in die geval van:

3.2.3.1 Geordende/gelegitimeerde personeel wat ten minste drie jaar voltydse teologiese opleiding ondergaan het en wat nie die offisiersopleiding of kapelaansoriëntering geslaag het nie.

of

3.2.3.2 Persone wat in voltydse geestelike diens van hulle kerk staan in erkende poste binne die struktuur van hulle kerk, maar wat nie as predikante of priesters aangewend kan word nie.

of

3.2.3.3 Geordende/gelegitimeerde persone wat ten minste drie jaar voltydse teologiese opleiding ondergaan het, maar wat nie die vereiste getal lidmate het vir die aanstelling as Nasionale Dienspligtige Kapelaan nie.

Aanbeveling : Die sinode neem kennis van hierdie reëling.

3.2.4 Geleentheidswerkers

Daar word ook voorsiening gemaak vir die aanstelling van geleentheidswerkers of sessiewerkers onder die ondergenoemde bepalings:

3.2.4.1 Waar n eenheid nie oor die dienste van n Staandemag/Nasionale Diensplig/Burgermag/Kommando/Kapelaan/AAK : KD van n betrokke kerk beskik nie en daar minstens 25 lede (plus afhanklikes) is word n pos vir n geleentheidswerker geïdentifiseer.

3.2.4.2 Indien die betrokke Kerk nie oor genoeg lidmate beskik om geleentheidswerker aan te stel nie, kan n predikant vrywillig, sonder vergoeding, en mits hy aanvaarbaar is, sy lidmate bearbei.

- 3.2.4.3 Ja, alle Nasionale Dienspligtiges wat aanvanklik verrig het moet bykomende kampe tot 'n totaal van 720 dae oor 'n tydperk van 12 jaar verrig en welke geval 'n lid dan sy kampe as 'n Kapelaan of vanweë onvoldoende getalle as 'n AAK : KD sal verrig.

Aanbeveling : Die sinode besluit dat predikante wat nog dienspligtig is, en predikante in gemeentes waar daar baie Nasionale Dienspligtiges is, eerste as kapelane aanbeveel word.

4. VERSLAG VAN DR C I VAN HEERDEN

4.1 Bediening in die operasionele gebied.

Vir kennisname:

Dr Van Heerden rapporteer dat die kapelane voortreflike werk in die operasionele gebied doen om die jong soldate geestelik by te staan en te ondersteun. 'n Dankwoord is oorgedra.

- 4.2 Aanbeveling : Die Kommissie beveel by die Sinode aan dat gemeentes kol (ds) A J Bezuidenhout uitnooi om eredienste te lei en veral die aanslag deur die vyand op die kerk toe te lig.

5. KERKVISITASIE

Aanbeveling :

Die Sinode besluit dat gedurende kerkvisitasie die besoekers namens die ring ook aandag gee aan die Nasionale Dienspligtiges in die gemeente. Hulle kan navraag doen of daar Nasionale Dienspligtiges in die gemeente is, en of die gemeente kontak met hulle het.

6. BEDIENING AAN ONS LIDMATE IN DIE WEERMAG

- 6.1 Aanbeveling : Die Sinode besluit dat ons lidmate kerklik bedien moet word. Dit lei daartoe dat:

1. Nasionale Dienspligtiges in opleidingseenhede, deur die plaaslike gemeente opgeneem en bedien word.
2. Nasionale Dienspligtiges te velde (in die operasionele gebied) moet deur leraars van die APK besoek en bedien kan word.
3. Burgermaglede tydens lang oefeninge, word net soos Nasionale Dienspligtiges in opleidingseenhede deur die plaaslike kerkraad en leraar gedien.
4. Burgermaglede te velde moet deur leraars van die APK besoek en bedien kan word.
5. Lidmate wat Jode van plaaslike kommando's is, wat besig is met lang oefeninge moet deur die plaaslike kerkraad en leraar bedien word.

6. Indien daar by n bepaalde plek waar daar n sametrekking van weermageenhede is, soos bv Voortrekkerhoogte (Pretoria), Potchefstroom, Tembe (Bloemfontein) en ander plekke n groot aantal Nasionale Dienspligtiges is, moet so n kerkraad dit oorweeg om n leraar te beroep met opdrag o.a. die bediening van die lidmate in die S A Weermag. Hy bly dus leraar van die gemeente en werk kerklik.

6.2 Bediening te velde

Aanbeveling :

Die Sinode versoek die S A Weermag om leraars, wat lidmate te velde besoek, te vergoed vir die dienste gelewer.

7. DIE BOODSKAPPER

Aanbeveling :

Die Sinode besluit dat gemeentes aangemoedig word om Die Boodskapper aan koffiekroeg van Weermageenhede te stuur.

8. BESOEK AAN DIE KAPELAAN-GENERAAL

Aanwending van predikante wat nog kampligtig is.

Getalle is die enigste norm waarvolgens gewerk word. Solank daar nie die vereiste aantal lede is wat lidmate van ons kerk is nie, kry ons nie die poste nie.

Aanbeveling : Die Sinode besluit dat kerkrade seker moet maak dat lidmate hul kerklidmaatskap verander na APK sodat die Sinode n hefboom kan kry om mee te werk.

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
(' n Gereformeerde kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

SINODE : 22 AUGUSTUS 1988

VERSLAG : KOMMISSIES VIR LITURGIE EN FORMULIERE

Hierdie kommissies lê met graagte die volgende verslag aan die sinode voor.

1. PERSONEEL - vir kennisname.

By die sinode van 1987 is die kommissies soos volg saamgestel :

Liturgie : Di J. Engelbrecht (sameroeper)

OD Scheuer, oudl JJG Potgieter en diak GES Liversage

Formuliere : Ds LD Pienaar (sameroeper) dr WA Burger, oudl JCK Opperman en ds OD Scheuer.

2. VERGADERINGS - vir kennisname.

Die Kommissies het twee maal vergader, 18 Februarie 1988 en 7 Junie 1988, albei tye soos deur die SKK vasgestel.

3. WERKSWYSE

3.1 Vir kennisname

By die vergadering van 18 Februarie 1988 het die twee kommissies besluit om saam te werk en as een te funksioneer.

3.2 Aanbeveling

Die sinode keur die optrede van die Kommissies goed en besluit om voortaan net een kommissie, nl 'n Kommissie vir Liturgie, saam te stel.

4. KERKBOEK

4.1 Vir kennisname

Die kommissie het die moontlike uitgee van 'n boek waarin die geloofsbelydenisse, die formuliere en moontlik die drie formuliere van enigheid opgeneem is, bespreek en beveel daarop aan :

4.2 Aanbevelings

4.2.1. Die sinode besluit om 'n eie "Kerkboek" te laat druk vir gebruik in die kerk.

4.2.2. Die sinode besluit dat die volgende in die boek opgeneem sal word :

Die Twaalf Artikels, die Geloofsbelydenis van Nicea en van Athanasius (in 'n kleiner lettertipe), die formuliere soos deur die sinode goedgekeur en die drie formuliere van enigheid (nl Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls).

- 4.2.3 Die sinode dra die aanvanklike drukkoste, maar dit word verhaal deur die verkoop van die boek.

5. FORMULIERE

5.1 Vir kennisname

Op sy vergadering van 7 Junie het die Kommissie al die formuliere in konsepvorm deurgewerk, soos dit o.a. voor die tydelike kommissie by die sinode van 1987 gedien het. Die Kommissie lê graag die formuliere nou aan die sinode voor vir goedkeuring soos in die bylaes vervat is.

5.2 Aanbeveling

Die kommissie beveel aan dat die formuliere goedgekeur word soos in die volgende bylaes vervat :

Bylae A - Formulier vir die bediening van die doop aan kinders van gelowiges.

Bylae B - Formulier vir die bediening van die doop by belydenis van geloof.

Bylae C - Formulier vir die bediening van die Nagmaal.

Bylae D - Formulier vir die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord.

Bylae E - Formulier vir die bevestiging van Hooglerars/Dosente.

Bylae F - Formulier vir die bevestiging van Ouderlinge en Diakens

Bylae G - Formulier vir die Openbare belydenis van geloof

Bylae H - Formulier vir die afsnyding van 'n lidmaat van die gemeente

Bylae I - Formulier vir die heropname van 'n lidmaat wat van die gemeente afgesny is.

Bladsy drie

Bylae J - Formulier vir die bevestiging van die huwelik

Bylae K - Formulier by begrafnis.

6. LITURGIE

Na deeglike bespreking lê die Kommissie die volgende aanbevelings voor i.v.m. die orde van die verskillende dienste.

Aanbevelings

6.1 Aanbeveling

Die sinode besluit dat gemeentes by die goedgekeurde ordes vir die erediens hou.

6.2 Oggenddiens

1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang
4. Voorlees van die Wet (Exod 20 of Deut 5)
5. Skuldbelydenis (deur sang of gebed)
6. Genadeverkondiging
7. Geloofsbelydenis
8. Sang
9. Gebed om die opening van die Woord
10. Skriflesing
11. Prediking
12. Dankgebed en Voorbidding
13. Opneem van offergawes
14. Sang
15. Seën

6.3 Aanddiens

Dieselfde orde as by die oggenddiens word gevolg. Indien so verkies, kan punte 4-8 weggelaat word.

6.4 Nagmaalsdiens

6.4.1 Orde

1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang
4. Lees van die Wet (of samevatting van die Wet)
5. Skuldbelydenis (sang of gebed)
6. Genadeverkondiging
7. Skriflesing
8. Prediking
9. Lees van die formulier
10. Kommunie (Geloofsbelydenis, gebed, bediening)
11. Lofverheffing en gebed (Voorbidding)
12. Opneem van offergawes
13. Sang

14. Seën

- 6.4.2 Die orde van die oggenddiens tot by pt 11 (prediking) kan ook gebruik word. Vandaar word die orde vanaf pt 10 by die Nagmaalsdiens gevolg.
- 6.5 Die bediening van die doop en bevestiging van ouderlinge, diakens en lidmate kan geskied na pt 8 of na pt 11 van die orde van die oggenddiens.
- 6.6 Pt 4-8 by die orde vir die oggenddiens (vanaf lees van die Wet tot sang na geloofsbelydenis) kan ook na pt 13 ingevoeg word.
- 6.7 Huwelik- en Begrafnisdiens
- 6.7.1 Die sinode besluit dat die diens by huweliksbevestiging en begrafnisdiens nie 'n amptelike erediens (waar die besondere ampte toesig hou) is nie. Tog gee die sinode die volgende riglyne vir hierdie dienste.
- 6.7.2 Huweliksbevestiging
- 6.7.2.1 Orde
1. Gebed
 2. Lofsang
 3. Skriflesing
 4. Woordverkondiging
 5. Lees van formulier
 6. Bevestiging van huwelik
 7. Gebed
 8. Sang deur gemeente
 9. Seëngroet
- 6.7.2.2. Die sinode besluit dat solo- of koorsang by die huweliksbevestiging na die seëngroet plaasvind.
- 6.7.2.3. Die Kommissie wil graag die gedagte aan die sinode voorlê dat die huweliksbevestiging op 'n Sondag plaasvind, as deel van 'n erediens.
- 6.7.3 Begrafnis
1. Gebed
 2. Sang
 3. Woordverkondiging

Bladsy vyf
Bladsy vyf

4. Dankgebed
5. Sang
6. Seënbede
7. Geleenthede vir bedankings en lewenskets
8. By die graf :
 - 8.1 Sang of Geloofsbelydenis, indien verkies
 - 8.2 Begrafnisformulier
 - 8.3 Gebed

6.8 Koorsang

Die sinode besluit dat koorsang gebruik kan word :

1. as hulp by en ondersteuning van gemeentesang;
2. vir leiding en hulp by die aanleer van kerkliedere;
3. vir sinvolle optrede in die erediens.

Daarom besluit die kerkraad oor die sinvolle plek in die erediens vir optrede van 'n koor.

7. PREKE OP KASSETBAND

7.1 Vir kennisname

Die kommissie het 'n versoek van die ring van Klerksdorp behandel i.v.m. die gebruik van bandopnames vir en tydens eredienste. Die kommissie lê na deeglike beredenering die volgende aanbevelings aan die sinode voor.

7.2 Aanbevelings

7.2.1. Die sinode neem kennis dat preke op band deur verskillende leraars van die APK by Radiokansel beskikbaar is en bring dit onder aandag van gemeentes.

7.2.2. Die sinode besluit dat leraars aangemoedig word om preke op kassetbande op te neem en aan gemeentes sonder leraars beskikbaar te stel.

7.2.3. Die sinode versoek Radiokansel om opnames van eredienste ook in die APK te doen

8. FINANSIES

8.1 Vir kennisname

Die Kommissie het die volgende begroting van uitgawes aan die Finansiële Kommissie voorgelê :

8.1.1 Die Kommissie bereken dat hy in 1988/89 twee keer sal vergader.

Bladsy ses

8.1.2. Die Kommissie begroot vir 'n uitgawe van R4000-00 vir twee vergaderings.

8.1.3 As daar weer vergaderings gesamentlik binne een week gehou word, sal die koste minder wees.

8.1.4 Indien die sinode die uitgee van 'n Kerkboek goedkeur, sal die Kommissie kort na die sinodesitting selfstandig moet vergader.

8.2 Aanbeveling

Die sinode keur bogenoemde begroting goed.

Die Kommissie vertrou dat hy hiermee sy opdrag uitgevoer het tot bevrediging van die sinode. Mag die besluite van die sinode tot eer van die Here en tot seën en opbou van die gemeentes wees. Die seën van die Here word die sinode toegebid.

Ds JH Engelbrecht (voorsitter)

Dr MA Burger

Ds OD Schoer

Oudl JUS Potgieter

Oudl JCK Opperman

Diat GEB Liversage

Ds LD Pienaar (Skriba)

BYLAE. A/mk

B Y L A E. A

FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE DOOP AAN KINDERS VAN GELOWIGES

Geliefdes in die Here Jesus Christus, vir die bediening van die doop moet ons die volgende weet en met ons hele hart daarop vertrou :

DOEL VAN DIE DOOP

Ons doop omdat die Here God 'n verbond van genade met die gelowige mens gemaak het. Reeds vir Abraham het die Here gesê : "Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond : Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag" (Gen 17: 7).

In die Ou Testament het die Here die besnydenis en pasga as tekens gegee dat die verbond geldig is. Daarna het Christus gekom en hierdie ooreenkoms in sy Persoon en deur sy verlossingswerk op 'n nuwe en finale wyse bevestig. As teken en waarborg hiervan het Hy die doop en die nagmaal gegee.

Die Here Jesus Christus het voor sy hemelvaart aan sy dissipels die opdrag gegee om die doop te bedien. Hy het gesê: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt 28 : 19). So het die Here Homself verbind deur hierdie verbond om ons God te wees en ons te seën. Van ons vereis Hy dat ons Hom in dankbaarheid en gehoorsaamheid sal dien.

BETEKENIS VAN DIE DOOP

Die doop in die Naam van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees het 'n ryke betekenis.

- Die Here bevestig daardeur dat Hy ons in sy verbond van genade insluit, dat Hy ons tot sy kinders aanneem en ons laat deel in al die voorregte van die verbond.
- Hy verkondig aan ons dat ons en ons kinders as sondears in die wêreld gekom het, maar dat ons in die Koninkryk van God kan kom slegs as ons opnuut gebore word.
- Deur die doop word ons verbind aan Jesus Christus wat ons sonde deur sy bloed afwas.
- Die doop verkondig dat ons ou, sondige lewe saam met Hom aan die kruis gesterf het en saam met Hom begrawe is, maar dat ons ook weer deur sy opstanding lewend gemaak word."

Bladsy drie

Derdens, belooft u om hierdie kind, van wie u vader en moeder (of voog) is, in die leer na die beste van u vermoë self te onderrig en te laat onderrig?

Antwoord (hardop): Ja

BEDIENING

Die Liturg wat die doop bedien, sê: "N N... (volle naam en van), ek doop jou in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees."

DANKGEBED

Almagtige, ewige God en Vader, ons dank U vir u genadeverbond waarin U ons en ons kinders laat deel. Ons dank U dat U ons deur die bloed van Jesus van al ons sondes gereinig het, dat U ons deur u Heilige Gees tot lidmate van sy gemeente ingelyf het en ons tot u kinders aangeneem het. Ons dank U dat u hierdie waarheid deur die doop aan ons en ons kinders waarborg en bekragtig.

Regeer hierdie kind(ers) so deur u Woord en Gees dat hy/sy/hulle U uit dankbaarheid en met vreugde voortdurend sal dien, dat hy/sy/hulle met volharding teen die duiwel en sy mag sal stry en oorwin, sodat hy/sy/hulle eenmaal voor u troon sal kan staan met vrymoedigheid.

Here, ons bring aan U die lof, dank, aanbidding, eer en heerlijkheid tot in alle ewigheid. Hierdie dinge vra ons in die Naam van ons Here, Jesus Christus, Amen.

BYLAE.B/mk

BYLAE B

FORMULIER VIR DIE BEDIE' NG VAN DIE DOOP BY BELYDENIS VAN GELOOF

Beliefdes in die Here Jesus Christus, vir die bediening van die doop moet ons die volgende weet en met ons hele hart daarop vertrou :

DOEL VAN DIE DOOP

Ons doop omdat die Here God 'n verbond van genade met die gelowige mens gemaak het. Reeds vir Abraham het die Here gesê: "Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond : Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag" (Gen 17 : 7).

In die Ou Testament het die Here die besnydenis en pasga as tekens gegee dat die verbond geldig is. Daarna het Christus gekom en hierdie ooreenkoms in sy persoon en deur sy verlossingswerk op 'n nuwe en finale wyse bevestig. As teken en waarborg hiervan het Hy die doop en die nagmaal gegee.

Die Here Jesus Christus het voor sy hemelvaart aan sy dissipels die opdrag gegee om die doop te bedien. Hy het gesê : "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels : doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt 28 : 19). So het die Here Homself verbind deur hierdie verbond om ons God te wees en ons te sien. Van ons vereis Hy dat ons Hom in dankbaarheid en ooreenstemming sal dien.

BETEKENIS VAN DIE DOOP

Die doop in die Naam van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees het 'n ryke betekenis.

Die Here bevestig daardeur dat Hy ons in sy verbond van genade insluit, dat Hy ons tot sy kinders aanneem en ons laat deel aan al die voorregte van die verbond.

Hy verkondig aan ons dat ons en ons kinders as sondaars in die wêreld gekom het, maar dat ons in die koninkryk van God kan kom slegs as ons opnuut gebore word.

Deur die doop word ons verbind aan Jesus Christus wat ons sonde deur sy bloed afwas.

Die doop verkondig dat ons ou sondige lewe saam met Hom aan die kruis gesterf het en saam met Hom begrawe is, maar dat ons ook weer deur sy opstanding lewend gemaak word sodat "ons vir die sonde dood is en vir God lewe" (Rom 6 : 11)

Bladsy twee

- Deur die doop word ons ingelyf in die kerk van Jesus Christus en ons leef in die kerk as lewende lidmate met Christus en met mekaar.
- As gedooptes moet ons die Here uit dankbaarheid met ons hele wese liefhê, vertrou en dien.
- Die Here verseker ons deur die doop dat Hy deur sy Gees in ons kom woon en ons lewens daagliks so regeer en so nuut maak dat ons hoe langer hoe meer sy beeld vertoon.

VERPLIGTING VAN DIE DOOP

Die doop van volwassenes mag alleen bedien word as hulle die evangelie glo, belydenis doen van hulle sonde en van hulle geloof in die Here Jesus Christus. Daarom mag u as volwassene alleen gedoop word indien u bely dat u in Hom as verlosser glo.

Sodat almal kan hoor dat u opreg in Christus glo en dat u begeer om die doop te ontvang as teken en seël van u inlywing as lewende lidmaat in Christus en in sy gemeente, moet u op die volgende vrae eerlik antwoord :

1. Is u daarvan oortuig dat die Bybel, as enigste en onfeilbare Woord van God, die ware en volkome leer van die saligheid is; dat niks daarby gevoeg of daarvan weggeneem mag word nie; dat die belydenisskrifte van die kerk, hoewel aan die Bybel ondergeskik, daarmee ooreenstem en daarom onderskryf moet word ? Is u daarvan oortuig dat hierdie kerk, waarvan u nou belydende lidmaat wil word, hierdie leer verkondig as die enigste weg van saligheid?
2. Het u hierdie leer as u persoonlike geloofsoortuiging aangeneem en belooft u om alle leringe wat daarmee in stryd is, te verwerp? Verklaar u dat dit u voorneme is om in die krag van die Heilige Gees in hierdie leer tot aan die einde van u lewe te volhard ?
3. Erken u dat die doop as genadeverbond 'n teken en seël is van die afwassing van u sonde deur die bloed van Jesus Christus en bely u dat u Hom aangeneem het as u persoonlike Verlosser en Saligmaker.
4. Belooft u om die Here Jesus Christus te dien, sy Naam getrou te bely voor die mense en om aktief aan die werksaamhede van u kerk deel te neem ?
5. Belooft u om God, die Here, lief te hê en in die krag van die Heilige Gees teen alle versoekinge te stry ? Onderwerp u u daarom aan die kerklike tug ?

Bladsy drie

VERKLARING

Op grond van die genadeverbond, soos verseël deur die doop, en kragtens die belydenis wat u so pas voor God en die gemeente afgelê het, verklaar ek op gesag van die kerkraad, dat u belydende lidmaat/e is van die Afrikaanse Protestantse Kerk, gemeente met toegang tot die sakramente.

VERMANING

God het u geroep om in die wedloop van die geloof al u kragte in te span om die ewige lewe as prys te behaal. Volhard daarin met hart en siel en met al u kragte.

Gemeente, God het hierdie lidmate tot die gemeente gevoeg om as lede van sy liggaam, hulle gawes en talente te wy aan die Hoof van die kerk, Jesus Christus. Stel u gawes wat u van God ontvang het, saam met hierdie nuwe lidmate, tot beskikking van God en in diens van sy kerk. Bid vir mekaar en werk met mekaar saam. Laat die liefde van Christus u as band saambind tot 'n getuigenis in hierdie wêreld. (Joh 13 : 35)

GEBED

BYLAE C/mk

BYLAE C

FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE NAGMAAL

INSTELLING VAN DIE NAGMAAL

Geliefdes in die Here Jesus Christus, die Here Jesus het self die nagmaal ingestel. Daarvan lees ons in 1 Kor 11 : "Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het : Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê : 'Dit is my liggaam; dit is vir julle, gebruik dit tot my gedagtenis.'

Net so ook het Hy na die maaltyd die beker geneem en gesê : 'Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.'

Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom" (1 Kor 11: 23 - 26).

DIE WESE VAN DIE NAGMAAL

Die nagmaal is in sy wese 'n verbondsmaaltyd, waar die verbinding tussen Christus en sy gemeente telkens vernuut word. As verbondsmaaltyd het dit die volgende betekenis :

Die nagmaal is in die eerste plek 'n gedagtenismaaltyd. Die Here het by die instelling van die nagmaal gesê : "Gebruik dit tot my gedagtenis" (Luk 22: 19; 21). In die nagmaal oordink en verkondig ons die dood van die Here. By die gebruik van die brood en die wyn roep die gemeente hom die hele lydensweg van Jesus Christus voor die gees en bevestig God dat Hy ons nooit sal verlaat nie.

Die nagmaal is in die tweede plek 'n waarborg. Daarom sê Hy : "Dit is my liggaam" en "Dit is my bloed" (Matt 26 : 26,28). So seker as vir elkeen hierdie brood voor sy oë gebreek word, en hierdie beker aan hom gegee word en ons dit met die mond eet en drink, so seker het ons deel aan Christus, aan sy sterwe en sy opstanding. Hierdeur waarborg Hy sy soenverdienste vir ons, so volledig asof ons self voor God gestaan het, self die straf vir ons sonde gedra het, self daarvoor gesterf en opgestaan het en ons geregtigheid voor God verwerf het. Die sekerheid wat hierdie waarborg ons gee, is nie gegrond op ons eie gevoelens of stannings nie, maar op die tekens uit die hand van die Here; dit is in die Here self gevestig.

Bladsy twee .

Die nagmaal is in die derde plek 'n gemeenskapsmaaltyd - ons herdenk nl ons gemeenskap met die Here Jesus en met mekaar. Die nagmaal verbind ons nie net met sy dood nie, maar help ons om in gemeenskap met Hom te lewe. Deur die Heilige Gees is die lewende Christus in die nagmaal by ons teenwoordig. Verder word ons deur dieselfde Gees ook weer met mekaar as lidmate van een liggaam, in broederlike liefde saam verbind, soos die apostel sê: "Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood" (1 Kor 10 : 17).

Die nagmaal is in die vierde plek 'n verwagtingsmaaltyd - ons verkondig hiermee ons toekomsverwachting. Ons het in die nagmaal die versekering dat die Here nou een met ons is. Tog kyk die gemeente hiermee ook vooruit na sy wederkoms, en verkondig daarmee die d. van die Here totdat Hy kom. Deur die nagmaal strek ons ons uit na die dag wanneer Christus in heerlijkheid sal verskyn en alles tot volheid sal bring, die dag wanneer Hy die hemel en die aarde nuut sal maak sodat geregtigheid daarin kan woon - en God alles in almal kan wees. (1 Kor 15 : 28). In die nagmaal verlang die bruid van Christus, sy gemeente, na die bruilofsmaaltyd van die Lam.

Die nagmaal is in die vyfde plek 'n vreugdefees. Al spreek die tekens van die lyding en sterwe van Jesus Christus, staan die nagmaalsviering nie in die teken van rou en droefheid nie. Hoewel die gemeente die nagmaal met gewyde erns vier, is dit 'n vreugdefees, waar die Heiland op 'n besondere manier die vrugte van sy lyding, sterwe en opstanding uitdeel. In die nagmaalsfees mag die gemeente nou reeds van die vreugde smaak wat vir ons wag by die bruilofsmaaltyd van die Lam.

Uit dit alles blyk duidelik dat die nagmaal ten slotte 'n dankbaarheidsmaaltyd is. Die Heilige Gees verseker ons deur die tekens van brood en wyn van die verlossing wat ons in Christus deelagtig is. Hier by die nagmaal, by die gebruik van die tekens dank ons Hom met ons hele wese en gaan ons nou in dankbaarheid ons lewe opnuut aan Hom wy.

DIE BOODSKAP VAN DIE NAGMAAL

Die nagmaal is dus 'n uitnodiging om ons aandeel aan die volle verlossing in Christus feestelik te vier en opnuut daarvan verseker te word; dit is 'n geleentheid om deur die tafelgemeenskap ons gemeenskap met die lewende Here en met mekaar te verdiep en sò versterk te word in ons geloof, in ons getuienis en in ons toekomsverwachting.

DIE VERPLIGTING VAN DIE NAGMAAL

Om nou die volle seën van die nagmaal te kan ontvang, is dit nodig dat elkeen hom in teenwoordigheid van die Here "ondersoek voor hy van die brood eet of uit die beker drink" sodat hy nie "in oordeel oor homself" (1 Kor 11 : 27-29) bring nie. Ons word verplig om opnuut na te dink oor al ons sondes. Daar is sondes waar ons met gedagtes, met woorde of met dade oortree het. Daar is ook sondes van versuim, waar ons nagelaat het om opdragte van die Here uit te voer. Laat ons ons hieroor opreg voor God verootmoedig. Laat ons dan vas glo dat ons oortredinge vergewe is op grond van die verdienste van die Here Jesus Christus. En laat ons ernstig daarna strewe om met ons hele lewe dankbaarheid aan die Here te bewys deur in ware liefde teenoor Hom en ons medemens te lewe.

Mag die almagtige barmhartige God en Vader van ons Here Jesus Christus deur sy Gees ons daartoe help. (Voordat aangesit word aan die tafel kan die gemeente 'n gepaste lied sing)

Waar ons nou gehoor het wat die nagmaal is en daarin wil deel, laat ons ons geloof bely :

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;

Wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;

wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;

wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;

wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;

die vergewing van sondes ;

die opstanding van die vlees

en 'n ewige lewe.

Bladsy vier

GEBED

(Die volgende gebed kan ook met 'n vrye gebed vervang word met of sonder die Ons Vader)

Barmhartige God en hemelse Vader

Ons dank U vir Jesus Christus wat met sy liggaam wat gekruisig en bloed wat vergiet is, ons tot die ewige lewe voed en versterk. Gee dat ons nie met ons harte aan die sigbare tekens van brood en wyn vaskleef nie, maar gee dat ons nou ons harte ophef na die hemel, waar Jesus Christus ons voorspraak aan u regterhand is. Gee dat deur die werking van u Heilige Gees ons geloof versterk word tot meerdere diens in u koninkryk en tot verheerliking van u Naam. Hoor ons as ons saam met die hele Christendom nou bid :

Ons Vader wat in die Hemel is,
laat u Naam geheilig word ;
laat u koninkryk kom;
laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.
Gee ons vandag
ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe
wat teen ons oortree;
en laat ons nie in versoeking kom nie
maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die
heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

UITDELING EN KOMMUNIE

(Na die uitnodiging, breek die bedienaar die brood en sē)
Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van
ons Here Jesus Christus. Neem, eet, dink daaraan en glo dat sy
liggaam gebreek is tot 'n volkome versoening vir al ons sondes.

(By die skink en uitdeling van die wyn, sē die bedienaar:)
Die beker van danksegging is die gemeenskap met die bloed van
ons Here Jesus Christus. Neem, drink, dink daaraan en glo dat
sy kosbare bloed vergiet is tot 'n volkome versoening vir al ons
sondes.

LOFVERHEFFING

(Na die bediening sē die bedienaar)
Aangesien die Here ons nou aan sy tafel gevoed het, laat ons
almal saam sy Naam met dankbaarheid prys en in ons harte soos
volg saamstem:

Ps 103: 1-5, 8:13 of

Ps 138: 1-3, 8 of

Rom 8: 33-39

Bladsy vyf

DANKGEBED

('n Vry dankgebed waarin veral voorbidding gedoen word, kan nou of na die volgende formuliergebed volg)

Barmhartige God en Vader,
Ons loof en prys U dat U uit genade U Seun aan ons geskenk het as 'n Middelaar wat deur sy kruis en opstanding die straf op ons sonde gedra het en so vir ons voedsel en drank van die ewige lewe geword het. Ons dank U dat U aan ons die geloof skenk waardeur ons in hierdie weldade kan deel. Ons dank U dat ons opnuut deur hierdie nagmaal in ons geloof versterk is. Ons bid U dat U deur die werking van die Heilige Gees die gedagtenis aan ons Here Jesus Christus en die verkondiging van sy dood totdat Hy kom, sal gebruik om ons daaglikse te laat groei in die regte geloof en in die innige gemeenskap met Christus.

Ons bid U dat U deur die werking van die Heilige Gees u Godelike doel met hierdie nagmaal sal bereik. Amen.

B Y L A E D

FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN 'N BEDIENAAR VAN DIE WOORD

Geliefdes in die Here Jesus Christus

U het die broer NN beroep om u as herder en leraar te kom bedien. Aangesien geen beswaar teen sy leer of lewenswandel ingebring is nie, bevestig ons hom nou in sy amp.

Laat ons eers let op wat die Woord van die Here leer omtrent die amp van die bedienaar van die Woord en die doel waartoe dit ingestel is.

1. Sy opdrag. Jesus Christus, die Koning van die Kerk, maak van die diens van mense gebruik om deur Sy Woord en Gees sy Kerk te vergader (Ef 4: 11,12), te regeer en op te bou. Christus het sommige as apostels, ander as profete, ander as herders en leraars gegee om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus. Die bedienaar van die Woord is dus deur die Here self geroep tot hierdie verantwoordelike taak.

2. Sy dienswerk. Tot die vervulling van sy amp behoort allereers dat hy voorgaan in die samekomste van die gemeente waar hy die Woord van die Here grondig en opreg moet uitleë en toepas tot geloofstoerusting van die gemeente. Die Woord van die Here vermaan die bedienaar van die Woord : "Verkondig die Woord; hou aan tydig en ontydig, weerlê, bestraf, en vermaan in alle lankmoedigheid en lering." (2 Tim 4: 2) Daarby moet hy die Sakramente van die Doop en die Nagmaal bedien.

Die amp van die leraar sluit verder die diens van die gebede in. Die Naam van die Here moet in die openbaar en in die binnekamer ten behoeve van die hele gemeente aangeroep word.

Die Woord van God sê in 1 Tim 2: 1 : "Ek vermaan dan dat smeking, gebede, danksegginge gedoen word vir alle mense." Dit is ook sy taak as herder om die lamme op te pas. Hy moet hulle wat nog nie belydenis van geloof afgelê het nie, onderrig in die Skrif en in die leer van die Kerk.

In die gesindheid van die liefde van Christus moet hy die gemeentelêde tuis besoek en uit die Woord van God onderrig, vermaan, vertroos, versterk en opbou.

Verder moet die bedienaar van die Woord saam met die ouderlinge goeie toesig oor die gemeente hou. Hulle is opsieners en wagters oor die Huis van die Here wat die

Bladsy twee

slutels van die hemelryk hanteer om oop te sluit en toe te sluit volgens die reg aan hulle verleen.

Ten slotte is hy ook geroep om die evangelie aan die heidene te bring en om die gemeentelede ook hierin aan te moedig

3. Sy toerusting

Hy moet nougeset let op sy eie lewe sodat sy liefde vir die Here vir almal duidelik sal wees en sy toegewyde diens aan God vir almal tot aansporing sal dien. Hy moet self die Woord van God onophoudelik ondersoek en daaraan gehoor gee, sodat hy ander kan leer en teësprekers kan weerlê en die mond kan snoer. Uit dit alles blyk duidelik dat die amp van die bedienaar van die Woord van God 'n heerlike werk is waardeur God groot dinge tot stand bring. Dit is ook 'n voorreg om in die amp te staan omdat mense daardeur tot saligheid gebring word.

Aangesien u, N.N., gereed is om die amp van herder en leraar van hierdie gemeente van Christus te aanvaar, moet u opreg antwoord op die vrae wat aan u gestel sal word, sodat elkeen kan hoor dat u bereid is om hierdie diens te vervul :

Eerstens : Is u heeltemal oortuig dat God self deur Sy gemeente en die werking van sy Gees, u tot hierdie diens geroep het ?

Tweedens: Aanvaar u die Ou en Nuwe Testament as die ware Woord van God en die volkome leer van die saligheid, en onderskryf u die belydenisskrifte soos dit in die Kerk van Jesus Christus geleer word, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is ?

Derdens : Beloof u om u amp volgens hierdie leer getrou en met die nodige vertroulikheid te beoefen ?

Vierdens : Beloof u om u te onderwerp aan die kerklike opsig en tug ?

Antwoord : Ja met my hele hart.

(In die geval van 'n proponent wat georden word met handoplegging, sê die voorganger :)

Mag God, ons hemelse Vader, wat u tot hierdie diens geroep het, u deur sy Heilige Gees verlig, u deur sy Hand versterk en u in u bediening so regeer dat u daarin na behore en vrugbaar kan wandel, tot grootmaking van sy Naam en tot uitbreiding van die Ryk van sy Seun, Jesus Christus. Amen)

Bladsy drie

Geliefde broer, neem nou as u verantwoordelikheid die gemeente is. Wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof en in reinheid. Hou aan met voorlesing, vermaning en lering en verwaarloos nie die genadegawe wat in u is nie. Dan sal u, wanneer die Opperherder verskyn, die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang. (1 Petr.5: 4)

En u, geliefde gemeente, ontvang hierdie broer as 'n dienskneg van die Here en betoon aan hom die nodige agting. Neem sy boodskap aan wat hy volgens die Heilige Skrif moet verkondig, nie as die woord van die mens nie, maar soos dit dan waarlik sal wees, as die Woord van God.

Kom laat ons hom in die gebed aan God opdra : Onse Vader wat in die hemel is, ons dank U dat U hierdie gemeente vergader het as U eie, en dat dit deel mag wees van U Kerk oor die ganse aarde. Ons dank U dat U self 'n bedienaar van die Woord voorsien en toegerus het vir hierdie besondere deel van U volk. Wil U hom begenadig met U volle wapenrusting. Ons bid dat U hom elke dag met groter vrymoedigheid en oortuiging sal laat getuig van U wonderdade en die verlossing in en deur U Seun, Jesus Christus. Wil U hom met die nodige ywer seën sodat hy almal wat vertroosting en versterking nodig het, sal besoek en bemoedig. Laat hulle wat hom moet bystaan en ondersteun, dit met toewyding doen en gee dat die gemeente hom as u gesant sal erken en respekteer, en hom met hulle gebede sal ondersteun. Wil U in U groot genade dit beskik dat hierdie verbintenis tussen herder en kudde tot die eer van U Naam en tot seën van elkeen sal strek. Ons vra dit in die Naam van die Opperherder, Jesus Christus. Amen.

BYLAE.E/mk

BYLAE E

FORMULIER VIR BEVESTIGING VAN HOOGLERAARS/DOSENTE

Beliefdes in die Here Jesus Christus

ROEPING

Wanneer ons broeder NN as hoogleraar/dosent aan die Teologiese Skool bevestig, wil ons u daarop wys dat die Kerk hom amptelik langs Kerkordelike weg tot hierdie taak geroep het. Dit is egter nie net 'n uitwendige roeping wat ons hier byeen gebring het nie, maar ons is ook hier byeen omdat die Here, die Koning van die Kerk, leraars toegerus en afgesonder het vir hierdie taak. Om aan te hoor wat die nodige toerusting en verantwoordelikheid van hierdie roeping behels moet die broer antwoord op vrae wat aan hom gestel sal word ten einde in die amp van hoogleraar/dosente bevestig te word.

U TOERUSTING

In Ef 4 : 11 en 12 lees ons dat aan die gemeente herders gegee is om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus. Die akademiese en geestelike toerusting wat aan u gegee is moet u nou as herder en leraar op 'n besondere wyse benut om mense op te lei en te vorm sodat die liggaam van Christus verder opgebou kan word. Neem hierin as voorbeeld ons Here, Jesus Christus. Hy het sy dissipels drie jaar lank met liefde, toewyding en wysheid onderrig, sodat hulle na sy hemelvaart toegerus was vir die groot taak waartoe hulle geroep was. Ons groot Leermeester moet self u Toeruster. (Joh 15: 14,15) wees en daarom moet u soos 'n loot in die wingerdstok bly (Joh 15: 4).

U TAAK

Die taak en verantwoordelikheid word aan u opgedra om in medewerking met ander broers wat ook hierdie besondere roeping ontvang het, voornemende evangeliedienaars te onderrig in die Woord van God, (Röm 11: 33) en om die heilsplan van God in sy volle omvang te verkondig (Hand. 20: 27).

Bladsy twee

U moet die studente wat aan u sorg toevertrou word, geestelik versorg (Hand 20: 28). Deur u voorbeeld van liefde moet hulle groei in die liefde van Christus. Deur die dissipline in u lewe moet u hulle lei om hulle lewens te stel as heilige en welgevallige offers aan God, en om die genade van God as 'n persoonlike ondervinding in hulle lewens te ervaar. Waarsku hulle teen elke dwaling in leer en lewe. U moet hulle ook geheg maak aan die Gereformeerde leer van die Kerk.

Uit dit alles blyk hoe belangrik hierdie bediening is. In die besef van die verantwoordelikheid wat u sal aanvaar, moet u. broer N.N. opreg op die volgende vrae antwoord sodat u daarmee u bereidwilligheid om hierdie hoë roeping te aanvaar, te kenne kan gee.

Ten eerste, is u daarvan oortuig dat u wettig deur die kerk van Christus en daarom deur God self tot hierdie diens geroep is?

Ten tweede, aanvaar u die Ou en Nuwe Testament as die ware Woord van God en die volkome leer van die saligheid, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?

Ten derde, beloof u om u amp, soos dit hier beskryf is en soos dit deur die kerk aan u opgedra is, in ooreenstemming met hierdie leer getrou te vervul en om u leer te versier met 'n godvrugtige lewe?

Ten vierde, beloof u om die studente wat aan u sorg toevertrou is, ook geestelik te versorg?

Ten vyfde, onderwerp u u aan die kerklike opsig en tug?

ANTWOORD :

Ja, met my hele hart.

DAARNA SÊ DIE BEDIENAAR VAN DIE WOORD :

Deur die gesag aan my verleen verklaar ek hiermee dat broeder N.N. amptelik deur die kerk as hoogleraar/dosent bevestig is.

Mag God, ons hemelse Vader, wat u tot hierdie heilige diens geroep het, u verlig deur sy gees, u versterk deur sy hand, en u so regeer in u bediening dat u besondere arbeid vrugbaar mag wees tot grootmaking van sy Naam en tot verbreiding van die ryk van sy Seun Jesus Christus.

Amen.

FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN OUDERLINGE EN DIAKENS

1. INLEIDING

Gemeente van die Here Jesus Christus.

Volgens die Ou Testament het God sy verbondsvolk veral deur drie ampte laat bedien, naamlik profeet, priester en koning. Die Here Jesus Christus het hierdie drie ampte in Homself saamgevat. Kragtens ons verbondenheid aan Hom, is elke Christen in die amp van gelowige ook profeet, priester en koning.

Uit die Nuwe Testament blyk dat God steeds sy verbondsvolk deur gelowiges laat bedien wat veral op een van die drie ampsterreine funksioneer en die leraar profeteis, die diaken priesterlik en die ouderling koninklik. Sy doel daarmee is om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en om die gemeente as liggaam van Christus op te bou (Efes. 4 : 12)

2. VEREISTES VIR DIE AMP

Uit die Bybel is dit duidelik dat 'n ampsdraer bekend moet wees as iemand met 'n lewende geloof, iemand met 'n begeerte om vir die Here te werk, wat bekwaam is om te leer en gewillig is om daarvoor toegerus te word. Verder moet 'n ampsdraer 'n hoë sedelike lewenspeil handhaaf en in alle opsigte betroubaar wees. (1 Tim 3: 2; Hand 6 : 3).

Die hele gemeente het na gebed u tot hierdie ampte verkies.

Aangesien daar geen wettige beswaar teen u leer en lewenswandel ingebring is nie, gaan ons nou voort om u in u amp te bevestig.

3. OUDERLING(E)

U dra as bestuurder(s) van die huishouding van God (Titus 1: 7) die verantwoordelikheid vir die opbou en geestelike versorging van hierdie gemeente. U moet toesien dat alle gemeentelide hulle in belydenis en lewenswandel gedra soos lewende lidmate van die kerk van Jesus Christus. Volgens die voorbeeld van Christus moet u u herderlike taak dienend uitvoer. Deur voorbidding, huisbesoek en siekebesoek moet u die lidmate bystaan, vertrous en in hulle geloof versterk en bemoedig. U moet veral ook verantwoordelikheid neem vir die dooplidmate sodat hulle gelei en geleer word om die Here te ken en te dien.

Ten eerste, is u oortuig dat God self deur sy gemeente u tot hierdie besondere amp geroep het?

Ten tweede, aanvaar u die Ou- en Nuwe Testament as die onfeilbare Woord van God en as die volkome leer van die saligheid, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?

Ten derde, beloof u om u amp soos dit aan u voorgehou is, getrou te vervul; die ouderlinge in die kerkregering saam met die bedienaars van die Woord, en die diakens in die diens van die barmhartigheid en in die instandhouding van die erediens? Beloof u om tot eer van God te lewe en onderwerp u u aan die kerklike opsig en tug?

BEDIENAAR : N.N., wat is hierop u antwoord?

ANTWOORD : Ja.

6. VERMANING

Wees getrou in u dienswerk. Wees voorbeeldige voorgangers vir die hele gemeente.

En gemeente, ontvang hierdie ampsdraers as gestuurdes van die Here en bid vir hulle. Werk met hulle saam want die werk wat aan hulle opgedra is, bly steeds ook u taak. Wees gewillig en blymoedig in die uitleef van u verantwoordelikhede. Stel uself beskikbaar om toegerus te word as profete, priesters en konings in diens van Christus.

7. GEBED

Here God, ons aanbid U in dankbaarheid, omdat U u kerk deur al die eeue bewaar, versorg en laat groei. Ons dank U dat U ook nou weer ampsdraers afgesonder het om op 'n besondere wyse in u gemeente te dien. Ons bid dat u hulle elke dag sal inspireer en toerus vir hulle taak. Help ons almal om na u stem te luister, gehoorsaam aan U te wees en dankbaar saam te werk in die opbou en uitbou van u gemeente. Ons bid dit alles tot U eer, in die Naam van ons Here, Jesus Christus.

Amen.

BYLAE.G/mk

B Y L A E G

FORMULIER VIR DIE OPENBARE BELYDENIS VAN GELOOF

Geliefdes in ons Here Jesus Christus

BEGRONDING

Om in die openbaar belydenis van geloof te doen, gee aan die verbondskind die geleentheid om voor God en die gemeente rekenskap te gee van die persoonlike geloof wat in hom/haar lewe. Dit beteken dat die verbondskind die genade-aanbod wat God in die doop aan hom/haar gebied het, bewustelik deur die geloof sy/haar eie maak.

BELYDENISAFLEGGING IS 'N BELOFTE

Om in die openbaar belydenis van geloof te doen, is om 'n belofte van volle toewyding aan die Here, die Koning van die kerk, te maak. Dit beteken om te lewe volgens sy Woord, om getrou aan die erediens en die werksaamhede van die kerk deel te neem, om te volhard in die gebed en om God, deur woord en daad, op alle terreine van die lewe te verheerlik. Dit is 'n belofte om, deur die krag van die Heilige Gees, in die geloof te volhard en steeds daarin te groei.

(Voornemende lidmate word opgeroep om voor die leraar te verskyn).

BELYDENISAFLEGGING

Geliefde broers en susters in die Here,

Die kerkraad het met vreugde kennis geneem dat u begerig en gereed is om as volwaardige, belydende lidmate van die kerk toegelaat en bevestig te word. U het onderrig ontvang in die Christelike leer en u het die kerkraad oortuig van u kennis van die Woord van God en van u voorbeeldige lewenswandel.

Om toegelaat te word as belydende lidmaat/lidmate met volle toegang tot die sakramente, moet u opreg en bevestigend op die volgende vrae antwoord :

Bladsy twee

1. Is u daarvan oortuig dat die Bybel, as enigste en onfeilbare Woord van God, die ware en volkome leer van die saligheid is; dat niks daarby gevoeg of daarvan weggeneem mag word nie; dat die belydenisskrifte van die kerk, hoewel aan die Bybel ondergeskik, daarmee ooreenstem en daarom onderskryf moet word? Is u daarvan oortuig dat hierdie kerk, waarvan u nou 'n belydende lidmaat wil word, hierdie leer verkondig as die enigste weg van saligheid?
2. Het u hierdie leer as u persoonlike geloofsooruitgng aangeneem en belooft u om alle leringe wat daarmee in stryd is, te verwerp? Verklaar u dat dit u voorneme is om in die krag van die Heilige Gees in hierdie leer tot aan die einde van u lewe te volhard?
3. Verklaar u hiermee dat u in die volmaakte soenverdienste van die Here Jesus Christus glo en dat u Hom aangeneem het as u persoonlike Verlosser en Saligmaker?
4. Belooft u om die Here Jesus Christus te dien, sy Naam getrou te bely voor die mense en om aktief aan die werksaamhede van u kerk deel te neem?
5. Belooft u om God, die Here, lief te hê en in die krag van die Heilige Gees teen alle versoekinge te stry? Onderwerp u u daarom aan die kerklike tug?

VERKLARING

Op grond van die genadeverbond, soos verseël deur die doop, en kragtens die belydenis wat u sopas voor God en die gemeente afgelê het, verklaar ek op gesag van die kerkraad, dat u belydende lidmate is van die Afrikaanse Protestantse Kerk, gemeente met toegang tot die sakramente.

VERMANING

God het u geroep om in die wedloop van die geloof al u kragte in te span om die ewige lewe as prys te behaal. Volhard daarin met hart en siel en met al u kragte.

Gemeente, God het hierdie lidmate tot die gemeente gevoeg om as lede van sy liggaam, hulle gawes en talente te wy aan die Hoof van die kerk, Jesus Christus. Stel u gawes wat u van God ontvang het, saam met hierdie nuwe lidmate, tot beskikking van God en in diens van sy kerk. Bid vir mekaar en werk met mekaar saam. Laat die liefde van Christus u as band saambind tot 'n getuie in hierdie wêreld. (Joh 13 : 35).

GEBED

BYLAE. I/ mk

B Y L A E A

FORMULIER VIR DIE HEROPNAME VAN 'N LIDMAAT WAT VAN DIE GEMEENTE AFGESNY WAS

Beliefdes in die Here Jesus Christus,

Dit was voorheen aan u bekendgemaak dat hierdie lidmaat weens sy/haar sonde en volharding daarin, van die gemeente afgesny is. Aangesien hy/sy nou voor die kerkraad berou betoon het en dit ook in sy/haar lewe bewys het, word hy/sy weer met blydskap in die gemeente van Christus opgeneem.

BELOFTE

Om weer in die gemeente opgeneem te word, moet u, broer/suster op die volgende vrae opreg antwoord:

1. Verklaar u voor God en sy gemeente dat u van harte berou het oor die sonde waarin u volhard het en op grond waarvan u van die gemeente afgesny is?
2. Glo u van harte dat u sonde deur die Here Jesus Christus vergewe is?
3. Begeer u om weer in die gemeente van die Here Jesus Christus opgeneem te word en belooft u om voortaan, as 'n lewende lidmaat, voorbeeldig en in alle godsaligheid te wandel?
4. Onderwerp u u aan die kerklike opsig en tug?

VERKLARING

Op grond van die belofte wat sopas deur die broer/suster voor God en die gemeente afgelê is, verklaar ek dat sy/haar afsnyding opgehef is en dat hy/sy weer in die gemeente opgeneem is met volle toegang tot die sakramente. Mag hy/sy voortaan deur die Heilige Gees van alle sonde en kwaad bewaar word.

Gemeente,

Ontvang hierdie lidmaat met blydskap, want hy/sy was dood en het weer tot lewe gekom, hy/sy was verlore en is gevind. Lewe voortaan met hom/haar saam as 'n medelidmaat van die kerk van Christus.

Bladsy twee

GEBED

Barmhartige God en Vader,

Ons dank U dat U aan ons broer/suster genade bewys het en dat U hom/haar die bekering tot die lewe geskenk het en ook die begeerte in die hart gesê het om tot die gemeente terug te keer. Gee aan hom/haar die versekering dat sy/haar sonde vergewe is om daaruit vreugde te put en om weer in u diens te mag staan. Gebruik hom/haar voortaan as 'n lewende getuie van u reddende genade en vergewende liefde, in Jesus Christus. Gee aan hom/haar en aan ons almal, voortdurend krag tot oorwinning oor Satan en die sonde.

Dit vra ons in die Naam van ons Here Jesus Christus.

Amen

BYLAE.H/mk

B Y L A E H

FORMULIER V.O.R DIE AFSNYDING VAN 'N LIDMAAT VAN DIE GEMEENTE

Geliefdes in die Here Jesus Christus

Die kerkraad het vir 'n geruime tyd met die lidmaat NN volgens die Woord van God en die voorskrifte van die kerkorde oor die kerklike tug, gehandel. Hy/sy het egter volhardend geweier om aan die kerklike vermaning gehoor te gee, berou oor sy/haar sonde te toon en met die sonde te breek.

Die kerkraad is daarom genoodsaak om, na raadpleging met die ringsvergadering, die uiterste tugmaatreeël op hom/haar toe te pas, naamlik afsnyding van die gemeente en die opskorting van alle lidmaatsvoorregte wat hy/sy in die gemeente geniet het.

Matt. 18: 15-17

Tit. 3: 10,11

2 Thess. 3: 16

As gelowiges het ons egter nog steeds 'n verantwoordelikheid en plig teenoor hom/haar. Dien mekaar en verdra mekaar in liefde sodat u deur u broederlike optrede, Christelike vermaning en voortdurende belangstelling, die afgesnyde lidmaat weer kan terugwen vir Christus en sy kerk om so die eenheid van die liggaam van Christus weer te herstel.

Heb 10: 24,25

Gal 5: 13

Ef 4: 2,3

Rom 12: 10

2 Thess 3: 14,15

Heb 13: 13

Beliefde broers en susters

Die daad van afsnyding van 'n lidmaat is ook vir u 'n vermaning dat u voortdurend moet waak teen die begin en die voortgang van die sonde. Wanneer iemand in sonde val, moet hy, met berou, vergifnis by die Here vra en met die sonde breek.

1 Kor 12: 20-26

Gen 4: 17

Bladsy twee

GEBED

Barmhartige God en Vader,
Die afsnyding van 'n lidmaat van die gemeente vanweë volharding
in sonde, vervul ons met droefheid, want U het nie behae in die
dood van 'n sondaar nie, maar dat hy hom bekeer en lewe. Daarom
bid ons dat U hom/haar deur u Heilige Gees sal lei tot berou oor
sonde en vergewing sal skenk sodat hy/sy weer as 'n lewende
lidmaat teruggebring kan word. Bewaar ook elkeen van ons, sodat
ons nie deur die sonde van U en u kerk afgesny sal word nie.
Ons bid dit in die Naam van ons Here Jesus Christus.

Amen.

BYLAE. J/mk

B Y L A E J

FORMULIER VII DIE BEVESTIGING VAN DIE HUWELIK

AB en CD, u het begeer dat u huweliksverbintenis openlik hier in
die hert van die Here moet plaasvind. Luister daarom wat God in
sy Woord oor die huwelik leer.

DIE INSTELLING VAN DIE HUWELIK

God self het gesê: "Laat Ons mense maak na Ons beeld, na Ons
gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die
voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al
die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens na sy
beeld geskape: man en vrou het Hy hulle geskape". (Gen 1 : 26,
27)

Uit die Bybel blyk dit verder duidelik dat hierdie verbintenis
onder die seënende hand van die Here bestaan (Gen 1: 28) en dat dit 'n
lebenslange verbintenis is (Gen 2 : 24; Matt 19 : 5-9)

Die instelling van die huwelik deur God is die diepste motief vir
die bewaring en behoud van die huwelik. (Gen 2: 17, 3: 20; Joh
2: 1; Efes 5: 32). Hierdie waarheid - dat God self die huwelik
ingestel het - moet tot uitdrukking kom in die eenheid van man en
vrou in die huwelik.

Op die volgende maniere is hierdie eenheid van man en vrou
duidelik waarneembaar :

1. In die liefde en diens wat hulle teenoor mekaar betoon.
(Gal 6: 2; 5: 13; Efes 5: 22; Kol 3: 18);
2. In die praktiese uitlewing van hulle geloof (1 Sam 28 : 18;
1 Kor 7: 39; Rut 1 : 16; Ps 105 : 4; Spr 3: 16);
3. In die vorming en optrede van die huisgesin as kern van die
gemeente van die Here (Jos 24 : 15);
4. In die uitlewing van die vreugde met mekaar en met die Here
(Ps 103 : 1,2; 118: 24; 65: 1,2);
5. En in die toekomsverwagting van die huwelik as beeld en
teken van die bruilof van die Lam (Openb. 19 : 6; 21:2).

DIE DOEL VAN DIE HUWELIK

Uit die Woord is dit duidelik dat die doel van die huwelik
veelerlei is: ...

Sladsky twee

1. Man en vrou moet binne die huwelik tot eer en verheerliking van God lewe (Gen 2: 24; Efes 5: 28-30);
2. Deur die huwelik moet die menslike geslag gebou word (Gen 1: 28; 9: 1-7);
3. Die huwelik moet 'n afbeelding en teken wees van die liefdesverhouding tussen Christus en sy kerk (Efes 5: 32);
4. Die huisgesin, familie, gemeenskap, kerk en staat moet spreek die huwelik gevoed word;
5. Man en vrou moet mekaar altyd tot hulp wees en mekaar aanvul. (Gen 2: 18)

DIE WEDERSYDSE VERANTWOORDELIKEHEID

Die man moet sy vrou liefhê soos Christus die gemeente liefgehad het (Ef 5: 25). Dit gee aan die man 'n besondere verantwoordelikheid want, soos Christus, moet die man as hoof sy vrou in liefde dien, lei en beskerm. (1 Pet 3: 7).

Soos die gemeente die Here lief het, sonder vrees aan hom gehoorsaam is en Hom dien, moet die vrou in liefde ook aan haar man onderdanig wees (Gen 3: 16; Efes 5: 22,24), want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente (Efes 5: 23).

Saam moet man en vrou die kinders wat God aan hulle mag gee, opvoed na die eise van sy verbond, met die heerlike versekering: ons is die vrug van die liefdesverbond tussen ons ouers. Verder moet die ouers die Godgegewe gesag in die gesin uitoefen volgens die riglyne van die Woord (Jes 24: 15: "...maar ek en sy huis, ons sal die Here dien").

DIE SLUITING VAN DIE HUWELIK

AB en CD. Omdat u weet wat volgens die Woord van God die huwelik 'n heilige en eerbare, doel en verantwoordelikheid van die huwelik is, verklaar u dat dit u opregte voorneme is om so in die huwelik saam te lewe, en begeer u dat u nou in die huwelik verbind word?

Albei antwoord: Ja

AAN DIE BRUIDEGOM

AB, verklaar u, dat sover u weet, daar regtens geen beletsel teen u voorgenome huwelik met die bruid, CD, is nie en dat u almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat u CD tot u wettige vrou neem?

Sladsky drie

ANTWOORD: JA

AAN DIE BRUID: CD, verklaar u, dat sover u weet, daar regtens geen beletsel teen u voorgenome huwelik met die bruidegom, AB, is nie en dat u almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat u AB tot u wettige man neem?

ANTWOORD: JA

DIE LERAAR SÊ AAN DIE BRUIDSFAAR: Mag ons Here God die voorneme bevestig wat Hy u gegee het, en mag die begin van u huwelik wees in die Naam van die Drie-Enige God.

Gee mekaar die regterhand.

DIE LERAAR AAN DIE BRUIDEGOM: Sê saam met my: Ek, AB, verklaar hier voor God en almal teenwoordig dat ek my bruid, CD, tot my wettige vrou neem.

Ek beloof dat ek haar nooit sal verlaat nie, dat ek haar sal liefhê en getrou sal onderhou soos 'n getroue en godvresende man aan sy vrou verskuldig is; dat ek ook heilig met haar sal lewe en haar in alles getrou sal bly ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God.

DIE LERAAR AAN DIE BRUID

Sê saam met my: Ek, CD, verklaar hier voor God en almal teenwoordig dat ek my bruidegom, AB, tot my wettige man neem.

Ek beloof dat ek hom nooit sal verlaat nie, dat ek hom in liefde sal gehoorzaam en help, soos 'n godvresende vrou aan haar man verskuldig is, dat ek heilig met hom sal lewe en hom in alles getrou sal bly ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God.

DIE LERAAR AAN DIE BRUIDSFAAR

Gee aan mekaar die ring, waardeur gesimboliseer en verseël word u samevoeging as man en vrou.

VERKLARING DEUR DIE LERAAR

Hiermee verklaar ek dat AB en CD regtens getroud is.

AAN DIE BRUIDSFAAR

Glo dat God u saamgevoeg het, aanvaar in die geloof wat Hy op u weg as getroudes bring en verwag sy seën in alles.

Bladsy vier

GEBED (of eie gebed)

(Die bruidspaar kan kniel)

Almagtige God, ons bid dat U die band wat die egpaar bind, sal heilig. Gee dat hulle deur die krag van die Heilige Gees in 'n ware geloof en suiwer liefde sal lewe en die versoekinge sal oorwin. Lei hulle in voor- en teenspoed, in vreugde en droefheid tot die einde. Seën hulle genadiglik in alles. Gee dat hierdie huwelik sal lei tot die opbouing van U gemeente, tot uitbreiding van die heilige evangelie, en tot eer van u Naam. Amen.

BYLAE, K/ink

B Y L A E ' K

FORMULIER BY BEGRAFNIS

Beliefdes in ons Here Jesus Christus, die Here van lewe en dood het N.N. van ons weggeneem. Waar ons nou gekom het om die ontslapene te begrawe, bou ons op die woorde van ons Here en Heiland wat gesê het : "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie." Joh 11 : 25, 26

Ook het Jesus verklaar : "Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen " Op 1: 17, 18

"En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood." Omdat Hy uit die dood opgestaan het en lewe, sal ons wat glo, ook met Hom opstaan uit die dood en met hom lewe.

Beliefdes, omdat ons weet dat die dood ook op ons wag, laat ons God bid om ons te leer om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom sodat ons die kosbare tyd van ons lewe wat nog oor is, so sal bestee dat alles wat ons doen, tot verheerliking van God sal wees.

Ps 90: 12

Kol 3: 23

1 Pet 4: 11

BYLAE, Lamp

BYLAE K

FORMULIER BY BEGRAFNIS

Beliefdes in ons Here Jesus Christus, die Here van lewe en dood het N.N. van ons weggeneem. Waar ons nou gekom het om die ontslapene te begrawe, bou ons op die woorde van ons Here en Heiland wat gesê het : "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie." Joh 11 : 25, 26

Ook het Jesus verklaar : "Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen " Op 1: 17, 18

"En, Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood." Omdat Hy uit die dood opgestaan het en lewe, sal ons wat glo, ook met Hom opstaan uit die dood en met hom lewe.

Beliefdes, omdat ons weet dat die dood ook op ons wag, laat ons God bid om ons te leer om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom sodat ons die kosbare tyd van ons lewe wat nog oor is, so sal bestee dat alles wat ons doen, tot verheerliking van God sal wees.
Ps 90: 12
Kol 3: 23
1 Pet 4: 11

Ry 100 A

FINANSIES : S.K.K. UITGAMES : WERKLIK

	1987				1988				BEGROTING 7 MAANDE		AFRYKING
	NOVEMBER	DESEMBER	JANUARIE	FEBRUARIE	MAART	APRIL	MEI	TOTAAL	R	R	
AMPTELIKE BLAD	4 514	-	556	4 597	-	3 492	-	13 159	17 500	4 341	
KARTOONKUN	530	135	1 000	1 000	1 000	1 000	1 000	5 645	7 000	1 335	
KOMMISSIEKUN	8 143	5 281	3 400	9 815	4 044	3 863	1 705	36 331	35 000	(1 331)	
LEERINGSVERSEKERINGSFONDS	-	-	905	905	905	905	905	4 925	6 750	3 825	
POSSELD	134	169	444	405	550	261	149	2 112	12 250	10 138	
PUBLIKASIES (KERKORDE)	-	-	3 346	-	-	-	-	3 346	-	(3 346)	
REISENDE LEERARS	15 629	22 046	14 125	19 850	21 340	31 694	32 585	157 259	280 800	122 731	
SALARIS (ADMIN)	3 875	7 192	7 565	8 565	9 300	15 372	13 648	65 517	45 500	(20 817)	
SKRYFBENODIGTES & DRUKWERK	590	299	4 040	1 358	1 137	177	572	8 173	17 500	9 327	
TELEFOON	522	376	301	858	1 482	-	353	3 892	10 500	6 608	
VERVERSINGS	51	365	108	95	150	131	111	1 011	-	(1 011)	
WOTOMMAAR EN UITGAMES	252	849	337	1 785	1 611	847	950	6 631	7 000	369	
KANTOOR-AMULENDIENT	-	-	-	-	-	-	-	-	7 000	7 000	
ELEKTRISITEIT & WATER	-	-	-	-	-	-	-	-	7 000	7 000	
TOTALE UITGAMES	34 240	36 712	36 287	49 313	41 599	57 822	52 058	308 031	455 000	146 969	
ONTVANG VAN GEMEENTES	41 100	38 006	38 206	45 312	49 444	41 316	56 614	310 158			
AFRYKING	6 840	1 374	1 999	(4 001)	7 845	(16 506)	4 556	2 127			

Belieftes in ons Here Jesus Christus

Terwyl net Christus alleen ons so 'n ondoortreflike
toelomsverwachting onverdiend kan aanbied, laat ons ons aan Hom
toewy en met alle ywer werk aan 'n stat in die hemel. (Matt.
6:19-21). Amen.

Level onder :

Maatsvering:

1. Die voorgestelde formulier in die agenda, wat ooreensiem met die formulier van die NG Kerk, laat weinig blyk van die geretourneerde siening dat die gees (siel) van die gelowige nie in 'n toestand van slaap verkeer nie, maar reeds na sterft in gelukverreikend verkeer.
2. Die woorde "hier" en "terpyn" te "begraaf" is nie korrek nie - tog het die liggaam word begrawel.
3. Begravnende uitdrukking, asook die woorde "ons sal ...opstaan" -sonder verdere verduideliking oor die lot van die siel, kan die verkeerde opvatting oor die eieslaap versterk.
4. Die formulier wat "ons hier" voorstel, bevel veel meer en veel dieper troos uit die Skrif.

FINANCIALS : THEOLOGICAL EDUCATION									
MILWAUKEE									
1907		1908							
NOVEMBER	DECEMBER	JANUARY	FEBRUARY	MARCH	APRIL	MAY	TOTAL	DECEMBER	APRIL
R	R	R	R	R	R	R	R	R	R
		500	500	500	500	500	2 500	8 750	6 250
		3 227	22 453	1 849		876	27 305	17 500	(9 894)
1 937	3 596	4 799	5 301	5 937	7 821	7 812	36 403	36 000	(1 403)
								46 667	46 667
								40 833	40 833
1 491	2 762	6 297	7 187	2 374	1 966	2 718	24 781	26 250	1 549
		183	183	228	193	198	817		(817)
17	162	179	1 327	38	66	55	1 844		(1 844)
174	126	100	429	740	361	235	2 164		(2 164)
45	56	148	126	183	138	75	772		(772)
3 664	6 781	15 363	37 355	11 849	11 831	11 353	90 506	175 000	78 494
28 568	19 843	19 143	22 606	24 722	28 658	28 387	165 879		
16 886	12 342	3 750	(14 699)	13 673	9 627	16 954	58 273		

[illegible]

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
(n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

SINODE : 22 AUGUSTUS 1988

VERSLAG : ARGIEFKOMMISSIE

1. Hierdie kommissie lê met graagte die volgende verslag aan die sinode voor.

2. PRESENSIELYS:

- | | | | |
|-----|--------------------|---|-------------|
| 2.1 | Ds A v.d. Berg | : Kerkstraat 17, Noorder-Paarl, 7646 | Tel. 267-22 |
| 2.2 | Dr M F M Pretorius | : Paul Krugerstraat 878, Mayville, 0084 | 335-3017 |
| 2.3 | Ds J H Theron | : Posbus 927, Heilbron, 9650 | 22518 |
| 2.4 | Ds W M Grove | : Joubertstr.32a, Posbus 136, Louis Trichardt | 01551-2134 |
| 2.5 | Mnr H Kritzinger | : Republiek-singel 47, Nelspruit 1200 | 01311-27633 |
| 2.6 | Mnr A H P Louw | : Posbus 298, Coligny 2725 | 014462-497 |

3. OPDRAGTE AAN ARGIEFKOMMISSIE:

Met verwysing na die OMSENBRIEF AAN PERMANENTE KOMMISSIES moet ons TWEE verslae vir die sinode voorberei.

EERSTE VERSLAG moet handel oor die algemene werksaamhede van die kommissie en o.a. sake wat deur die 1987-Sinode na die kommissie verwys is.

TWEDE VERSLAG. Beskrywingspunte wat die 1988-Ringsittings ingestuur het en die kommissie se aanbevelings.

4. EERSTE VERSLAG:

SINODE NOVEMBER 1987: KOMMISSIE VAN ARGIEF EN ADMINISTRASIE:

4.1 ARGIEFKOMMISSIE:

Beskrywingspunt van die Ring van Kimberley.

Die Ring versoek dat gemeentes van leidrade voorsien moet word van die benodigde stukke vir die argief.

AANBEVELING VAN KOMMISSIE:

Die kommissie beveel by die sinode aan om gemeentes per amptelike skrywe te versoek om onverwyld alle goedgegedokumenteerte, histories-nuuswaardige materiaal vir die argief aan te stuur soos bv.:

- (i) Stigtingsnotules
- (ii) Persgegewens
- (iii) Fotomateriaal
- (iv) Korrespondensie
- (v) Klankmateriaal
- (vi) Allerlei ander relevante materiaal.

4.2 KOMMISSIE VIR ADMINISTRASIE:

Versoek van die Ring van Suidkus.

Daar moet dringend na 'n eenvormige dokumentasiestelsel vir die administrasie van gemeentes bv. lidmaat- en doopregisters, ens. gekyk word.

AANBEVELING VAN KOMMISSIE:

Die kommissie beveel by die Sinode aan dat die permanentekommissie vir ARGIEF en ADMINISTRASIE 'n eenvoudige administratiewe stelsel daar sal stel en sal deurgee na die onderskeie gemeentes.

DIE VOLGENDE MATERIAAL WORD SO SPOEDIG MOONTLIK VERLANG:

1. Aankondigingsboek
2. Doopkladboek
3. Doopseel
4. Doopregister
5. Finansiële boeke (verwys na finansiële kommissie)
6. Lidmaatregister
7. Lidmaatseifikaat
8. Notuleboek
9. Ringvorme
10. Kerkraadregister
11. Konsistorieboek
12. Besoekerskaart

Die kommissie beveel aan dat die permanente kommissie alle Sondagskoolmateriaal/benodighede daar sal stel.

Die kommissie beveel aan dat die permanente kommissie ook 'n UNIFORME ADMINISTRATIEWE STELSEL vir die JEUG- asook vir die VROUE-AKSIE daar sal stel.

VRAE AAN KOMMISSIE

1. Moet daar 'n permanente kommissie wees? JA

2. OPDRAG AAN KOMMISSIE:ARGIEF:

Aanvraag, ontvangs, indeksering, veilige bewaring, beskikbaarstelling van inligting op aanvraag asook die uitstalling en bekendstelling van materiaal.

TAAKOMSRYWING: Bewaar en Ordening. Die kommissie voel dat dit sy taak is om BEWARINGSBEWUSTHEID aan te kweek, verder, wat moet bewaar word? Wat moet opgestuur word? Daardie stukke moet weer goed georden word vir latere naslaandoeleindes (studente) beskikbaar wees.

Daar moet 'n bepaalde argiefsisteem wees.

ADMINISTRASIE:

Om toe te sien dat die nodige administratiewe en finansiële stelsels beskikbaar gestel word en om gemeentes te adviseer met betrekking tot die administratiewe opset.

1. Uit hoeveel lede moet die lede bestaan en wie moet hulle aanwys?

AANBEVELING:

Die minimum van twee lede aangewys deur die Sinode of die Dagbestuur.

2. Hoe dikwels moet hulle vergader?

AANBEVELING:

Aanvanklik soveel keer as wat nodig blyk te wees.

- 4.3. ARGIEFKOMMISSIE-VERGADERINGS: (1) 4 Maart 1988
(2) 9 Junie 1988

Die eerste vergadering is saam en met die medewerking van dr J A H van Staden gehou.

4.3.1 ARGIEFRUIMTE:4.3.1.1 GEMEENTE:

Tot tyd en wyl eie gebou met kluis opgerig is, moet veilige bewaring van stukke gehou word, bv. 'n staalkabinet.
(S K K - aanbeveel)

4.3.1.2 RING:

Veilige bewaring in staalkabinet. (S K K - aanbeveel)

4.3.1.3 SINODE (S K K en KURATORIUM)

Eie gebou: bou en inrig van argiefruimte/kluis
(S K K - aanbeveel)
Onderhandel met Ned. Herv. Kerk vir tydelike bewaring
(S K K beveel nie aan)

4.3.2 ARGIVARIS:4.3.2.1 GEMEENTE:

Kerkraad moet reël- skriba/kommissie (S K K - aanbeveel)

4.3.2.2 RING: Ringskriba

(S K K - aanbeveel)

4.3.2.3 SINODE: (S K K en KURATORIUM)

Oorweeg voorlopig assistent-argivaris om liasseerstelsel uit te werk teen geringe vergoeding.
(S K K - Staan oor vir latere oorweging)

ADMINISTRATEUR: (S K K - hou toesig)

4.3.3 ARGIEFSTUKKE:4.3.3.1 GEMEENTES:

Gemeentes bewaar self die volgende:

Historiese stukke in verband met stigting en verder gemeentenuusbriewe, bevestigingsprogramme, foto's, belangrike korrespondensie, transportaktes, notules, afkondigingsboeke en stukke van die Jeug- en Vroue-aksies.

Versending na S K K/Kuratorium:

Slegs wat aangevra word totdat 'n eie argiefruimte beskikbaar is. (S K K - aanbeveel)

4.3.3.2 RING:

Bewaarstukke van belang (S K K - aanbeveel)

4.3.3.3 SINODE: S K K en KURATORIUM

Bewaar eie stukke soos: notules, acta van Sinodes, kerkordes, korrespondensie, transportaktes, predikant- en gemeentebesonderhede, ens. (S K K - deur die ADMINISTRATEUR)

Sodra eie argiefruimte beskikbaar, bou kerk aktief op deur die gemeentelike argiewe oor te dra.

4.3.4 ARGIEFPAPIER:

4.3.4.1 Gebruik van argiefpapier is essensieel vir duursaamheid.

4.3.4.2 Rings- en Sinodale notules en verslae op argiefpapier.

4.3.4.3 Kerkkantoor moet argiefpapier voorraad hou.
(S K K - aanbeveel)

(Kerkkantoor moet papier laat druk)

4.3.5 KERKBOEKE/SERTIFIKATE:

Doopregister, doopkladboek, doopsertifikaat, lidmaatregister, attestaat, konsistorieboek, notuleboek, kwitansieboeke, kerkraadregister.

Lede van die kommissie het opdrag om voorbeelde voor te lê.

4.3.6 KERKJAARBOEK:

Die kommissie beveel 'n eie kerkjaarboek aan. (S K K - word aanbeveel)

Komitee: (1) Ds J H Theron en dr M F M Pretorius onderneem hierdie taak - kan kundige PERSONE koöpteer.

(2) Sal probeer om dit vir Januarie 1989 gereed te hê.

(3) Sal drukkostes nagaan en met 'n volledige aanbeveling by Sinode kom.

(4) Wie se taak is dit om dit jaarliks op datum te hou?

(5) Sterkte vir 'n baanbrekerstaak.

4.3.7 KERKJUBILEUM:

'n Feestelike herdenking van VYFDE verjaarsdag van 'n JUBILEUM-UITGAWE. (S K K - word aanbeveel)

N.B. As ons dit wil uitgee, moet iemand daaraan begin werk.
Ds Theron stel belang hierin en sal 'n vraelys opstel.

4.3.8 SONDAGSKOOLDIPLOMA:

Voorbeeld aangebied: (S K K - word verwys na die Jeugkommissie)

4.3.9 RIGLYNE VIR SKRIBAS:

Dit word aanbeveel (S K K - Argiefkommissie moet konsep voorlê)
Dr M F M Pretorius en ds W M Grove onderneem om dit af te handel.

5. ALGEMEEN:

5.1 Die kommissie spreek sy ernstige besorgdheid uit omdat die argiefmateriaal nie in 'n veilige bewaarplek bewaar word nie - kan dit nie miskien iewers in 'n brandkluis bewaar word nie?

5.2 BRANDBLUSSERS móet vir die Kuratorium aangekoop word.

5.3 Die kommissie voel dat kwitansieboeke, diplomas vir die Sondagskool en Ringsvorms nie by hierdie komitee tuis hoort nie.

5.4 REISKOSTES:

5.4.1 4 Maart 1988 = R

5.4.2 9 Junie 1988 = R

Met bogenoemde syfers sal ons volgende jaar makliker 'n begroting vir die kommissie se uitgawes kan voorlê.

TWEEDE VERSLAG: ARGIEFKOMMISSIEBESKRYWINGSPUNT, RINGSITTING 1988, MORGENZON-GEMEENTE:Lidmaatregisters, Doopregisters, Konsistorieboeke - DRINGEND BENODIG

Alhoewel gemeentes aanvanklik van allerlei boeke en registers, volgens eie keuse en wat beskikbaar was en is, gebruik maak, is dit nou duidelik dat 'n onbevredigende toestand ontstaan en dat ordelikheid en eenvormigheid in hierdie verband noodsaaklik is.

Ons kan nie elkeen maar na goeddunke 'n stukkie papier opstel en aan die nuwe voorgestelde lidmaat, of dooplidmaat gee, en daarmee die saak as afgehandel beskou nie. Groot chaos word vir die toekoms voorsien wanneer dooplidmate eendag aangeneem moet word, of soortgelyke sertifikate vir 'n verskeidenheid van gebruike vereis gaan word.

Om behoorlike sertifikate en registervorms te druk is 'n eenvoudige taak as dit op redelike skaal eenvormig vir alle gemeentes gesamentlik gedoen word. Om dit vir een gemeente alleen te doen is onekonomies en onprakties.

Ons stel voor dat alle gemeentes by wyse van 'n OMSENBRIEF in kennis gestel word dat die registers gedruk sal word, dat dit binne twee maande beskikbaar sal wees en dat kerkrade dit teen 'n vasgestelde prys by die kerkkantoor moet bestel. Kerkrade moet verder alle vorige lidmaatvorms op hierdie registers/vorms oordra en verder daarmee handel volgens voorskrifte wat voor in elke register aangegee word.

1. LIDMAATREGISTER:

Hierdie register moet lidmaatskapvorms in 3-voud bevat. Die oorspronklike word aan die lidmaat gegee by aanneme, of wanneer 'n lidmaat oorkom vanaf die N G Kerk of een van die twee ander susterkerke. Die duplikaat word per maandelikse opgawe aan die kerkkantoor- argief te Pretoria gestuur. Die derde kopië bly in die register agter.

AANBEVELING:

Die kommissie beveel dit nie aan nie en wil volstaan by die voorgestelde aanbeveling maar die kommissie beveel egter aan dat een of ander

AANDENKINGSERTIFIKAAT of bewys by aansluiting tot die A P Kerk uitgereik mag word.

ADDISIONELE AANBEVELING:

Ons vra dat daar jaarliks by die Ringsitting 'n fotokopie van die boekjaar se inskrywings - Doop- en Lidmaatregister voorgelê word aan die Ring, waarna dit aan die sentrale ARGIEF gestuur word.

2. ATTESTAAT-REGISTER:

Hierdie vorms moet vorms in duplikaat bevat en moet genommer wees. Die oorspronklike vorm word aan die lidmaat gegee by sy vertrek uit die gemeente, of dit word aan die nuwe gemeente gestuur. Die nommer word op die toepaslike kolom op die afskrif van die lidmaatsertifikaat in die lidmateregister ingeskryf.

AANBEVELING:

Die kommissie beveel nie so aan nie, maar verwys na die aanbeveling van die kommissie.

ADDISIONELE AANBEVELING:

Die kommissie beveel aan dat daar by voorkeur weer van attestate gebruik gemaak word.

3. DOOPLIDMAAT-REGISTER:

Hierdie register moet soortgelyk aan die LIDMAATREGISTER wees en netso hanteer word. Dit moet egter ook genommer wees en wanneer 'n dooplidmaat aangeneem word, word hierdie nommer in die toepaslike ruimte op die lidmaatsertifikaat ingeskryf. (Vir dooplidmate wat verhuis, word ook 'n attestaat uitgemaak en die attestaatnommer word op die doopsertifikaat-afskrif geskryf.

AANBEVELING:

Die kommissie beveel dit nie aan nie en wil volstaan by die voorgestelde aanbeveling van die kommissie.

ADDISIONELE AANBEVELING:

By die lidmaatskapsbewys/attestaat moet die dooplidmate in die toepaslike ruimte vermeld word, en indien daar geen dooplidmate is nie, moet dit gemeld word, "geen dooplidmate".

4. ALFABETIESE REGISTER:

'n Volledige moet ontwerp en aan gemeentes beskikbaar gestel word, waarop besonderhede uit registers en attestaatbesonderhede ingeskryf word. Hierdie vorms word alfabeties geliasseer tesame met attestate wat ontvang word vir die kerkraad/gemeente se eie gerief en vir statistiese doeleindes. Die gemeentes kan die vorm self met fotokopieerders dupliseer vir eie gebruik.

AANBEVELING:

Die kommissie versoek gemeentes om sterk oorweging te gee aan die herinstelling van die GEMEENTELIKE- en HUWELIKSREGISTERS. Ons vra dat huweliksgeboorte

5. KONSISTORIEBOEK:

In baie gemeentes word slegs 'n afkondigingsboek gebruik en kerkrade teken nie aan nie. Indien sodanige konsistorieseboek voorgeskryf en beskikbaar is, sal dit weer behoorlik bygehou word.

AANBEVELING: Soos deur die kommissie aanbeveel.

6. Ten slotte wil die kommissie die Gemeente Morgenzon hartlik bedank vir hulle belangstelling en beskrywingspunt. U het ons behoorlik laat dink.

7. AFSLUITING:

Nadat die voorsitter, ds Van den Berg, elke lid bedank het vir sy bydrae, het ds Grove die vergadering met gebed afgesluit.

Goedgekeur en geteken op _____ (dag) van

_____ (maand) 1988.

VOORSITTER

SEKRETARIS

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK ('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VERSLAG AAN TWEDE SINODE DEUR DIE PERMANENTE KOMMISSIE VIR KERKSANG EN MUSIEK 1988

1. INLEIDING

U Kommissie het in die reses tweemaal vergader en bepaalde werkopdragte uitgevoer. 'n Voorlopige studie is gemaak oor die moontlikheid van 'n eie sangbundel, kontak is gemaak met hersieningskommissie vir psalms van die Afrikaanse kerke, sangbundels van verskillende kerke is onder oë geneem, op die moontlike verkryging van kopiereg van bestaande liedere is ingegaan ens. Uit die aard van die saak kon u kommissie maar net begin met geringe aanvoerwerk wat kerksang en musiek aan betref. Werklike konstruktiewe werk sal eers na hierdie sinode kan begin as die sinode bepaalde riglyne vir die werk van die kommissie vasgelê het.

2. SANGBUNDEL

2.1 Beginsels

Voordat werklik met die werk begin kan word om 'n eie sangbundel daar te stel is daar bepaalde beginsels nodig waarbinne gewerk moet word aan so 'n bundel. Die taak sal dan uit die aard van die saak ook strek oor 'n aantal jare sodat wanneer die huidige Psalm en Gesangboek van die NG Kerk vervang gaan word ons ook gereed moet wees met ons eie bundel soos wat die opdrag lui van die sinode 1987.

Voorlopig het u kommissie gewerk volgens die volgende beginsels wat dan ook nou as aanbeveling by die sinode moet dien.

a. 'n Kerklied moet voldoen aan die vereiste dat dit die gemeente in staat stel om te antwoord op die genade van God. Daarom moet dit in die eerste plek gemeentesang wees.

b. Die melodieë moet eenvoudig van omvang en ritme wees, sodat dit sonder moeite deur die gemeente gesing kan word.

c. Die melodie en die beryming moet egter nooit goedkoop of minderwaardig wees nie maar moet aan die nodige standaarde voldoen wat by die kerklied pas.

d. Die inhoud van die liedere moet die belydenis van die kerk, soos dit geleer word vanuit die Skrif en saamgevat word in die Formuliere van Eenheid, nie teengaan nie, maar dit onderskryf.

e. Vir die kerklied mag die skoonheid van die lied nie voorop staan nie, maar steeds ondergeskik aan die Woord wees. Hiermee word nie bedoel dat die gemeente dit wat hulle sing nie mag geniet nie - die teendeel is waar: dit moet uit volle bors gesing kan word, maar dan nie uit eie aandrang nie; dit moet steeds wees uit dankbaarheid teenoor die God wat Homself in die Woord openbaar.

2.2. Werkwyse om 'n eie sangbundel te verkry.
Tans is daar 'n hersieningskommissie van die NG Kerk, die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk besig met die hersiening van die psalms. Volgens wat ons kan vasstel word hierdie werk goed en professioneel gedoen en kan dit ons baat as ons ook amptelike verteenwoordigers op hierdie kommissie kan verkry. Ons kan dus aanbeveel dat die sinode dadelik opdrag gee dat met samewerking i.v.m. die psalms met die bestaande hersieningskommissie begin moet word. Die res van die bundel moet ons eie kommissie saamstel uit bestaande bundels sowel as nuwe skeppings. Die hele bundel moet soos wat dit vorder voortdurend onderwerp word aan toetsing deur die gemeentes totdat ons die versekering het dat die bundel volledig aanvaarbaar is deur ons kerk. Daarna kan die bundel finaal deur die sinode goedgekeur word vir publikasie. Alle liedere wat oorgeneem word uit bestaande bundels moet voldoen aan die vereistes van die Wet soos by kopieregte.

U KOMMISSIE BEVEEL DUS AAN :

A. PSALMS

- (i) Die Sinode besluit om saam te werk met die hersiening van die psalms met die hersieningskommissie van die NG Kerk, die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk.
- (ii) Die psalms moet ook vir ons kerk aanvaarbaar wees voordat ons dit in ons eie bundel opneem.
- (iii) Die Sinode wys verteenwoordigers aan op die hersieningskommissie.

B. ANDER LIEDERE

Behalwe vir die psalms word besluit dat ander liedere versamel word uit o.a.: huidige gesange, ander bestaande bundels en eie skeppings.

C. METODE VAN WERK

(i) Kommissie

Die Sinode wys 'n Permanente Kommissie aan wat sover moontlik (of gedeeltelik) van sinode tot sinode gekontinueer word om die werk sinvol te doen. Die kommissie verkry die reg om kundiges met o.a. musiek- en letterkundige agtergrond te konsulteer.

(ii) Toetsing

Van tyd tot tyd moet gekeurde liedere aan gemeentes voorgelê word vir toetsing en rapport aan die kommissie.

(iii) Kopiereg

Alle nodige kopiereg moet eers verkry word alvorens enige lied in die bundel opgeneem word.

(iv) Sinodale goedkeuring

Sodra die gewenste aantal getoetste en goedgekeurde liedere versamel is word die volle bundel (psalms ingesluit) aan die sinode voorgelê vir goedkeuring.

U kommissie stel 'n voorlopige bundel saam van enkele liedere vir sang by die sinode as 'n toets van liedere wat moontlik vir ons eie bundel oorweeg kan word. 'n Vraelys in die verband sal tydens die sinodesitting sirkuleer en ons vra sinodegangers om dit volgens hul eie siening van sake in te vul.

3. LEIDING IN VERBAND MET KERKMUSIEK

As gevolg van navrae wat ons ontvang het skyn dit asof daar 'n behoefte bestaan aan leiding vir persone wat tans begeleiding doen in gemeentes. Die meeste begeleiers is onopgelei vir gemeentesang en kerkmusiek en voel maar hul pad wat gespeel mag word in die kerk veral wat betref: Musiek tydens kollektes, voor-eredienste, na-eredienste, sangbegeleiding.

Om te verseker dat ons musiek in die kerk gebruik wat vir ons kerk aanvaarbaar is, word 'n behoefte aangeroep dat daar van erens sinvolle leiding sal kom. U kommissie is van mening dat dit net goed sal doen as enkele kundige lidmate van ons kerk hiermee sal help en op streekbasis in kleingroepverband die begeleiers ontmoet. Die gedagte is dat hierdie kundiges nie slegs voorskriftelik moet optree nie maar meer begeleidend.

AANBEVELING

Die Sinode besluit

Die kommissie vir kerkmusiek en sang kry opdrag om so gou moontlik op streekbasis kundige lidmate van ons kerk te vra om begeleiers die nodige leiding te gee i.v.m. musiek tydens eredienste.

Bladsy vier

4. KERKMUSIEK INSTRUMENTE VIR MUSIEK TYDENS EREDIENSTE EN BEGELEIDING VAN SANG

Die volgende wenke word deurgegee aan sinodegangers en gemeentes :

Tans is dit 'n groot probleem in ons kerke (gemeentes) dat slegs enkele gemeentes gebruik kan maak van pyporrels . 'n Pyporrel is natuurlik die gewenste instrument vir gebruik in ons kerk maar is baie duur.

Baie gemeentes moet noodgedwonge op klein elektroniese orrels (gewoonlik geskenk) gemeentes begelei. Die omstandighede maak dit soms die enigste uitweg wat 'n mens kan verstaan . U kommissie is van mening dat waar dit enigsins moontlik is om liefs van klavierbegeleiding gebruik te maak totdat 'n orrel beskikbaar is wat ten minste van gehalte is. 'n Baie verskuifbare orrel, wat selfs later in 'n kerk vergroot en geïnstalleer kan word is die Allan-orrel. Hierdie tipe orrel produseer nie elektroniese klanke nie maar reproduseer bestaande pyporrelklanke. Die tipe orrel kos ongeveer R20 000.

Nog 'n Elektroniese orrel van goeie gehalte wat ook gebruik kan word en die volle voetpedale voorsien is die Johannes orrel wat op die mark is vir ongeveer R15 000.

Ander bekende elektroniese orrels vir kerkgebruik en wat redelik goeie instrumente vir kerkmusiek is kos (as hul van goeie gehalte is) ongeveer R30 tot R40 duisend. Goedkoper elektroniese orrels met 'n enkel oktaaf voetpedale word nie aanbeveel nie.

Bogenoemde word nie voorgelê om voor te skryf nie maar is slegs 'n wenk sodat kerkrade nie geld uitgee op produkte wat gou weer vervang sal moet word nie, veral omdat dit nie bevredig nie.

Die Permanente Kommissie vir Kerkmusiek en sang behoort deeglik op hoogte te bly met kerkmusiekinstrumente wat beskikbaar is om kerkrade met raad te bedien wanneer om deskundige raad gevra word.

5. BUNDELS IN GEMEENTES

U kommissie het kennis geneem van verskeie sangbundels wat in gemeentes gebruik word. Die liedere is bloot oorgeneem uit bestaande sangbundels. U kommissie wil gemeentes daarop wys dat daar kopiereg op sommige liedere bestaan en dat sulke bundels versigtig saamgestel moet word en beslis nie verkoop mag word.

Hiermee vertrou u kommissie dat dit wat aan ons opgedra is bevredigend afgehandel is.

Bladsy vyf

LEDE VAN KOMMISSIE

Ds NJ Rautenbach
Ds OD Scheuer
Ds RW Louw
Ds DR Schwartz

Gekoopteerde lede
Mev A Boshoff
Mev E Rautenbach
Mev P Robbertze

VERSLAG VAN DIE STUDIE KOMMISSIE OOR BYBELVERTALING AAN DIE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK IN SITTING TE "KLEIN KARIBA", WARMBAD OP 22 AUGUSTUS 1988 E.V.D.

1. VIR KENNISNAME

1.1 Besluite van die Sinode 2 - 6 November 1987 te Constantia Park.

Tydens sy vergadering 2 - 6 November 1987 te Constantia Park het die sinode besluit:

1.1.1 "Dat 'n studiekommissie oor Bybelvertaling benoem word wat sal bestaan uit alle leraars van die APK om die besware teen die verskillende Afrikaanse vertalings indringend te ondersoek, getuienis in te win en verslag te doen aan die volgende sinode. Die kommissie het die reg om kundige lidmate te koopteer."

1.1.2 "Om gemeentes te versoek om inligting, studiestukke en gemotiveerde besware wat mag bestaan, aan die studiekommissie oor Bybelvertaling voor te lê voor 31 Januarie 1988. Die adres van die kerkkantoor kan vir die doel gebruik word."

1.1.3 "Die Sinode beveel aan dat, aangesien daar sedert kerkstigting nie deur die KVK of enige ander amptelike instansie voorkeur of uitspraak vir of teen enige van die vertalings (1933, 1953, 1983) gegee is of kon gegee word nie, derhalwe word dieselfde standpunt nog deurlopend gehandhaaf totdat die sinode-ondersoek wat nou deur die sinode gelas word, finaal en bevredigend afgehandel is."

1.2 Samestelling en werksaamhede van Studiekommissie oor Bybelvertaling

1.2.1 Samestelling

Die Studiekommissie is uiteindelik soos volg deur die Sinode saamgestel:

"Alle leraars van die APK met reg van kooptering. Ds HCG Robbertze is die sameroeper."

Die volgende persone se versoek om op eie koste op die Kommissie te dien is deur die Sinode toegestaan:

Ouderling BM Rossouw, P Wagener, PE van Rensburg en mev M Roos.

1.2.2

Werkzaamhede

Die inligting, studiestukke en besware wat voor 31 Januarie 1988 van gemeentes en lidmate ontvang is, is verdeel onder lede van die kommissie om die sake te ondersoek. Met die opening van die Teologiese Skool het die leraars van die Kerk en belangstellendes byeengekom en drie studiestukke is in behandeling geneem:

PFD Weiss, Bybelvertaling: Sin en Onsin
FJ Botha, Die Nuwe Vertaling van die Bybel in Afrikaans.
HCG Robbertze, Perspektief op die Afrikaanse Bybelvertalings.

Tydens hierdie byeenkoms van die predikante is besluit om 'n ad hoc-komitee te benoem om die besware teen Bybelvertalings in diepte te ondersoek. Die kommissie het bestaan uit:

ds HCG Robbertze (voorsitter)
dr FAH van Staden (skriba)
prof WJG Lubbe
ds A Boshoff
ds J Gouws
prof PFD Weiss
ds CJ Prins
ds E Friis
ds PK Roodt
ds HS Theron

By die werkzaamhede van die ad hoc-komitee het oudl PE van Rensburg en mev M Roos ook soms sitting geneem. Die ad hoc-komitee het die verskillende beskrywingspunte en besware onder mekaar verdeel en studie-opdragte gegee.

Die ad hoc-komitee het op 21 April 1988 en op 15 Junie 1988 vergader in Pretoria. Tydens hierdie vergaderings is die verskillende studiestukke bespreek en na bespreking is verdere opdragte tot studie gegee. Verskeie studiestukke van kommissielede wat handel oor die onderskeie besware is deur die ad hoc-komitee bestudeer en sekere aspekte het reeds die deeglike aandag van die ad hoc-komitee ontvang, tw.

- 1.2.2.1 Die aanloop tot 'n nuwe vertaling.
- 1.2.2.2 Die rol van Bybelgenootskappe.
- 1.2.2.3 Geskiedenis van tekste wat gebruik is vir die nuwe vertaling.
- 1.2.2.4 Textus Receptus
- 1.2.2.5 Die geskiedenis van Bybelvertalings
- 1.2.2.6 Die Dinamies Ekwivalente vertaalmetode
- 1.2.2.7 Die werkswyse van die vertalers en kontrole oor die nuwe vertaling.

2. MOTIVERING VIR U VERDERE OPDRAG DEUR DIE SINODE AAN DIE STUDIEKOMMISSIE OOR BYBELVERTALINGS

2.1 Onaangeroerde sake

Ofskoon goeie vordering met die ondersoek gemaak is bly daar nog veel oor vir die ad hoc-komitee om te doen alvorens aan al die predikante van die APK verslag gedoen kan word. Sake wat nog aandag moet geniet is o.a.

- 2.1.1 Kommentaar op die werke van Gunther.
- 2.1.2 'n Ondersoek van die tekste waar daar verskil is tussen die 1953 - en die 1983 - vertalings.
- 2.1.3 Oor sekere stukke wat in hande van die ad hoc-komitee is, moet nog kommentaar gelewer word.

2.2 Byeenroeping van predikantekorps van die APK

Vanweë die feit dat die werk, in 2.1 genoem, nie afgehandel is nie, is die predikantekorps van die APK nog nie byeengeroep en kon 'n verslag nog nie bespreek word om namens die predikant as verslag en aanbevelings oor die sinode te dien nie. (Sien aangehaalde besluit van 1987 - Sinode by 1.1.1).

2.3 Meer tyd en kragte nodig

In die lig daarvan dat

- 2.3.1 slegs 'n ondersoek wat tot op die been van die hele saak gedoen is, bevredigende antwoorde kan verskaf;
- 2.3.2 'n oorwoë mening wat die eer en die naam van die AP Kerk pas, noodsaaklik is;
- 2.3.3 'n antwoord ten opsigte van die 1983 vertaling, maar ook 'n antwoord wat as riglyne ten opsigte van alle Bybelvertalings in die toekoms kan dien, nodig is, word gevoel dat 'n ondersoek veel meer tyd en kragte nodig het as wat tot dusver aangewend is.

word gevoel dat meer tyd en kragte nodig is vir deeglike studie deur die ad hoc-studiekomitee oor Bybelvertaling.

3. AANBEVELINGS

- 3.1 Die Sinode neem kennis van wat die Studiekommissie oor Bybelvertaling reeds gedoen het.
- 3.2 Die Sinode beoë die huidige ad hoc-komitee wat deur die breë predikantekomitee aangewys is, as Studiekommissie oor Bybelvertaling en versoek die kommissie om voort te gaan met sy intensiewe ondersoek.
- 3.3 Die Sinode gee aan die Studiekommissie oor Bybelvertaling die reg om kundiges op sy paneel te koöpteer as hy dit nodig vind, en om die getuienis van kundiges aan te hoor waar hy dit nodig ag.
- 3.4 Die Sinode besluit dat sy ganse predikantekorps die ondersoek in sy wese moet volg en indien moontlik daarmee moet instem sodat die uiteindelijke besluit van die Sinode met oortuiging uitgedra kan word.
- 3.5 Die Sinode dra dit aan die Studiekommissie oor Bybelvertaling op om alle predikante by sy ondersoek te betrek wanneer hy dit nodig en wenslik ag.
- 3.6 Die Sinode sien met verwagting uit na die afgehandelde verslag van die studiekommissie oor Bybelvertaling op sy eersvolgende vergadering.
- 3.7 Die Sinode bly intussen by sy vorige besluit wat lui :

"Die Sinode beveel (by gemeentes) aan dat, aangesien daar sedert Kerkstigting nie deur die KVK of enige ander amptelike instansie voorkeur of uitspraak vir of teen enige van die vertalings (1933, 1953, 1983) gegee is of kan gegee word nie, derhalwe word dieselfde standpunt nog deurlopend gehandhaaf totdat die Sinode-ondersoek wat nou deur die Sinode gelas word, finaal en bevredigend afgehandel is" (Sien Handeling 1987 - Sinode p 47 punt 2.4.3, Goedgekeurde Amendement 2)

Asook

"Dit staan egter enige persoon vry om enige van die vertalings (1933, 1953 of 1983) te gebruik."

Sien Goedgekeurde voorstel PA Vermeulen en sekondant ds OD Scheuer - Bybelvertaling en Kategeseboeke - Handeling 1987 - Sinode p 47)

U ad-hoc-Studiekommissie oor Bybelvertaling vertrou dat die werksopdrag hiermee na bevrediging van die Sinode gevorder het.

DRS AOS ROBBERTZE

voorsitter ad hoc-Studiekommissie oor Bybelvertaling
voorsitter Studiekommissie oor Bybelvertaling

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
(' n G e r e f o r m e e r d e K e r k v a n C h r i s t u s o n d e r b l a n k e A f r i k a n e r s)

SINODE : 1988

VERSLAG : K O M M I S S I E V I R D I E D I E N S V A N B A R M H A R T I G H E I D

Eerw Voorsitter en Broeders

Die kommissie lê graag die volgende verslag aan die sinode voor.

1. P E R S O N E E L - v i r k e n n i s n a m e

Die sinode van 1987 het die volgende persone as Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid benoem :

Ds AS van Staden (Voors), ds JM Rheeder (skriba), ds CJS Botha, ds HB Heymans, ds IA Brink en ds LH Jacobs.

2. V E R G A D E R I N G S - 7 J u n i e 1 9 8 8

3. V E R S L A G V A N W E R K S A A M H E D E - g e e n s a a k i s d e u r d i e s i n o d e n a d i e k o m m i s s i e v e r w y s n i e .

4. B E S K R Y W I N G S P U N T E

Die volgende beskrywingspunte is deur die ringe vir aandag van die kommissie verwys :

4.1 R i n g v a n D e r b y

Die ring doen 'n beroep op die sinode om hom te beywer om 'n ouetehuis vir lidmate van die APK daar te stel.
(' n B l a n k e a f t r e e o o r d w o r d i n D i e B o o d s k a p p e r b e k e n d - g e s t e l)

A A N B E V E L I N G

Die sinode beveel hierdie oord by die lidmate van ons Kerk aan.

4.2 R i n g v a n B l o e m f o n t e i n

Die ring spreek waardering en dank uit vir bydraes ontvang van lidmate en gemeentes na die vloedskade.

A A N B E V E L I N G

Die sinode keur die voorstel goed.

Bladsy twee

4.3 Ring van Dendron

Die ring adviseer die gemeente van Louis Trichardt om in sinodale verband inligting te kry waar fondse vir Diens van Barmhartigheid bestee kan word, indien dit nie in die gemeente self aangewend kan word nie.

AANBEVELING

Die sinode keur dit goed dat deur middel van Die BoodsAPPER sulke fondse bekend gestel word en gemeentes uitgenooi word om daarom aansoek te doen.

4.4 Ring van Dendron

Die ring versoek die sinode om dringend leiding te gee oor die sinvolle funksionering van die diakenamp, ook in die wyere opset van Diens van Barmhartigheid.

AANBEVELINGS

1. Die sinode beveel aan dat ringdiakonale konferensies gereël word waar diakens geskool kan word.

2. Die sinode beveel aan dat 'n persoon/persone aangewys word om 'n kort handleiding daar te stel vir gebruik in gemeentes.

4.5 Ring van Dendron

Die ring bring die finansiële behoeftes van leerlinge by die Genl. Piet Joubertskool onder die aandag van gemeentes, en versoek gemeentes om Pietersburggemeente hierin finansiël te help waar moontlik.

AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

4.6 Ring van Dendron

Die ring versoek gemeentes om aan 'n Kommissie deur die ring benoem gegewens te verstrek i.v.m. kundige lidmate wat gespesialiseerde diens kan lewer op die terrein van Barmhartigheid sodat gemeentes sulke persone kan gebruik op 'n basis soos ooreengekom.

AANBEVELING

Die sinode neem kennis.

Die kommissie vertrou dat hy hiermee sy opdrag uitgevoer het tot bevrediging van die sinode.

VSGETDIS/mk

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
(' n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

SINODE : 22 AUGUSTUS 1988

VERSLAG : KOMMISSIE VIR GETUIENIS EN DISSIPELSKAP

Hierdie kommissie lê met graagte die volgende verslag aan die sinode voor.

1. PERSONEEL - vir kennisname

Oudl JN de Wet
Ds WA Jooste (Voors)
Ds PK Roodt
Ds CJ Prins
Ds JN Joubert (Skriba)
Ds PS van Staden

2. VERGADERING - vir kennisname

Die kommissie vergader op 18 Februarie 1988, te Pretoria

3. BESKRYWINGSPUNTE

3.1 Ring van Heilbron

Lidmaattoerustingsmateriaal

Die ring versoek die sinode om ten spoedigste toerustingsmateriaal te voorsien vir sowel die kerkraadslid as die lidmate van ons Kerk. (Ouderlinge verlang oor die algemeen 'n leidraad/onderwerppreke vir gebruik by huisbesoek). Predikante van ons Kerk het privaat kursusse opgestel vir die leraars moet hierdie kommissie verwittig van sulke materiaal sodat dit versprei kan word in gemeentes.

AANBEVELING 1

Die sinode doen 'n ernstige oproep op leraars van die APK om skolingskursusse, Bybelstudies en ander kerklike/godsdienstige literatuur te skrywe ten einde in die groot nood te voorsien.

AANBEVELING 2

Die sinode dra aan die Permanente Kommissies vir Getuienis en Dissipelskap die taak op om so spoedig moontlik, liefst voor 1 Januarie 1989, die volgende literatuur op te stel of te laat opstel, bestaande boeke en kursusse wat moontlik bruikbaar mag wees, moet ondersoek word 'n lys moet saamgestel word as riglyn vir gemeentes:

Bladsy twee

'n Preekbundel, 'n Dagboek vir lidmate, 'n Dagboek vir die Jeug (ds PK Roodt sal die verantwoordelikheid aanvaar), Bybelstudies (verantwoordelik: ds CJ Prins), Preekbundel en Bybelstudie oor die Heidelbergse Kategismus (verantwoordelik: ds JN Joubert), Toerustingskursusse vir ouderlinge en diakens (verantwoordelik ds WA Jooste) Populêre Leesstof: boeke oor onderwerpe soos, Wat is Gereformeerd?, Wat is die APK, (verantwoordelik Oudl JN de Wet, Probleemvrae (sê my, ds (verantwoordelik ds PS van Staden)

Boeke en kursusse wat geskryf word moet so helder, eenvoudig en kort as moontlik wees. Dieselfde geld vir prede op kasette.

3.2 Ring van Nelspruit

Gemeente Witrivier

Die sinode versoek gemeentes om ten minste een maal per maand 'n biduur af te staan aan landstoestande.

AANBEVELING 1

Dat elke kerkraad hiervan kennis neem en self, volgens eie omstandighede hieraan uitvoering gee.

AANBEVELING 2

Dat leraars getrou in hul kanselgebode die nodige voorbidding sal doen vir die owerhede en landstoestande.

4. PREDIKERS

Talle herderlose gemeentes, veral op die platteland kom van tyd tot tyd in die versoeking om gebruik te maak van die dienste van predikers wat nie deur die SKK of Kuratorium goedgekeur of toegelaat is nie.

AANBEVELING

Indien 'n gemeente wil gebruik maak van die dienste van 'n prediker wat nie deur die Kuratorium of SKK goedgekeur is nie, moet die leier-ouderling eers skakel met die SKK of die naaste APK-leraar vir goedkeuring.

5. PREEKBUNDEL

Daar word met dank kennis geneem van preekbundels van APK-leraars wat reeds verskyn het. Die behoefte bly steeds baie groot.

AANBEVELING

Sien punt 3.2 aanbeveling 2.

6. REISENDE/EVANGELISASIE LERAARS

Baie plattelandse gemeentes het 'n dringende behoefte aan 'n meer gereelde bediening deur leraars - veral ten opsigte van huisbesoek.

Bladsy drie

AANBEVELING

Die Sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade om hulle leraars vir ten minste 1(een) week elke twee maande los te maak vir diens as reisende leraars. Hierdie dienste van leraars moet deur die SKK gekontroleer en gekanaliseer word. Reiskoste moet dan ook deur die SKK betaal word.

Gemeentes wat berpid is hiertoe, moet onverwyld hulle leraars se besonderhede deurstuur aan die SKK.

7. EVANGELISASIE-AKSIE

Veral in stedelike gebiede bestaan daar 'n nood op twee terreine t.w. hospitaalbearbeiding en die bearbeiding van kerkloses, kerklosses en mense in geestelike nood.

AANBEVELING 1

Dat plattelandse gemeentes die kerkkantoor in Pretoria, en die plaaslike leraars in groot sentra, in kennis sal stel van alle lidmate wat in hospitale opgeneem word in die stede. Die moontlikheid van iemand wat in die stede veral met hospitaalbearbeiding gemoeid moet wees, moet ondersoek word.

AANBEVELING 2

Met die oog op die bereiking van kerkloses, kerklosses, en mense in geestelike nood, doer die Sinode 'n beroep op kerkrade om in plaaslike nuusblaaie hulle eredienstye en telefoonnommers van die skriba en leraar, bekend te stel, desnoods deur advertensiespasie te bekom.

AANBEVELING 3

Hierdie Kommissie versoek die Sinode om oorweging te skenk om in groot sentra soos Pretoria, Johannesburg, Durban, Kaapstad, Bloemfontein, ens. die vestiging van 'n Evangelisasiesprekkamer te ondersoek. So 'n spreekkamer kan desnoods deur die plaaslike leraars op bepaalde tyd beman word.

8. SKAKELING MET ANDER AFRIKAANSE KERK IN VERBAND MET PREEKHULP

AANBEVELING

Die Sinode word versoek, om in die lig van die groot tekort aan predikante wat tans ondervind word, te oorweeg om met die drie Afrikaanse kerke te skakel om hulle leraars wat wil, toe te laat om van tyd tot tyd hulp te verleen ten opsigte van die prediking in gemeentes waar daar 'n nood bestaan.

Die Kommissie vertrou dat hy hiermee die opdrag van die Sinode na behore uitgevoer het.

VERSLAG : KOMMISSIE VIR REGTE

KERKORDE/mk

KERKORDE EN BEPALINGE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERKE (Gereformeerde Kerke van Christus onder blanke Afrikaners)

ARTIKEL 1

Die huidige redaksie lui :

Die Afrikaanse Protestantse Kerk is 'n verbond van plaaslike kerke (gemeentes) gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk bely as betroubare samevatting van die waarhede in die Bybel, is vervat in die Formuliere van Eenigheid soos vasgestel deur die Sinode van Dordrecht in 1618 - 1619, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

BESKRYWINGSPUNT PROF WJG LUBBE

- (a) reël 1 : voeg in na "Afrikaanse Protestantse Kerk" die afkorting "(APK)".
- (b) reël 2 : (gemeentes), <is> gegrond
of : hou reël 1 netso en voeg by in reël 2 na (gemeentes) en is
- (c) reël 3 (en oral) : vervang "die Kerk" met "die APK"

AANBEVELING (Ab) VAN KOMMISSIE VIR REGTE (=KVR):

Die Sinode besluit op die aanbevole nuwe redaksie hieronder.

DR LUBBE: (d) Wat van die symbola?

KOMMISSIE VIR REGTE BEVEEL AAN: voeg dit in soos hieronder.

KOMMISSIE VIR REGTE BEVEEL DIE VOLGENDE NUWE REDAKSIE AAN:

Die Afrikaanse Protestantse Kerke (gemeentes) tree in kerkverband met mekaar met die Bybel, as die heilige en onfeilbare Woord van God, as grondslag. Die leer wat die Kerke (gemeentes) in kerkverband bely, as betroubare samevatting van die waarhede in die Bybel, is vervat in die formuliere van Eenheid soos vasgestel deur die Sinode van Dordrecht in 1618 - 1619, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls. Verder word die Twaalf Artikels, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Atanasius as algemene belydenisskrifte aanvaar.

Bladsy twee

ARTIKEL 2

Bly onveranderd.

ARTIKEL 3

Huidige redaksie :

Net blanke Afrikaners, asook ander Blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (Rom. 10: 9-10), wat die belydenis en ordereëls van die Kerk onderskryf en die leer van die Kerk bely, kan lidmaatskap van 'n kerk (gemeente) verkry en geniet.

DR LUBBE :

Art 3 : reëls 3-4 :

Vervang "wat die belydenis bely" met : "wat die belydenis, leer, Kerkorde, bepalinge en ordereëls van die APK onderskryf"

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE:

Goedgekeur soos hieronder geformuleer.

LICHTENBURG BEVEEL AAN :

Die Ring neem die volgende besluit :

"Die Ring besluit om by die Sinode aan te beveel dat art 3 van die Kerkorde so gewysig word dat die laaste sin lees : "kan lidmaatskap en bywoning van 'n kerk (gemeente) verkry en geniet."

AANBEVELING VIR KOMMISSIE VIR REGTE:

Nie aanvaar nie. Lidmaatskap sluit reeds reg tot bywoning in. Kyk ook Notule van Sinode van 1987, Art 104, p. 64 wat lui :

"T.o.v. die bywoning van anderskleuriges by spesiale dienste : Die outoriteit van kerkrade kan nie herroep word nie, aangesien dit in die stigtingsakte van die Kerk bepaal word.

Indien bywoning van 'n anderskleurige 'n steuring in die gemeente sal veroorsaak, moet dit afgekeur word. Die besluit moet dus eenparig aanvaar word deur die gemeentelede. Laasgenoemde word ook as riglyne vir die Sinode aanvaar."

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE:

NUWE REDAKSIE :

Net blanke Afrikaners, asook ander Blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het

Bladsy drie

(Rom 10: 9-10), wat die belydenis, leer en Kerkorde van die APKerke onderskryf en bely, kan lidmaatskap van 'n kerk (gemeente) verkry.

ARTIKEL 4 :

OU REDAKSIE :

Christus, die Hoof van die Kerk het vir die dienswerk in die Kerk, die volgende besondere ampte ingestel, naamlik die van bedienaar van die Woord, die van ouderling en die van diaken. Hierdie drie ampte is gelykwaardig maar word in opdrag onderskei. By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof van sy kerk is.

DR LUBBE :

(a) Reëls 1-2: vervang "Christus Kerk" met: "Christus, Hoof van sy kerk, het vir die dienswerk in sy kerk,"

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Goedgekeur

DR LUBBE :

REËL 4 :

Skrap "gelykwaardig maar word" "onderskei" word "onderskeie"

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE:

Nie aanbeveel nie. Die bestaande redaksie is in ooreenstemming met die gees van die NGB art 30.

DR LUBBE :

Voeg by (aan einde van 4) "Benewens die besondere ampte ken Gods Woord ook aan elke gelowige die drieledige amp van profeet, priester en koning toe" (HK 12.32)

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE:

Nie aanbeveel nie. Art 4 handel slegs oor die besondere ampte en gevolglik hoort prof Lubbe se aanbeveling nie onder art 4 nie.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE:

NUWE REDAKSIE :

Behou soos dit was, behalwe eerste reël wat moet lees : "Christus, Hoof van sy kerk, het vir die dienswerk in sy kerk"

ARTIKEL 5

Bladsy vier

Onveranderd.

ARTIKEL 6

OU REDAKSIE:

Om as bedienaar van die Woord toegelaat te word, word vereis 'n deeglike teologiese opleiding; suksesvolle eksaminering; ondertekening van die Formuliere van Enigheid; legitiemasie; en Colloquium Doctum volgens vereiste.

DR LUBBE :

Waar in na "Colloquium Doctum" die woorde "waar nodig geag" vervang "volgens vereiste" met "en volgens neergelegde vereistes"

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE:

Goedgekeur.

ARTIKEL 7

OU REDAKSIE:

7. Die sinode

7.1 bepaal die vereistes vir opleiding, vereistes vir toelating, toesig oor opleiding en plek van opleiding en neem volle verantwoordelijkheid vir die dosente wat vir die akademiese opleiding van studente verantwoordelik is;

7.2 besluit oor die omvang en standaard van die opleiding;

7.3 stel 'n Kuratorium aan;

7.4 stel die vereistes vir Colloquium Doctum vas.

DR LUBBE :

Vervang "Die sinode" met "Die alrele sinodale vergadering" is die bevestiging en verteenwoordigende vergadering van die verbond van plaaslike Afrikaanse Protestantse Kerke (gemeentes). Die sinode

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE:

Nie aanbeveel nie. Die saak word deur art. 38 gedek.

PAARLE :

Die stigting moet die sinode om die naam "sinode" te vervang met die naam "Sentrale Kerke Konferensie". Die motivering hiervoor is kortliks dat :

1. Die begrip sinode hou die begrip van hiërargie en afdwingbare besluite en skrik sodoende steeds

Bladsy vyf

nuwe lidmate af.

ii. Die kerkbestuurs model wat ons tans volg kom feitlik ooreen met die Menonite Brethern modelle in Noord Amerika en hulle gebruik die term "conference."

iii. Die begrip "konferensie" dui op die aktiwiteit waarmee ons dan ook besig is.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE:

Nie aanbeveel nie.

MOTIVERING:

1. Die Gereformeerde begrip "sinode" hou nie hiërargie in nie. So 'n bewering is histories en kerkregtelik onjuis.

2. 'n Konferensie het geen besluitnemingsbevoegdheid nie. Alhoewel alle hiërargie afgewys moet word, moet 'n sinode besluitnemingsbevoegdheid hê. Daar is sake waarvoor slegs 'n sinode kan besluit, bv watter belydenisskrifte die kerke wat in kerkverband met mekaar getree het, aanvaar; of, wat die amptelike kerklied sal wees; of, die orde i.v.m. tughandelinge; of, die toelatingsvereistes vir predikante ens. ens. Indien 'n konferensie oor soortgelyke sake moes besluit, kan elke kerk (gemeente) daarna self besluit of hy dit aanvaar of nie - dan hoef daar net so goed geen kerkverband te gewees het nie. Dan sou dit nie meer 'n presbiteriale kerkregeringstelsel wees nie, maar 'n independentistiese.

3. "Meerdere" vergaderings moet nie as "hoër" vergaderings gesien word nie. Daar kom meer-as-een kerk (gemeente) bymekaar om saam afdwingbare besluite oor gemeenskaplike sake (of apelle) te neem. Die afsonderlike kerke is self daar verteenwoordig. Daar word nie los van 'n kerk, oor hom, "van bo af" besluite geneem nie. Hd 15: 22-31 is 'n mooi voorbeeld. In Hd 16: 4 word gesê dat die besluite van die apostels en ouderlinge van Jerusalem deur die ander kerke (gemeentes) onderhou moet word. Kerke is gebind aan besluite van meerdere vergaderings - kyk ook motivering 5.

4. Elke sinode moet hom natuurlik bepaal by wat by hom tuishoort (vgl art. 41.5)

5. Het sinodale besluite hoegenaamd gesag? Die kerke wat in hulle afgevaardigdes teenwoordig is, besluit saam op grond van Skrif, belydenis en Kerkorde oor sake. Dan moet daardie besluite deur elke kerk

(gemeente) eerbiedig word. Indien 'n kerkraad of 'n lidmaat, of 'n ring nie met 'n sinodale besluit kan saamstem nie, staan die weg van gravamen (beswaarskrif) oop. Sou 'n volgende sinode wat oor die gravamen moet oordeel, steeds by die gewraakte besluit bly, moet die beswaarde hom daarby neerlê of gemeenskap met sy kerk opsê.

DR LUBBE OOR ART 7.3:

Wysie om te lees : "stel 'n Kuratorium aan wat alle belange van die Verbond ten opsigte van opleiding, Colloquium Doctum en toekenning van status behartig"

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE:

Goedgekeur, met skraping van die woorde "van die Verbond".

DR LUBBE OOR ART. 7.4:

Skrap dit.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE:

Goedgekeur

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE:

NUWE REDAKSIE:

Dieselfde as ou redaksie, behalwe 7.3 en 7.4 soos hierbo gestel.

ARTIKEL 8

OU REDAKSIE :

Die beroeping van 'n bedienaar van die Woord geskied tydens 'n kerkraadsvergadering waartoe die gemeente opgeroep word om deel te neem onder 'n voorsitter deur die vergadering aangewys.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE:

NUWE REDAKSIE:

Wysig laaste deel om te lees :

"..... opgeroep word om deel te neem onder leiding van die konsulent of 'n voorsitter deur die vergadering aangewys".

BEPALING 1.1:

Bly onveranderd

BEPALING 1.2 by art.8:

OU REDAKSIE:

In die geval van kombinasiegemeentes met een predikantspos moet die betrokke kerkrade vooraf 'n ooreenkoms opstel in verband met elke gemeente se bydrae tot die lewensonderhoud en reiskoste, die ligging van die pastorie en die diens van die predikant. Die kombinasiegemeentes bring

volgens onderlinge ooreenkoms die beroep uit na afkondiging in die gemeentes soos in bepaling 1.1 vasgestel.

DR LUBBE:

"kombinasiegemeentes" word "kombineerende gemeentes"

Die hele Bepaling word gewysig om soos volg te lees:

"In geval van kombineerende gemeentes met een predikantspos stel die betrokke kerkrade vooraf 'n skriftelike ooreenkoms op wat neerlê (a) wie die leraar beroep (een of meer of al die kombineerende gemeentes) (b) wat elke gemeente bydra tot die lewensonderhoud en reiskoste van die leraar (c) waar die leraar woon

(d) welke persentasie van sy dienstye die predikant aan elke kombineerende gemeente gaan afstaan (e) hoe die skriftelike ooreenkoms tussen die kombineerende gemeentes gaan geld. Vervolgens word beroep soos ooreengekom en volgens die Kerkorde en Bepalinge."

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

1. Goedgekeur. Vervang egter "predikantspos" met "('n) gesamentlike predikant(e)"
Motivering : Elke gemeente het 'n "predikantspos". Verder kan 'n kombinasie ontstaan met bv twee predikante.
2. Voeg in tussen "wat" en "neerlê" in derde reël : "bv."
3. Voeg punt (f) voor "vervolgens" by wat so lees : wat die posisie van die predikant sal wees by ontbinding van die kombinasie.
4. Voeg 'n nuwe paragraaf by :
Hierdie ooreenkoms word vooraf aan ('n) betrokke ring(e) voorgelê vir goedkeuring.

BEPALING 1.3 BY ART. 8:

OU REDAKSIE:

Die beroeping geskied met geslote stembrief en met volstrekte meerderheid van stemme van die aanwesige stemgeregtigdes uit 'n groslys waarop elke stemgeregtigde 'n naam of meer kan plaas met dien verstande dat die voorsitter moet sorg dra dat die groslys gesuiwer is van enige onberoepbare persoon.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE:

NUWE REDAKSIE:

Bly soos oue, behalwe dat laaste gedeelte word : " met dien verstande dat sorg gedra word dat die groslys..."

BEPALING 1.4

Bly onveranderd

BEPALING 1.5

OU REDAKSIE:

By die eerste stemming stem elke stemgeregtigde vir een naam op die groslys. Totdat een naam 'n volstrekte meerderheid behaal, word die groslys vir elke volgende stemming soos volg gesuiwer : eerstens die name wat twee en minder stemme behaal het word geskrap; tweedens word slegs die name behou wat saam 'n volstrekte meerderheid van stemme behaal het, met dien verstande dat indien twee of meer name eweveel stemme gekry het, sodat 'n tweetal nie gevorm kan word nie eers tussen diesulkes gestem word. Indien die stemme vir die finale stemming tussen die tweetal staak, word na gebed met die lot beslis wie beroep is.

DR LUBBE:

REËL 4:

"eerstens die name stemme" (reël 5) word vervang met "eerstens, die naam/name wat net een stem".....

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Nie aanbeveel nie. Die wysiging sal die stemming onnodig uitrek. As net kerkraadslede gestem het, sou dit sinvol wees, maar nou stem die hele gemeente.

DR LUBBE

Reël 8: voeg in "sulke" voor name

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Goedgekeur, maar gebruik beter Afrikaans : "sodanige".

DR LUBBE:

Reël 9 : skrap "sodat 'n tweetal nie gevorm kan word nie"

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Nie aanbeveel nie. Die ou bewoording maak die saak juis duideliker.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

NUWE REDAKSIE

Afgesien van die invoeging van "sodanige" beveel die Kommissie vir Regte aan dat die woord "gesuiwer" vervang word met "verklein". Verder bly bepaling 1.5 soos dit was.

BESKRYWINGSPUNT : 'LICHTENBURG

BEROEPINGSTELSEL

Die Ring aanvaar die volgende voorstel :

"Die Ring versoek die sinode om die huidige beroepingstelsel vir leraars grondig te ondersoek, hom oor die beginsels daaromtrent te verantwoord as standpunte deur die APK onderskryf. Indien nodig, kan aanpassings gemaak word."

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Beveel aan dat die beskrywingspunt verwys word vir studie en rapport aan die volgende sinode.

ARTIKEL 9

OU REDAKSIE

Die beroepende vergadering gee dadelik kennis van die beroep aan die beroepene; berig daaromtrent vir publikasie in die amptelike blad van die Kerk; en versend na approbasie die beroepsbrief wat deur die kerkraadslede onderteken is.

DR LUBBE :

Vervang " ; " telkens met " , "

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Goedgekeur.

BEPALING 2.1

OU REDAKSIE :

Die naam van die beroepene word by 'n openbare erediens op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente bekend gemaak vir approbasie. Indien geen skriftelike beswaar teen 24h00 van die tweede Sondag ontvang is deur die voorsitter of skriba van die kerkraad nie, versend eersgenoemde onverwyld die beroepsbrief.

DR LUBBE

Reël 5 : skrap "of skriba"

Reël 6 : vervang "eersgenoemde met "hy"

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Praktiese probleme kan die skrapping van "of skriba" verhinder. Vervang hele Bepaling 2.1 met :

2.1 Die naam van die beroepene word by 'n openbare erediens op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente bekendgemaak vir approbasie.

Voeg nuwe 2.2. in:

2.2 Die beroepsbrief word onmiddellik versend. Indien 'n

Bladsy tien

beswaar ontvang word, word daarmee gehandel ooreen-
komstig artikel 10.

BEPALING 2.2 (word 2.3)

Bly so

BEPALING 2.3 (word 2.4)

OU REDAKSIE :

Beroepe predikant/proponent moet nie later nie
as op die derde Sondag na die beroep uitgebring is,
sy antwoord aan die voorsitter (konsulent) of skriba
bekend maak en daarna skriftelik bevestig, tensy hy
weens gegronde redes van die beroepende kerkraad ver-
dere uitstel verkry.

DR LUBBE:

REël 2 :

Vervang "op die derde Sondag na die beroep uitgebring is"
met "binne sewe dae nadat hy die beroepsbrief ontvang het"

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE :

Nie aanvaar nie.

BEPALING 2.4 (word 2.5)

Bly so

ARTIKEL 10:

OU REDAKSIE:

Enige belydende lidmaat van die beroepende gemeente het die
reg om beswaar aan te teken, voor verstryking van die
periode van approbasie, op grond van klagtes teen die leer
of lewenswandel van die beroepene, of op grond van onreël-
matigheid i.v.m. die beroep, wat skriftelik by die betrokke
kommissie van die Ring ingedien moet word vir ondersoek en
beslissing.

DR LUBBE :

REël 5:

"betrokke Kommissie van die Ring" word vervang met
"Ringskommissie"

BEPALING 3.1.1. BY ARTIKEL 10

OU REDAKSIE :

3.1 Indien 'n beswaar teen 'n beroep ontvang is deur
die voorsitter (konsulent) of skriba van 'n beroe-
pende gemeente moet hy dit

3.1.1 onverwyld oordra aan die ringskommissie
daartoe aangewys vir ondersoek; en

DR LUBBE

Skrap "daartoe aangewys vir ondersoek"

Bladsy elf

BEPALING 3.2

OU REDAKSIE

Die ringskommissie beslis na ondersoek oor 'n beswaar
betreffende onreëlmatigheid by die uitbring van 'n
beroep. Indien 'n beswaar gehandhaaf word, moet
die kerkraad die beroep, met bekendmaking aan die
gemeente by 'n openbare erediens, nietig verklaar,
die beroepe predikant skriftelik inlig en 'n beroep
van v. af uitbring.

DR LUBBE

LAASTE REël :

"uitbring" word "laat uitbring".

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Aangesien die selfstandige plaaslike kerk hoegenaamd nie in die
artikel en bepalinge figureer nie, word die hele Artikel 10
bepaling 3 vervang met :

Enige belydende lidmaat van die beroepende gemeente het die
reg om skriftelike beswaar by die kerkraad aan te teken,
voor verstryking van die periode van approbasie op grond
van klagtes teen die leer of lewenswandel van die beroepene,
of op grond van onreëlmatigheid i.v.m. die beroep.

BEPALING 3

3.1 Wanneer die voorsitter of skriba van die beroepende
kerkraad die beswaar ontvang, word 'n vergadering
van die kerkraad onverwyld belê om die beswaar
te oorweeg.

3.2 Die kerkraad handel die beswaar af indien moontlik.

3.3 Indien die kerkraad nie by magte is om die beswaar
self af te handel nie, verwys hy dit na of die
Kuratorium of die kerkraad van die beroepene,
welke geval van toepassing is. Indien die
beswaar geldig is, word aan die beroepene daarvan
kennis gegee.

3.4 Die beswaarde het reg van appel indien sy beswaar
afgewys word.

ARTIKEL 11.

Bly so

BEPALING 4.1

OU REDAKSIE :

Indien 'n beroep aanvaar is, moet die beroepe predikant so spoedig moontlik met sy kerkraad reël vir die verlening van demissie in samewerking met die ringskommissie. Aan 'n proponent wat tydelik werksaam was, moet 'n getuigskrif gegee word.

DR LUBBE

REël 3

Skrap "samenwerking met die Ringskommissie"

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Goedgekeur

BEPALING 4.2

OU REDAKSIE :

Die beroepe predikant reël met die beroepende kerkraad vir sy bevestiging. Die beroepende gemeente is vanaf die datum van demissie verantwoordelik vir die lewensonderhoud van die beroepe predikant/proponent, huisvesting en amptelike uitgawes.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Verskuif die woord "huusvesting en amptelike uitgawes" na net agter "lewensonderhoud" (taalkundige wysiging).

BEPALING 4.3

Bly so

BEPALING 4.4

OU REDAKSIE

Die voorsitter van die beroepende kerkraad gee aan die skriba van die ringskommissie kennis van die bevestiging, met toesending van alle stukke. In die geval van proponente versoek die skriba die voorsitter van die kommissie vir Regte om 'n akte van bevestiging uit te reik.

DR LUBBE

Vervang met

"Die beroepende kerkraad gee aan alle verteenwoordigers van die betrokke ring kennis van die bevestiging. In geval van 'n proponent versoek die kerkraad die Voorsitter van die Kommissie vir Regte om 'n akte van bevestiging uit te reik"

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

1. Nie aanvaar nie. Dit gaan in hierdie bepaling oor toesig deur die ring oor die korrektheid van die stukke.

2. Vervang laaste sin met : In die geval van proponente reik die Ringskommissie 'n akte van bevestiging uit.

BEPALING 4.5

OU REDAKSIE

Die skriba van die ringskommissie gee kennis van die bevestiging in die amptelike orgaan van die kerk en aan die kerkkantoor, sodat kennis aan die Registratreur van Huwelike gegee kan word en in die geval van proponente aansoek gedoen kan word vir aanstelling as huweliksbevestiger deur die staat, met die oog op pensioen- en mediese fondse vereistes.

DR LUBBE

Reël 1

"Die skriba van die Ringskommissie" word "Die beroepende kerkraad"

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

1. Goedgekeur
2. Vervang "in die geval van proponente" met "waar van toepassing".
3. Vervang laaste komma met "en".

BEPALING 4.6

OU REDAKSIE

4.6 'n Predikant is geregtig op

- 4.6.1 vakansieverlof van twee en veertig dae per jaar;
- 4.6.2 siekteverlof vir minder as drie maande met indiening van 'n mediese sertifikaat - siekteverlof vir langer as drie maande met spesiale verlof van die kerkraad;
- 4.6.3 langverlof van 10 dae per jaar na 3 jaar en oploopbaar vir 'n maksimum van 10 jaar;
- 4.6.4 spesiale verlof soos met die kerkraad ooreengekom insluitend studieverlof.

DR LUBBE

BEPALING 4.6.3

Reël 1 :

Skrap "en oploopbaar vir 'n maksimum van 10 jaar"

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Kyk ons aanbeveling onder "nuwe redaksie" hieronder

LICHTENBURG

SIEKTE EN LANGVERLOFVOORDELE VAN LERAARS

Die Ring aanvaar die volgende voorstel

"Die Ring versoek die sinode om Ringe met siekte- en langverlofvoordele van leraars te adviseer."

NUWE REDAKSIE

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

4.6 'n Predikant is geregtig op

- 4.6.1 vakansieverlof van twee en veertig dae per jaar;
- 4.6.2 siekteverlof vir hoogstens drie maande in 'n siklus van drie jaar. Indien siekteverlof van meer as drie dae aaneen geneem word, kan die kerkraad 'n mediese sertifikaat vereis. Dör siekteverlof vir langer as drie maande beslis die kerkraad;
- 4.6.3 langverlof van tien dae per jaar na drie jaar en is slegs met die toestemming van die kerkraad oploopbaar;
- 4.6.4 ongebruikte langverlof word in oorleg met die kerkraad voor demissie of geneem of uitbetaal wanneer die predikant 'n beroep aanvaar;
- 4.6.5 spesiale verlof soos met die kerkraad ooreen-gekom, insluitend studieverlof.

ARTIKEL 12:

OU REDAKSIE:

Die opdrag van die bedienaar van die Woord is die verkondiging van die Woord en die diens van die gebede;
die bediening van die sakramente;
die leiding van die erediens;
die behartiging van die kategetiese onderwys;
die doen van gereelde en behoorlike huisbesoek;
die behartiging van die herderlike sorg van die gemeente;
die leiding van kerkraadsvergaderinge en gemeentevergadering, wanneer daartoe aangewys;
die uitoefening saam met die ouderlinge van die opsig en tug oor die gemeente.

LUBBE:

reël 2: "Woord" word "Woord van God"

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGIE
Goedgekeur

reël 10: vervang "ouderlinge ...gemeente" met "kerkraad van die regering van, opsig oor en tug van die gemeente".

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE
Nie aanbeveel nie.

MOTIVERING

- 1. Die leraar is deel van die kerkraad
- 2. Die Heilige Skrif het die regering, opsig en tug aan die ouderlinge opgedra - vgl.
 - * 1 Tim 5: 17 - laat die ouderlinge wat goed regeer
 - * 1 Pt 5: 1-4 - die ouderlinge moet toesig hou.
 - * Hd 20: 28 - Paulus laat kom die ouderlinge (vs 17) en sê aan hulle: Gee dan ag op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om om herders die gemeente van God te versorg.

VERDERE AANBEVELINGS VAN KOMMISSIE VIR REGTE

- 1. Wysig reël 8 na : die leiding van kerkraadsvergaderinge en vergaderings van die kerkraad waartoe die gemeente opgeroep is;
- 2. Wysig laaste sin na: die uitoefening saam met die ouderlinge van die regering van, opsig oor en tug in die gemeente.

ARTIKEL 13

OU REDAKSIE

'n Bedienaar van die Woord mag nie in 'n ander gemeente sonder toestemming van die plaaslike kerkraad optree nie.

NUWE REDAKSIE

'n Bedienaar van die Woord mag nie in 'n ander gemeente (kerk) sonder toestemming van daardie plaaslike kerkraad optree nie.

ARTIKEL 14

OU REDAKSIE

Aangesien 'n bedienaar van die Woord sy lewe lank aan die kerkdiens verbonde is, is dit hom nie geoorloof om tot 'n ander

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Op artikel 14 word 14.1

DR LUBBE

reëls 1-2 : vervang "Aangesien dit hom" met "Dis vir 'n bedienaar van die Woord

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Nie aanvaar nie. Die huidige formulering verstrek die rede vir die stelling in die KO.

ARTIKEL 14.2 OU REDAKSIE

Indien die ring dit goedkeur, kan hy aansoek doen by die Kuratorium vir behoud van status.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE NUWE REDAKSIE

Indien die ring die aansoek om oorgang goedkeur, kan die betrokke bedienaar by die Kuratorium vir behoud van status aansoek doen .

MOTIVERING

Die formulering sê duideliker wat bedoel word.

ARTIKEL 14.3 OU REDAKSIE

Behoud van status kan alleen verleen word vir studie in die teologie, die aanvaarding van 'n kerklike betrekking of 'n betrekking wat 'n geestelike karakter dra wat in regstreekse verband staan met die verkondiging van die Woord en wat tot voordeel van die Afrikaanse Protestantse Kerk geag word.

DR LUBBE

REël 3

"dra wat" word "dra, wat"

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE Goedgekeur.

ARTIKEL 15

Bly so

ARTIKEL 16 OU REDAKSIE

Indien 'n bedienaar van die Woord sy gemeente nie langer tot stigting kan dien nie, kan die ring op versoek van die leraar of die gemeente die band tussen hom en die gemeente losmaak na behoorlike ondersoek en indien daar volgens die oordeel van die ring, billike voorsiening vir hom gemaak is.

Sodanige bedienaar van die Woord moet onmiddellik beroepbaar gestel word.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE VERVANG MET :

Art 16. Indien 'n bedienaar van die Woord of die kerkraad oordeel dat hy nie langer tot stigting in die gemeente (kerk) kan dien nie, oordeel die ring na behoorlike ondersoek daaroor en besluit of die band tussen die bedienaar van die Woord en die gemeente losgemaak moet word. Die ring vergewis hom dat daar billike voorsiening vir die bedienaar gemaak is.

Die Ring moet dan aan die kerke in kerkverband onmiddellik kennis gee dat die betrokke bedienaar 'n beroep afwag.

VOEG BY BEPALING

16.1 Die gemeente waarvan die bedienaar losgemaak is

16.1.1. mag onverwyld 'n beroep uitbring;

16.1.2 is verantwoordelik vir betaling van traktement aan die bedienaar solank as wat hy nog nie 'n beroep ontvang het nie, tot 'n maksimum tydperk van 3 maande.

16.2 Indien 'n bedienaar wat losgemaak is geen beroep binne 3 maande ontvang nie oordeel die Ring of hy tot 'n ander lewenstaak moet oorgaan en of hy nog 3 maande lank beroepbaar sal bly sonder aanspraak op verdere traktering deur die gemeente waarvan hy losgemaak is.

ARTIKEL 17.1 OU REDAKSIE

'n Bedienaar van die Woord wat weens verswakte gesondheid of ouderdom wil emeriteer, moet die kerkraad en ring vooraf daaromtrent inlig met die oog op demissie en die reëling van pensioen.

DR LUBBE

Reël 2 :

"ring vooraf" word "ring minstens sestig dae vooraf".

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Nie aanvaar nie. So 'n bedienaar kan nie bloot kennis gee nie - hy moet aansoek doen. Kyk voorgestelde nuwe redaksie.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

NUWE REDAKSIE

Wysig in tweede reël vanaf "moet" soos volg: moet by die kerkraad en ring aansoek doen met die oog op demissie en die reëling van pensioen."

**ARTIKEL 18
OU REDAKSIE**

Die opdrag van die ouderling is die regering oor die gemeente; die uitoefening van opsig en tug oor die gemeente; waaksaamheid oor die suiwerheid van die leer; die doen van huisbesoek in die gemeente; die roeping om ander na Christus te lei; medeverantwoordelikheid saam met die bedienaars van die Woord vir kategetiese onderwys; die goeie orde, dissipline en instandhouding van die erediens; verantwoordelikheid vir gereelde eredienste en sakramentsbediening.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Skrap reël 2 en vervang reël 3 met : "die uitoefening van regering, opsig en tug in die gemeente saam met die bedienaar(s) van die Woord".

MOTIVERING

Met die nuwe formulering word artikel 18 in ooreenstemming met artikel 12 gebring.

**ARTIKEL 19
Bly so**

**ARTIKEL 20.3
OU REDAKSIE**

Alleen belydende lidmate van die gemeente wie se name in die lidmateregister van die gemeente opgeteken is en wat onberispelik in leer en wandel is, is verkiesbaar.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Alleen manlike belydende lidmate

**ARTIKEL 21
OU REDAKSIE**

Die dienstermyn van kerkraadslede word deur die plaaslike gemeente bepaal met behoud van die beginsel van gereelde uittrede.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Vervang "plaaslike gemeente" met "kerkraad".

BESKRYWINGSPUNT : RING VAN NELSPRUIT (CAROLINA)

Die sinode word versoek dat riglyne daargestel word t.o.v. die ampstermyne van kerkraadslede.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Nie aanvaar nie. Omstandighede verskil van gemeente tot gemeente.

**BEPALING 5.3 - EERSTE PARAGRAAF
OU REDAKSIE**

'n Groslys word saamgestel, ooreenkomstig die aantal vakatures, waarop elke aanwesige kerkraadslid en belydende lidmaat name mag plaas. Elke stemgeregtigde stem per geslote stembrief vir soveel name as wat verkies moet word.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Vervang die hele paragraaf met :

'n Groslys word vooraf saamgestel soos die kerkraad bepaal. Elke belydende lidmaat en elke kerkraadslid mag ooreenkomstig die aantal vakatures name op die groslys plaas. Die kerkraad finaliseer voor die verkiesingsvergadering die groslys met inagning van artikel 20.3. Daarna volg die verkiesing. Elke stemgeregtigde stem per geslote stembrief vir soveel name as wat verkies moet word.

MOTIVERING

Die kerkraad kan nie die name van mense wat ooreenkomstig artikel 20.3 nie as kerkraadslede mag dien nie, in die midde van gemeentelede van die groslys verwyder nie.

**BEPALING 5.3 - TWEDE PARAGRAAF
OU REDAKSIE**

Diegene wat 'n volstrekte meerderheid verkry het, is verkies. Vir die ontbrekendes word gestem tussen die oorblywende name totdat die benodigde aantal persone met volstrekte meerderheid van stemme verkies is. As die stemme by die finale stemming staak, word na gebed met die lot beslis.

BESKRYWINGS PUNT 1 SUIDKUS

Skrap die sin in die 2de paragraaf wat lui:
"Vir die ontbrekendes word gestem tussen die oorblywende name totdat die benodigde aantal persone met volstrekte meerderheid van stemme verkies is."

MOTIVERING

Nadat daar gestem is en persone met 'n volstrekte meerderheid verkies is, kan daar tog nie weer gestem word sodat diegene wat by die eerste stemming uitgeval het, nou tog gekies word nie.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Nie aanbeveel nie. Indien daar na die eerste stemming nog vakatures is wat gevul moet word (dit is waarop "ontbrekendes" dui), moet weer gestem word tussen die oorblywende name op die groslys.

BEPALING 5.5

OU REDAKSIE

'n Kerkraads lid wat na verstryking van diens tyd nie herkies word nie, bly in diens tot 'n plaasvervanger bevestig is, tensy die kerkraad anders besluit, terwyl 'n bedanking van krag word sodra die kerkraad dit aanvaar het.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Vervang "bedanking" met "aansoek om losmaking" en "aanvaar" met "bewillig".

MOTIVERING

Eintlik kan 'n kerkraads lid nie "bedank" nie. Hy is deur die HERE geroep en in die amp gestel. Daarna kan hy vra om van die roeping onthef te word.

BEPALING 5.6

OU REDAKSIE

Enige belydende lidmaat van die gemeente wat nie onder sensuur is nie, het die reg van beswaar teen enige verkosene, wat skriftelik by die voorsitter ingelewer moet word, nie later nie as sewe dae na die afkondiging van die name.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

WYSIG SOOS VOLG

".....het die reg om beswaar teen enige verkosene of onreëlmatigheid by die verkiesing. Die beswaar moet skriftelik by die voorsitter".

BEPALING 5.7

OU REDAKSIE

Behalwe in geval van 'n nuutgestigte gemeente word 'n beswaar teen 'n verkose persoon deur die kerkraad ondersoek en afgehandel, met dien verstande

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

WYSIG SOOS VOLG

Skrap eerste reël en formuleer : 'n Beswaar teen 'n verkose persoon of onreëlmatigheid by die verkiesing word deur die kerkraad ondersoek en afgehandel, met dien verstande

ARTIKEL 23.2

OU REDAKSIE

'n Sinode neem net sake in behandeling wat kerkordelik aan hom toegewys is of wat deur 'n ring of kerkraad na hom verwys is of wat nie deur 'n ring of kerkraad afgehandel kan word nie.

Dieselfde geld vir 'n ring met betrekking tot 'n kerkraad.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Skrap die woorde
"deur 'n ring of kerkraad na hom verwys is of wat".

MOTIVERING

Hierdie onderdeel van artikel 23.2 is reeds gedek deur die woorde "wat kerkordelik aan hom toegewys is."

ARTIKEL 25

OU REDAKSIE

Elke vergadering moet 'n voorsitter hê asook 'n skriba wat die handeling van die vergadering opteken en besluite uitvoer.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Vervang "besluite" met "opdragte".

MOTIVERING

Die skriba voer nie alle besluite uit nie. Baie besluite word deur ander mense uitgevoer.

ARTIKEL 26

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die artikel met 'n opskrif hê: "GESAG VAN KERKVERGADERINGS".

ARTIKEL 27

OU REDAKSIE

Die regering van, die opsig en die tug in die kerk, is die funksie van die vergaderings.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Voeg aan die einde by: ooreenkomstig die bepalings van die Kerkorde.

ARTIKEL 29 OU REDAKSIE

Elke gemeente het 'n kerkraad aan wie die regering, opsig en tug oor die gemeente toevertrou is.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Volstaan met :
Elke gemeente het 'n kerkraad.

MOTIVERING

Die aspekte van regering, opsig en tug word elders in die Kerkorde gedek.

ARTIKEL 31 OU REDAKSIE

Die kerkraad vergader gereeld onder voorsitterskap van 'n voorsitter wat uit eie geledere vir 'n termyn gekies is.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

WYSIG SOOS VOLG

Die kerkraad vergader gereeld onder voorsitterskap van die bedienaar van die Woord; of in sy afwesigheid 'n ampsdraer deur die ring aangewys of 'n ouderling uit eie geledere verkies.

BESKRYWINGSPUNT VEREENIGING

Voorsitter van kerkraad- en gemeentevergaderings:
Indien die leraar nie die voorsitter van die kerkraad en gemeente vergaderings is nie, moet die pligte en funksie van die voorsitter in die gemeente duidelik in die Kerkorde uiteengesit word.

Kwelvrae in die verband soos volg:

1. Wie bly aan die einde van die dag finaal vir die gemeente verantwoordelik?
2. Vir watter tydperk word 'n voorsitter verkies?
3. Het hierdie voorsitter 'n breër taak as bloot die voorsitter by vergaderings?

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Dit is nie gebruikelik en wenslik om die pligte en funksie van die voorsitter van 'n kerkraad in die Kerkorde op te neem nie. Die probleme wat aan hierdie beskrywingspunt onderliggend is, is die gevolg van die ou redaksie van artikel 31.

Die kerkraad bly finaal vir die gemeente verantwoordelik. Die kerkraad besluit oor die termyn wat die voorsitter moet dien (volgens die ou redaksie). 'n Voorsitter van die kerkraad is slegs voorsitter en hy voer opdragte van die kerkraad uit.

BEPALING 6

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die opskrif moet wees
"BEPALINGS BY ARTIKEL 29 TOT 31".

BEPALING 6.1

OU REDAKSIE

Gewone kerkraadsvergaderings word gehou na afkondiging by 'n openbare erediens op twee agtereenvolgende Sondae. Buitengewone vergaderings word belê deur die kerkraad of wanneer minstens vyf kerkraadslede met opgawe van redes skriftelik daarom vra, en wel met behoorlike kennisgewing aan al die lede deur die skriba.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Verdeel die bepaling in twee bepalinge:

- 6.1 Die eerste sin onveranderd.
- 6.2 Buitengewone vergaderings word belê met opgawe van redes deur die voorsitter of die kerkraad of wanneer minstens vyf kerkraadslede skriftelik daarom vra, met kennisgewing aan al die lede deur die skriba".

BEPALING 6.2 (WORD 6.3)

OU REDAKSIE :

- 6.2 Kerkraadsvergaderings waartoe die gemeente opgeroep word, word gehou na afkondiging by 'n openbare erediens op twee agtereenvolgende Sondae. Buitengewone kerkraadsvergaderings waartoe die gemeente opgeroep word, word belê indien ten minste tien belydende lidmate skriftelik daarom vra.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

VERDEEL DIE BEPALING OOK IN TWEE:

- 6.3 Die eerste sin onveranderd.
- 6.4 Die tweede sin soos in ou redaksie, met invoeging van "met opgaaf van redes" tussen die woorde "lidmate" en "skriftelik".

ARTIKEL 32

OU REDAKSIE

In die kerkraadsvergadering waartoe die gemeente opgeroep word, het belydende lidmate wie se lidmaatskap deur die kerkraad erken en aangeteken is, stemreg.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die artikel vervel as Kerkorde-artikel en word 'n bepaling onder artikel 29 tot 31. Die ou artikel 32 word dan Bepaling 6.5 met 'n byvoeging aan die einde van die sin naamlik "in die uitvoering van artikel 8 en artikel 20.1".

BEPALING 7.1 tot 7.8 word dan Bepaling 6.6 tot 6.13.

BEPALING 7.3

OU REDAKSIE

'n Verouderde attestaat dien as 'n sertifikaat van lidmaatskap.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Vervang "sertifikaat" met "bewys".

BEPALING 7.4

OU REDAKSIE

Aan 'n belydende lidmaat onder sensuur word by vertrek uit die gemeente 'n sertifikaat van lidmaatskap uitgereik, terwyl 'n inligtingsbrief aan die kerkraad gestuur word met besonderhede van die geval.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

NUWE REDAKSIE

Wanneer 'n belydende lidmaat wat onder sensuur is uit die gemeente vertrek, word 'n attestaat met besonderhede van die geval direk aan die nuwe kerkraad gestuur.

BEPALING 7.6

OU REDAKSIE

Indien 'n lidmaat se bewys van lidmaatskap onopspoorbaar blyk te wees, kan die kerkraad op die getuienis van 'n bloedverwant of 'n belydende lidmaat of 'n ampsdraer of van die betrokke self met vermelding van die gemeente waar, die betrokke predikant en naastenby wanneer belydenis afgelê is, die lidmaat van die nodige dokumentasie voorsien.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

VERVANG DIE BEPALING MET :

Indien 'n persoon nie 'n bewys van lidmaatskap kan lewer nie, kan die kerkraad op die getuienis van twee gelowiges die persoon as lidmaat opneem.

BEPALING 7.7.

OU REDAKSIE

'n Belydende lidmaat wat hom in 'n gemeente vestig, maar weier om sy attestaat of bewys van lidmaatskap aan te vra of in te dien moet deur die kerkraad aangemaak word. Indien hy volhardend weier, word hy as afgeskei van die gemeente geag.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

1. Vervang "Belydende lidmaat" met "Persoon".
2. Vervang laaste sin met : Hy word nie as lidmaat opgeneem alvorens hy sodanige dokumentasie lewer nie.

NUWE BEPALING 7.8 (wat 6.14 word)

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Wanneer 'n persoon uit 'n nie-erkende kerk aansoek om lidmaatskap doen, word gehandel ooreenkomstig artikel 3.

ARTIKEL 33.2 EN 33.3

OU REDAKSIE

33. Aangesien lidmaatskap aan 'n gemeente verbind is, word lidmaatskap beëindig en aan die gemeente bekend gemaak wanneer 'n belydende lidmaat

33.2 en/of oorgaan na 'n ander erkende kerkverband met verwittiging aan die kerkraad van sy voorneme;

33.3 en/of hom by 'n nie-erkende kerkverband of sekte aansluit.

RING VAN OLIFANTSHOEK

Die ring vra die sinode om riglyne te verskaf ten opsigte van punte 33: 2 en 3 van die kerkorde bl. 13.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die sinode besluit dat verteenwoordigers vanuit die betrokke ringsressort die saak tydens die sinode met die tydelike Regskommissie opneem.

ARTIKEL 34

OU REDAKSIE

Lidmaatskap van die gemeente word herstel wanneer 'n belydende lidmaat

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE
Vervang "belydende lidmaat" met "persoon".

ARTIKEL 34.1

Met die druk van die Kerkordeboekie het artikel 34.1 per abuis uitgeval. Wat tans in die Kerkorde as artikel 34.1 verskyn, is in der waarheid artikel 34.2

Die sinode van 1987 het die volgende artikel 34.1 goedgekeur:

terugkeer na die gemeente vanuit 'n erkende kerkverband, en deur die kerkraad na approbasie deur die gemeente aanvaar is;

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE
Dit bly so.

ARTIKEL 34.2
(In bestaande Kerkordeboekie artikel 34.1) - bly so

ARTIKEL 34.3
OU REDAKSIE

se ekskommunikasie deur die kerkraad opgehef is en na approbasie deur die gemeente, hertoegelaat is tot aflegging van belydenis van geloof.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE
VERVANG MET
se ekskommunikasie deur die kerkraad na ondersoek opgehef is en na approbasie deur die gemeente.

ARTIKEL 36
OU REDAKSIE

Die ring word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: die bedienaar(s) van die Woord en twee kerkraadslede per predikantspos, van wie ten minste een 'n ouderling moet wees. Elke afvaardigende kerkraad moet afgevaardigde(s) van 'n geloofsbrief voorsien.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

1. Daar moet 'n opskrif voorsien word, nl "ringsvergadering".
2. Vervang die artikel met :
Die ring word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: hoogstens twee bedienaars van die Woord, en twee ouderlinge per gemeente. Elke afvaardigende kerkraad moet afgevaardigdes van 'n geloofsbrief voorsien.

ARTIKEL 37.1

OU REDAKSIE

37. Die werksaamhede van die ring is
37.1 kerkvisitasie;

RING VAN MIGDOL

Na aanleiding van punt 37 van die kerkorde kan punt (a)

"KERK VISITASIE" omskryf word as "Gemeenteskakeling"?

Broer Groenewald stel voor dat die sinode versoek word om die woord as sulks te verander aangesien die ring van mening is dat die woord "visitasie" 'n anglisisme is. Hy word gesekondeer deur broer M Jones.

De Gouws noem dat die woord Gemeenteskakeling moontlik 'n breër lading dek nl nie slegs ontmoeting, ondersoek, raadpleging, bemoediging en advies nie, maar ook praktiese hulp aan gemeentes in die lig van Hd 15: 40,41; 19: 22; 1 Kor 16: 10-18; Flp 2: 19-24.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE
Nie aanbeveel nie.

BEPALING 8.1.1.
OU REDAKSIE

8.1 Wanneer lidmate van 'n gedeelte van 'n gemeente/gemeentes afstigting versoek of wanneer 'n kerkraad/kerkrade dit wenslik ag, moet die kerkraad/kerkrade

8.1.1 dit amptelik goedkeur;

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE
Vervang 8.1.1. met : 'n amptelike besluit daaroor neem;

BEPALING 9.2
OU REDAKSIE

'n Afgevaardigde na 'n buitengewone ringsvergadering verskyn met 'n geloofsbrief en handel die sakelys af.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE
VERVANG DIT MET

Afgevaardigdes na 'n buitengewone ringsvergadering verskyn met geloofsbriewe en handel die sakelys af.

BEPALING 9.4
OU REDAKSIE

Bladsy agt-en-twintig

Die ringskriba voer alle besluite en opdragte van die ring uit, behartig korrespondensie, versend alle ringsverslae na die kerkkantoor, voer die toepaslike bepalings van die Kerkorde uit en hanteer alle sake van die ringskommissie.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

1. Voeg in na "ringsverslae" die woorde "binne 14 dae."
2. Voeg in na "kerkkantoor" die woorde "vir argief-doelindes".

BEPALING 9.6

OU REDAKSIE

Die ring besluit in verband met kerkvisitasie.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Voeg in na "met" die woorde "die wyse van"

BEPALING 9.7

OU REDAKSIE

Niemand mag by twee agtereenvolgende ringsittings as voorsitter optree nie.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

1. Vervang "ringsittings" met "ringe".
2. Verander numering na 9.8 en voeg nuwe bepaling 9.7. by.

BEPALING 9.7 (Nuut)

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Elke ring oefen kerkvisitasie uit deur of 'n verslagvorm wat hyself opstel en/of persoonlike visitasie. Elke ring bepaal watter vrae aan die orde moet kom by die spesifieke visitasie-geleentheid.

BESKRYWINGSPUNT WATERBERG

Die sinode : 1988 besluit dat die vrae wat in gemeenteverslae vervat word voortaan deur elke ring vir die kerke in sy eie ressort opgestel word en dat die verslae dan deur die gemeentes slegs aan die ring gestuur word. Die ring handel die verslae af sonder om self weer 'n verslag (en sy notule) aan die sinode of 'n permanente kommissie van 'n sinode te stuur.

MOTIVERING

1. Daar moet gewaak word teen enige vorm of sweem van 'n hiërargie: die kerkraad staan onder die gesag van die ring en die ring weer onder die gesag van die sinode. Uiteindelik regeer die sinode die plaaslike kerk.

Bladsy nege-en-twintig

2. Die kerkregtelike uitgangspunt dat sake wat deur 'n mindere vergadering afgehandel kan word, nie op 'n meerdere vergadering mag dien nie, moet steeds voor oë gehou word.
3. Die gemeenteverslae is 'n besondere vorm van visitasie deur die ring aan die kerke (gemeentes) in sy ressort.
4. Visitasie is die taak van 'n ring en nie van 'n sinode nie. (vgl Kerkorde artikel 37.1)
5. Plaaslike gemeentes in 'n bepaalde gebied mag eiesoortige omstandighede of probleme hê wat nie in ander gebiede in die land geld nie. 'n Ring kan dan by geleentheid d.m.v. die gemeenteverslag spesifiek daarop toespits.
6. "Visitasie"-verslae (gemeenteverslae) moet nie gesien word as verslae aan 'n ring omdat die gemeente onmondig is nie. Aangesien die kerke (gemeentes) egter in kerkverband met mekaar bestaan, gee hulle ag op mekaar ten einde te vergewis of elke kerk so ingerig word dat hy binne daardie verband bly. Dit moet egter steeds die beginsel dat die plaaslike kerk selfstandig is eerbiedig. Daarom moet die gemeenteverslae deur die meerdere vergadering naaste aan die plaaslike kerk gehanteer word.
7. Indien 'n ring uit al die gemeenteverslae 'n verslag moet opstel en aan die SKK moet stuur, en ook sy notule moet deurgee, kom dit daarop neer dat 'n hiërargiese kerkregeringstelsel gehandhaaf word en dat die ring niks kan afhandel nie.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

In die nuwe artikel 9.7 en in artikel 9.4 is dieselfde beginsels verwoord as die in hierdie beskrywingspunt vervat.

NUWE BEPALING 9.9

DIE KOMMISSIE VIR REGTE STEL VOOR

9.9 ('n) Ring(e) beslis oor die vorming en ontbinding van kombinasies.

ARTIKEL 38.1

OU REDAKSIE

38. SAMESTELLING

Die sinode word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes uit elke gemeente

38.1 Die bedienaar(s) van die Woord en twee kerkraadslede per gemeente van wie ten minste een 'n ouderling moet wees. Afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien word.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

VERVANG 38.1 MET

Hoogstens twee bedienaars van die Woord, en twee ouderlinge per gemeente. Afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien word.

ARTIKEL 41.5
OU REDAKSIE

41. Die werksaamhede van 'n sinode is

41.5 die behandeling van alle sake wat in eerste instansie by hom tuisshoort of by wyse van appel voor hom gebring word.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

VOEG AAN EINDE BY

"(vgl ook artikel 23.2)"

ARTIKEL 10.4
OU REDAKSIE

'n Afgevaardigde na 'n buitengewone sinode verskyn met geloofsbrief en handel die sakelys af.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

DIT MOET WORD

Afgevaardigdes met geloofsbriewe en

ARTIKEL 10.6
OU REDAKSIE

Niemand mag vir meer as twee agtereenvolgende sinodes as voorsitter optree nie.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Vervang "twee" met "een" en "sinodes" met "sinode".
(Dit korreleer dan met artikel 9.7)

ARTIKEL 42.3
OU REDAKSIE

Die leiding van die erediens berus by die plaaslike bedienaar(s) van die Woord of in sy (hul) afwesigheid die konsulent of ander predikant van die Kerk, deur die kerkraad versoek of deur 'n ouderling deur die kerkraad aangewys wat 'n leesdiens hou.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Vervang "Kerk" met "kerke" en "ouderling" met "manlike lidmaat van 'n Afrikaanse Protestantse kerk".

ARTIKEL 43.2

OU REDAKSIE

Die heilige Nagmaal word so gereeld moontlik maar minstens vier keer per jaar gedurende 'n erediens gelei deur 'n bedienaar van die Woord in elke gemeente gevier.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Verskuif sinsnede "in elke gemeente gevier" na die woord "moontlik".

BEPALING 11.1

OU REDAKSIE

Die heilige doop word aan die kinders van belydende lidmate, wat nie onder sensuur is nie, bedien. Indien ouers hulle kinders in 'n ander gemeente wil laat doop, moet hulle skriftelik toestemming van die kerkraad verkry, met dien verstande dat die plaaslike leraar en wyksouderling namens die kerkraad mag handel in spoedeisende gevalle.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Vervang "gemeente" met "Afrikaanse Protestantse Kerk of erkende kerk".

ARTIKEL 45

OU REDAKSIE

DIENSWERK

45. Die bedienaar(s) van die Woord, ouderlinge en diakens sal deur gereelde en getroue huisbesoek die lidmate van die gemeente versorg ooreenkomstig hulle eie onderskeie opdragte soos in die kerkorde bepaal.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Verander opskrif na : AMPSBEDIENING

ARTIKEL 49.1

OU REDAKSIE

49.1 Die kerkraad moet lidmate van die gemeente toerus, aktiveer en organiseer om diensbaar te wees ten opsigte van die Skriftuurlike opdragte tot opbouing van die liggaam van Christus en die uitbreiding van die koninkryk van God.

Dr Lubbe
Wysig soos volg: "toerus, aktiveer en organiseer"
word "toerus en opwek".

"ten opsigte van Skriftuurlike opdragte" word
gewysig om te lees "volgens die Skrif".

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die formulering moet tydens die Sinode van 1988 gefinaliseer word
nadat die sinode hom uitgespreek het oor die vrae rondom 'n
landswye vroue-aksie.

- 49.2 OU REDAKSIE
Sodanige diens moet egter altyd geskied met
verantwoording aan die kerkraad.

DR LUBBE
Wysig om te lees: "Sodanige diens val steeds onder die
opsig van die kerkraad" (Kyk KO 52)

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die formulering sal eers gefinaliseer word nadat die
sinode hom uitgespreek het oor die vrae rondom
die landswye vroue-aksie

ARTIKEL 50.1

OU REDAKSIE

OPSIG EN TUG

50.1 Kerklike opsig word gehou en kerklike tug uit-
geefen tot eer van God;
tot heil van die gemeente; en
tot behoud van die sondaar.

50.2 Volgens die voorskrifte van die
Woord van God; en die Kerkorde en aanverwante
bepalings.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

1. Voeg net na die opskrif die volgende in :
"(Vir die doeleindes van artikel 50 tot artikel 56
word met 'kerkraad' die vergadering van die
predikant saam met die ouderlinge, d.w.s. die
opsieners, bedoel)"

2. Aangesien artikel 50.1 en 50.2 een sin is
- moet die kommapunte kommas word;
- die punt na "sondaar" ook 'n komma word;
- "50.2." geskrap word; en
- "Volgens" met 'n kleinletter geskryf word.

ARTIKEL 55

OU REDAKSIE

'n Ampsdraer, te wete evangeliedienaar, ouderling,
diaken, proponent, emeritus- en teologiese dosent
wat hom skuldig maak aan afdwaling in leer en lewe,
val onder die tug van die ring waaronder hy ressor-
teer, met dien verstande dat die reg van die kerk-
raad om as klaer op te tree veronderstel word.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

1. VERVANG DIE ARTIKEL MET :
Wanneer 'n ouderling of 'n diaken hom aan
afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak,
ondersoek sy kerkraad die saak. Die kerkraad
mag hom by skuldigbevinding hoogstens skors.
Indien die kerkraad oordeel dat hy afgesit moet
word, beslis die ring daarvoor.

2. VOEG NUWE ARTIKEL BY:

56. Wanneer 'n predikant hom aan afdwaling
in leer en/of lewe skuldig maak, behartig
sy kerkraad die voorlopige ondersoek.
Indien die kerkraad oordeel dat hy geskors
moet word, geskied dit in ooreenstemming met 'n
kommissie wat die ring vir die doel aan-
gewys het. Indien geoordeel word dat
hy afgesit moet word, besluit die volle
ring daarvoor. Die ring kan 'n naburige
ring raadpleeg.

RING VAN KLERKSDORP

BESKRYWINGSPUNT

Herroeping en wysiging van artikel 55 om as volg
te lui:

Ampsdraers val onder die opsig en tug van die
kerkraad. Die kerkraad by ontvangs van 'n klag
teen die leraar maak 'n prima face saak
uit deur 'n ondersoek oor die erns en gewigtigheid
van die klag en roep indien nodig die hulp in van
die ring vir die finale ondersoek en afhandeling
van die klag en indien nodig die toepassing van die
tug.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die beginsel dat die kerkraad self sterker by tug
oor ampsdraers figureer, is kerkregtelik korrek.
Verder word die ring van Klerksdorp verwys na die
nuwe artikel 55 en 56 soos deur die Kommissie vir
Regte hierbo voorgestel is.

ARTIKEL 56

OU REDAKSIE

56. Wanneer tugmaatreëls toegepas word, word van die volgende gebruik gemaak na gelang van die vergadering wat tug uitoefen.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Vervang punt met dubbelpunt.

56.1 Belydende lidmate

- 56.1.1. 'n bestraffing in of buite die vergadering van die kerkraad;
- 56.1.2. sensuur, wat bestaan uit die onthouding an die heilige bondseëls, sowel as die opskorting van lidmaatsregte, tot tyd en wyl daar bewys van grondige berou is;
- 56.1.3 waar sensuur toegepas is en die lidmaat in die sonde volhard mag hy deur die kerkraad, na raadpleging van die ring, van die gemeente afgesny word deur die gebruik van die betrokke formulier.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

SKRAP IN 56.1.3. DIE WOORDE

"na raadpleging van die ring".

56.2 Dooplidmate

- 56.2.1 'n Bestraffing in of buite die vergadering van die kerkraad;

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

- 56.2.1 word : " 'n bestraffing in of buite die vergadering van die kerkraad, indien moontlik in teenwoordigheid van die ouers van die dooplidmaat en indien nodig ook gerig aan die adres van die ouers;".

56.3 Kerkraadslede

- 56.3.1 'n bestraffing in of buite die vergadering van die ring;

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Dit word :

" , bestraffing in of/buite die betrokke vergadering (vgl artikel 55 en 56) en/of"

- 56.3.2 skorsing in die diens tot tyd en wyl daar bewyse van grondige berou is;

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

VOEG "OF" BY NA DIE KOMMAPUNT.

- 56.3.3 afsetting uit die diens deur die ring.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

SKRAP

"deur die ring"

56.4 Evangeliedienaars

- 56.4.1 'n bestraffing binne of buite die vergadering van die ring;

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

DIT WORD

" 'n bestraffing binne of buite die betrokke vergadering (vgl artikel 56) en/of"

56.4.2 skorsing geskied

- 56.4.2.1 vir 'n vasgestelde tydperk met verlies van traktement en toelaes; of
- 56.4.2.2 vir 'n onbepaalde tydperk met ontslag uit die diens van die gemeente of die kerkverband, met verlies van traktement en toelaes en met opskorting van sy voorreg om beroep te word;
- 56.4.2.3 afsetting uit die diens deur die sinode op aanbeveling van die ring wat, nietigverklaring van die akte van legitimasie insluit. Dit geld ook vir proponente, emeriti en teologiese dosente.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

VERVANG DIT MET

- 56.4.2. skorsing wat geskied vir 'n vasgestelde tydperk met behoud van traktement en behuisingsvoordeel, maar met verlies van ander toelaes; of

- 56.4.3. afsetting uit die diens ooreenkomstig artikel 56, wat nietigverklaring van die akte van legitimasie insluit. Dit geld ook vir emeriti en teologiese dosente.

REG TOT APPEL

- 56.5 'n Aangeklaagde wat hom deur die uitspraak van 'n kerkvergadering beswaard voel, het die reg tot appel op die volgende meerdere vergadering, t.w. die ring of sinode.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

VERVANG DIT WAT NA APPEL STAAN MET :

tot by die ring en sinode in hierdie volgorde.

- 56.7 Tugmaatreëls word opgehef in die geval van

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE
Voeg 'n opskrif in: OPHEFFING

56.7.1.2 wanneer 'n lidmaat deur die gebruik van die formulier van die gemeente afgesny is, en hy hartgrondige berou betoon en bewys en verlang om weer in die gemeente opgeneem te word, sal die kerkraad, as hy oortuig is van die egtheid daarvan, die lidmaat weer in die gemeente opneem met die gebruik van die betrokke formulier, wat insluit aflegging van belydenis van geloof na approbasie deur die gemeente.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Vervang die laaste sinsnede wat begin met "wat insluit aflegging van" deur : "en ooreenkomstig art 34.3".

56.7.2 In die geval van kerkraadslede word die sensuur, skorsing en/of afsetting opgehef deur die ring wat die tug toegepas het, op aanbeveling van die kerkraad onder wie se opsig hy hom bevind.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

WYSIG DAT DIT LEES

".....opgehef deur die betrokke vergadering wat die tug toegepas het." Skrap uit ou redaksie "ring wat die tug toegepas het, op aanbeveling van hy hom bevind."

56.7.3 Evangeliedienaars

56.7.3.1 Opheffing van sensuur en skorsing vind plaas deur die ring wat die tug toegepas het, op aanbeveling van die kerkraad onder wie se toesig hy hom bevind en met beroepbaarstelling deur die ring.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

VERVANG MET

Opheffing van sensuur en skorsing vind plaas deur die betrokke vergadering.

56.7.3.2 Herstel in die amp na afsetting of bedanking as predikant vind plaas deur die Kuratorium op voorstel van die ring wat hom geskors het of binne wie se ressort die gemeente is waar hy gedien het tot by sy afsetting of bedanking en wel op die aanbeveling van die kerkraad onder wie se toesig hy hom bevind

en beroepbaarstelling na Colloquium Doctum.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

VERVANG MET

Herstel in die amp na afsetting of losmaking as predikant vind plaas deur die ring wat hom afgesit of wat sy losmaking hanteer het en wel op aanbeveling van die kerkraad onder wie se toesig hy hom bevind, waarna hy beroepbaar gestel word na Colloquium Doctum.

56.7.3.3. In die geval van ergerlike sondes soos owerspel, onsedelikheid, moord, meened, diefstal en wat verder deur die sinode as sodanig beskou mag word, mag geen vergadering verlof tot herstel in die amp verleen nie. Derglike gevalle kan alleen by hoë uitsondering, nadat gunstige aanbevelings van alle betrokke instansies ontvang is, deur die sinode in sitting oorweeg word.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

1. Voeg in voor "diefstal" : "growwe".
2. Vervang "die" sinode in laaste sinsnede met " 'n " sinode.

BEPALING 13

13.1 'n Belydende lidmaat wat nie onder sensuur is nie, kan by 'n kerkraad en/of ring skriftelik 'n klag of klagtes teen 'n belydende lidmaat(e) of ampsdraer(s) inlewer in verband met dwaling in leer en/of lewe, met kennisgewing aan die beklaagde.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

1. Skrap "en/of ring"
2. Vervang "beklaagde" met "aangeklaagde".

ARTIKEL 57

OU REDAKSIE

57. KERK EN OWERHEID

57.1 Die Kerk, plaaslik sowel as in sy verband, vind die grond van sy bestaan nie in die wilsuiting van sy lede nie, maar in die vrymagtige raadsbesluit en welbehag van die Drie-enige God, en is in sy ontstaan, bestaan en voortbestaan soewereïen in eie kring.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

1. Vervang "Kerk" met "kerke".

2. Skrap "sy" net voor "verband".
3. Waar "sy" dui op "kerk", moet "sy" vervang word met "hul".
4. Skrap "sy ontstaan"

57.2 Die Kerk as instituut onderwerp hom aan die gesag en wette van die owerheid in soverre die owerheid nie met die Woord van God in stryd kom nie.

57.3 Die Kerk aanvaar met dankbaarheid die beskerming deur die owerheid, asook die erkenning van sy onvervreembare reg tot die beoefening van vryheid van godsdienste in belydenis en byeenkoms. (N.G.B.36)

57.4 Die kerk aanvaar dit as sy heilige roeping om steeds profeties en getuigend die owerhede in die wêreld waarin hy bestaan, aan te spreek.

57.5 Wanneer 'n kerklike vergadering die owerheid oor 'n bepaalde aangeleentheid moet nader, moet dit deur die afgevaardigdes van die betrokke kerkvergadering geskied.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

1. Vervang "Kerk" telkens met "kerke"
2. Waar "sy" na "kerk" verwys het, moet die "sy" nou met "hul" vervang word.
3. Voeg by artikel 57.5 net na "dit" die woorde "skriftelik of" in.

NOTA

Ook in artikel 58, 59, 60 en 61 word "Kerk" telkens vervang met "kerke"; en "sy" met "hul" (waar toepaslik).

ARTIKEL 59.2

Die Kerk sal hom daarvoor beywer om die Protestant-Christelike karakter van ons volk te beskerm, te behou en uit te bou.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

"Protestant-" moet wees "Protestants-"

EKUMENIESE BETREKKINGE

61.1 Die Kerk strewe steeds daarna om met ander Christelike kerke kontak op te neem en te behou, veral met kerke wat die naaste aan hom staan in belydenis.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die sin moet so begin

Die kerke in kerkverband strewe steeds

61.2 Met kerke van gereformeerde belydenis en kerke in die

buiteland word, sover moontlik, deur middel van korrespondensie Christelike gemeenskap beoefen en hulle emigrerende lidmate word met attestasie ontvang nadat die vereistes van die K.O. m.b.t. lidmaatskap nagekom is.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

VERVANG MET

Met kerke van Gereformeerde belydenis binnelands en buitelands word, sover wenslik, deur middel van korrespondensie Christelike gemeenskap beoefen. Immigrante van Gereformeerde belydenis word in plaaslike kerke met attestasie ontvang nadat die vereistes van die K.O. m.b.t. lidmaatskap nagekom is.

61.3 Met ander kerke van algemene Protestants-Christelike belydenis sal, sover dit moontlik en prakties is, kontak gesoek word.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Vervang "moontlik" met "wenslik".

NOTAS

1. Die numering van sekere artikels en bepalinge sal na afloop van die sinode 1988 verander word met die oog op publikasie.
2. Hierdie Kommissie vra dat hy voortaan as die Kerkregtelike Kommissie bekend sal staan.

NOTAS

1. Die numering van sekere artikels en bepalinge sal na afloop van die sinode 1988 verander word met die oog op publikasie.
2. Hierdie Kommissie vra dat hy voortaan as die Kerkregte-ke Kommissie bekend sal staan.

AANBEVELINGS VAN KOMMISSIE VIR REGTE
I.V.M. DIE ORDEREËLS

1. Op 'n gemeentevergadering het slegs belydende lidmate van die betrokke gemeente stemreg, en die aanwesige stemgeregtigdes vorm 'n kworum.

KOMMISSIE VIR REGTE

1. Opskrif : STEMREG
 2. Vervang "gemeentevergadering" met "kerkraadsvergadering waartoe die gemeente opgeroep is."
2. 'n Kerkraadsvergadering is 'n geslote vergadering tensy die vergadering anders besluit.
 3. 'n Meerdere vergadering is 'n ope vergadering tensy die vergadering anders besluit.
 4. 'n Kommissievergadering is 'n geslote vergadering.
 5. 'n Geslote vergadering besluit self wanneer hy nie-lede tot die vergadering wil toelaat sonder dat die geslotenheid van die vergadering daardeur opgehef word.

KOMMISSIE VIR REGTE

Ordereëls 2 tot 5 moet opskrif hê :

GESLOTE EN OOP VERGADERINGS

BESKRYWINGSPUNT : BOSVELD

BESLUIT :

Die ring stel voor dat die ordereëls vir kerklike vergaderings soos vervat in punt 2 in die Kerkorde gewysig word om soos volg te lees: 'n kerkraadsvergadering is 'n ope vergadering tensy die kerkraad anders besluit.

MOTIVERING

Die onderlinge vertroue wat tussen die kerkraad en

die gemeente bestaan is kosbaar en sal versterk word as die lidmate bewus is van besluite wat die kerkraad neem. Die kerkraad kan besluit dat die vergadering geslote sal wees as omstandighede dit regverdig by wanneer 'n persoon bespreek word.

KOMMISSIE VAN REGTE

Nie aanbeveel nie.

6. Van enig lid van 'n vergadering word verwag om die vergadering by te woon. Van 'n lid wat onvermydelik afwesig moet wees, behalwe 'n lid van 'n gemeentevergadering, word verwag om vooraf verskoning te maak met opgaaf van rede(s) by die Skriba of 'n lid van die vergadering.

8. Geen lid mag 'n vergadering verlaat sonder verlof van die vergadering nie.

KOMMISSIE VIR REGTE

1. Ordereëls 6 en 8 hoort bymekaar en moet onder die opskrif AFWESIGHEID BY VERGADERING staan. Die numering van ordereël 8 (en7) sal gevolglik verander.
2. Vervang "gemeentevergadering" in 6 met "kerkraadsvergadering waartoe die gemeente opgeroep is".
7. 'n Volstrekte meerderheid van die lede van 'n vergadering vorm 'n kworum, uitgesonderd 'n gemeentevergadering waar die aanwesige stemgeregtigde lede 'n kworum uitmaak.

KOMMISSIE VIR REGTE

1. Opskrif: KWORUM
2. "Gemeentevergadering" word "kerkraadsvergadering waartoe die gemeente opgeroep is".
3. 'n Kerklike vergadering word met Skriflesing en gebed (en verkieslik sang) geopen en met gebed afgesluit.

KOMMISSIE VIR REGTE

Opskrif: OPENING EN AFSLUITING

10. Die skriba stel in oorleg met die voorsitter 'n voorlopige agenda op, wat na opening van die vergadering deur die vergadering gefinaliseer en vasgestel word.

KOMMISSIE VIR REGTE

- 1. Opskrif bo 10 en 11 : SAKELYS
- 2. Vervang "agenda" met "sakelys".

12. Die voorsitter stel lede aan die woord in die volgorde waarin

KOMMISSIE VIR REGTE

Opskrif bo 12 tot 14 : SPREEKBEURTE

13. 'n Lid mag nie meer as tweemaal oor dieselfde saak praat nie, op 'n sinode slegs eenmaal, behalwe 'n voorsteller wat die reg van repliek het.

KOMMISSIE VIR REGTE

Voeg na "voorsteller" in "en rapporteur".

15. Oor enige saak aan die orde gestel, kan slegs een voorstel gemaak word, met dien verstande dat amendemente op die voorstel ingedien kan word wat die voorstel wysig.

KOMMISSIE VIR REGTE

Opskrif bo 15, 16 en 18: VOORSTELLE EN AMENDEMENTE

16. 'n Voorstel en amendemente moet skriftelik en gesekondeer ingedien word en kan alleen met verlof van die vergadering teruggetrek word, met dien verstande dan indien 'n voorstel teruggetrek word, die eerste amendement in die plek van die voorstel tree.

KOMMISSIE VIR REGTE

- 1. Voeg na "amendemente" in: "op meerdere vergaderings".

2. Drukfout "dan" i.p.v. "dat".

3. Ordereel 18 moet net na 16 kom.

18. In die geval van 'n voorstel en amendement(e) word die amendement(e) eerste tot stemming gebring in opgaande orde vanaf die laaste wat ingedien is, en daarna die voorstel.

17. 'n Ordemosie is 'n voorstel dat (a) sake in 'n bepaalde orde behandel moet word of (b) bespreking oor 'n saak aan die orde beëindig moet word en dadelik daaroor gestem moet word of (c) van 'n saak onder bespreking afgestap word. 'n Ordemosie kan op enige tydstip gedurende die voort-

gang van die bespreking ingedien word en daaroor word dadelik sonder bespreking gestem. Dit word egter aan die oordeel van die voorsitter gelaat om die mosie te weier as hy van mening is dat dit aangewend word om 'n behoorlike bespreking van die onderwerp te voorkom.

KOMMISSIE VIR REGTE

- 1. Die ordereel moet na die huidige 18 kom. Numering moet dan reggestel word.

2. Opskrif bo huidige 17: ORDEMOSIE

3. ".....gelaat...." in laaste sin moet wees "oorgelaat".

19. 'n Vergadering moet sy besluit(e) met volstrekte meerderheid van die aanwesige lede neem.

KOMMISSIE VIR REGTE

Opskrif : BESLUIE

20. Geen lid mag sonder verlof van die vergadering buite stemming bly nie.

KOMMISSIE VIR REGTE

Opskrif : BUIE STEMMING

21. By staking van stemme oor sake mag die voorsitter naas sy gewone stem ook 'n beslissende stem uitbring. By staking van stemme oor persone word deur die lot beslis.

KOMMISSIE VIR REGTE

Opskrif : STAKING VAN STEMME

22. Oor persone moet per geslote stembrief gestem word.

KOMMISSIE VIR REGTE

Opskrif: STEMMING

23. Persone wat die vergadering in adviserende hoedanigheid bywoon, mag met die toestemming van die vergadering aan die bespreking deelneem, dog het nie stemreg nie.

KOMMISSIE VIR REGTE

Opskrif: ADVISEURS

24. Dit staan enige lid van die vergadering vry om skriftelik met of sonder opgawe van redes te laat aanteken dat hy teen 'n bepaalde voorstel

of amendement(e) gestem het of afwesig was toe
in bepaalde besluit geneem is.

KOMMISSIE VIR REGTE

Opskrif: AANTEKENING VAN TEENSTEM

25. In Besluit van die kerkraad kan in hersiening geneem word teen die einde van die vergadering waarop dit geneem is indien die vergadering met 'n meerderheid stemme daartoe toestem. In Kennisgewing van hersiening kan gegee word om by die volgende vergadering voor die kerkraad te dien.

KOMMISSIE VIR REGTE

Opskrif bo 25 en 26 : HERSIEN VAN BESLUIT (REVISIE)

27. Die kerkraad, ring en sinode benoem permanente en tydelike kommissies na goedvinde. Kommissies van die kerkraad is verantwoordelik teenoor die kerkraad. Die kommissies van die meerdere vergaderings is verantwoordelik aan die volgende betrokke meerdere vergadering.

KOMMISSIE VIR REGTE

Opskrif : PERMANENTE EN TYDELIKE KOMMISSIES

28. Die notule van 'n kerkraadsvergadering word by die volgende vergadering gelees, of na vooraf sirkulasie by die vergadering as gelees geag, goedgekeur en geteken deur die voorsitter en alle aanwesige lede, tensy die vergadering besluit om die notule anders te hanteer.

KOMMISSIE VIR REGTE

Opskrif bo 28 tot 30 : NOTULE

30. Die notule van 'n kommissievergadering word na afloop van die vergadering gelees, goedgekeur en geteken deur alle lede van die vergadering.

RING VAN SUIDKUS:

Vervang hele punt soos volg:

Die notule van 'n kommissievergadering word by die volgende vergadering gelees, of na vooraf sirkulasie, by die vergadering as gelese beskou, goedgekeur en onderteken deur die voorsitter en skriba.

MOTIVERING

Soos die punt nou lees is dit onprakties. Dit is goed as daar meer eenvormigheid bestaan by al die vergaderings van die kerk. (Vgl punte 28 en 29)

KOMMISSIE VIR REGTE

Vervang ou ordereel 30 met die soos voorgestel deur die Ring van Suidkus 1988.

BESKRYWINGSPUNT: DIE RING VAN LICHTENBURG I.S. PERSOONLIKE VISITASIE

KERKVISITASIE

Die sinode beveel aan dat kerkrade jaarliks deur verteenwoordigers van 'n ringsgemeente se kerkraad besoek word en dat tydens die besoek 'n onderwerp (deur die ringsvergadering bepaal) behandel word. Die besoekende kerkraad doen skriftelik verslag by die eersvolgende ringsvergadering.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die sinode verwys hierdie saak na alle ringe van 1989 wat daarvoor moet besin en dan hulle bevindinge aan die permanente kommissie vir regte van die sinode 1988 moet deurgee. Die kommissie moet dan by die sinode van 1989 'n aanbeveling doen.

BESKRYWINGSPUNT : WATERBERG

Die sinode besluit dat die gemeentelike verslagvorm voortaan nie die werk van die visitatore sal oorvleuel nie.

(Motivering soos in 1-6 - Beskrywingspunt 10).

MOTIVERING

1. Een van die werksaamhede van die ring is om kerkvisitasie te doen (KO art. 37.1). Art 9.6 stel dat "die ring besluit in verband met kerkvisitasie".
2. Dit beteken dat die ring visitatore benoem, die kerke wat besoek moet word aanwys, bepaal hoedanig die verslag moet wees, ens.
3. Die DKO het bepaal dat visitatore deeglike visitasie moet doen. Dit het sake soos vervat in ons huidige verslagvorm behels. Toe dit gebeur dat die gemeentes in SA klein en ver uitmekaar geleë is en dat die predikante min was, het die ring algaande op sy vergadering self die visitasie begin doen.

4. Dit kan dus goedskiks gereël word dat die ring intensiewe vrae soos in ons verslagvorm vervat aan visitatore oorlaat en dat laasgenoemde slegs baie globaal aan die volgende ring rapporteer. Die ring kan daarbenewens een enkele aspek per jaar neem (bv prediking of evangelisasie, ens) en daarvoor 'n intensiewe vraelys opstel.
5. Indien die werkwyse van 4 hierbo gevolg word, kan die visitatore baie intensiewe aandag en hulp plaaslik en terstond verleen waar nodig. Dan hoef probleme nie onnodig op die ringstafel te kom nie. Hulle kan opgelos word sonder dat dit aan die groot klok gehang word.
6. Indien ons met die huidige verslagvorm voortgaan, het dit seker nie veel sin om nog visitatore ook te benoem nie.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die sinode verwys hierdie saak na alle ringe van 1989 wat daarvoor moet besin en dan hulle bevindinge aan die permanente Kommissie vir Regte van die sinode 1988 moet deurgee. Die permanente kommissie moet dan by die sinode van 1989 'n aanbeveling doen.

BESKRYWINGSPUNT : RING VAN NABOOMSPRUIT

Die sinode besluit dat die "gemeentelike verslagvorm aan die ring" nie ook aan die Sentrale Kerkekommissie gestuur word nie (Motivering soos in 1-3 Beskrywingspunt 9).

MOTIVERING:

Op bladsy 1 van die gemeentelike verslagvorm word gemeld dat 'n kopie na die Sentrale Kerkekommissie gestuur moet word. Dit is kerkregtelik verkeerd.

MOTIVERING :

Hier is drie kerkregtelike beginsels ter sprake :

1. 'n Meerdere vergadering behandel slegs sake wat nie deur 'n mindere vergadering afgehandel kan word nie (vgl KO art. 23.2)

Hierdie verslagvorm kan deur die ring afgehandel word. Dit mag wel nodig wees om die gegewens van bld 1 en 2 (adresse en statistieke) aan die kerkkantoor deur te stuur. Die res van die verslagvorm gaan slegs die ring aan;

2. in die presbiteriale kerkregeringstelsel is daar nie een landswye groot "kerk" waarvan die verskillende gemeentes takke is wat aan die "kerk"

of "hoofkantoor" verslag moet lewer nie.

Volgens KO artikel 41.5 is die taak van 'n sinode onder andere om sake "wat in eerste instansie by hom tui shoort of by wyse van appel voor hom gebring word" te behandel. Wat by 'n sinode in eerste instansie tui shoort, is alle besluite wat al die kerke in kerkverband raak: wat gesing sal word, die liturgiese orde, watter kerke erken word, ens. Dit is al die dinge wat nie deur een kerk (gemeente) of deur een ring alleen besluit kan word nie.

Ons ring van 24-4-1988 kan alleen oor elke vraag in die verslagvorm handel. Gestel dit sou blyk dat kerk (gemeente) A se se predikante nie sy werk doen nie, is ons Ring alleen daarby betrokke en nie ander ringe elders in die land of 'n kommissie van 'n sinode nie. Selfs wanneer 'n predikant geskors moet word, is dit 'n saak van die betrokke ring en nie van 'n kommissie van die vorige sinode nie. (vgl KO artikel 56.4.1.). Die sinode kom eers te sprake by afsetting op aanbeveling van die ring (artikel 56.4.3.) - Let wel, die sinode en nie 'n permanente kommissie nie.

Wat wil die Sentrale Kerkekommissie met die verslae maak? Hulle is nie 'n paar "grootkoppe" of "hoofdominees" of die eintlike "kerk" wat rens "daar bo" die kerke regeer nie;

3. Elke plaaslike kerk (gemeente) is selfstandig, alhoewel nie onafhanklik nie.

Deur die verslae na 'n permanente kommissie van 'n sinode deur te stuur, wek die indruk dat die kerkrade onmondig is en eintlik rekening aan 'n hoër gesag (anders as God) ver skuldig is.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die Kommissie beveel aan dat die beginsel soos vervat in hierdie beskrywingspunt en motivering aanvaar word. Die Sentrale Kerkekommissie kan wel van elke gemeente adresse en statistiek aanvra.

1. BESKRYWINGSPUNT I.S. BESWARE TEEN BESLUIE

NUWE BEPALING 56.5.1 :

Wanneer 'n lidmaat 'n besluit van 'n kerkraad of 'n meerdere vergadering nie kan onderskryf nie, kan hy dit by wyse van 'n beswaarskrif of appel aanhangig maak.

56.5.1 BESWAARSKRIF

'n Beswaarskrif moet

- skriftelik wees
- die besluit waarteen beswaar aangeteken word, woordeliks aanhaal
- ingedien word by die kerkraad as dit handel oor 'n besluit van die kerkraad
- ingedien word by die ring (sinode) as dit handel oor 'n besluit van 'n vorige ring (sinode)
- duidelike gronde vir die beswaar aanvoer
- betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word

'n Beswaarskrif kan te enige tyd oor enige besluit ingedien word.

Die betrokke kerkraad of meerdere vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van die beswaarskrif deur na te gaan of aan bogenoemde formele vereistes voldoen is.

NUWE BEPALING 56.5.2 :

56.5.2 APPELSKRIF

- skriftelik wees
- die besluit waarteen appel aangeteken word, woordeliks aanhaal
- ingedien word by 'n ring indien appel aangeteken word teen 'n besluit van 'n kerkraad
- ingedien word by 'n sinode indien appel aangeteken word teen 'n besluit van 'n ring
- aantoon waarin die verontregting bestaan en/of waarin in stryd met die Skrif, ens. besluit is (vgl. Art 26)
- betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word.

Appel kan alleen aangeteken word binne 3 maande nadat 'n notule bevattende die besluit waarteen geappelleer word, goedgekeur is, met gelyktydige skriftelike kennisgewing aan die betrokke kerkraad of ringskommissie. 'n Appellant

kan reeds tydens die vergadering van die kerkraad of die ring wat 'n besluit neem, kennis gee van appel in welke geval die kerkraad of ring dadelik persone aanwys wat die verweer sal moet voorberei.

Die betrokke meerdere vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van die appel deur na te gaan of aan bg. formele vereistes voldoen is.

Wanneer 'n appel teen 'n kerkraadsbesluit by 'n ring dien, moet die afgevaardigdes van daardie kerkraad, as ook die appellant(e) by die beslissing buite stemming bly.

Wanneer 'n appel teen 'n ringsbesluit by 'n sinode dien, moet die afgevaardigdes uit die gemeentes in daardie rings ressort, asook die appellant(e) by die beslissing buite stemming bly kragtens die beginsel dat niemand regter in sy eie saak mag wees nie.

2. BESKRYWINGSPUNT I.S. EIENDOMSREG

Voeg besluit van die Sinode van 1987 (Acta p. 63, Art 100, punt 5) in die Kerkorde as Bepaling 29 :

NUWE BEPALING 29:

KERKLIKE EIENDOM

Die magte van die kerkraad van elke plaaslike Afrikaanse Protestantse Kerk is :

1. Om roerende en onroerende eiendom te besit, te koop, te verkoop, te ruil, as geskenk te aanvaar, te skenk, te verbind en die verbande te registreer, te belas deur serwitute of enige ander beswaring en sulke serwitute of beswaringe te registreer.
2. Om enige kontrak met enige ander party aan te gaan en sulke kontrakte te registreer indien deur die wet vereis.
3. Om op te tree as borg vir enige persoon of instansie gesamentlik met enige ander persoon of instansie of afsonderlik.
4. Om garansies uit te reik.
5. Om enige eis te bestry of in te stel in enige Hof in die Republiek van SA of enige ander land.

VESTIGING VAN EIENDOM, VERBANDE ENS.

Alle vaste eiendom, verbande hipoteke, notariële verbande, Notariële Aktes word geregistreer in die naam van :

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
(in Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners).

Die reg om met gemeente-aiendom roerend sowel as onroerend te handel berus by die kerkraad van die betrokke gemeente kragtens besluit van die kerkraad geneem op 'n gewone vergadering met meerderheid van stemme.

3. BESKRYWINGSPUNT APK MORGENZON : OPDRAG VAN LERAAR

Die ring versoek die sinode om die leraar se opdrag volledig in die Kerkorde te omskryf m.b.t. die bevestiging van nuwe lidmate en kerkraadslede.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Nie aanbeveel nie.

4. BESKRYWINGSPUNT RING KLERKSDORP : BEVOEGDHEID VAN VERGADERING WAARTOE GEMEENTE OPGEROEP IS.

Die ring van Klerksdorp versoek die sinode om hom duidelik uit te spreek oor die bevoegdheid van die Kerkraadsvergadering waartoe die gemeente uitgenooi is ten opsigte van besluite wat deur die Kerkraad geneem is. Veral besluite in verband met die aanwending van die gemeente se gelde lewer probleme.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die ring word verwys na nuwe Bepaling 6.5 (die ou art 32 wat nou gewysig is). Die gemeente het dus slegs mede-beslissende-stem t.o.v. die uitbring van 'n beroep van 'n predikant en t.o.v. die verkiesing van ampsdraers. Oor alle ander sake beslis die kerkraad alleen. Die kerkraad kan oor sake advies van die gemeente vra.

5. BESKRYWINGSPUNT RING SUIDKUS: TOELATING BY BEGRAFNISSE ENS.

Die ring van Suidkus versoek die sinode om te besluit dat die volgende bepaling in die Kerkorde opgeneem sal word :

Kerkrade behou die reg om self te besluit of hulle by besondere geleenthede soos by begrafnisse anderskleuriges in die kerk sal toelaat. Die eenheid in die gemeente moet gehandhaaf word.

MOTIVERING

Gemeentes se omstandighede verskil van plek tot plek daarom kan daar nie 'n bepaling vir alle gemeentes geld wat dieselfde is nie. Geleenthede en omstandighede verskil ook van tyd tot tyd.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die ring word verwys na bladsy 64 van die Acta van die sinode van 1987, Art 104 waar o.a. genotuleer is: "Die outoriteit van kerkrade kan nie herroep word nie, aangesien dit in die stigtingsakte van die Kerk bepaal word. Indien bywoning van 'n anderskleurige 'n steuring in die gemeente sal veroorsaak, moet dit afgekeur word. Die besluit moet dus eenparig aanvaar word deur die gemeentelede."

6. BESKRYWINGSPUNT APK BOSVELD : VERGADERINGS SKK

Die ring stel voor dat die SKK maandeliks vergader en die dagbestuur slegs in uitsonderlike gevalle sodat alle ringsgroepe oor die hele land deel kan hê in die besluitnemingsproses.

MOTIVERING

Aangesien die SKK nie op 'n gereelde basis vergader nie word die besluitneming deur die Dagbestuur gedoen wat nie verteenwoordigend is nie. Dit kan 'n ongesonde toestand skep waarin te veel bevoegdhede aan 'n paar persone gegee word.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Sinode keur dit goed. Selfs wanneer die dagbestuur in uitsonderlike gevalle vergader moet al hul besluite vir goedkeuring al dan nie voor die volle SKK gelê word. Die dagbestuur moet alle kontensieuse sake en aangeleenthede wat groot finansiële implikasies het, na die volle SKK verwys en nie self daarvoor besluit nie.

7. BESKRYWINGSPUNT RING VAN NABOOMSPRUIT : HERSTEL VAN STATUS

"Herstel van die status van predikante. Die sinode besluit dat gemeentes waar so 'n persoon laas gewoon het, in hierdie saak geken moet word."

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die ring word verwys na Art 56.7.3.2 en 3 wat herstel in die amp reël.

8. BESKRYWINGSPUNT RING NABOOMSPRUIT : "AMPTENARE"

Op die gemeentelike verslagvorm moet nie van "amptenare" (predikant, ouderling en diaken) gepraat word nie, maar van "ampsdraers".

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Goedgekeur

9. BESKRYWINGSPUNT RING VAN NABOOMSPRUIT : GEMEENTELIKE VERSLAGVORM

Daar word nie d.m.v. die gemeentelike verslagvorm aan die "kerk" verslag gelewer nie, maar aan die ring.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Goedgekeur

10. BESKRYWINGSPUNT RING SUIDKUS: KO ART 12.1

Die ring bespreek ook bepaling 12.1. Daar word gevoel dat die bepaling lomp is en die volgende word voorgestel en aanvaar: Dat die bepaling gewysig word om te lees: "Sondagskool strek van sesjarige tot elfjarige ouderdom, katkisasie strek van twaalfjarige tot sestien-jarige ouderdom"

Daar word besluit dat die voorsitter ook hierdie wysiging by wyse

van 'n gemotiveerde beskrywingspunt onder die hoof "Regte" sal voorberei en dat dit ook aan die SKK voorgelê sal word.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Nie aanvaar nie.

Die bestaande formulering van Bepaling 12.1 is duideliker en gee ook noodsaaklike aspekte deur wat in die formulering van Suidkus ontbreek.

11. BESKRYWINGSPUNT RING VAN PAARL BROSJURE

Die ring versoek die sinode om 'n kerkregtelike en kerkordelike korrekte bekendstellings brosjure van die APK lidmate te voorsien.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die SKK stel reeds so 'n brosjure in die vooruitsig. Voor publikasie moet dit egter aan die Kerkregtelike Kommissie voorgelê word vir insette indien lg dit nodig ag.

12. BESKRYWINGSPUNT APK SUIDKUS : GOEDKEURING VAN RINGSVERSLAE

Die sinode besluit dat ringsverslae deur 'n gemeentevergadering goedgekeur moet word.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die kerkraad is verantwoordelik vir die verslag. Die kerkraad kan die verslag vir kennisname en/of advies in sy geheel of gedeeltelik aan die gemeente voorlê, indien e.g. dit verkies.

13. BESKRYWINGSPUNT RING MOOT-SENTRAAL : BESLUIT TEEN KO ENS TER GOEDERTROU GENEEM

Die sinode besluit dat

Indien daar tot en met hierdie sitting van die Sinode deur kerkrade van ons kerk so opgetree is dat dit beskou kan word as 'n oortreding van die kerkorde of ander verordeninge van die kerk en indien dit gevind word dat sulke optredes te goeder trou begaan is dan sal sulke optredes nie aangevoer kan word as rede waarom besluite van kerkrade, ringe of die sinode onwettig beskou moet word nie.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Nie aanvaar nie. Sodanige besluite in goeder trou geneem, moet of herroep word, of daar moet by die betrokke meerdere vergadering gevra word vir kondonering.

14. BESKRYWINGSPUNT RING MOOT-SENTRAAL : JAARLIKSE WISSELING VAN VOORSITTERS E.A.

Die kerk nie op mense gebou nie:

Die Afrikaanse Protestantse Kerk moet daarop ingestel wees om nie rondom persone gebou te word nie. Gemeentes moet dus daarop ingestel word om figure soos hoofouderling en hoofdiaken en ander voorsitters jaarliks te laat verwissel. So ook die ampte op ringe.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Daar mag geen hiërargie in die kerk van Jesus Christus wees nie. As dit in 'n kerkraad of ring begin na vore tree, moet die kerkraad en ring self die saak regstel.

Die sinode kan egter nie hieroor voorskriftelik wees nie. Bepaling 9.7 in die KO is wel 'n maatreël om hiërargie in die ring te probeer voorkom. Dit mag egter in gevalle noodsaaklik wees dat 'n persoon herhaaldelik as voorsitter van 'n kerkraad of 'n kommissie verkies word weens sy kundigheid. As dit egter nie noodsaaklik is nie, is dit 'n gesonde praktyk om te wissel.

Die benaminge "leierouderling" en "leierdiaken" soos in die praktyk aangetref, is eintlik nie ooreenkomstig Art 4 van die KO verantwoordbaar nie. Dit is suiwerder om van die "voorsitter" van die ouderlingevergadering en van die "voorsitter" van die diakonie te praat.

15. BRIEF : APK BRONKHORSTSPRUIT: KONDONERING : BELYDENISAFLEGGING

Namens die eerwaarde kerkraad versoek ons u om die belydenis van geloof wat deur twee van ons lidmate afgelê is voor Ds R van Zyl wat nie 'n bevestigde leraar van ons kerk is nie, te kondoneer. Hierdie besluit is eenparig deur die kerkraad geneem.

Die belydende lidmate is die volgende
Joey Julande van Vuuren Geb 2/9/1970
Annelize Keyter geb 3/10/1970

Ons dank u en bid u die seën van die Allerhoogste toe.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Kondonering aanbeveel.

16. BESKRYWINGSPUNT APK WATERBERG: WYSIGING AAN KO

Die sinode: 1988 besluit dat die Kerkorde met Art 62 uitgebrei word:

WYSIGING VAN KERKORDE

62 Hierdie Kerkorde kan slegs deur 'n sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerke verander word en wel by wyse van 'n beskrywingspunt of 'n beswaarskrif aan 'n sinode.

BEPALING 62

62.1 Enige verandering aan 'n bestaande artikel of bepaling moet 'n duidelike weergawe van die ou redaksie asook van die voorgestelde redaksie bevat.

62.2. Indien 'n bykomende artikel of bepaling voorgestel word, moet die voorgestelde artikel woordeliks en volledig gegee word.

62.3 In alle gevalle moet die voorstelle behoorlik gemotiveer word."

MOTIVERING

Daar is tans geen kerkorde-artikel of bepaling waarin gereël word hoe die Kerkorde verander kan word nie.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Aanvaar.

17. BESKRYWINGSPUNT APK WATERBERG: WYSE WAAROP BESKRYWINGSPUNTE OP TAFEL VAN MEERDERE VERGADERINGS KAN KOM

Die sinode: 1988 besluit dat beskrywingspunt voortaan alleen op die volgende wyse op die tafel van 'n sinode mag kom :

1. Wanneer 'n individu (predikant, ouderling, diaken, lidmaat) 'n beskrywingspunt op 'n sinode wil laat dien, wend hy hom tot sy kerkraad wat sy gesekondeerde beskrywingspunt kan aanvaar en gewysig of ongewysig na die eersvolgende ring deurstuur met die versoek om dit as beskrywingspunt voor die eersvolgende sinode te lê. Indien die ring die beskrywingspunt ook aanvaar, stuur hy dit gewysig of ongewysig na die sinode deur. Sodanige suksesvolle beskrywingspunt word dan die van die kerkraad en eventueel van die ring.

MOTIVERING

- 1.1. Die kerkregtelike beginsel dat sake wat op 'n mindere vergadering afgehandel kan word, nie op 'n meerdere vergadering mag dien nie, word so gehandhaaf.
- 1.2 Op hierdie wyse word die insig van die persoon wat die beskrywingspunt aanvanklik opgestel het, deur sy kerkraad en 'n ring getoets en kan onnodige tydverkwisting op die sinode uitgeskakel word.
- 1.3 Indien hierdie prosedure gevolg word, kan die saak deeglik nagevors en gewysig word voordat dit op die sinode dien;

2. Indien 'n kerkraad of ring 'n voorgestelde beskrywingspunt nie aanvaar nie, kan die opsteller van die gesekondeerde beskrywingspunt sy beskrywingspunt laat vaar, of tragsgewys teen daardie besluit (nl om die beskrywingspunt nie te aanvaar nie) appel aanteken tot by die sinode. Op hierdie wyse kom die beskrywingspunt dan wel op die sinode. Die opsteller sal dan 'n appel volgens die voorgeskrewe appelvereistes moet indien.

MOTIVERING

- 2.1 'n Kerkraad en ring sal 'n beskrywingspunt slegs o gewigtige redes nie aanvaar nie. Die opsteller sal hom da opnuut behoorlik daarvan moet vergewis of sy beskrywingspunt van soveel kardinale belang is en werklik op beginsel gegrond is dat dit op 'n sinode moet dien.
- 2.2 'n Kerkraad en ring kan help voorkom dat sake wat reeds deur 'n vorige sinode gereël is, weer op die sinodetafel dien;
3. Indien die kerkraad 'n beskrywingspunt gewysig na die ring wil deurstuur, besluit die aanvanklik opsteller of hy die wysiging aanvaar. As hy dit nie aanvaar nie, kan hy teen die kerkraadsbesluit appelleer. Dieselfde geld vir 'n beskrywingspunt van die kerkraad by die ring;
4. 'n Kerkraad kan besluit om 'n beskrywingspunt op te stel en via 'n ring na 'n sinode stuur. Dan geld dieselfde beginsel as punte 2 hierbo;
5. 'n Ring kan self 'n eie beskrywingspunt oor sake wat by hom tuisheer opstel en aan 'n sinode deurstuur;
6. Permanente kommissies van 'n sinode kan beskrywingspunte wat met hul kommissiewerk direk verband het direk aan die volgende sinode voorlê.

Elke ring of sinode oordeel t.o.v. elke beskrywingspunt of die regte prosedure gevolg is. Indien bevind word dat dit nie gedoen is nie, is die beskrywingspunt onontvanklik.

18. BESKRYWINGSPUNT RING VAN LICHTENBURG: BYWONING VAN EREDIENSTE EN SPESIALE GELEENTHEDE DEUR ANDERSKLEURIGES

Die sinode versoek kerkrade om oorweging daaraan te verleen dat anderskleuriges nie deur lidmate uitgenooi word na ere dienste of spesiale geleenthede nie. Waar die bywoning van anderskleuriges gebeur, word lidmate versoek om ook op tree in die gesindheid van naasteliefde.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die ring word verwys na Acta Sinode 1987, art 104, p. 64 - kyk op besluit by punt 5 hierbo.

19. BESKRYWINGSPUNT RING VAN LICHTENBURG: BEROEPINGSTELSEL
Die Ring versoek die sinode om die huidige beroepingstelsel vir leraars grondig te ondersoek, hom oor die beginsels daaromtrent te verantwoord as standpunte deur die APK onderskryf. Indien nodig, kan aanpassings gemaak word.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die beskrywingspunt word na die te benoeme permanente Regskommissie verwys.

20. BESKRYWINGSPUNTE: DS E FRIIS

- 20.1 Die sinode word versoek om in die KO die SKK se samestelling te bepaal.

AANBEVELING KOMMISSIES VIR REGTE

Nie aanbeveel nie.

- 20.2 Die sinode word versoek om die magte en/of werksopdragte aan die SKK duidelik te omskryf. Daarmee saam moet die SKK se dagbestuur se magte beperk word. Die SKK en sy dagbestuur se funksie moet so omskryf word dat ons nie 'n Sinodale Kommissie en moderatuur herhaal nie.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Aanbeveel.

Die sinode besluit verder dat elke permanente kommissie t.o.v. homself en sy eie werksaamhede 'n reglement opstel vir beoordeling deur die volgende sinode.

- 20.3 Die sinode spreek hom uit dat geen predikant of emeriti uit ander kerke se status erken word alvorens hul deur die eksaminatore en regskommissie gekeur is nie.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Aanbeveel, maar vervang "eksaminatore en regskommissie" met "kuratorium".

- 20.4 Die sinode word versoek om die Kuratorium te verbreed.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die sinode besin self daaroor.

- 20.5 Die sinode wys die Kuratorium aan en nie die SKK nie.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Aanvaar.

- 20.6 Die sinode spreek hom uit oor die metode wat gevolg word i.v.m. die keuring van predikante.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Die metode of prosedure moet vervat word in die beoogde reglement wat deur die betrokke permanente kommissie opgestel moet word (kyk by beskrywingspunt 20.2 hierbo).

- 20.7 Die sinode benoem 'n kommissie van eksaminatore bestaande uit kundige predikante om predikante deeglik te keur. Die grootte van die kommissie moet 'n minimum van ses wees.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Nie aanbeveel nie. Die Kuratorium moet die keuring doen.

- 20.8 Die sinode word versoek om punt 16 van die ordereëls vir vergaderings so te wysig dat dit slegs vir meerdere vergaderings geld deur die woorde "meerdere vergaderings" in te voeg waar dit tuis hoort.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

(Dit is reeds so aanbeveel)

Aanvaar.

- 20.9 Die sinode verander die standpunt dat slegs predikante wie se name van die SKK kom, beroepbaar is. Indien 'n leraar deur 'n gemeente beroep word, moet hy voor sy bevestiging deur die eksaminatore goedgekeur word.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Nie aanvaar nie. Die Kuratorium behartig die beroepbaarstelling van alle proponente en predikante.

21. BESKRYWINGSPUNT SUIDKUS: AFGEVAARDIGDES NA SINODE

Die ring besluit eenparig om by die gemeentes aan te beveel dat naas 'n ouderling daar ook 'n diaken as afgevaardigde na die sinode oorweeg sal word.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Nie aanbeveel nie. Kyk die voorgestelde nuwe redaksie van art 38.1

22. BESKRYWINGSPUNTE PROF WJG LUBBE

Die volgende beskrywingspunte is van prof Lubbe ontvang nadat die Kommissie vir Regte die KO deurgewerk het. Die tyd beskikbaar het dit nie moontlik gemaak om hierdie beskrywingspunte te behandel nie.

AANBEVELING KOMMISSIE VIR REGTE

Hierdie beskrywingspunte word verwys na die tydelike Kommissie vir Regte van die Sinode: 1988

Bladsy agt-en-vyftig

BESKRYWINGSPUNTE VIR SINODE (22-26 Augustus 1988)

VIR AANDAG : KOMMISSIE VIR REGTE

KO ART 19
Voeg by na "nodig is;" : die insameling van middele, soos die kerkraad besluit vir die onderhoud van die gemeente.

KO ART 20.3
Voeg in voor "verkiesbaar" : as ouderlinge en diakens

Voeg in voor "lidmate" : manlike

BEPALING 5.2
"so spoedig doenlik" word "onmiddellik" na verkiesing"

MOTIVERING
'n Gemeente is volgens Bybel en Geref. Kerkreg eers dan volledig kerk as hy bevestigde ampsdraers het).

BEPALING 5.4
Vervang bestaande met
Die kerkraad besluit of daar vir elke vakante wyk afsonderlik gestem word of vir alle vakante wyke gelyktydig met toewysing van elke wyk na die verkiesing.

BEPALING 5.6, r.4
"na die afkondiging van die name" word
nadat die naam/name vir approbasie aan die gemeente bekend gemaak is.
(MOTIVERING Kyk KO 20.2)

r.2: "die reg" word reg
r.3: voeg in beswaar voor "wat"

Voeg toe:
BEPALING 5.8
By die stigting van 'n gemeente word die groslys vir 'n ampsdraer(s) aan die gemeente voorgehou en geleentheid vir beswaar per geslote stembrief aan stemgeregtigdes gegee. 'n Naam op die groslys waarteen beswaar ingebring word, word verwyder en die kerkraad (na bevestiging van ampsdraers) ondersoek die grondigheid van die beswaar so spoedig moontlik.

Bladsy nege-en-vyftig

KO ART 23.1
"kerkvergaderinge" word kerkvergaderings

KO ART 23.2
Vervang "Dieselfde geld kerkraad" met

23.3 'n Ring neem net sake in behandeling wat kerkordelik aan hom toegewys is of wat deur 'n kerkraad na hom verwys is of wat nie deur 'n kerkraad afgehandel kan word nie.

KO ART 27
Vervang "Die regering.....vergaderings" met

Aan kerklike vergaderings is regering opsig en tug opgedra soos kerkordelik aan elkeen toegewys is.

KO ART 28: r.3
Wysig om te lees

die Skrif en/of die Belydenisskrifte en/of die Kerkorde en/of ('n) ander sinodale besluit(e) kan hy appelleer"
(skrap "en die Geref. Kerkreg")

KO ART 30 r.2
Voeg in na "diakens"

van die plaaslike gemeente.

KO ART 30 r.3
Vervang "om besondere behartig met

die ouderlinge om sake wat die ouderlingsamp raak, en die diakens om sake wat die diakensamp raak, afsonderlik te behandel

BEPALING 6.1 R 4

Voeg in na "kerkraad" of die voorsitter van die kerkraad

BEPALING 6.2 r 5

"tien" word tien persent

BEPALING 7.1

Wysig "Die kerkraad lidmaatregister" om te lees

Die kerkraad lê 'n doop- en lidmaatregister aan en hou dit op datum.

BEPALING 7.2

Wysig om te lees

'n Attestaat word aan 'n belydende lidmaat

by vertrek uit sy gemeente na skriftelike aansoek by die kerkraad met goedkeuring van die kerkraad uitgereik vir oordrag aan 'n nuwe gemeente. So 'n attestaat is vir slegs drie maande na datum van uitreiking geldig, waarna by die betrokke kerkraad aansoek vir 'n nuwe uitreiking gedoen moet word.

BEPALING 7.3

Skrap

BEPALING 7.4

Wysig om te lees

Aan 'n belydende lidmaat wie se lidmaatskap deur een of ander beswaar of vorm van tug belas is, reik die kerkraad by vertrek uit die gemeente 'n attestaat met 'n toepaslike aantekening daarop uit, stuur 'n soortgelyke attestaat aan die kerkraad onder wie se toesig die vertrekkende lidmaat gaan val sodra laasgenoemde kerkraad bekend is, en maak 'n toepaslike aantekening in sy lidmaatregister. Die uitreikende kerkraad kan, as hy dit goedgevind, ook 'n verduidelikende brief aan die lidmaat se aanstaande kerkraad stuur.

BEPALING 7.5

Skrap "of bewys van lidmaatskap"

BEPALING 7.6 r.1

Vervang "bewys van lidmaatskap" met "attestaat"

8.4 Vervang "met vermelding voorsien" met

na navraag oor die gemeente en die predikant voor wie en naasteby wanneer belydenis afgelê is, die lidmaat 'n beëdigde verklaring voor die kerkraad laat aflê en daarna, met toepaslike aantekening in die lidmaatregister, so 'n persoon as lidmaat registreer.

BEPALING 7.7. r 2

Skrap "of bewys van lidmaatskap"

7.4 Vervang "word hy geag" met

verklaar die kerkraad voor die gemeente dat so 'n persoon nie lidmaat is nie.

'N GEREFORMEERDE KERK VAN CHRISTUS ONDER BLANKE AFRIKANERS

Verslag van die Permanente Jeugkommissie aan die Sinode in sitting vanaf Maandag 22 Augustus 1987 tot Vrydag 26 Augustus 1987.

OPSOMMING

1. Inleiding
2. Verslag oor werksaamhede
3. Aanbevelings:
 - 3.1 Aanbevelings rakende Sondagskool/Verbondsonderrig.
 - 3.2 Aanbevelings rakende Jeugaksies
 - 3.3 Aanbevelings rakende Huwelik en Gesinslewe
4. Beskrywingspunte
5. Begroting
6. Slot

1. INLEIDING

1.1 Personeel:

Die volgende lede het op die kommissie gedien:

Ds. O.D. Scheuer	Diaken: A van Rensburg (P) (Sekretaris)
Ds. P.L. Storm	Ouderling: J.E. Swarts (P)
Ds. P. Stans	Diaken: G.S. Maree (S)
Ds. P.W. Botha	Ouderling: I P Claassen (S)
Ds. I A Brink	Ouderling G G Luttig (S)
Ds. A.P. Viljoen (Voorsitter)	Ouderling J.M. de Beer (eie koste)
	Ouderling J.A. Hartman (eie koste)
	Ouderling B.J. Krüger (eie koste)

1.2 Vergaderings

Die kommissie het by twee geleenthede vergader:

- Dinsdag 16 Februarie 1988
- Vrydag 17 Junie 1988

2. EERSTE VERSLAG - WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMMISSIE

Die Permanente Jeugkommissie het sy taak as drievoudig beskou - aandag moes gegee word aan:

- Sondagskool;
- Jeugaksies en ander jeugaangeleenthede; en
- Huwelik- en gesinslewe.

By elk van die genoemde vergaderings is daar indringend aan bogenoemde sake aandag gegee en wel soos volg: (Slegs die hoofpunte word genoem)

2.1 Vergadering van Dinsdag 16 Februarie 1988

2.1.1 Sondagskool:

Die volgende sake het aandag geniet:

Register vir onderwysers
Registerkaarte
Puntetoekenning
Toekennings/Diploma
Afwesigheid
Evaluering
Sondagskool tydens Nagmaal
Skoling van Personeel
Bewys van bywoning by ander gemeentes
Aflegging van geloofsbelydenis
Verjaarsdagkaartjies
Handleiding vir onderwysers

Na bespreking word twee opdragte gegee:

Opdrag 1:

Ds. O.D. Scheuer word versoek om 'n handleiding op te stel vir gebruik by die Sondagskool en Katkisasie.

Opdrag 2:

Ds. A.P. Viljoen word versoek om aandag te gee aan die ontwerp van 'n diploma en seëls wat as toekennings gebruik kan word.

2.1.2 Jeugaksies en ander jeugaangeleenthede:

Hier het die volgende sake aandag geniet:

Jeugbeleid
Gemeentejeugkomitee
Boodskapper
Huisbesoek
Prediking
Kampe
Ringskakeling
Bybelkenniseksamen
Weermag en Universiteite

Na bespreking word daar besluit om 'n skrywe aan alle gemeentes te rig waarin hulle versoek word om 'n "Jeugverslag" te voltooi. Dié verslag is bedoel om aan die Permanente Jeugkommissie inligting te verskaf oor hoe die gemeentes oor die jeug voel en wat hulle graag vir die jeug wil hê.

Nadat dié "Jeugverslag" deur die Sentrale Kerkekommissie goedgekeur is, is dit op 29 April 1988 na alle gemeentes gestuur.

2.1.3 Huwelik en gesinslewe:

Die belangrikheid dat hierdié aspek besondere aandag in ons kerk moet geniet word deur Ds. L.H. Jacobs (aanvanklik lid van dié kommissie) geskets.

Hy word versoek om 'n Inligtingstuk in dié verband op te stel wat dan aan gemeentes gestuur kan word.

2.2 Vergadering van Vrydag 17 Junie 1988

2.2.1 Sondagskool

Die volgende sake het aandag geniet:

Sondagskoolhandboeke
Reëls vir die Sondagskool
Diplomas en seëls

2.2.2 Jeugaksies en ander jeugaangeleenthede:

By die vergadering het die volgende sake aandag geniet:

Gemeenteverslae
Boodskapper
Jeugbeleid
Kampe
Inligtingstukke
Embleem
Leuse
Naam vir Jeugaksies
Handleiding vir Jeugaksies
Handleiding vir Vakansie-Aksies
Handleiding vir Kinderkrans/Junior Verbondsjeug.

2.2.3 Huwelik en gesinslewe

By hierdie vergadering het die saak geen aandag geniet nie, aangesien Ds. L.H. Jacobs wat intens met dié afdeling van die kommissie se werksaamhede bemoeid was, deur die SKK van dié kommissie weggeneem is en na die kommissie vir Diens van Barmhartigheid verskuif is. (n Voorstel in dié verband volg later - kyk punt 3.3).

3. AANBELINGS:

3.1 Sondagskoolaangeleenthede:

3.1.1 Die Sinode bring dank aan die Here vir die seën wat gerus het op die skryf en uitgee van die APK se reeks

Sondagskool- en katekisasieboeke.

- 3.1.2 Die Sinode keur dit goed dat die drie genoemde redaksielede en die Jeugkommissie verantwoordelik sal wees vir die hersiening en herdruk van die reeks boeke.
- 3.1.3 Die Sinode besluit dat die hersiening en herdruk van die boeke soos volg moet geskied:
- Boeke waarvan genoeg eksemplare van die eerste oplaag (of tweede oplaag) voorhande is, nie herdruk sal word nie, maar dat die beskikbare boeke eers gebruik sal word.
 - Boeke waarvan die eerste oplaag uitgeput is of gedurende 1988 uitgeput sal raak, word herdruk na hersiening. Die hersiening sal egter nie drasties wees nie, maar slegs t.o.v. drukfoute, swak uitleg en illustrasies wat verbetering verdien. Die Sinode besluit verder dat 'n totale hersiening of herskrywe van die boeke, eers oor 'n paar jaar onderneem sal word.

MOTIVERING

Dit gaan in die eerste plek om finansies. Dit sou 'n verkwisting van geld wees om nou sommer alle boekies voor die voet te laat herdruk terwyl daar nog heelwat voorraad beskikbaar is. Tweedens is die kommentaar op die boekies ook oor die algemeen baie positief.

- 3.1.4 Die Sinode keur die "Reëls vir Sondagskool en katekisasie" wat deur Ds. O.D. Scheuer opgestel is goed. (Sien Bylaag I)
- 3.1.5 Die Sinode keur dit goed dat die benaminge Sondagskool en Katekisasie - soos tans gebruik - vervang word met die een term naamlik VERBONDSONDERRIG.

MOTIVERING

- + Dié term is eerstens Bybels verantwoordbaar en spel ook die kern van die doopformulier uit:

Hoewel ons kinders hierdie dinge nog nie verstaan nie, mag hulle nie daarom van die doop uitgesluit word nie, want God sluit die kind van die begin af in sy verbond in. Dit sê God reeds aan Abraham die vader van die gelowiges: "Ek sal my verbond oprig tussen My en jou nageslag na jou in hul geslagte as 'n ewige verbond om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou."

Die apostel Petrus bevestig dit met hierdie woorde: "Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.

"Ten derde beloof u en is dit u voorneme om hierdie kind van wie u vader en moeder (of oetoe) is, in die leer na u vermoë te onderrig en te laat onderrig?"

Ons hele kerk - sy ontstaan en voortbestaan - is tog van God se genadeverbond afhanklik. Ons wil mos juis ons kinders hierin onderrig!

- + Die term help ook om van die hele "skoolgedagte" ontslae te raak veral omdat die woordjie "skool" geensins daarin voorkom nie.
- + Die term Sondagskool skep ook soms verwarring by gemeentes, veral die kleineres, waar kinders nie op Sondag nie, maar in die week, Sondagskool toe gaan.
- + Dit vergemaklik ook die druk van onder andere die diplomas, en ander drukwerk. Sou die term Verbondsonderrig goedgekeur word kan slegs die term gedruk word i.p.v. Sondagskool en Katekisasie.

DIE KOMMISSIE BESEF DAT DIÉ NAAM AANVANKLIK "VREEMD" KLINK - MAAR HET DIE NAAM "AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK" NIE OOK EERS VREEMD GEKLINK NIE? VANDAG IS DIT DIE "MOOISTE" NAAM EN IS ONS TROTS OM LIDMATE DAARVAN TE WEES!!

- 3.1.6 Die Sinode keur goed dat daar 'n diploma gedruk word wat as toekenning dien vir getrouheid in die Verbondsonderrig (Bylaag II) Vergelyk ook punt 5 van Bylaag I
- 3.1.7 Die Sinode keur goed dat daar seëls gedruk word wat jaarliks aan kinders van verskillende ouderdomsgroepe toegeken word. BYLAAG III Vergelyk ook punt 5 van Bylaag I.
- 3.1.7 Die sinode keur goed dat daar ook 'n reeks spesiale seëls (eenmalig vir einde 1988) gedruk sal word ten einde ons kinders te "vergoed" vir die erkenning wat hulle reeds vroeër jare by ander kerke ontvang het. (BYLAAG IV)
- 3.1.8 Die sinode keur goed dat daar 'n spesiale diploma/sertifikaat gedruk word vir jongmense wat belydenis van geloof aflê. (Voorbeeld sal aan Sinode voorgehou word.)

3.2 Jeugaksies en ander jeugaktiwiteite

Vir kennisname

Die Sinode neem kennis dat:

- Ringe opnuut weer versoek word om binne ringsverband die moontlikheid van Skoolverwisselingskampe en Skoolverlaterskampe te ondersoek en ook daadwerklike pogings aan te wend om dié kampe te organiseer.
- Gemeentes en gemeentelêde weereens gevra word om name van kampterreine wat deur die Afrikaanse Protestantse Kerk gebruik sal kan word, onverwyld aan die Permanente Jeugkommissie deur te gee.

Vir goedkeuring;

Die Sinode keur goed dat:

- 3.2.1 Die Jeugbeleid van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos volg lui:

- Identifisering: Die jeug, voorskool tot naskool, is, en sal altyd deel bly van die plaaslike gemeente;
- Verantwoordelikheid: As lede van die plaaslike gemeente mag hierdie besondere deel van die kudde (die jeug) nooit verwaarloos word nie. Intendeel, met besondere aandag moet hulle herderlik goed versorg word, godsdienstig onderrig word en gelei word tot aktiewe, dienslewende lidmate.

- iii Einddoel: Die einddoel, naamlik om die jeug te lei tot 'n lewe van "Ons alles vir Christus" moet altyd die basis en kenmerk van die gemeente se jeugwerk wees.

Motivering:

Die doel wat so 'n Jeugbeleid dien is om op 'n kort en kragtige wyse uit te spel wat die kerk se standpunt is ten opsigte van wie die jeug is wat die kerk se verantwoordelikheid teenoor die jeug is asook wat die einddoel van die kerk se jeugwerk moet wees.

So 'n Jeugbeleid kan nuttig gebruik word om (a) kerkrade in te lig oor die belangrikheid van jeugwerk in die gemeente asook (b) om die jeug te verseker dat die kerk vir hulle omgee.

3.2.2 Die name wat vir die verskillende georganiseerde jeuggroepe in die gemeentes gebruik word is:

- laerskoolkinders - Junior Verbondsjeug
- Hoërskoolkinders - Senior Verbondsjeug
- naskoolse jongmense - Belydende Verbondsjeug.

Motivering

Net soos alle gemeentes byvoorbeeld van 'n "kerkraad" praat as die versamelnaam van ouderlinge en diakens, (en sommige dit nie noem die raad, indaba, komitee ens nie) so is eenvormigheid ten opsigte van die benaming van die kerk se georganiseerde jeug ook noodsaaklik.

Die naam Verbondsjeug word verkies en wel om die volgende redes:

- Dit is Bybels verantwoordbaar as Genesis 17:7 en Handeling 2:39 in gedagte gehou word.
- Dit onderskei die Afrikaanse Protestantse Kerk se georganiseerde jeug van ander kerke se jeugaksies met name soos Kinder-krans SKJA, BKJA, Jeugverenigings, ens.

3.2.3 Die leuse van die Afrikaanse Protestantse Kerk se Jeugorganiseerde Jeug (Verbondsjeug) is: "Ons alles vir Christus"

Motivering

- Die doel van so 'n leuse is om in 'n enkele sin die rede waarom die kerk se jeug georganiseer word saam te vat.
- Verder kan die jeug ook dié leuse saam met hulle embleem gebruik om hulle in die wêreld te identifiseer.
- Die leuse "Ons alles vir Christus" is Bybels verantwoordbaar. Lees gerus Matteus 16: 18 waar Christus die rots van die kerk genoem word. Ook 1 Petrus 2: 6 waar Christus as die hoeksteen beskou word. Juis vir Hom wil die jeug van die Afrikaanse Protestantse Kerk hulle alles gee!

3.2.4 Die embleem van die Afrikaanse Protestantse Kerk se georganiseerde jeug is presies dieselfde as dié wat deur die sinode vir die kerk goedgekeur word. Die leuse "Ons alles vir Christus" word net onder bygenoeg.

Motivering

- Van tyd tot tyd het die jeug tog die behoefte om hulleself te identifiseer-hulle is mos trots om in hulle plaaslike gemeente deel te wees van die georganiseerde jeug! Wat is beter as juis 'n embleem wat sierlik op 'n vaandel, banier, strooibiljet, T-hempie of plakker pryk!
- Die rede waarom dieselfde embleem as die van die kerk verkies word, is juis om die verbondenheid met die Afrikaanse Protestantse Kerk te bevestig. Die jeug is nie 'n groep buite die kerk nie, maar 'n groep wat deel is van die kerk!

3.2.5 Die Permanente Jeugkommissie aandag moet skenk aan die opstel van programsketse vir gebruik deur gemeentes by die onderskeie Verbondsjeugbyeenkomste.

Motivering

- Alhoewel hierdie programsketse nie op gemeentes afgedwing moet word nie, kan dit vir die gemeentejeugkomitee van groot nut wees deur hulle te voorsien van idees hoe om die jeug plaaslik te organiseer en wat om vir hulle aan te bied.
- Die feit dat alle leraars wat belangstel kan meewerk aan die programsketse het andersyds die voordeel dat predikante die geleentheid kry om te deel in dié besondere Koninkrykswerk en andersyds dat gemeentes landswyd kan deel in die vrug van ervare en bekwame dienaars van die Here.

3.2.6 Die Permanente Jeugkommissie van tyd tot tyd, soos die behoefte sal ontstaan, inligtingstukke moet opstel rakende verskeie aspekte van jeugwerk in die plaaslike gemeente soos byvoorbeeld:

- Hoe word 'n jeugkamp beplan?
- Hoe word 'n Vakansie-Aksie georganiseer?
- Hoe word 'n staptoer vir gemeentejongmense georganiseer?

Motivering:

Alhoewel hierdie inligtingstukke nie bedoel is om op gemeentes afgedwing te word nie, kan dit tog tot groot hulp wees vir voorgangers by die Verbondsjeugaksies aangesien die opstellers van die inligtingstukke persone sal wees met baie ondervinding in jeugwerk.

3.2.7 Daar ses (6) uitgawes per jaar sal verskyn van 'n jeugblad (Die Boodskappertjie) wat spesifiek gerig is tot ons jeug van voorskool tot matriek en ook dat een bladsy per maand in die Boodskapper afgestaan sal word vir ons naskoolse jeug.

Motivering:

meer ruimte beskikbaar vir o.a. artikels, briewe, wedstryde, penmaats, gemeentenuus
'n blad met 'n jeugkarakter waarmee kinders hulleself kan identifiseer.
'n blad wat die kind se eie is, wat hy/sy in die kamer kan bēre.
kinders hly op hoogte van wat in APK gemeentes landswyd gebeur.
'n "spogartikel" om die wêreld te wys ons kerk leef en ontvang sovele seëninge van BO.

3.2.8 Die Permanente Jeugkommissie jaarliks 'n groot, landswye jeugsaamtrek hou waar jongmense van oor die hele land bymekaar gebring word.

Motivering:

'n Jongmens is en sal altyd 'n groepsweese bly. Hulle wil graag weet en beloof dat hulle aan iets/iemand behoort. So 'n landswye saamtrek kan aan die een kant in dié behoefte voorsien en aan die ander kant die kerk die geleentheid bied om sy jongmense met die Woord van God te bedien.

3.3 Huwelik en gesinslewe

Die sinode beveel aan dat aangesien hierdie aangeleentheid so 'n belangrike deel van die kerk se pastorale sorg aan sy lidmate is, en ook vanweë die geweldige omvang van die Permanente Jeugkommissie se werk, hierdie saak eerder na 'n ander kommissie verwys word - moontlik Leer en Aktueel.

4. BESKRYWINGSPUNTE:

Die volgende beskrywingspunte is ontvang en deur die Jeugkommissie bespreek.

4.1 Indeling van klasse by Verbondsonderrig/Sondagskool

Ring van Suidkus

Vervang hele 12.1 soos volg: Die Sondagskool strek van 6 Jaar tot 11 jarige ouderdom, die katekisasie van 12 jaar tot 15 jarige ouderdom. Aanneming vind plaas vanaf 16 jarige ouderdom. Belydenisaflegging vind plaas na goedkeuring van die Kerkraad.

Motivering:

Die bepaling soos tans is onduidelik en vatbaar vir misverstand. Die ouderdomme is ook nie korrek aangehaal nie.

Ring van Derby:

Ouderdom belydenisaflegging

SINODE

Beskrywingspunt: Die Ring van Derby versoek die Sinode om Bepaling 12.1 so te wysig dat die toelatingsvereiste vir belydenisaflegging die voltooiing van die volle leerplan vir katekisasie en tenminste die ouderdom van 16 jaar sal wees.

Aanbeveling van Jeugkommissie

Die Sinode keur goed dat die Regskommissie bepaling 12.1 van die Kerkorde herformuleer met inagneming van punte 3.1 en 6 van die "Reëls in Sondagskool en Katekisasie."

4.2 Sondagskoolboeke:

Ring van Lichtenburg:

Sondagskoolboekies

boekies vir die uitstaande werk gelewer."

RING VAN DERBY:

Lesreeks Sondagskool en katekisasie

Sinode

Beskrywingspunt: Die Ring van Derby spreek sy hoë waardering en dankbaarheid uit vir die lesreeks wat opgestel is vir gebruik in ons kerk.

RING VAN BLOEMFONTEIN:

Die Ring van Bloemfontein wil langs hierdie weg ook sy innige en opregte dank en waardering uitspreek teenoor die opstellers van die Katekeseboekies. Ons is daarvan bewus dat al hierdie werk in 'n baie beperkte tyd en onder moeilike omstandighede geskied het. Voorsteller: Br H de Wet Lategan en sekondant Br O A Carlson.

RING VAN OLIFANTSHOEK

Die ring versoek dat die Sondagskoolboeke waar moontlik ter wille van koste nie dikwels verander moet word nie. Die ring versoek die S.J.K. om weer na boekies vir voorskoolse sowel as sub. A en B kinders te kyk aangesien daar gemeentes is wat die boekies te ingewikkeld vind. Gesien in die lig dat al die gemeentes nog nie leraars het nie, versoek die ring dat verwysings in die finalejaarsboek na 'n leraar weggelaat word. Die ring versoek die S.J.K. om riglyne te verskaf vir die evaluering van die Sondagskoolkinders sonder om 'n skoolatmosfeer te skep. Die ring versoek dat die lesse tot 27 beperk word.

RING VAN DENDRON

Die Ring betuig sy dank vir die lesreeks en boeke wat aan die Sondagskool en Katekisasie voorsien is.

Die Ring versoek die Sinode dringend dat die lesreeks vanaf ST. 1 op dieselfde basis opgestel word as die St. 3,4 en 7 boeke; nl. wat die orde volg van 7 dagstukkies uit die Bybel met die nodige bypassende lesinhoud. Aandag kan ook gegee word aan die groter betrokkenheid van ouers soos in die St. 9-boek.

AANBEVELING VAN JEUGKOMMISSIE

Die sinode neem met dank kennis van die positiewe opmerkings t.o.v. die handboeke en versoek die Jeugkommissie om by die hersiening van die boeke al die wenke wat deurgegee is ernstig te oorweeg.

4.3 Riglyne vir die aflegging van geloofsbelydenis

RING VAN KLERKSDORP

Besluit: dat die Ring van Klerksdorp met die oog op die erns van die aflegging van geloofsbelydenis, die Sinode versoek om duidelike riglyne daar te stel vir die vereistes waaraan sodanige aflegging behoort te voldoen, ook ten opsigte van ouderdom, geloofsekerheid en geestelike rypheid.

Voorgestel deur: Oudl. H.P.D. du Toit (Wilverdiend)
Sekondant: Oudl. J.M. de Beer (Wilverdiend)

Aanbeveling van Jeugkommissie

Die sinode versoek gemeentes om by die aflegging van geloofsbelydenis erns te maak met punt 6 van "Reëls in Sondagskool en Katkisasie."

4.4. Lesplanne vir voorgangers by Sondagskool:

RING VAN MIDDELBURG

Witbank vra lesplanne vir Sondagskool onderwysers

Bring onder aandag van Sinode dat daar 'n behoefte is vir opleidingstukke vir vir Sondagskool onderwysers

Aanbeveling van Jeugkommissie

Die sinode versoek die Permanente Jeugkommissie aan aandag aan die belangrike saak te gee.

4.5 Jeugbyeenkomste

RING VAN OLIFANTSHOEK

Die ring versoek die S.J.K. om aandag aan die volgende te skenk:

- i jeugsaamtrekke
- ii skoolverlaterskampe
- iii skoolverwisselingskampe

Daar moet gepoog word om bogenoemde op ringsvlak te organiseer as gevolg van die klein getal kinders per gemeente.

Aanbeveling van Jeugkommissie

Die Sinode neem kennis van die Ring van Olifantshoek se versoek. (Die sake geniet reeds aandag by die Jeugkommissie)

4.6 Benaming van Jeugaksies

RING VAN MOOT-SENTRAAL

Die Ring van Moot-Sentraal gee die volgende wenke van name deur aan die Jeugkommissie van die Sinode vir oorweging en moontlike voorlegging aan die Sinode:

- APKJA: Afrikaanse Protestantse Kerkjeugaksie
- PKJA: Protestantse Kerkjeugaksie
- APJ: Afrikaanse Protestantse Jeug
- PJA: Protestantse Jeugaksie
- ASJAS: Afrikaanse Studente Jeugaksies (Studente)

Voorsteller: Ds. NJ Rautenbach. Sekondant: oudl. H. Hornsveld

Aanbeveling van Jeugkommissie

Die sinode neem kennis van bogenoemde voorstelle maar bly by die besluit geneem by 3.2.2

4.7 VRAE IN RINGSVORMS

RING VAN MOOT-SENTRAAL

Vrae vir byvoeging by die Ringsvorms oor Jeug:

1. Word daar in die prediking aandag aan die jeug gegee?
2. Hoeveel preke per jaar word spesifiek aan die jeug gewy?
3. Is daar in gewone preke ook spesifieke inkleding vir die jeug?

Voorsteller: E J Bosman

Sekondant: M F M Pretorius

Aanbeveling van jeugkommissie

Die sinode versoek die Sentrale Kerkekommissie om by die opstel van die Ringsvorms bogenoemde vrae in gedagte te hou.

4.8 Diskriminasie van naskoolse jeug:

RING VAN BEAUFORT-WES

Die Ring van Beaufort-Wes versoek die Sinode om aandag te skenk aan die diskriminasie wat van ons naskoolse jeug ondervind t.o.v. aansoeke om werk asook latere bevordering.

Aanbeveling van Jeugkommissie

Die sinode neem met groot spyt kennis van die aangeleentheid en versoek die kommissie vir Aktuele Sake om hieraan aandag te gee.

4.9 Kerk se houding teen die ACSV.

RING VAN DENDRON

Die Ring versoek die Sinode om leiding te gee i.v.m. die kerk se houding teenoor die A.C.S.V.

Aanbeveling van Jeugkommissie

Die sinode beveel aan dat gemeentes so ver moontlik hulle jeug self organiseer sodat hulle (die jeug) by hulle plaaslike gemeente 'n geestelike tuiste kan vind.

5. Begroting vir 1988/89

1. Verhaalbare kostes:

Diplomas en sertifikate vir finalejaars (15,000)	R 1 300.00
Seëls-gewone en eenmalige stel (75,000)	R 2 052.50
TOTAAL	<u>R 3 352.50</u>

2. Nie verhaalbare kostes:

Reiskoste van kommissielede (2 vergaderings)	R 5 000.00
Inligtingspamflette	R 2 000.00
Boodskappertjies (6 uitgawes @ R850.00)	R 5 100.00
per uitgawe opplaag 10,000	<u>R12 100.00</u>

6. SLOT

Dit was vir elke lid van die Jeugkommissie 'n besondere voorreg om die afgelope jaar op dié wyse die Koning van die Kerk te kan dien.

Mag die Afrikaanse Protestantse Kerk nooit sy kinders en jongmense afskeep nie, maar altyd die woorde van Jesus onthou:

"Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie."
Mattheus 19:14

BYLAAG I

REÛLS VIR DIE SONDAGSKOOL EN KATKISASIE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE

KERK

1. Algemeen

1. Die kerkraad is in die eerste instansie verantwoordelik vir die onderrig wat aan die dooplidmate van die gemeente gegee moet word. Sover moontlik moet hierdie onderrig deur kerkraadslede self waargeneem word. Ander onderwysers wat aangestel word moet deur die kerkraad gekeur word. Periodiek moet by die kerkraad verslag gedoen word oor die werk (ten minste eenkeer per jaar).
2. Die Sondagskool- en katekisasie-onderrig vorm 'n deel van die jeugarbeid van die kerk en moet geïntegreer word met die georganiseerde Jeugaksie van die gemeente.
3. Die leerboeke waarvan gebruik gemaak moet word, is dié wat opgestel en uitgegee is deur die Jeugkommissie, in opdrag van die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk.

2. Vereistes wat deur dooplidmate nagekom moet word

1. Getroue bywoning van die klasse.
2. Getroue erediensbywoning.
3. Getroue lesvoorbereiding en uitvoering van werkopdragte soos deur die onderwyser opgedra.
4. Meelewing in die klas deur aandag, die vra van vrae en deelname aan bespreking.
5. Die aflegging van toetse wanneer dit gereël word.
6. 'n Voorbeeldige lewenswandel wat getuig van liefde vir die Here, sy Woord en kerk is.
7. Inskakeling by die Kinderkrans/Jeugaksie.

3. Klasse in die Sondagskool en katekisasie

3.1 Indeling van klasse

Daar is die volgende afdelings in die Sondagskool en katekisasie:

1. Die Kleuter-afdeling (3-5 jaar oud) - My eerste werkboek
2. Die Junior-afdeling

Graad 1 / Sub A	(6 tot 7 jaar oud)	-	Leer en vertrou 1
Graad 2 / Sub B	(7 tot 8 jaar oud)	-	Leer en vertrou 2
Standaard 1	(8 tot 9 jaar oud)	-	Leer en Vertrou 3
Standaard 2	(9 tot 10 jaar oud)	-	Leer en Glo 1

Standard 3	(10 tot 11 jaar oud) - Leer en Glo	2
Standard 4	(11 tot 12 jaar oud) - Leer en Glo	3

3. Die Senior-afdeling

Standard 5	(12 tot 13 jaar oud) - Leer en Lewe	1
Standard 6	(13 tot 14 jaar oud) - Leer en Lewe	2
Standard 7	(14 tot 15 jaar oud) - Leer en Lewe	3
Standard 8	(15 tot 16 jaar oud) - Leer en Lewe	4
4. Die Belydenisklas	(16 tot 17 jaar oud) - Leer en Lewe	5

3.2 Praktiese reëlins

- Kinders word in klasse ingedeel of volgens skoolstanderd of volgens ouderdom. Klasse behoort nie groter as 10 - 12 te wees nie. In geval van 'n kind wat op skool gedruip het, word dit aan die kind en sy/haar ouers oorgelaat om te besluit of hy/sy by die klasgroep wil bly of by sy ouderdomsgroep.
- Op veraf geleë plekke waar kinders nie elke Sondag teenwoordig kan wees nie, kan huiskatkinsie deur die ouer(s) aan die kind(ers) gegee word uit die voorgeskrewe boeke. By geleentheid moet dié kinders wel inskakel by die sentrale katkinsie en die besonderhede omtrent punte, moet deur die ouer aan die onderwyser oorgedra word.
- Kinders wat saam met hulle ouers besoek aflê op ander plekke, word aangemoedig om die Sondagskool en katkinsie van die APK gemeente op dié betrokke plek by te woon (indien daar 'n gemeente bestaan) en 'n "besoekerskaart" aan te vra, wat hulle by die onderwyser in die tuisgemeente inhandig.

Voorbeeld van Besoekerskaart

Afrikaanse Protestantse Kerk

Gemeente _____

Hiermee word bevestig dat _____ (Name)

die Sondagskoolklas/Katkinsieklas _____ (Gr. of St.)

op Sondag _____ 19 _____ as besoeker bygewoon het.

Die punte aan hom/haar toegeken is soos volg:

Teenwoordig _____ kerk _____ Meelewing _____

Met groete en seënwense,

Geteken _____

ONDERWYSER/SEKRETARIS/LERAAR

4. Registers en puntetoekenning

- 4.1 Vir hierdie doel word twee registerkaarte deur die Jeugkommissie voorsien, een vir die Junior-afdeling (Liggroen) en een vir die Senior-afdeling (Ligblou). Vir die kleuters in die Voorskoolse klas word nie register gehou of punte toegeken nie. Hierdie kaarte geld vir die doop-lidmaat se hele Sondagskool en katkinsie tydperk en moet deur ouers wat verhuis aangevra en saamgeneem word.

Die kaarte word per klas in koeverte of lêrs gehou.

Punte word soos volg toegeken en aangeteken op die registerkaart:

T - Een punt vir teenwoordigheid

K - Een punt vir kerkbywoning

M - Een punt vir meelewing, lesvoorbereiding voltooiing van werkopdrag, m.a.w. 'n evalueringspunt.

By toekenning van laasgenoemde punt moet elke onderwyser sy eie diskresie gebruik sodat hy aan die minder begaafde kind dieselfde krediet sal gee vir sy poging as vir die skrandere kind. Die toewyding van die kind moet belangriker beskou word as sy intellektuele vermoë.

Aan die einde van die jaar word 'n puntetotaal van 75 % verlang om na die volgende klas bevorder te word.

Dit word verder aanbeveel dat evaluering (of toetsing) ten minste eenmaal per jaar sal geskied, en wel by die 1ste en/of 2de herhalingsles in die boek. In klasse met min katkinsante kan dit mondeling afgeneem word, maar in groter klasse kan dit verkieslik wees om dit skriftelik af te neem.

4.2 Afwesigheid

Indien 'n kind afwesig is omrede siekte of ander omstandighede buite sy beheer, moet hy of vooraf by die onderwyser verskoning maak of later die verskoning van die ouers met vermelding van die rede, aanbied. As die onderwyser tevrede is dat dit 'n wettige rede is, teken hy 'n R (Rede) in die register aan en dit beteken dat die kind sy punte vir bywoning verdien. Indien 'n kind afwesig is sonder verskoning of wettige rede, word 'n A (Afwesig) in die toepaslike blokkie aangeteken en verbeur hy sy punte. Indien ouers op uitsonderlike kere oor naweke weggaan en die kind(ers) saamneem, en die ouers onderneem om self aan die kind(ers) onderrig te gee oor die betrokke les, en ook daarvan verslag kom doen aan die onderwyser, kan die punte op die kind se kaart aangeteken word. Vir so 'n vergunning moet egter nie misbruik gemaak word nie.

Die afwesigheid van 'n kind behoort deur die onderwyser opgevolg te word deur by die ouers navraag te doen. Indien die rede vir afwesigheid tot bevrediging vasgestel is, maak hy 'n regmerk op die kaart in die kolom "afwesigheid opgevolg".

5. Erkennings vir getrouheid

Aangesien dit 'n belangrike beginsel is om aan 'n kind wat getrou en meelewend in die Sondagskool en katkinsie is erkenning daarvoor te gee, word die volgende stelsel van diplomas en seëls aangebied. Hierdie diplomas en seëls is nie 'n beloning of iets wat verdien word nie, maar slegs 'n wyse waarop die kerk sy goedkeuring gee aan die kind se getrouheid, hom daarin aanmoedig en so sy waardes help vorm. Aan die anderkant, kan 'n kind wat nie getrou was nie, nie verwag om 'n diploma of seël te ontvang nie. 'n Diploma of seël teken te hê, beteken

dat die kind leer dat hy nie met ontrouheid kan wegkom nie en dat getrouheid nie goedkoop is nie.
 'n Kind ontvang jaarliks die toepaslike seël vir sy standerd of ouderdom, en as hy een seël verbeur, word 'n oop spasie op die diploma gelaat. Twee seëls mag nie gelyktydig aan 'n kind gegee word nie.
 Kinders wat in die voorskoolse klassie is, ontvang nog geen diploma of seël nie, maar 'n Bybeltekskaart of inkleurboekie ongeag of hulle die vereistes nagekom het, aangesien hulle op 'n heel vrywillige basis die klassie bywoon.

Die diplomastelsel vir die Juniorafdeling

Gr 1/Sub A 6/7 jaar Diploma met eerste Geel seël	Gr 2/Sub B 7/8 jaar Oranje seël	St. 1 8/9 jaar Rooi seël	St. 2 9/10 jaar Turkoois seël	St 3 10/11 jaar Lig groen seël	St. 4 11/12 jaar Donker groen seël
--	--	-----------------------------------	--	---	---

Die Diplomastelsel vir die Seniorafdeling

St 5 12/13 jaar Ligblou seël	St. 6 13/14 jaar Donkerblou seël	St. 7 14/15 jaar Ligpers seël	St. 8 15/16 jaar Silwer seël	St. 9 16/17 jaar Goue seël
---------------------------------------	---	--	---------------------------------------	-------------------------------------

6. Vereistes vir toelating tot die belydenisaflegging

'n Katkisant word toegelaat tot aflegging van belydenis na voltooiing van die volle leerplan, d.w.s 6 jaar in die Junior-afdeling, 4 jaar in die senior-afdeling en een jaar in die belydenisklas.



1. Kennis van die Woord van God, sy ontstaan en boodskap.
2. Die leer van die kerk soos uitgedruk in die drie Belydenisskrifte.
3. Die algemene en vaderlandse kerkgeskiedenis.
4. Die betekenins van die erediens.
5. Die kerkregering.
6. Sekere afwykende beskouings.
7. Die pligte van die lidmaat.

Dooplidmate mag toegelaat word om belydenis van geloof af te lê, as die leerstof van die hele leerplan met hom/haar behandel is en die ouderdom van 16 jaar bereik het. Die ondersoek met die oog op belydenisaflegging moet gaan oor die katkisant se Bybelkennis, sy geloofsrypheid d.w.s. sy geloofsoortuiging aangaande sy lewende verbintenis aan Christus as sy persoonlike Saligmaker en sy meelewing en wandel gedurende sy katkisasie tydperk.




'n Katkisant wat nie die volle leerplan deur loop het nie, kan slegs toegelaat word tot ondersoek en belydenisaflegging indien die leerstof van die hele leerplan met hom/haar behandel is, indien nodig in 'n buitengewone klas. Normaalweg vind die belydenisaflegging aan die begin van die dooplidmaat se matriekjaar plaas.

Toegeken aan:






Leer en Vertrou














Leer en Glo



Leer en Lewe



"Maar bly j in wat jy geleer het en waarna versker is, omdat jy weet van wie jy die eer het, en dat jy van klein af die heilige Skrif ken want jou lewens kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus" - 2 Timotheus 3:14 & 15.



VSKERKLB/mk

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K
(' n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VERSLAG : KOMMISSIE VIR KERKLEER EN BELEID

SINODE : 22 AUGUSTUS 1988 EVD

Die Kommissie doen as volg verslag :

1. PERSONEEL - vir kennisname

Ds HS Theron
Drs E Friis
Ds MC Adendorff
Br PE van Rensburg

2. VERGADERING - vir kennisname

Die Kommissie het op 30 Junie 1988 te Pretoria vergader.

3. BESKRYWINGSPUNTE

3.1 Geheime organisasies

- 3.1.1 Die ring van Bloemfontein versoek die Sinode om die besluit soos in die Handeling van die Eerste Sinode, bl 49. Item 72.2.1.1 te hersien en te vervang met die volgende voorstel:

Dat die Sinode hom nie uitspreek teen enige geheime organisasies of ongewenste organisasies nie, maar dat elke kerkraad met 'n lidmaat wat aan sodanige organisasie behoort sal handel en indien nodig met die nodige tug.

- 3.1.2 Die Gemeente van Stellenbosch versoek die Sinode eenparig dat : Geen Vrymesselaar wat weier om van sodanige organisasie te bedank mag in die toekoms as lidmaat van die APK aanvaar word nie.

Lidmate wat tans tot die Vrymesselaars behoort moet deur die kerkrade bearbei en vermaan word om as lede van die Vrymesselaars te bedank.

Geen Vrymesselaar mag toegelaat word om verder 'n kerklike amp in gemeentes te beklee nie.

Bladsy twee

3.1.3 Gemeente Trans-Magalies versoek die Sinode dat 'n lidmaat van die APK nie van wêreldse metodes (geheime en vertroulike organisasies) gebruik moet maak om een of ander doel (hoe goed en edel ookal) te bereik nie. Daarom sal kerkraadslede van die APK nie aan so 'n organisasie mag behoort nie.

3.1.4 Die Ring van Olifantshoek beveel aan dat nie net Vrymesselaars nie, maar ook lede van die Broederbond nie net weerhou word van die ampte nie, maar ook van lidmaatskap van die A.P.K.

Die Ring versoek die Sinode om ondersoek te laat instel na 'n geheime organisasie genaamd Toekomsgesprek.

AANBEVELING

Die Kommissie beveel by die Sinode aan dat 'n ad hoc kommissie aangestel word om 'n volledige verslag uit te bring t.o.v. die standpunt van die Kerk oor Vrymesselaars, Broederbond en Toekomsgesprek.

4. ANDERSKLEURIGES : TOELATING TOT EREDIENSTE

4.1 Ring van Vereeniging besluit eenparig om by die Sinode aan te beveel om by geen geleentheid anderskleuriges in die erediens toe te laat nie.

4.2 In die Ring van Paarl word daar besluit om hierdie aspek onder Kerkorde wysigings te behandel waar daar om 'n beskrywingspunt onder die hoof "Kerkleer en Beleid" versoek word dat standpunt hieroor in die Kerkorde opgeneem moet word, nl. die standpunt dat gemeentes self besluit of hulle anderskleuriges tydens dienste sal toelaat.

4.3 Ring van Lichtenburg het onder die hoof "Bywoning van eredienste deur anderskleuriges" 'n lywige beredenering ingestuur - die beskrywingspunt ontbreek egter.

4.4 Die Ring van Olifantshoek besluit met 'n meerderheidstem van 22 teen 1 om die Sinode te versoek dat anderskleuriges by geen erediens in die APK toegelaat sal word nie.

AANBEVELING

Dat die Sinode se besluit oor hierdie aangeleentheid vasstaan en dat die outonomie van kerkgrade gerespekteer word. Die status quo word gehandhaaf.

Bladsy drie

5. ONTUGWET

5.1 Die Ring van Middelburg versoek die Sinode dat die ontugwet weer van toepassing gemaak moet word. Waar gaan kinders uit gemengde huwelike skool, as die ouers in 'n Blanke gebied woon?

5.2 Die Ring van Somerset-Oos vra dat die Belydenis van die NG Kerk dat apartheid sonde is en die NG Kerk gemengde huwelike goedkeur in die sterkste taal uitgewys moet word asook die logiese gevolge daarvan.

AANBEVELING

Dat die Sinode hierdie aangeleentheid na die SKK verwys.

6. DEELNAME AAN MUNISIPALE VERKIESINGS

6.1 Die Ring van Lichtenburg versoek die Sinode om kerkgrade te adviseer oor die deelname van leraars aan munisipale verkiesings, veral gesien in die lig van die feit dat sodanige verkiesings deesdae onvermydelik daarop uitloop dat dit 'n partypolitieke kleur gaan kry.

6.2 Die Ring van Olifantshoek se gevoel is dat die APK daarteen moet waak dat die lidmate se geestelike peil nie sal verlaag nie, en dat politiek nie 'n kenmerk van die kerk moet word nie.

AANBEVELING

Dat plaaslike kerkgrade geken moet word en dat daarteen gewaak moet word dat daar nie tweespalt in die gemeentes veroorsaak word nie.

7. INSTRUMINGSBEHEER

Die Ring van Middelburg versoek die Sinode om standpunt te neem t.o.v. instromingsbeheer en dat die beheer Aandklokkeel heringestel word. Ons Blankes moet onself toesluit agter slot en tralies omdat anderskleuriges kom en gaan soos hulle wil en ons besteel word.

AANBEVELING

Dat die Sinode hierdie aangeleentheid na die SKK verwys om met die Regering te onderhandel en dat die gemeentes op plaaslike vlak die saak aanhangig sal maak.

8. DRANKVERKOPE EN VIDEOS

Die Ring van Middelburg versoek die Sinode dat beswaar gemaak word teen die verlengde ure van drankverkope en ons vra streng beheer oor ongewenste videos.

Bladsy vier

AANBEVELING

Dat die Sinode die lidmate vra om sterk besware te opper by hulle onderskeie plaaslike besture.

9. S.A.U.K. EN T.V.

- 9.1 Die Ring van Middelburg versoek die Sinode om standpunt in te neem dat gemengde TV-programme en -advertensies onmiddellik gestaak moet word.
- 9.2 Die Ring van Bloemfontein spreek sy diepe kommer uit oor die sedebederwende invloed wat TV-programme en -advertensies vir die gesin inhou, en versoek die Sinode om ten sterkste beswaar aan te teken by die S.A.U.K. oor hierdie aangeleentheid.
- 9.3 Die Ring van Vereeniging versoek die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele sake om baie ernstig beswaar te maak teen die tipe programme op T.V. met spesiale verwysing na sportuitsending op Sondag.
- 9.4 Die Ring van Middelburg, gemeente Witbank vra dat die Sinode op hoogste vlak by die S.A.U.K. beswaar sal aanteken oor anderskleuriges op TV 1, veral waar hulle onderhoude voer met ou mense.
- 9.5. Die Ring van Morgenzon vra dat die Sinode by die owerheid daarop sal aandring dat bestaande wetgewing i.v.m. sede ondermynende videos en TV programme toegepas sal word of dat nuwe wetgewing daargestel sal word om dit te bekamp. Dit geld ook vir die vrye beskikbaarstelling van ongewenste videos aan jong kinders. Die Ring versoek ook dat die Sinode aan die SAUK TV die beswaar van die Kerk sal oordra t.o.v. ongewenste programme, asook sportuitsendings op Sondag en die misbruik van die Naam van die Here in films.

AANBEVELING

Die Kommissie beveel by die Sinode aan dat hierdie aangeleentheid na die SKK verwys sal word vir gekoördineerde optrede.

10. PREEKBEURTE S.A.U.K.

Die Ring van Bloemfontein versoek die Sinode om te onderhandel met die SAUK sodat leraars van die APK ook preekbeurte kry aangesien baie van ons lidmate op die platteland woon.

AANBEVEELING

Dit word aanbeveel by die Sinode dat hierdie aangeleentheid na die SKK verwys word.

Bladsy vyf

11. BENAMING VAN AKSIES, VERENIGINGS - JEUG

- 11.1 Die Ring van Beaufort-Wes versoek die Sinode om spesifieke voorligting aan gemeentes te gee m.b.t. 'n plaasvervanger vir die A.C.S.V. en wel m.b.t. die volgende:
 - 11.1.1 'n Nuwe aksie
 - 11.1.2 'n Naam hiervoor
 - 11.1.3 'n Benaderingswyse (voorligting, inligting)
 - 11.1.4 'n Skoolverlaterskamp vir matriekleerlinge van die APK.
- 11.2 Die Ring van Beaufort-Wes doen aan die hand dat die naam van 'n aksie moontlik kan wees: "Die APK Jong Christen Vereniging"
- 11.3 Middelburg Ring versoek die Sinode dat daar met alle NG Kerk-benamings weggedoen moet word, bv
 - 11.3.1 "Sending" word vervang met "barmhartigheidswerk"
 - 11.3.2 "kinderkrans" ens.

AANBEVELING

Dat genoemde beskrywingspunte na die onderskeie Kommissies verwys word, tw Getuienis en Dissipelskap en Jeug.

12. TOGA

Die Ring van Middelburg beveel aan dat die gebruik van die toga afgeskaf word of vrywillig gedra kan word.

AANBEVELING

Die Kommissie beveel aan dat die dra van die toga opsioneel moet wees en dat die besluit by die kerkrade moet berus.

13. JOODSE EN ISLAM TEKENS (voedselware)

Die Ring van Heilbron versoek die Sinode om

- 13.1 Standpunt in te neem oor hierdie verskynsel
- 13.2 Lidmate in te lig oor die betekenis
- 13.3 Onderzoek te doen oor die moontlikheid om fabrikante daartoe te beweeg om voedsel te voorsien waarop die tekens nie verskyn nie.

Bladsy ses

AANBEVELING

Die Kommissie beveel by die Sinode aan dat daar sterk verontrusting uitgespreek word oor die uitbreiding van die Islamgeloof en sy gebruike. Die Kommissie vra dat die aangeleentheid terugverwys word na die Kommissie vir Kerkleer en Beleid.

14. RIGLYNE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

- 14.1. Die Ring van Beaufort-Wes versoek die Sinode dat spesifieke riglyne voorsien word vir ouderlinge en diakens wils aangesien 'n groot aantal gemeentes sonder leraars is. Die riglyn moet baie duidelik wees, maar nie die ouderlinge en diakens bind om slegs die riglyne na te kom wanneer daar moontlik meer kan gedoen word nie.
- 14.2 Die Ring van Dendron versoek die Sinode om 'n handleiding vir ouderlinge aan die gemeentes te voorsien.
- 14.3 Die Ring van Klerksdorp rig vertoë tot die Sentrale Kerkekommissie vir die opstel van 'n inligtingstuk m.b.t. tot die A.P.K. ten einde agtergrondkennis en doelstellings van die kerk te gee, ook t.o.v. die versorging van leraars.

AANBEVELING

Die Kommissie beveel aan dat hierdie aangeleentheid na die Kommissie vir Getuienis en Dissipelskap verwys word.

15. TENTMAKERSBEDIENING

Die Ring van Lichtenburg versoek die sinode om die beginsel van Tentmakersbediening grondig te ondersoek en sy bevindings aan gemeentes deur te gee.

AANBEVELING

Die Kommissie beveel aan dat hierdie beskrywingspunt na die Ragskommissie verwys word vir uitklaring.

16. ISRAELVISIE EN CAMPUS CRUSADE

- 16.1 Die Ring van Bloemfontein spreek sy kommer uit oor die leer van die Israelvisie. Die Ring versoek die Sinode om 'n duidelike leerstuk wat die gevare van hierdie leer sal uitwys, op te stel en onder die gemeentes te versprei.
- 16.2 Die Ring van Bethlehem versoek die Sinode om tydens die reses 'n brosjure saam te stel oor die aanslag en leer van Campus Crusade en die Israelvisie en hoe om lidmate weerbaar te maak teen hierdie aanslag.

Bladsy Sewe

AANBEVELING

Die Kommissie beveel by die Sinode aan dat daar 'n ad hoc Kommissie aangestel word ten einde 'n volledige verslag oor hierdie aangeleentheid te bekom.

17. DOBBELARY

Die Ring van Derby versoek die Sinode om sterk standpunt in te neem teen lidmate van ons Kerk wat dobbelplekke besoek en aan bedrywighede, wat indruis teen die Skrif en die Christelike geloof, deelneem. Leraars word versoek om saam met hulle kerkrade lidmate gedurig te waarsku teen die verderflike bedrywighede. Die Ring is van mening dat lidmate wat aan sulke bedrywighede deelneem, hulle moet onthou van die Nagmaal.

AANBEVELING

Die Kommissie beveel by die Sinode aan dat

- (i) Waar sulke gevalle wel in die Kerk mag voorkom, die kerkrade summier die tug moet toepas en,
- (ii) Dat die Sinode 'n ernstige beroep doen op Christene van alle Kerke en bevolkingsgroepe om hulle te weerhou van die sonde van dobbelary.

18. INTERKERKLIKE SAMESPREKINGS

Die Ring van Vereeniging versoek die Sinode se Kommissie vir Leer en Aktuele sake om hom uit te spreek aangaande interkerklike samesprekings.

AANBEVELING

Die Kommissie beveel aan dat hierdie aangeleentheid na die SKK verwys word.

19. CHILIASME

Die Ring van Bloemfontein versoek die Sinode om rondom die leer van Chillasme 'n duidelike standpunt in te neem en riglyne daar te stel vir Kerkrade se gebruik.

AANBEVELINGS

- (i) Die Kommissie beveel aan dat die aangeleentheid terug verwys word na u Kommissie vir 'n volledige verslag en
- (ii) Dat leraars nie oor die standpunte van Chillasme sal preek nie, altans vir die huidige.

20. W.R.K. EN S.A.R.K. - EKUMENIESE AKSIES

Die Ring van Vereeniging versoek die Sinode dat die APK geen affiliasie sal hê met organisasies soos die WRK en die SARK nie en dat die APK aan geen vreemde ekumeniese aksies sal deelneem nie.

Bladsy agt

AANBEVELING

Dat hierdie aangeleentheid verwys word na die SKK

21. VAKANSIEDAE (6 April en 16 Desember)

Die Ring van Germiston versoek die Sinode om by die owerheid aan te dring dat 6 April en 16 Desember met hul onderskeie tradisionele waarde behoue sal bly vir die Afrikaner.

AANBEVELING

Dat hierdie aangeleentheid verwys word na die SKK vir hantering en deurvoering.

22. ERKENNING DEUR SUSTERSKERKE

22.1. Die Ring van Vereeniging versoek die Sinode om by die Susterskerke om erkenning aansoek te doen.

22.2. Die Ring van Klerksdorp versoek die Sinode om 'n volledige lys van erkende kerke beskikbaar te stel met die oog op die toelating van persone wat aansoek doen om lidmaatskap van die Kerk.

22.3 Die Ring van Morgenzon versoek vriendelik dat die Sinode aan gemeentes 'n aanduiding sal gee van kerkgenootskappe wie se leraars genooi kan word om eredienste in die APK waar te neem.

22.4 Die Ring van Migdol vra dat alvorens lidmate uit die AGS aangeneem mag word, hulle hul eerstens sal bind aan die Woord Van God, die belydenisskrifte en ook die Kerkorde van die APK sal onderskryf, omdat die AGS nie dieselfde belydenisskrifte onderskryf nie.

AANBEVELINGS

(i) Dat daar in die Kerkorde onder "lidmaatskap" bepalinge opgeneem word dat die NG Kerk, die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk se lidmaatskap aanvaar word en ander nie-erkende kerke deur 'n kommissie van die kerkraad ondersoek sal word of hulle oor genoegsame kennis van ons kerk beskik.

(ii) Dat daar 'n diepgaande ondersoek gedoen word na die Evangelies Gereformeerde Kerk vir deursending na die SKK.

(iii) Dat die Sinode hierdie studie terug verwys na u kommissie.

Bladsy nege

23. VROU-AKSIE

Die Ring van Moot-Sentraal versoek dat die Sinode dit sal oorweeg om in die Ringsvorm onder Openbare bediening spesifiek verslag te doen van die insette van gemeentevroue-in-onderlinge-samewerking (vroue-aksie) in belang van gemeentelike samekomste (bv verversings aan gemeente na afloop van eredienste)

AANBEVELING

Dat die aangeleentheid na die SKK verwys word.

24. TWAALF ARTIKELS

Die Ring van Nelspruit, gemeente Nelspruit, versoek die Sinode dat die woord "Algemene" soos dit verskyn in die Twaalf Artikels in die sin: "Ek glo aan 'n Heilige Algemene Christelike Kerk" - vervang moet word met "Onsigbare".

AANBEVELING

Bogenoemde beskrywingspunt word nie deur die Kommissie aanbeveel nie.

25. SUIWERE WEG VAN DIE KERK

Die Ring van Dendron vra dat :

25.1 Die Kerk 'n suiwere Bybelse pad sal loop ;

25.2 Geen party-politiek in die kerk bedryf moet word nie.

25.3 Geen kritiek op ander kerke gepasseer sal word nie.

AANBEVELING

Die Sinode neem kennis .

26. GROOTTE VAN GEMEENTE

Die Ring van Dendron oordeel dat in die APK gepoog moet word om klein gemeentes te behou wat lidmaatgetalle betref en dat 'n gemeente deur slegs een leraar bearbei moet word. Dit beteken dat afstigting sal plaasvind sodra getalle dit regverdig. Gemeentes moet sorgdra dat hulle bouprojekte binne hierdie riglyne bly.

AANBEVELING

Sinode neem kennis en handhaaf die stigtingsgedagte, en beveel aan dat :

- (i) Gemeentes nie meer as 300 lidmate moet wees nie.
- (ii) Gemeentes nie 2 leraars moet hê nie.
- (iii) Gemeentes, indien moontlik, nie skuld moet maak nie.

27. BELYDENISSKRIFTE

Die Ring van Morgenzon versoek die Sinode vriendelik om aandag te skenk aan die moontlikheid om die drie Belydenisskrifte in 'n formaat te druk wat ingelê kan word in die Psalm- en Gesangeboek.

AANBEVELING

Beveel aan by die Sinode dat die drie Formuliere van Eenheid, gekoop kan word - koste ongeveer R4-00.

28. KERK EN STAAT

Die Ring van Klerksdorp versoek die Sinode om hom duidelik en ondubbelsinnig uit te spreek oor die Kerk en Staat se roeping tot belydenis van Christus en die Drie-enige God Almagtig.

AANBEVELING

- (i) Die Kommissie bevind dat die Kerk hom reeds uitgespreek het in bogenoemde verband.
- (ii) Die Kommissie beveel aan dat 'n versoek vanaf die Sinode na die Staat sal gaan met inbegrip van Art 36 van die NGB.

1.

LAATSTUK

DEEL VAN DIE VERSLAG VAN DIE PERMANENTE KOMMISSIE VIR KERKLEER EN -BELEID

(Sien bl 2, punt 4.3 van Kommissie vir Kerkleer en -Beleid)

BYWONING VAN EREDIENSTE DEUR ANDERSKLEURIGES

Die Ring van Lichtenburg dra die volgende aan die Sinode voor as beskrywingspunt:

"Dit wil voorkom asof hierdie saak vanaf die vroegste dae 'n probleem was wat meer verdeeldheid tot gevolg gehad het as eenheid. Op baie plekke hier te lande het die bywoning van eredienste deur anderskleuriges dikwels gelei tot onrustigheid in gemeentes, in sommige gevalle tot verdeeldheid.

Daar is selde gedabatteer dat die bestaan van afsonderlike kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe nie geregverdig is nie. Eers maar in die onlangse tyd is hierdie praktyk bevraagteken, en nie altyd uit oorde wat daarop kan aanspraak maak dat die Skrif alleen in hulle argumente geld nie.

Die Sendingarbeid van vele kerke in Suid-Afrika was dan ook daarop gerig dat afsonderlike kerke vir die afsonderlike bevolkingsgroepe tot stand gekom het. Dr NJ Smith (Annale Universiteit van Stellen-

bosch, Vol 34, Serie B, no 2 (1973), bl 11) meld dat daar 'n spontane ontwikkeling in die rigting van afsonderlike kerke plaasgevind het, wat in fases plaasgevind het. Eerstens was daar die fase van "...groter gerigtheid op die geestelike bearbeiding van slawe en inboorlinge" omdat dit "noodsaaklik sou wees om ter wille van die beter geestelike versorging van die Nie-Blanke 'n spesifieke kersteningstaak onder hulle te onderneem". Die tweede fase het daartoe gelei dat "hierdie afsonderlike byeenkomste vir die Nie-Blanke in 1857 die offisiële goedkeuring van die kerk verkry." In die derde fase het daar afsonderlike gemeentes vir Nie-Blankes tot stand gekom. In die vierde fase is hierdie afsonderlike gemeentes in 'n afsonderlik kerk saamgevoeg, en het die Ned Geref Zendingkerk van Zuid-Afrika tot stand gekom.

Prof Carel Boshoff (Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, Maart 1988, Vol 39, no 1, bl 17) belig die saak so wanneer hy prof Herman Ridderbos aanhaal: "Die kerk, sê hy, is nie in dié opsig heilig en uit die wêreld (en die volk) geroep, sodat hy as kerk langs die volk leef en dat sy lede hulle soveel as moontlik van hulle volkslewe sou moes onttrek nie. Eiesoortige kerkvorming wat aan die NGK die historiese karakter van 'n gereformeerde belydeniskerk in Afrikanervolksverband gegee het, kan dus op goeie teologiese begronding aanspraak maak."

Ook die Hervormde Kerk verklaar die volgende ten opsigte van afsonderlike volkskerke: "Die bedoeling is dat die evangelie en kerk volkome inheems sal word onder die nie-blanke volkere om in 'n intensiewe katolisiteit (Van Ruler) elke moment van die lewe van die volksgroep te probeer kersten en so op te eis vir Gods Koninkryk." (Lidmaatskap in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Studie oor Artikel III van die Kerkwet, Junie 1979).

Baie is gedoen en vele fondse is gespandeer om aan ander te gee wat ons ook aan onself gun. Onder hierdie beginsel het die werk van die sending, sowel as die plaaslike sendende gemeentes, gegroei en die seën van die Here ondervind. Kortom: Die Evangelie van verlossing in Jesus Christus is in die diepste donkertes van Afrika

ingedra met blywende vrug. Waar die Evangelie verkondig is, het die vrde en ontwikkeling ook nie uitgebly nie.

Aan die ander kant was die aandrang tot gesamentlike eredienste ook nie altyd 'n onskuldige een wat sy wortels steeds in die Skrif gehad het nie. Sedert die totstandkoming van die Wereldraad van Kerke in 1948, was dit dan ook die hooftema van bespreking. So het dit dan ook gebeur dat die vergadering wat hierdie saak die eerste maal op groot skaal in Suid-Afrika wou propageer, die sg Cottesloe-beraad, daartoe gelei het dat die destydse deelnemers hulle op die ou-end in die Christelike Insituut bevind het - 'n vereniging wat deur geen wat die gereformeerde kerke aanvaar is nie. Trouens, die leier, dr Beyers Naudé, het in 'n kerklike woestyn beland. Hy het sy status as leraar van die NG Kerk verloor en is vir jare ingeperk omdat geoordeel is dat hy sekere kommunistiese idees sou verkondig.

Dis interessant om te luister na wat Smith in 1973 gesê oor die eenheid van die kerk: Hy verklaar dat die "... eenheid van die kerk geen ideaal (is) wat nagestreef moet word nie, maar 'n gawe (is) wat die kerk in Christus geskenk is." En verder: "Vandaar dat die eenheid van die kerk indikatief is wat deur die Skrif omtrent die kerk gekonstateer word en geen inperatief waartoe die kerk beveel word nie." Oor die sogenaamde strukturele eenheid verklaar Smith dat dit nie daarop neerkom "... dat die kerk as enkele eenvormige instituut sal bestaan nie. Binne die eenheid vind ook meervormigheid van die kerk ruimte waardeur ook die meervoudigheid van die kerk moontlik is." (Smith, a.w., 1973, bl 110-120) Dis taal wat ons verstaan en nog altyd so bely het.

Smith gaan verder en verklaar die "openheid" van die kerk: "Wanneer die kerk as ope gemeenskap nie die doel waartoe die gemeenskap van die gelowiges bestem is, sou dien nie, deurdat dit die "goeie orde" in die kerk sou versteur, kan dit die eenheid van die kerk juis verduister in plaas van tot openbaring bring. Daardeur sou die kerk selfs genoodsaak kan word om 'n bepaalde vorm van of tydelike eksklusiwiteit te handhaaf. Ook moet dit vanuit die Christelike

Etiek gestel word dat indien die kerk as ope gemeenskap die orde in die maatskappy sou versteur, die kerk eweeens genoodsaak kan wees om sy "openheid" voorlopig op te skort. Om sy "openheid" twv sy eenheid tot elke prys te wil handhaaf, sou weinig nut hê vir die doel waartoe dit moet dien." (Smith, a.w., 1973, bl 120)

Dit wat ons so pas van Smith aangehaal het, is die praktyk in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die situasie het nog nie veel verander nie: Daar bestaan nog net soveel volkere met elkeen sy eie taal, kultuur en tradisies. En dit sal so bly, omdat God dit so gewil het.

Dat die kerk een, heilig, algemeen en apostolies is, is nog nooit betwyfel nie. Ons bind ons steeds aan die waarheid van Art 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat ons eenheid in die geloof in Christus ons Hoof, bely. Die probleem is net wanneer hierdie eenheid daarop neerkom dat dit so aangebied word asof die verskeidenheid van kerke 'n verskeuring van die eenheid veronderstel wat alleen maar herstel kan word deur strukturele eenheid (eendersheid!).

Onder die vaandel van die eenheid van die kerk, word steeds voortgegaan om te verkondig dat die kerk sy lidmaatskap nie sal kan weerhou van anderskleuriges nie - met die veronderstelling dat almal wat nie lidmaatskap aan 'n bepaalde kerk mag geniet nie, per definisie uit die kerk van Christus "verban" is. In hierdie geval word daar nie onderskeid getref tussen die eienskappe van die Kerk en die kenmerke van 'n kerk onderskei nie. Waar die eienskap van die kerk een, heilige, algemene, Christelike kerk is, word dit van toepassing gemaak op 'n bepaalde kerk, sodat almal wat nie aan daardie kerk behoort nie, uitgesluit sou wees van die Kerk van Christus. Dis 'n opvatting wat alles behalwe gereformeerd is. Dit sou ook baie moeilik die toets van die Skrif kon deurstaan.

Kerke wat hulle lidmaatskap nie wou oopstel volgens die nuwerwetse siening van eenheid nie, is gekonfronteer met die redenasie dat eredienste tog nie 'n geslote aangeleentheid kan wees nie. En op 'n baie swak plekkie is gedruk om dit tog te bewerkstellig: spesiale

geleenthede soos huwelike en begrafnisse. Die redenasie is as volg: Geen mens mag 'n bona fide kerkbywoner die deur wys nie. Daarmee het die praktyk ontstaan dat anderskleuriges wel eredienste van blanke kerke begin bywoon het (binne die gereformeerde kerke, altans. Die gereformeerde was tradisioneel die "Afrikaanse kerke", wat veronderstel het dat lidmaatskap tot blankes beperk is - hoewel dit nooit gesê is of verklaar is nie!).

Die vraag wat natuurlik beantwoord moet word, is wie dan nou die bona fide kerkganger is. Die defenisie hierop sou seker daarop neerkom dat ons hier te doen het met mense wat uit innerlike oortuiging deur die Heilige Gees daartoe gedring, wil luister na die ondervaldste Woord van God, en om die lof van God te sing saam met ander verlostes. Van bybedoelinge sou daar by hierdie kerkganger geen sprake wees nie.

Wanneer daar egter gekyk word na die kerkganger by die begrafnisdiens, of huweliksdiens, sal ons moet erken dat dit te betwyfel is of 'n anderskleurige dit ten doel het. (Natuurlik moet die lidmate van die kerk en ander (blanke) bywoners van so 'n diens hulleself ook ondersoek!) Veel eerder het ons met sentimentele of emosionele redes te doen. Anders sou mens met reg kon vra hoekom daar nooit voorheen die behoefte ontstaan het om die kerk by te woon nie. Buitendien het daar van die gemeenskap van gelowiges ook veel tot sy reg gekom nie: besoekers is dikwels gevra om "maar eerder agter of op die gallery" te gaan sit. Of daar verstaan word wat daar gepreek word, kan ook met reg gevra word.

Van anderskleuriges wat gewone eredienste op bona fide oortuiging bywoon of wou bywoon, terwyl daar 'n kerk is wat in sy eie taal die Evangelie in eie idioom verkondig, kan ook 'n beweegrede gevra word. Trouens, ons het dit nie as patroon leer ken nie, eerder as die uitsondering. Mens sou dalk kon argumenteer dat daar tog die een of ander bymotief moet wees. In elk geval kom dit ook seker deur die bank voor op uitnodiging van blankes, en selde uit eie oortuiging.

Vanweë die feit dat die Here aan al die volke hulle taal, kultuur

en tradisies gegee het, was daar nog altyd die drang om juis dit as gawe van God te beskerm. Selfs kerke wat sogenaamd "oop" is, maak veel daarvan om die Evangelie aan almal te verkondig in die taal waarmee hulle gebore is. Trouens, ons ervaar dit nog daaglik dat, ten spyte van "oop" deure, aan lidmate die versekering gegee word dat die voertaal van hulle kerk nog Afrikaans sal bly.

(Wie praat Afrikaans? Is dit nie juis blankes nie? Wat sou nou die verskil wees: om Afrikaans te bewaar, of om Blank te bewaar? Waarom dan die stryd teen h kerk aansê wat sy lidmaatskap beperk tot blankes, terwyl die keuse van h taal (Afrikaans) tog sekerlik ook daarop neerkom dat h "onSkriftuurlike" saak verhef is tot "eie" van h kerk!) Lidmate is bereid om tot die stryd oor te gaan as die konsekwensies van "oop" lidmaatskap aan hulle gestel word, want "oop" veronderstel tog seker dat geen waarborg aan niemand uitgeriek kan word oor hoe daardie kerk se taal oor h paar jaar verder gaan lyk nie.

Hieruit moet ons aflei dat ons nie mag spanning skep tussen natuur en genage nie. "Albei is uit God en tot eer van God en wanneer die skapping wat deur die sondeval bedorwe is, deur die herskepping vernuwe word, word hy nie opgehef of vernietig nie. Dit bly nog steeds God se werk en in God se werk is daar nie disharmonie nie." (Boshoff, a.w., bl 17) As mense dan h natuurlike aanvoeling het dat taal, kultuur en tradisies eerbiedig moet word, ook wat die inkleding van die kerklike werk betref, moet daar nie van hulle verwag word om anders op te tree nie - veral nie onder die gedagte dat die eenheid van die kerk daardeur geskaad sal word nie.. Die waarheid is tog ook seker dat die Skrif ons leer dat die werklikheid van taal, soos deur God by Babel gegee, nie by Pinkster opgehef word nie, maar eerder bevestig word. Daarom praat ons van die kerk onder die Jode, Romeine, Grieke, ens.

Wanneer hier te lande aanspraak gemaak word op die eenheid van die kerk, moet die kerk baie op sy hoede wees vir die duiwel, die vader van die leuen. Nie dat alle aandrag tot die eenheid van die kerk as sulks bejeen moet word nie!

Om ruimte te gee aan lidmate om eredienstes by te woon in h ruimte

van veiligheid, geborgenheid en warmte waar die gemeenskap van gelowiges tot sy reg kom, sal noodwendig daartoe moet lei dat, sonder om die Woord ongehoorsaam te wees, geluister moet word na die versugting van die lidmate van die kerk. Wanneer lidmate dus onrustig raak oor die aanvalle van die Bose op die kerk deur oop eredienste ter wille van demonstrasie te wil af forseer; wanneer lidmate daarmee juis nie die eenheid van die geloof en die kerk, soos gewortel in die gemeenskaplike geloof in Christus, wil skaad nie, maar eerder wil koester deur dit nie uit te lewer aan die horisontalisme, humanisme en liberalisme nie; wanneer lidmate in hulle soeke na h ruimte vir eie eredienste juis dit nie van anderskleuriges wil ontsê nie, maar hulleself bereid verklaar tot die uitdra van die Evangelie aan almal; wanneer lidmate die eie van taal, kultuur en tradisies wil beskerm ook binne die kerk, sal daar geluister moet word na hulle versugtinge.

Na my mening sal dit dus nie verkeerd wees om aan lidmate die geborgendheid van geslote lidmaatskap en geslote eredienste te verleen nie. Lidmate moet egter duidelik verstaan dat dit hier nie gaan om die menswaardigheid van anderskleuriges nie, dat dit ook nie gaan om oortuigings van politieke aard nie, en dat dit nog minder gaan oom oortuigings wat as rassisties gekenmerk mag word nie. Al wat van belang is, is dat die Koninkryk van God daardeur gedien moet word en dat volle uitdrukking gegee sal word aan die gebod van naasteliefde deur aan ander te gun wat jy jouself gun. So gesien, is geslote eredienste nie mure wat gebou word om kerke waar daar geen ruimte vir ontmoeting is tussen gelowiges van verskillende rassegroepe nie; veel eerder moet dit geisne word as ruimtes waarin die geborgenheid van die gemeenskap van gelowiges binne taal en kultuurverband ten volle tot sy reg kom. Dit hef nie naasteliefde op nie (soos sommiges wou voorgee nie), maar verskaf h bepaalde kwaliteit daaraan.

In die lig van bostaande betoog, wil ek graag die volgende ter oorweging aan die vergadering voorlê:

1. Gesien in die lig van die feit dat die aandrang tot die eenheid van die kerk nie altyd uit suiwere Skriftuurlike oorweging

is nie, en byna steeds n aandrang tot strukturele eenheid veronderstel en wil afdwing (wat nie die toets van die Skrif en die gereformeerde leer kan deurstaan nie);

2. Omdat die term bona fide kerkganger nie altyd sê wat dit moet nie en in baie opsigte mislydend is;
 3. Omdat lidmate die Godgegewe taal en -kultuur ook binne die kerklike verband wil bewaar en koester, sonder om aan ander dieselfde voorreg te ontsê;
 4. Omdat doe erediens, as ruimte waarbinne die gemeenskap van gelowiges tot sy reg moet kom en taal- en kultuurvermenging stremmende faktore daartoe is;
 5. Omdat die bywoning van anderskleuriges juis ook in hierdie dae nog steeds daartoe lei dat lidmate onrus belewe in die eredienste en dit nie kan lei tot die eer van God en tot stigting van die gemeente nie (selfs kerke meet "oop" lidmaatskap beleef nog steeds spanning onder eie lidmate omdat sodanige Skrif-tuurlike verklaring dit nie uit die weg kon ruim nie);
 6. Omdat dit nie lei tot verskeurdheid van die kerk nie, maar eerder uitdrukking gee aan die verkseidenheid daarvan;
- versoek die Sinode Kerkrade om oorweging daaraan te verleen dat anderskleuriges nie deur lidmate uitgenooi word na eredienste of spesiale geleenthede nie. Waar die bywoning van anderskleuriges wel onvoorsiens voorkom, word lidmate versoek om ook op te tree in die gesindheid van naasteliefde.

Ek dank u vir u tyd en aandag. Seën op die vergadering toegebied.

U broeder in die Here,

Ds D Rudi Schwartz. "

VSEBLEEM/mk

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK ('n Gereformeerde kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VERSLAG : KOMMISSIE VIR DIE KERKEMBLEEM

SINODE : 22 AUGUSTUS 1988 EVD

Die Kommissie doen as volg verslag :

1. OPDRAG

Die Kommissie het bestaan uit een lid, nl ds JN Joubert, en het in opdrag van die eerste sinode al die ontwerpe wat ontvang is, aan die Staatsheralikus voorgelê vir 'n finale ontwerp. So 'n ontwerp sal dan aan die Sinode voorgelê word vir goedkeuring.

2. UITVOERING VAN OPDRAG

'n Totaal van 18 verskillende ontwerpe is ontvang uit verskeie oorde. Sommige het verduidelikende kanttekeninge by gehad, terwyl ander bloot net 'n skets was.

Al die ontwerpe is aan die Staatsheraldikus, mnr Brownell, net so voorgelê.

Aan hom is verduidelik dat 'n embleem gesoek word wat :

- * oorspronklik is
- * heraldies korrek is en dus geregistreer kan word
- * onmiddellik herken kan word as 'n kerkembleem
- * uitdrukking sal gee aan die eie aard van die Afrikaanse Protestantse Kerk, asook dat dit 'n Nuwe Testamentiese Kerk is volgens Openbaring 1:20
- * uitdrukking sal gee aan die kerk se roeping om die Lig van die Evangelie in die duisternis van die wêreld in te dra.

Al die ontwerpe is toe voorgelê aan die jaarlikse vergadering van die Staatsdienskommissie vir Heraldiek.

Na deeglike oorweging van al die ontwerpe en met in agneming van die vereistes, is die aangehegte ontwerp goedgekeur.

Hierdie ontwerp het die Staatsdienskommissie beskou as die mees geskikte en heraldies-korrekte vir registrasie.

die afrikaanse protestantse kerk •

(IN GERFORMEERDE KERK VAN CHRISTELIKE ONDERBLANKE APTHEKERS)

Bladsy twee

3. ONTWERP

Die ontwerp word omvang deur 'n sirkel, d.w.s. 'n seël vorm. Daarbinne is 'n wit neerdalende duif wat 'n swart binnesirkel binnedring. Dit is simbolies van die Heilige Gees wat Die Lig in die duisternis van die wêreld indra.

Dit word ondersteun deur die Griekse letters ALFA en OMEGA as simbole van Jesus Christus, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde, as Koning van die Kerk.

4. LEUSE

As leuse by die ontwerp word aanbeveel :

L I G I N D I E D U I S T E R N I S

5. AANBEVELING

5.1 Hierdie Kommissie beveel aan dat die voorgelegde ontwerp en leuse as Kerkembleem vir Die Afrikaanse Protestantse Kerk aanvaar word.

5.2 Hierdie Kommissie beveel aan dat die vereiste R350-00 vir registrasie van die embleem, betaal word aan Heraldiek.

Hiermee vertrou hierdie kommissie dat sy opdrag bevredigend uitgevoer is en dat die kommissie na goedkeuring van die kerkebleem kan ontbind.

W.g. JN JOUBERT



AGTERGROND

1. Predikante wat van die N G Kerk na die Afrikaanse Protestantse Kerk oorkom, verbeur al hul pensioengewende diens by eersgenoemde kerk met die gevolg dat hulle by uiteindelijke uitdienststeding, 'n kleiner en in sommige gevalle, 'n baie kleiner, pensioen sal ontvang as dié wat hulle sou ontvang het indien hulle in diens van die N G Kerk gebly het. Al wat hulle van die N G Kerk ontvang is die bydraes wat hulle self tot die pensioenfonds gemaak het plus ongeveer 4 % rente. Die bydraes wat gemeentes ten opsigte van hulle gemaak het, bly in die fonds - dit is natuurlik normale praktyk in gevalle waar lede van 'n pensioenfonds nul diens beëindig.

2. Die omvang van die verlies wat sommige van die predikante ly word deur die volgende paar werklike gevalle geïllustreer:

(Let wel : Die volgende syfers is bereken met die veronderstelling dat die salarisse van predikante jaarliks met 10 % verhoog sal word na die verhoging wat hulle op 1 Maart 1983 ontvang het)

Ds X

Hierdie Dominee het 'n ongeskiktheidstoelae van R 1170,00 per maand van die N G Kerk ontvang wat by bereiking van die ouderdom van 65 jaar in 'n pensioen omgesit sou word - die pensioen sou heelwaarskynlik meer as R 1170,00 per maand wees. Toe hy 'n beroep na 'n gemeente van die A P K aangeneem het, het die N G Kerk die toelae summier gestop en aan hom 'n bedrag van ongeveer R 11 000,00 uitbetaal - sy bydraes tot die pensioenfonds. Al pensioen wat hy sal ontvang by bereiking van die ouderdom van 65 jaar, sal die volgende wees:

Bereik ouderdom van 65 jaar	- 1992
Pensioen na 5 jaar diens	- R 3460,00 per jaar
	- R 288,00 per maand

Ds Y

Bereik die ouderdom van 65 jaar	- 1993
Pensioen by N G Kerk op 65 jaar	- R 39360,00 per jaar
Pensioen by A P K na 6 jaar op 65 jaar	- R 5904,00 per jaar
	- R 492,00 per maand

Ds Z

Bereik die ouderdom van 65 jaar	- 1996
Pensioen by N G Kerk op 65 jaar	- R 48470,00 per jaar
Pensioen by A P K na 9 jaar op 65 jaar	- R 11790,00 per jaar

Die predikante sal natuurlik ook 'n voordeel ontvang vir die bydraes wat hulle van die N G Kerk ontvang en belê het. Dit sal egter nie baie wees in die geval van predikante wat naby aftree-ouderdom is nie.

3. Indien hierdie predikante nie na die Afrikaanse Protestantse Kerk oorgekom het nie (en steeds sal kom nie) sou die kerk nie die lewenskragtigheid wat hom kenmerk, getoon het nie. Daar rus streng gesproke, 'n morele verpligting op gemeentes om die diens tydperke wat verlore gegaan het, terug te "koop" by die Afrikaanse Protestantse Kerk-Pensioenfonds (dit is die gemeentes se bydraes wat agter gebly het). Dit sal egter geweldige geldelike verpligtings op gemeentes plaas - ongeveer 25 % van die predikant se salaris bo en behalwe die gewone bydraes dws ongeveer R 700,00 per maand vir tien jaar! Daar kan nie van gemeentes verwag word om so 'n verpligting aan te gaan nie.

INSTELLING VAN FONDS

4. As oplossing wat 'n relatief geringe geldelike verpligting vir gemeentes sal meebring, word aan die hand gedoen dat 'n fonds in die lewe geroep word wat aangewend kan word om aan predikante wat op die wyse aangedui benadeel word, 'n aanvullende " pensioen " by uiteindelijke aftrede te betaal.

5. Die gedagte is dat al die gemeentes uit die staanspoor by die daargestelling van so 'n fonds betrek moet word dws ook gemeentes wat nie oor die diens van 'n predikant beskik nie want hulle moet tog op een of ander tyd van die diens van 'n predikant gebruik maak en sal tog uiteindelik hul " eie " predikant hê.

6. Volgens 'n beraaming wat gemaak is, behoort 'n bydrae van R 50,00 per maand deur elke gemeente 'n fonds daar te kan stel wat saam met die rente, in die behoefte te kan voorsien. Aangesien daar egter klein gemeentes is wat nog nie finansiëel sterk is nie, word aan die hand gedoen dat al die gemeentes vanaf die instelling van die fonds R 25,00 per maand gedurende die eerste jaar; R 35,00 per maand gedurende die tweede jaar en R 50,00 per maand daarna bydra. Nuwe gemeentes wat daarna ontstaan, moet op dieselfde wyse eers R 25,00 per maand, dan R 35,00 per maand en daarna R 50,00 per maand bydra.

7. In hierdie verband dien daarop gewys te word dat die bydrae wat 'n gemeente van die N G Kerk tot die predikant se pensioen maak, baie groter is as dié wat 'n gemeente van die A P K maak. Eersgenoemde gemeente dra 18 % van die predikant se salaris by teenoor 11 % wat die A P K se gemeente bydra. In die geval van 'n predikant wat teen die maksimum van die betrokke salarisskaal besoldig word, is die onderskeie bydraes soos volg -

N G Kerk gemeente	R 507,60 per maand
A P Kerk gemeente	R 308,20 per maand.

(Hierdie bydraes is afgesien van die 7,5 % wat die predikant self moet bydra.)

8. In die lig hiervan is die voorgestelde bydrae tot die beoogde fonds werklik baie gering.

9. Daar is tans 150 plus gemeentes. Indien die getal gemeentes teen 'n tempo van 15 per jaar toeneem, sal die fonds, bereken teen 'n rentekoers van 10 % (wat uiters konserwatief is), na vyf jaar wanneer die eerste predikant wat by die saak betrokke is, moet aftree, op ongeveer R 500 000,00 te staan kom.

MOONTLIKE METODES VAN AANVULLING VAN PENSIOEN

10. Die volgende metodes is ondersoek:

a. 'n Jaarlikse aanvullende " pensioen " gelyk aan die verskil tussen die pensioen wat 'n predikant uit die Afrikaanse Protestantse Kerk-Pensioenfonds sou ontvang indien al sy pensioengewende diens (ook dié in die N G Kerk) in berekening gebring word en die pensioen wat hy werklik by uitdienststeding sal ontvang plus die voordeel wat hy sal ontvang uit die belegging van die uitbetaling deur die N G Kerk dws sy bydraes tot die N G Kerk se pensioenfonds.

b. Hierdie metode sal 'n geweldige en onbepalbare las op die fonds plaas. Dit kan oor baie jare strek want na die afsterwe van die ontvanger moet die helfte van die aanvullende " pensioen " aan die weduwee betaal word. Die aanvullende " pensioen " moet ook jaarliks verhoog word om realisties te wees. Voorts sal hierdie metode 'n geweldige hoeveelheid administratiewe werk meebring.

b. n Meer praktiese metode sal wees om aan n predikant by aftrede n bedrag geld te betaal wat hy kan bely en wat hom n bykomende jaarlikse inkomste sal gee. Dit sal tegelykertyd ook vir sy weduwee voorsiening maak. Die uitgawe is maklik bepaalbaar en sal die fonds slegs eenmaal aanspreek. Die administratiewe werk sal minimaal wees.

11. Dit is nie nodig om nou te bepaal welke vorm of omvang die hulp moet aanneem nie. Die eerste predikant by die saak betrokke bereik eers oor sowat vyf jaar die ouderdom van 65 jaar. Daar kan oor sowat vier jaar met erns oor die saak besin word in die lig van die omvang van die aanspreeklikheid en die stand van die fonds op daardie tydstip. Die belangrikste is om nou met n fonds te begin en nie te wag tot die probleem voor die deur staan nie.

12. BENAMING VAN FONDS ENS

Indien die insetting van n fonds soos voorgestel, aanvaar word, word aan die hand gedoen dat-

- die fonds bekend sal staan as die Afrikaanse Protestantse Kerk Trustfonds
- n Raad van Trusteers aangestel word om die fonds te administreer en jaarliks n verslag op te stel oor die stand van die fonds vir voorlegging aan die Sinode, en
- die fonds nie s'n pensioenfonds beskou word nie maar dat dit eers aangewend word om voorsiening te maak vir die betaling van n aanvullende "pensioen" aan predikante van die N G Kerk wat na die Afrikaanse Protestantse Kerk oorgekom het en hul pensioengewende diens moes prysgee en dat nadat die verpligting in hierdie verband nagekom is, die fonds aangewend word vir doeleindes wat die Sinode van tyd tot tyd mag goedkeur. Daar sal natuurlik ook n tyd aanbreek wanneer die fonds sterk genoeg sal wees en die bydraes van gemeentes gestaak kan word-dit sal die tyd leer.

13. Indien hierdie skema aanvaar word, word voorgestel dat dit na die Sentrale Kerkekommissie verwys word vir verdere aandag.

C du Preez

17.7.1988

FINANSIERING VAN DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE SENTRALE KERKEKOMMISSIE EN DIE KURATORIUM

1. Tydens die Sinodesitting van 1987 is begrotings vir die Sentrale Kerkekommissie en die Kuratorium opgestel en ten einde die nodige fondse te bekom, is besluit dat gemeentes 15 % van alle kontant inkomste aan die sentrale kerkkantoor moet stuur. Van hierdie geld is twee derdes aan die Sentrale Kerkekommissie en een derde aan die Kuratorium toegewys.

2. Hierdie metode van befondsing hou die volgende nadele in:

- Omdat daar geen aanduiding is van wat die inkomste van gemeentes gaan wees nie, bestaan daar onsekerheid of die begrote bedrae ontvang sal word.
- n Egalige bedrag word nie maandeliks ontvang nie omdat die inkomste van gemeentes wissel.
- Gemeentes word nie volgens n eenvormige grondslag aangeslaan nie.
- Die 15 % is betaalbaar ook ten opsigte van skenkings en geld wat gemeentes vir bepaalde doeleindes insamel. Hierdie aspek veroorsaak heelwat ontevredenheid.

3. n Meer bevredigende metode van aanslag sal wees om die totale bedrag wat deur die Sinode begroot word te deel deur die totale getal volwasse lidmate ten tyde van die Sinodesitting. Die bedrag aldus verkry moet dan deur twaalf gedeel word en hierdie bedrag moet dan elke maand ten opsigte van elke volwasse lidmaat aan die kerkkantoor betaal word.

Voorbeeld

Begroting	S K K	R 840 000,00
	Kuratorium	R 420 000,00
		<u>R 1260 000,00</u>

Getal lidmate-sê 30 000

Bedrag per lidmaat per jaar R 42,00
per maand R 3,50

4. Die voordele van hierdie metode is soos volg:

- n Gemeente weet presies wat sy maandelikse verpligting is en skenkings en gelde wat vir bepaalde doeleindes ingesamel word, kom nie in die gedrang nie.
- Indien aanvaar word soos die geval blyk te wees, dat die getal lidmate vinniger sal groei as die begroting, sal die bedrag wat maandeliks per lidmaat betaal moet word, jaarliks al gaande verminder.
- Daar bestaan sekerheid dat die begrote bedrae wel ontvang sal word.
- n Egalige bedrag word maandeliks ontvang.

5. Alhoewel die bedrag wat n gemeente maandeliks per lidmaat moet oorbetal, gebaseer is op die getal lidmate ten tyde van die Sinodesitting, ontstaan die vraag of die betaling moet geskied (a) slegs ten opsigte van die getal lidmate ten tyde van die Sinodesitting of (b) ten opsigte van die werklike getal lidmate wat natuurlik al gaande meer sal word. In die geval van (b) sal n groter bedrag as die waarvoor begroot is ontvang word.

6. Daar is onvoorsiene uitgawes waarvoor daar nie begroot word nie en ander uitgawes waarvoor daar nie met enige mate van presiesheid begroot kan word nie. So word daar van tyd tot tyd vir n aantal maande finansiële hulp

volgens 'n afnemende glykskaal verleen aan van die kleiner gemeentes wat 'n predikant beroep om hulle op die been te bring. Om vir sodanige uitgawes voorsiening te maak is dit aangewese dat die werklike getal lidmate in berekening gebring behoort te word onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- a. Indien die begroting oorskry word, moet redes vir die oorskryding verstrekk word.
- b. Die voordelige balans aan die einde van die finansiële jaar moet in berekening gebring word wanneer die begroting en die bedrag betaalbaar per lidmaat vir die volgende finansiële jaar deur die Sinode bepaal word - dit sal tot gevolg hê dat die bedrag per lidmaat minder sal wees as wat dit andersins sou wees.

C C du Preez

27. 7. 1988

1. Tydens die Sinodesitting van 1987 is begrotings vir die Sentrale Kerkekommissie en die Kuratorium opgestel en ten einde die nodige fondse te bekom, is besluit dat gemeentes 15 % van alle kontant inkomste aan die sentrale kerkkantoor moet stuur. Van hierdie geld is twee derdes aan die Sentrale Kerkekommissie en een derde aan die Kuratorium toegewys.
2. Hierdie metode van befondsing hou die volgende nadele in:
 - a. Omdat daar geen aanduiding is van wat die inkomste van gemeentes gaan wees nie, bestaan daar onsekerheid of die begrote bedrae ontvang sal word.
 - b. 'n Egalige bedrag word nie maandeliks ontvang nie omdat die inkomste van gemeentes wissel.
 - c. Gemeentes word nie volgens 'n eenvormige grondslag aangeslaan nie.
 - d. Die 15 % is betaalbaar ook ten opsigte van skenkings en geld wat gemeentes vir bepaalde doeleindes insamel. Hierdie aspek veroorsaak heelwat ontevredenheid.
3. 'n Meer bevredigende metode van aanslag sal wees om die totale bedrag wat deur die Sinode begroot word te deel deur die totale getal volwasse lidmate ten tyde van die Sinodesitting. Die bedrag aldus verkry moet dan deur twaalf gedeel word en hierdie bedrag moet dan elke maand ten opsigte van elke volwasse lidmaat aan die kerkkantoor betaal word.

Voorbeeld

Begroting	S E K	R 840 000,00
Kuratorium	R	420 000,00
		R 1260 000,00


Getal lidmate-sê 30 000

Bedrag per lidmaat per jaar R 42,00
per maand R 3,50

4. Die voordele van hierdie metode is soos volg:
 - a. 'n Gemeente weet presies wat sy maandelikse verpligting is en skenkings en gelde wat vir bepaalde doeleindes ingesamel word, kom nie in die gedrang nie.
 - b. Indien aanvaar word soos die geval blyk te wees, dat die getal lidmate vinniger sal groei as die begroting, sal die bedrag wat maandeliks per lidmaat betaal moet word, jaarliks al gaande verminder.
 - c. Daar bestaan sekerheid dat die begrote bedrae wel ontvang sal word.
 - d. 'n Egalige bedrag word maandeliks ontvang.
5. Alhoewel die bedrag wat 'n gemeente maandeliks per lidmaat moet oorbetal, gebaseer is op die getal lidmate ten tyde van die Sinodesitting, ontstaan die vraag of die betaling moet geskied (a) slegs ten opsigte van die getal lidmate ten tyde van die Sinodesitting of (b) ten opsigte van die werklike getal lidmate wat natuurlik al gaande meer sal word. In die geval van (b) sal 'n groter bedrag as dié waarvoor begroot is ontvang word.
6. Daar is onvoorsiene uitgawes waarvoor daar nie begroot word nie en ander uitgawes waarvoor daar nie met enige mate van presiesheid begroot kan word nie. So word daar van tyd tot tyd vir 'n aantal maande finansiële hulp

volgens 'n afnemende glyskaal verleen aan van die kleiner gemeentes wat 'n predikant beroep om hulle op die been te bring. Om vir sodanige uitgawes voorsiening te maak is dit aangewese dat die werklike getal lidmate in berekening gebring behoort te word onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- a. Indien die begroting oorskry word, moet redes vir die oorskryding verstrekk word.
- b. Die voordelige balans aan die einde van die finansiële jaar moet in berekening gebring word wanneer die begroting en die bedrag betaalbaar per lidmaat vir die volgende finansiële jaar deur die Sinode bepaal word—dit sal tot gevolg hê dat die bedrag per lidmaat minder sal wees as wat dit andersins sou wees.



C C du Preez
27. 7. 1988

LAATSTUK

DEEL VAN DIE VERSLAG VAN DIE PERMANENTE KOMMISSIE VIR
KERKLEER EN -BELEID

(Sien bl 2, punt 4.3 van Kommissie vir Kerkleer en -Beleid)

BYWONING VAN EREDIENSTE DEUR ANDERSKLEURIGES

Die Ring van Lichtenburg dra die volgende aan die Sinode voor
as beskrywingspunt:

"Die Ring versoek die Sinode om die huidige beroepingstelsel vir leraars grondig te ondersoek, hom oor die beginsels daaromtrent te verantwoord as standpunte deur die APK onderskryf. Indien nodig, kan aanpassings gemaak word."

TENTMAKERSBEDIENING

Die Ring aanvaar die volgende voorstel:

"Die Ring versoek die Sinode om die beginsel van Tentmakersbediening grondig te ondersoek en sy bevindings aan gemeentes deur te gee."

DEELNAME AAN MUNISIPALE VERKIESINGS

Die Ring aanvaar die volgende voorstel:

"Die Ring versoek die Sinode om Kerkrade te adviseer oor die deelname van leraars aan munisipale verkiesings, veral gesien in die lig van die feit dat sodanige verkiesings deesdae onvermydelik daarop uitloop dat dit 'n party-politieke kleur gaan kry."

BYWONING VAN EREDIENSTE DEUR ANDERSKLEURIGES

Die Ring het die volgende beskrywingspunt bespreek en besluit om dit as beskrywingspunt na die Sinode deur te stuur:

"Dit wil voorkom asof hierdie saak vanaf die vroegste dae 'n probleem was wat meer verdeeldheid tot gevolg gehad het as eenheid. Op baie plekke hier te lande het die bywoning van eredienste deur anderskleuriges dikwels gelei tot onrustigheid in gemeentes, in sommige gevalle tot verdeeldheid.

Daar is selde gedabatteer dat die bestaan van afsonderlike kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe nie geregverdig is nie. Eers maar in die onlangse tyd is hierdie praktyk bevraagteken, en nie altyd uit oorde wat daarop kan aanspraak maak dat die Skrif alleen in hulle argumente geld nie.

Die Sendingarbeid van vele kerke in Suid-Afrika was dan ook daarop gerig dat afsonderlike kerke vir die afsonderlike bevolkingsgroepe tot stand gekom het. Dr NJ Smith (Annale Universiteit van Stellen-

LAATSTUK

DEEL VAN DIE VERSLAG VAN DIE PERMANENTE KOMMISSIE VIR KERKLEER EN -BELEID

(Sien bl 2, punt 4.3 van Kommissie vir Kerkleer en -Beleid)

BYWONING VAN EREDIENSTE DEUR ANDERSKLEURIGES

Die Ring van Lichtenburg dra die volgende aan die Sinode voor as beskrywingspunt:

DEELNAME AAN MUNISIPALE VERKIESINGS

Die Ring aanvaar die volgende voorstel:

"Die Ring versoek die Sinode om Kerkrade te adviseer oor die deelname van leraars aan munisipale verkiesings, veral gesien in die lig van die feit dat sodanige verkiesings deesdae onvermydelik daarop uitloop dat dit 'n party-politieke kleur gaan kry."

BYWONING VAN EREDIENSTE DEUR ANDERSKLEURIGES

Die Ring het die volgende beskrywingspunt bespreek en besluit om dit as beskrywingspunt na die Sinode deur te stuur:

"Dit wil voorkom asof hierdie saak vanaf die vroegste dae 'n probleem was wat meer verdeeldheid tot gevolg gehad het as eenheid. Op baie plekke hier te lande het die bywoning van eredienste deur anderskleuriges dikwels gelei tot onrustigheid in gemeentes, in sommige gevalle tot verdeeldheid.

Daar is selde gedabatteer dat die bestaan van afsonderlike kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe nie geregverdig is nie. Eers maar in die onlangse tyd is hierdie praktyk bevraagteken, en nie altyd uit oorde wat daarop kan aanspraak maak dat die Skrif alleen in hulle argumente geld nie.

Die Sendingarbeid van vele kerke in Suid-Afrika was dan ook daarop gerig dat afsonderlike kerke vir die afsonderlike bevolkingsgroepe tot stand gekom het. Dr NJ Smith (Annale Universiteit van Stellen-